

**DIE KONSTRUERING VAN DIE CHRISTEN-AFRIKAANSE VROUE-IDEAAL:  
'n ANALISE VAN TWEE AFRIKAANSE, CHRISTELIKE VROUETYDSKRIFTE  
IN SUID-AFRIKA**

deur

HETTIE MANS

Verhandeling voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad  
MAGISTER ARTIUM (VISUELE STUDIES)

in die  
FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE  
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

AUGUSTUS 2011

Studieleier: Mev J Lauwrens

**THE CONSTRUCTION OF THE CHRISTIAN-AFRIKAANS FEMININE IDEAL:  
AN ANALYSIS OF TWO AFRIKAANS, CHRISTIAN WOMEN'S MAGAZINES  
IN SOUTH AFRICA**

by

HETTIE MANS

Submitted in fulfilment of the requirements for the degree  
MAGISTER ARTIUM (Visual Studies)

in the  
FACULTY OF HUMANITIES  
UNIVERSITY OF PRETORIA

AUGUST 2011

Supervisor: Mrs J Lauwrens

## VERKLARING

**Studente nommer: 96037017**

Ek verklaar dat die verhandeling wat ek hiermee vir die graad MA (Visuele Studies) aan die Universiteit van Pretoria indien, my eie werk is en nie voorheen deur my vir 'n graad aan hierdie of 'n ander tersiêre instelling ingedien is nie.

---

Hettie Mans

31 Augustus 2011

## OPSOMMING

<b>Titel van verhandeling:</b>	Die konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal: 'n Analise van twee Afrikaanse, Christelike vrouetydskrifte in Suid-Afrika
<b>Naam van student:</b>	Hettie Mans
<b>Studieleier:</b>	J Lauwrens
<b>Departement:</b>	Visuele Studies
<b>Graad:</b>	Magister Artium (Visuele Studies)

### Opsomming:

'n Visuele analise van twee Afrikaanse, Christelike vrouetydskrifte het ten doel om die aard van 'n hedendaagse Christen-Afrikaanse vroue-ideaal te ondersoek, soos dit in alledaagse kultuur gekonstrueer word. Hierdie studie bestaan uit 'n visuele analise wat fokus op populêre media, naamlik die Afrikaanse, Christelike glansvrouetydskrifte *Finesse* en *Lééf*. Die tiende verjaardaguitgawe van *Finesse* in Mei 2008 dui op 'n mylpaal vir Christen-Afrikaanse vroulikheid. Daarom ag hierdie studie die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal as 'n waardige onderwerp om te bestudeer.

Die studie stel ondersoek in na die agtergrond rondom die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal, wat insluit: die sosio-politieke konteks rondom die Afrikaner/Afrikaanses, 'n Godsdienstige kultuurgeskiedenis, en die bydrae van vrouetydskrifte tot die konstruering 'n vroue-ideaal. Hierdie visuele analise bepaal dat die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal subtiel gekonstrueer word deur sekere kodes wat met vroulikheid geassosieer word. Dit sluit onder meer in: visuele tekens wat 'n denkbeeldige gemeenskap simboliseer, teekoppies, inskrywings, mooimaaksessies, vrugte, see, skoenlappers en skoonheid. Hierdie tekens simboliseer mitiese vroulikheid wat vergestalt in die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal, wat deur die raamwerk van *Finesse* en *Lééf* ondersteun word.

'n Kritiese, visuele analise van *Finesse* en *Lééf* volg, met spesifieke verwysing na visuele beelde waar 'n vrou as individu in 'n foto verskyn. Hierdie analise eien sekere karaktereienskappe wat die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal voorhou, terwyl sekere tekens of kodes wat bepalend is tot haar uiterlike voorkoms, uitgelig word.

Die studie bepaal dat die rolle wat die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal voorhou, dié van eggenote en moeder insluit en word ondersteun deur die visuele analise. Die belang van



haar rolle lei waarskynlik tot die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal se beperking tot die huislike sfeer. Die huislike sfeer in die betrokke tydskrifte word visueel uitgebeeld aan die hand van resepte en dekor. Deur middel van die visuele analise van *Finesse* en *Lééf* bepaal hierdie studie die aard van Christen-Afrikaanse vroulikheid soos dit tydens 2008 in alledaagse kultuur weerspieël word.

**Sleutelwoorde:**

Christen-Afrikaans; vroue-ideaal; vroulikheid; Christen-Afrikaanse vroue-ideaal; denkbeeldige gemeenskap; mitiese vroulikheid; Afrikaner; Afrikaanses; visuele analise; Bybelse feminisme; konstruering van identiteit.

## SUMMARY

**Title of dissertation:** The construction of the Christian-Afrikaans feminine ideal: An analysis of two Afrikaans, Christian women's magazines in South Africa.

**Name of student:** Hettie Mans

**Supervisor:** J Lauwrens

**Department:** Visual Studies

**Degree:** Magister Artium (Visual Studies)

### Summary:

The aim of a visual analysis of two Christian, Afrikaans, women's magazines is to explore the nature of the contemporary Christian-Afrikaans feminine ideal, as it is constructed in popular culture. Therefore, this study consists of a visual analysis which focuses on popular media, in this case the Christian, Afrikaans, glossy women's magazines, *Finesse* and *Lééf*. This coincides with the tenth birthday celebration of *Finesse*, which represents a milestone for Christian-Afrikaans femininity. Therefore, this research regards the Christian-Afrikaans feminine ideal as a significant topic to be studied.

The construction of the Christian-Afrikaans feminine ideal is considered in terms of: the social-political context surrounding the Afrikaner/Afrikaanses; a religious cultural history; and the contribution of women's magazines to the construction of a feminine ideal. From the visual analysis it is clear that the Christian-Afrikaans feminine ideal is subtly constructed by codes that may be associated with femininity. These include: visual signs that symbolise an imagined community, tea cups, subscriptions, make-overs, fruit, the sea, butterflies and beauty. These signs, which are supported by the frameworks of *Finesse* and *Lééf* respectively, work together to construct not only a myth of femininity, but more importantly to this study, the Christian-Afrikaans feminine ideal.

The critical visual analysis of *Finesse* and *Lééf* focuses on photographs of individual women in these magazines. This allows the study to pinpoint specific characteristics that form part of the persona of the Christian-Afrikaans feminine ideal. Signs and codes that contribute to the physical appearance of the Christian-Afrikaans feminine ideal are also pointed out.

This study discovers that the various roles expected from the Christian-Afrikaans feminine ideal include that of wife and mother. These two primary roles then lead to the association of the Christian-Afrikaans feminine ideal with the private sphere. The visual analysis reveals that the private sphere is constituted by articles on decor and recipes in both magazines. Through a visual analysis of *Finesse* and *Lééf*, this study explores the nature of Christian-Afrikaans femininity as it was portrayed in 2008 in two popular magazines.

**Key words:**

Christian-Afrikaans; feminine ideal; femininity; Christian-Afrikaans feminine ideal; imagined community; myth of femininity; Afrikaner; Afrikaanses; Biblical feminism; visual analysis; construction of identity.

## DANKBETUIGINGS

Met die voltooiing van hierdie studie, wil ek graag die volgende mense bedank:

My innige dank aan Stella Viljoen. Die rigting en insig wat jy gebied het, het vorm aan hierdie studie gegee. Jou kritiese denke het my gedwing om buite my gemaksone te beweeg.

Aan my studieleier en mentor, Jenni Lauwrens, kom alle eer toe. Jou aanmoediging, vertroue en geloof in my is baie besonders. Jou sagte woorde en begrip het my geïnspireer om hierdie reis te voltooi. Jou deursettingsvermoë, harde werk, opofferings en leiding word opreg waardeer.

Aan my ouers wat my vlerke gegee het en geleer het om te vlieg.

Aan my sussie en beste vriendin, Cornel Rademeyer. Jy is my klankbord met wie ek al my frustrasies en hoogtepunte kan deel. Met wie ek sommer net kan gesels oor Christen-wees en vrou-wees. Ten spyte van jou eie worstelinge met borskanker, het jy my emosioneel onselfsugtig ondersteun en aangemoedig om hierdie studie te voltooi.

Aan my man, Dirk, wat my elke dag die geleentheid gee om met ons huwelik te eksperimenteer – sodat ons op gelyke vlak kan staan as mekaar se eweknie. Dankie dat jy my die spasie gun om te wees wie ek is. Jou geloof in my is soms oorweldigend.

Aan my twee seuns, Hannes en Phillip.

## INHOUDSOPGAWE

Verklaring.....	i
Opsomming.....	ii
Summary.....	iv
Dankbetuigings.....	vi
Lys van Figure.....	x
Lys van Tabele.....	xiii
Lys van Bylae.....	xiv

HOOFSTUK 1: INLEIDING	1
1.1 Agtergrond.....	1
1.2 Doelwitte van die studie .....	5
1.3 Navorsingsmetodologie en teoretiese raamwerk .....	7
1.3.1 Oorsig van literatuur.....	10
1.4 Oorsig van hoofstukke.....	14

HOOFSTUK 2: NAVORSINGSMETODE EN KONTEKS	16
2.1 Navorsingsmetodologie.....	16
2.1.1 Ikonografie .....	16
2.1.2 Ikonografie ontmoet semiotiek .....	17
2.1.3 Barthes en mite.....	19
2.2 Die konteks.....	22
2.2.1 Die bydrae van vrouetydskrifte tot die konstruering van 'n vroue-ideaal .....	22
2.2.2 Die sosio-politieke konteks van die Afrikaner en Afrikaanses.....	24
2.2.3 'n Godsdienstige kultuurgeskiedenis .....	27
2.2 Samevatting .....	32

HOOFSTUK 3: DIE BYDRAE VAN VROUETYDSKRIFTE TOT DIE KONSTRUERING VAN DIE CHRISTEN-AFRIKAANSE VROUE-IDEAAL	34
3.1 Inleiding.....	34
3.2 Die tydskrifbedryf en die bydrae daarvan tot die konstruering van 'n vroue-ideaal.....	34
3.2.1 Die ideale leser .....	35
3.2.2 Die redaksie .....	37
3.2.3 Die leespatroon.....	40
3.3 Belangrike konsepte rakende 'n visuele analise van tydskrifte wat bydra tot die konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal.....	42
3.3.1 Die skep van 'n denkbeeldige gemeenskap in 'n tydskrif.....	42
3.3.1.1 Visuele kodes wat 'n denkbeeldige gemeenskap uitbeeld.....	44



3.3.1.2	Interaktiewe tegnologie .....	44
3.3.1.3	Kompetisies.....	45
3.3.1.4	Artikels wat handel oor 'ware' vroue .....	46
3.3.1.5	Briewe en 'Agony columns' .....	47
3.3.1.6	Opnames.....	48
3.3.1.7	Teekoppies.....	49
3.3.1.8	Inskrywings .....	50
3.3.1.9	Mooimaaksessies.....	51
3.3.2	Mitiese vroulikheid .....	54
3.3.2.1	Harte .....	56
3.3.2.2	Blomme .....	58
3.3.2.3	Vrugte.....	66
3.3.2.4	See.....	70
3.3.2.5	Skoenlappers .....	73
3.3.2.6	Skoonheid .....	76
3.4	Samevatting .....	80

HOOFSTUK 4: DIE KONSTRUERING VAN DIE CHRISTEN-AFRIKAANSE VROUE- IDEAAL AAN DIE HAND VAN <i>FINESSE</i> EN <i>LÉÉF</i>	81
4.1 Inleiding.....	81
4.2 Die Bybelse, tradisioneel Afrikaanse vroue-ideaal as raamwerk vir die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal .....	81
4.3 'n Visuele analise van die voorblaaie van <i>Finesse</i> en <i>Lééf</i> .....	85
4.3.1 Die voorblad van <i>Finesse</i> .....	86
4.3.2 Die voorblad van <i>Lééf</i> .....	90
4.4 'n Visuele analise van die binne-bladsye van <i>Finesse</i> en <i>Lééf</i> .....	97
4.4.1 Die konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal aan die hand van <i>Finesse</i> .....	97
4.4.2 Die konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal aan die hand van <i>Lééf</i> .....	120
4.5 Gevolgtrekking .....	139
4.5.1 Die uiterlike voorkoms van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal.....	139
4.5.1.1 Grimering .....	140
4.5.1.2 Haarstyl .....	141
4.5.1.3 Naels .....	143
4.5.1.4 Kleding .....	144
4.5.1.5 Juwele .....	146
4.6 Samevatting: Die vergelykende karaktertrekke van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal.....	147

HOOFSTUK 5: DIE KONSTRUERING VAN DIE CHRISTEN-AFRIKAANSE VROUE- IDEAAL AS EGGENOTE	152
5.1 Inleiding.....	152
5.2 Die ideale Afrikaanse Christelike huwelik en die rol van die vrou as eggenote ..	152
5.2.1 Die eerste huwelik tussen Adam en Eva .....	156
5.2.2 Die huweliksformulier .....	160
5.3 Samevatting .....	167
 HOOFSTUK 6: DIE KONSTRUERING VAN DIE CHRISTEN-AFRIKAANSE VROUE- IDEAAL AS MOEDER	 168
6.1 Inleiding.....	168
DEEL I .....	169
6.2 Moederskap en die implikasie daarvan vir die konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal .....	169
6.2.1 Moederskap as 'n biologiese gawe en die invloed van Christenskap.....	169
6.2.2 Die vrou se rol in die huisgesin: moeder .....	177
6.2.3 Moederskap as 'n sosiale proses .....	182
6.2.4 Die konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal as moeder binne die Afrikaanse kultuur.....	186
6.3 Samevatting: Moederskap en die konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal .....	194
DEEL II .....	195
6.4 Die beperking van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal tot die huislike sfeer ...	195
6.4.1 Die Bybelse argument.....	196
6.4.2 Dekor en resepte as kodes van die huislike sfeer .....	204
6.5 Samevatting: Die beperking van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal tot die huislike sfeer .....	209
 HOOFSTUK 7: SLOT	 211
7.1 Oorsig van hoofstukke.....	211
7.2 Bydra van die studie.....	214
7.3 Beperkinge .....	216
7.4 Voorstelle vir verdere navorsing.....	218
7.5 Laaste gedagtes.....	218
 BRONNE GERAADPLEEG	 219

## LYS VAN FIGURE

Figuur 1:	Redakteursbrief, <i>Finesse</i> Mei 2008 .....	38
Figuur 2:	Redakteursbrief, <i>Lééf</i> Mei 2008 .....	39
Figuur 3:	'n Nuwe dag   <i>Finesse</i> is mal oor ..., <i>Finesse</i> Mei 2008 .....	45
Figuur 4:	10 Bederfprodukte om te wen, <i>Finesse</i> Mei 2008.....	46
Figuur 5:	Leef nuut, <i>Finesse</i> Mei 2008.....	47
Figuur 6:	<i>Finesse</i> kenner – selfhelp   Hoe om, <i>Finesse</i> Mei 2008 .....	48
Figuur 7:	Debat   Jou verhoudings, <i>Finesse</i> Mei 2008.....	49
Figuur 8:	<i>Finesse</i> verhouding gids, <i>Finesse</i> Mei 2008.....	50
Figuur 9:	Teken nou in op <i>Lééf</i> , <i>Lééf</i> Mei 2008.....	51
Figuur 10:	John Everett Millais, <i>Ophelia</i> , 1894.....	52
Figuur 11:	Edouard Manet, <i>Le déjeuner sur l'herbe</i> , 1863.....	52
Figuur 12:	'n Nuwe voorkoms, <i>Lééf</i> Mei 2008 .....	53
Figuur 13:	Niederrheinischer Meister, <i>Der Liebeszauber</i> , 1470/80.....	57
Figuur 14:	Met hart ..., <i>Lééf</i> Mei 2008 .....	58
Figuur 15:	Robert Reid, <i>Fleur-de-Lys</i> , 1899.....	59
Figuur 16:	Titian, <i>Venus of Urbino</i> , 1538.....	60
Figuur 17:	Dante Gabriel Rossetti, <i>The Annunciation</i> , 1850.....	61
Figuur 18:	Robert Campin, <i>Mérode Alterpiece</i> , 1425-30.....	61
Figuur 19:	Voel nuut: 10 van die bestes ... vir geestelike groei, <i>Finesse</i> Mei 2008 .....	62
Figuur 20:	Georgia O' Keeffe, <i>Black Iris III</i> , 1926.....	63
Figuur 21:	<i>Met hart &amp; siel</i> , <i>Lééf</i> Mei 2008 .....	64
Figuur 22:	<i>Voorblaai van Lééf</i> , <i>Cosmopolitan</i> en <i>Finesse</i> en <i>Fair Lady</i> , Mei 2008.....	65
Figuur 23:	Joos van Cleve, <i>The Holy Family</i> .....	66
Figuur 24:	Onbekend, <i>Portrait of a family</i> , 1583.....	67
Figuur 25:	Dante Gabriel Rossetti, <i>Venus Verticordia</i> , 1864-8 .....	68
Figuur 26:	<i>Finesse</i> goedvoel gids, <i>Finesse</i> Mei 2008 .....	69
Figuur 27:	Sielskalender, <i>Lééf</i> Mei 2008.....	69
Figuur 28:	Skoonheid: Sakpas en stralend, <i>Finesse</i> Mei 2008 .....	70
Figuur 29:	Sandro Botticelli, <i>The birth of Venus</i> , 1480.....	71
Figuur 30:	Jou gesondheid, <i>Finesse</i> Mei 2008 .....	72
Figuur 31:	Edgar Degas, <i>Dancers in the Wings</i> , 1880.....	74
Figuur 32:	Berthe Morisot, <i>The Butterfly Hunt</i> , 1874.....	74
Figuur 33:	Gentile da Fabriano, <i>Madonna and Child Enthroned</i> , 1420.....	75
Figuur 34:	Met siel ..., <i>Lééf</i> Mei 2008 .....	76



Figuur 35: Mooier met die jare   Tyd vir jousef, <i>Lééf Mei 2008</i> .....	79
Figuur 36: 10 Beste bykomstighede, <i>Finesse Mei 2008</i> . ....	80
Figuur 37: Voorblad, <i>Finesse Mei 2008</i> .....	86
Figuur 38: Voorblad, <i>Lééf Mei 2008</i> .....	91
Figuur 39: Leonardo da Vince, <i>Mona Lisa</i> , c. 1503-5. ....	94
Figuur 40: 10 Mees inspirerende vroue, <i>Finesse Mei 2008</i> .....	99
Figuur 41: 10 Mees inspirerende vroue, <i>Finesse Mei 2008</i> .....	102
Figuur 42: <i>Madonna and Child on a Curved Throne</i> , Late 13th Century .....	103
Figuur 43: 10 Mees inspirerende vroue, <i>Finesse Mei 2008</i> .....	109
Figuur 44: 10 Mees inspirerende vroue, <i>Finesse Mei 2008</i> .....	114
Figuur 45: Die vere maak die vrou!, <i>Finesse Mei 2008</i> .....	118
Figuur 46: Die ander kant van Penny, <i>Lééf Mei 2008</i> .....	125
Figuur 47: Mooi so Mamma, <i>Lééf Mei 2008</i> .....	125
Figuur 48: Mooi so Mamma, <i>Lééf Mei 2008</i> .....	128
Figuur 49: Mooi so Mamma, <i>Lééf Mei 2008</i> .....	129
Figuur 50: <i>Mooi so Mamma</i> , <i>Lééf Mei 2008</i> .....	131
Figuur 51: Sir Peter Paul Rubens, <i>The Andromeda</i> .....	132
Figuur 52: Sielsvreugde: Die krag van Sy naam, <i>Lééf Mei 2008</i> .....	134
Figuur 53: Leonardo da Vinci, <i>The Last Supper</i> , c. 1495-98.....	135
Figuur 54: Giotto, <i>Madonna Enthroned</i> , c1310 .....	135
Figuur 55: Sommer net Shaleen, <i>Lééf Mei 2008</i> .....	137
Figuur 56: My lewe in 'n plakboek, <i>Lééf Mei 2008</i> .....	156
Figuur 57: Jou huwelik: ek het maar net aangeneem, <i>Finesse Mei 2008</i> .....	161
Figuur 58: Jan van Eyck, <i>Arnolfini Portrait</i> , 1434 .....	164
Figuur 59: Hart se punt, <i>Lééf Mei 2008</i> .....	170
Figuur 60: Glo dit!, <i>Finesse Mei 2008</i> .....	173
Figuur 61: Watter soort ma is jy?, <i>Finesse Mei 2008</i> .....	176
Figuur 62: Help! My kind jok vir my. <i>Finesse Mei 2008</i> .....	178
Figuur 63: In die vallei van perde, <i>Lééf Mei 2008</i> .....	180
Figuur 64: So na 'n ma se hart, <i>Lééf Mei 2008</i> .....	183
Figuur 65: Eugène Delacroix, <i>Liberty Leading the people</i> , 1830 .....	187
Figuur 66: Anton van Wouw, <i>Voortrekker vrou met kinders</i> , 1949.....	188
Figuur 67: Milan Murray se dagboek vir 'n Ma   Jou skoonheid, <i>Finesse Mei 2008</i> ....	189
Figuur 68: Voorblad, <i>Die Boerevrou</i> Junie 1925 .....	191
Figuur 69: 2008 my jaar. Van klaas na baas: Kwistig met die kwas, <i>Finesse</i> Mei 2008 .....	198

Figuur 70: 2008 mý jaar. Van klaas na baas: Spieëltjie spieëltjie aan die wand, <i>Finesse Mei 2008</i> .....	199
Figuur 71: 2008 mý jaar. Van klaas na baas: Van snyerspakkie tot sjefbaadjie, <i>Finesse Mei 2008</i> .....	200
Figuur 72: Jou welvaart, <i>Finesse Mei 2008</i> .....	203
Figuur 73: Jou huid, <i>Finesse Mei 2008</i> .....	203
Figuur 74: Hartkos: Kos nes Ma s'n, <i>Lééf Mei 2008</i> .....	208

## LYS VAN TABELLE

Tabel 1: Opsomming van die beeldmateriaal in <i>Finesse</i> en <i>Lééf</i> .....	6
Tabel 2: Uiteensetting van Artikels – Grimering. ....	141
Tabel 3: Uiteensetting van Artikels – Haarstyl.....	142
Tabel 4: Uiteensetting van Artikels – Naels.....	144
Tabel 5: Uiteensetting van Artikels – Kleding. ....	145
Tabel 6: Uiteensetting van Artikels – Juwele.....	146



## LYS VAN BYLAE

BYLAAG A: Spreuke 31:10-31.....	233
BYLAAG B: Huweliksformulier.....	235

## HOOFSTUK 1

### INLEIDING

#### 1.1 Agtergrond

Die definisie van die konsep ‘vroulike ideaal’ is nie staties nie, maar eerder ’n veranderlike konsep wat gekoppel word aan, onder meer, tyd, plek en kultuur. Kunshistorikus Kenneth Clark (1980), in sy studie rondom vroulike skoonheid in Westerse kuns,<sup>1</sup> meen dat die vroue-ideaal deur die eeue heen verskeie vorme aangeneem het. ’n Vroue-ideaal, waarvan skoonheid ’n groot deel vorm, is vandag steeds ’n toepaslike navorsingsonderwerp. Alhoewel vrouetydskrifte nie as hoë kuns in die tradisionele sin beskou kan word nie, is dit wel die plek waar idees oor vroulikheid in die postmoderne konteks geskep en gesirkuleer word, en is daarom ’n gepaste onderwerp om te bestudeer. Soos Nicholas Mirzoeff (1999:4) beweer: “Visual culture directs our attention away from structured, formal viewing settings like the cinema and the art gallery, to the centrality of visual experience in everyday life”. Só is dit dan ook in die geval van tydskrifte, wat populêre mediabegrippe en -idees oor vroulikheid naturaliseer. Daarom kan dit nie betwis word dat tydskrifte ’n belangrike studieveld in visuele kultuurstudie geword het nie.

Die veranderende uitbeelding van ’n vroue-ideaal is veral sigbaar binne die konteks van kontemporêre visuele kultuur. Die media het ’n groot invloed op die konstruering van ’n vroue-ideaal asook hoe dit in die sosiale sfeer beide aanvaar en ervaar word (Ferguson 1983; McRobbie 2000; Shevelow 1989; Van Zoonen 1994; Viljoen 2006). In trant met die ideale, vroulike skoonheid wat Clark (1980) bestudeer in tradisionele kunswerke, is ’n tydskrif maar een populêre medium wat dit leen tot die vergestaltung van ’n vroulike ideaal.

Vir die betrokke studie is die tydskrif as medium spesifiek uitgesonder aangesien ’n vroue-ideaal wat binne die bladsye gekonstrueer word, volgens ’n spesifieke teikenmark beplan en bepaal word. So ’n ideaal wat deur tydskrifte weerspieël word, is waarskynlik in ooreenstemming met heersende mites en ideologieë rondom vroulikheid.

---

<sup>1</sup> *Feminine Beauty* bestudeer kunswerke vanaf Egiptiese voorbeelde in die tweede eeu voor Christus, en dek elke kunsbeweging tot en met ’n foto van Marilyn Monroe “probably the most famous beauty of our times” volgens Clark (1980:191).

Mediakenner en feminis, Marjorie Ferguson (1983:1) besef die waarde van 'n vrouetydskrif en redeneer soos volg:

Women's magazines [are] one of the most significant [...] social institutions of our time. Alongside other social institutions such as the family, the school, the church and other media, they contribute to the wider cultural processes which define the position of women in a given society at a given point in time. In this exchange with the wider social structure, with processes of social change and social continuity, these journals help to shape both a women's view of herself, and society's view of her.

In aansluiting hierby het hierdie studie ten doel om die aard van vroulikheid binne 'n sekere kulturele konteks en tydvak aan die hand van 'n visuele analise van tydskrifte, te ondersoek.

Sodanige navorsing rondom die vroue-ideaal in tydskrifte sluit in die studie van Marjorie Ferguson (1983). Sy bestudeer Britse tydskrifte, onder meer *Woman*, *Woman's Own* en *Woman's Weekly*, wat verskyn vanaf 1949 tot die 1980s na gelang van die vroue-ideaal wat die tydskrifte konstrueer. Kathryn Shevelow (1989) bestudeer die vroue-ideaal wat Britse tydskrifte in die agtiende eeu konstrueer. Angela McRobbie (2000) bestudeer die tiener (romantiese) vroue-ideaal wat die Britse tydskrif *Jackie* (1965-1976) konstrueer. Anthony Fung (2002) bestudeer die konstruering van 'n (kapitalistiese) vroue-ideaal in Hong Kong aan die hand van die tydskrif *Amoeba*, en konsentreer op die uitgawes van November 1997 tot Oktober 1998 (Fung 2002:326). Op Suid-Afrikaanse bodem sluit een van die min studies hieromtrent die studie van Louise Viljoen en Stella Viljoen (2005) in. Hulle vergelyk die wyses waarop 'n Afrikaanse (nasionalistiese) vroue-ideaal aan die hand van *Huisgenoot* gedurende 1953 en 2003, gekonstrueer word. Daar is egter geen kontemporêre eweknie wat 'n Christen-Afrikaanse vroue-ideaal bestudeer nie, en daarom poog hierdie studie dus om lig te werp op die aard van Afrikaanse vroulikheid in Suid-Afrikaanse vrouetydskrifte soos dit tans daar uitsien. In die lig hiervan ondersoek hierdie studie die konstruering van 'n vroue-ideaal<sup>2</sup> krities binne die konteks van die huidige Afrikaanse kultuur soos dit weerspieël word in Afrikaanse, Christelike vrouetydskrifte in Suid-Afrika.

Hierdie studie dien as 'n kritiese visuele analise van twee Afrikaanse, Christelike glanstydskrifte wat op die Afrikaanse vrou gemik is, naamlik *Finesse* en *Lééf*. Die doelwit is om die spesifieke Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wat hierdie tydskrifte impliseer en uitbeeld, te identifiseer en krities te ontleed. Ondersoek word ingestel na

---

<sup>2</sup> In die term Christen-Afrikaanse vroue-ideaal dui die woord 'vroue-ideaal' op vroulikheid (*femininity*).

die wyse waarop die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal visueel gekonstrueer word. Tydens die indringende kritiese visuele analise word gefokus op *Finesse* en *Lééf* se onderskeie uitgawes van Mei 2008. Die navorsing waarop hierdie studie gebaseer word, is subjektief, spekulatief, en ondersoekend. Die doel van hierdie studie is dus nie om konkrete feite aangaande vroulikheid vas te stel nie, maar die studie is eerder verkennend van aard.

Die aanname waarop hierdie studie berus is dat die inhoud van beide tydskrifte, *Finesse* en *Lééf*, beïnvloed word deur drie kern faktore, naamlik kultuur, godsdiens en mites rondom vroulikheid. Die kultuur ter sprake is die Afrikaanse kultuur wat taal en die Afrikaner se sosio-politieke konteks insluit. Godsdiens hou spesifiek verband met die Christelike geloof en sluit godsdienstige kultuurgeskiedenis in. Ten opsigte van vroulikheid is Kathryn Shevelow (1989:1), 'n professor in Engelse Letterkunde, se idee oor die tydskrif as medium gepas: dit is 'n uitbeelding van die vrou as lid van 'n uitgesoekte gehoor, onderwerp, en as tekstuele objek.

Teen die agtergrond van 'n nuwe, demokratiese Suid-Afrika het die twee vrouetydskriftitels onder bespreking die lig gesien: eers *Finesse* in 1998, en later *Lééf* in Oktober 2005. Die tydstip waarin hierdie tydskrifte ontstaan blyk nie toevallig te wees nie. Dit wil voorkom asof *Finesse* en *Lééf* se bestaan dalk te danke mag wees aan 'n afkeur van losbandige seksualiteit wat vrouetydskrifte in die 1990s weerspieël. McRobbie (1996:177) meen: "More than ever before sex now fills the space of the magazines' pages. It provides the frame for women's magazines in the 1990s".

Daar is verskeie redes waarom *Finesse* en *Lééf* vir 'n diepgaande analise uitgesonder kan word – ooglopend omdat albei Afrikaanse glanstydskrifte is wat hoofsaaklik op vroue gerig is en 'n religieuse inslag het. Verder het *Finesse* in Mei 2008 haar tiende bestaansjaar herdenk en Media24 het reeds 'n paar jaar tevore gemeen dat dié spesifieke nismark so sterk is, dat hulle deur middel van *Lééf* ook daaraan deel kon kry. Teen die agtergrond van die sosiale en godsdienstige konteks van die Afrikanervrou, is dit van pas om hierdie twee tydskrifte se uitbeelding van 'n geïmpliseerde Christen-Afrikaanse vroue-ideaal te analiseer.

In Mei 1998, vier jaar na die beëindiging van apartheid, het *Finesse* op die Suid-Afrikaanse winkelrakke verskyn. *Finesse* is 'n glansvrouetydskrif met 'n Christelike onderbou. Dit is gemik op Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners en word uitgegee deur

Carpe Diem, 'n uitgewersmaatskappy wat Christelike boeke publiseer. *Finesse* se *Audit Bureau of Circulation*-syfers toon dat dié tydskrif van Oktober tot Desember 2006 sewende onder die top tien glansvrouetydskrifte in Suid-Afrika staan (Media24 2007a).<sup>3</sup> Hierdie toename in sirkulasiesyfers en die feit dat *Finesse* as een van die tien topverkoper-tydskrifte in Suid-Afrika gelys is, maak veral van *Finesse* 'n gepaste studie-objek, veral omdat dit die enigste tydskrif met 'n religieuse inslag is wat onder die top tien verskyn het. *Finesse* word soos volg beskryf (*Finesse* 2007):

Dit is 'n tydskrif vir die moderne vrou wat omgee WIE sy is en nie net hoe sy lyk nie (hoewel laasgenoemde aspek nie afgeskeep word nie). Dit is 'n tydskrif vir die ingeligte vrou vir wie waardes en verhoudings belangrik is, want sy wil daar wees vir haar man en kinders, maar ook belê in geestelike groei, persoonlike ontwikkeling, tiptopgesondheid en hartsvriendinne. Sy glo daarin om die beste sy te wees wat sy kán wees. In *Finesse* gaan jy praktiese raad en wenke vir jou hele lewe kry. En dit alles kom in 'n glansverpakking, met opwindende bladuitleg en pragtige foto's!

Teen 2005 het die mediareus, Media24, die potensiaal van 'n Afrikaanse, Christelike leefstyltydskrif besef en *Lééf* het die lig gesien. Media24 besit van die bekendste glansvrouetydskrifte in Suid-Afrika, insluitend *Bride*, *FairLady*, *Ideas*, *In Style*, *Sarie* en *True Love*. Die feit dat *Lééf* onder die bestuur van Media24 is, impliseer dat dit 'n tydskrif is waarmee rekening gehou moet word. Op 6 April 2006 het *Lééf* die advertensiebedryf se Admag-prys vir beste religieuse tydskrif ontvang. Tydens hierdie prysuitdelingsgeleentheid voer die joernalis, Fienie Grobler (2007), 'n onderhoud met *Lééf* se redaktrise: "dit bevestig die behoefte na 'n tydskrif wat ontstaan vir sterk Christelike waardes". 'n Suid-Afrikaanse joernalis, Dikatso Mametse (2005), beaam:

*Lééf* is gemik op die moderne Afrikaanse vrou wat op soek is na geestelike vervulling, persoonlike groei, riglyne, en 'n sin na 'n gebalanseerde lewe. Dit is bemark as 'n tydskrif wat verskil van enige ander in sy soort deurdat dit 'n sterk holistiese boodskap inhou en fokus op persoonlike waardes, die gemeenskap en familie, godsdiens en spiritualiteit.

Media24 (2007a) beskryf *Lééf* soos volg:

*Lééf* met hart en siel is vir die moderne Afrikaanse vrou wat die lewe vier en met oorgawe leef. Sy vind vreugde en sterkte in haar eiewaarde, haar gesin, haar gemeenskap en haar geloof. Dié nuwe tydskrif bied opbouende artikels en goedvoelstories wat die leser nooit onaangeraak sal laat nie. Daar is sielskos, dag-tot-dag skoonheid en mode, artikels oor families, gesondheidsake, geldsake, hartsplekke om heen te reis, koesterverhale, 'n blokraaisel en nog vele meer om jou in te verlustig.

---

<sup>3</sup> In hierdie tydperk bereik *Sarie* die eerste plek onder Afrikaanse vrouetydskrifte met 'n sirkulasiesyfer van 131 229 (Media24 2007a).



Dit wil voorkom asof daar binne vrouetydskrifte gebruik gemaak word van stereotipering as snelskrif wat 'n vroue-ideaal daarstel. Hierdie stereotipering word gebaseer op sekere karaktertrekke en rolverdelings. Dit blyk dat *Finesse* en *Lééf* deur afsonderlike beskrywings van die gees van elke tydskrif, reeds verwagtinge skep rondom die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal – dit word eksplisiet uitgespel.

## 1.2 Doelwitte van die studie

Die studie bestaan uit 'n kritiese visuele analise van die twee Afrikaanse, Christelike glanstydskrifte, *Finesse* en *Lééf*. Hierdie twee tydskrifte word uitgesonder vir visuele analise aangesien albei 'n visuele vergestaltung is van drie faktore waaruit die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal bestaan – naamlik kultuur, godsdiens en mites rondom vroulikheid. Verder, is albei Afrikaanse Christelike glansvrouetydskrifte. Die uitgawes van *Finesse* en *Lééf* wat geselekteer is vir hierdie visuele analise val saam met *Finesse* se tiende herdenking van die eerste uitgawe van *Finesse* in Mei 1998.<sup>4</sup> Hierdie spesifieke uitgawe van *Finesse* word vir die studie uitgesonder omrede die mees inspirerende vroue hierin saamgevat word, soos wat dit deur die lesers deur middel van 'n opname aangewys is. Dus is dit 'n weerspieëling van wat Christen-Afrikaanse vroue as inspirerend beskou, wat weer netjies deur die tydskrif se redaksie verpak is, en wat hul weer na die lesersgemeenskap terugvoer. Hierdie studie is daarom gewortel in kulturele studies wat “focus[es] attention on individuals as social subjects who both construct and are constructed by systems of representation” (Lemon 1996:213). Deur 'n visuele analise van *Finesse* en *Lééf* word uitgelig hoe simbole, metafore en mites tot die konstruering van 'n vroue-ideaal bydra.

Na aanleiding van *Finesse* en *Lééf* se uitgawes in Mei 2008, blyk dit dat drie visuele kategorieë van belang is tot die konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal. Tabel 1 bied 'n opsomming van die beeldmateriaal wat in die afsonderlike tydskrifte verskyn. Dit sluit in beelde waar die vrou alleen uitgebeeld word in 'n foto, beelde waar sy tesame met 'n man uitgebeeld word, en beelde waar sy saam met kinders verskyn, of in gesinsfoto's, of ook beelde waar kinders alleen in 'n foto verskyn. Die belang van hierdie visuele kategorieë rig hierdie studie in terme van besprekingsonderwerpe.

---

<sup>4</sup> Dit moet egter genoem word dat die Mei-uitgawes van hierdie vrouetydskrifte Moedersdaguigawes is. Nietemin is hierdie viering van 'n vrou se rol as moeder selfs meer bewys aangaande die vroue-ideaal.

Beeldmateriaal	<i>Finesse</i>	<i>Lééf</i>	Totaal
Vrou alleen	50	21	71
Vrou met man	3	1	4
Vrou met kinders/ in gesinsverband of foto van net kinders	7	9	16

Tabel 1: Opsomming van die beeldmateriaal in *Finesse* en *Lééf*.

Die hoofdoelwit van die studie is om die konstruering van Christen-Afrikaanse vroulikheid in die populêre media krities te ondersoek. Om hierdie kritiese ondersoek te fasiliteer, is dit nodig dat die volgende aandag geniet:

- om die uitbeelding van Christen-Afrikaanse vroulikheid binne historiese agtergrond van die Afrikaner te plaas;
- die spesifieke vroue-ideaal wat *Finesse* en *Lééf* konstrueer, te identifiseer;
- die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wat *Finesse* en *Lééf* konstrueer, te ontleed, te ondersoek en krities te bespreek in terme van breër feministiese kritiek waar dit die konstruksie van vroulikheid in visuele kultuur aangaan;
- begrip te verkry vir die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal in die breër visuele kultuurkonteks. (Die doel is nie om die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wat die twee tydskrifte waarskynlik afsonderlik konstrueer, te vergelyk nie);
- die verwagtinge en eienskappe rondom die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wat in *Finesse* en *Lééf* gesuggereer word, uit te lig en te bespreek, asook om dit te vergelyk met dít wat vanuit die Bybel (met spesifieke verwysing na Spreuke 31) aan haar voorgehou word;
- om rolverwagtinge, soos dié van eggenote en moeder, wat aan die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal in die tydskrifte voorgehou word, aan die lig te bring en krities te ondersoek, asook om dit te vergelyk met dít wat vanuit die Bybel (met spesifieke verwysing na Spreuke 31) aan haar voorgehou word;
- om die beperkinge, soos spesifieke sfere waartoe die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal beperk word binne die spesifieke tydskrifte, uit te wys en te bespreek.
- Uiteindelik kan die vraag afgevra word of die soeke na 'n nuwe kulturele identiteit tot 'n nuwe ideologie rondom 'n vroue-ideaal lei, geëmansipeer van tradisionele kulturele persepsies, en of die teendeel die geval is – dat die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal steeds terugval op tradisionele Afrikanerideologieë.

### 1.3 Navorsingsmetodologie en teoretiese raamwerk

Met die oog op kritiese insig in die konstruering van 'n vroulike ideaal in vrouetydskrifte, is verskeie metodes van analise moontlik. Hierdie studie spruit voort vanuit visuele kultuur studies, 'n interdisciplinêre vakgebied wat onder meer kunsgeskiedenis, film, media studies en sosiologie insluit. Visuele kultuur studies het in die 1990s ontstaan as 'n uitvloeisel van veral kultuur studies en kunsgeskiedenis, met die doel om die komplekse visuele wêreld waarin hedendaagse mense hulle identiteite uitleef en uitbeeld te ondersoek (Mirzoeff 1998:4). Dit is veral die komplekse aard van kontemporêre visualiteit waarin visuele kultuur studies belangstel. Visuele kultuur studies word as volg deur Mirzoeff (1999:4) gedefinieer:

Visual culture is concerned with visual events in which information, meaning, or pleasure is sought by the consumer in an interface with visual technology. By visual technology, I mean any form of apparatus designed either to be looked at or to enhance vision, from oil painting to television and the internet.

Heelwat navorsers van visuele kultuur kom tot die besef dat die 'world-as-text' nou vervang word deur die 'world-as-picture'. Dit beteken dat sekere teoretici tot die gevolgtrekking gekom het dat (alledaagse) beelde al hoe meer mense se idees oor ras, klas, geslag en etnisiteit vorm. Daarom is dit: "One of the principle tasks of visual culture [...] to understand how these complex pictures come together" (Mirzoeff 1999:4).

Wanneer daar gepoog word om sin te maak van visuele beelde, kan verskeie benaderinge gevolg word (Adams 2010; Van Leeuwen & Jewitt 2001). Martin Lister en Liz Wells (2001:63) beweer selfs dit is "hard to identify for Cultural [...] Studies its own singular and strict set of disciplinary protocols". Die navorsing wat in hierdie studie uitgevoer word, behels verskeie teoretiese raamwerke wat uiteindelik lei tot 'n persoonlike interpretasie rakende die visuele fenomeen onder bespreking.

Paul Leedy (2010:135) is van mening dat, alhoewel sommige navorsers "believe that their observations should be influenced as little as possible by any perceptions, impressions, and biases they may have", die meerderheid kwalitatiewe navorsers "believe that there isn't necessarily a single, ultimate Truth to be discovered". Ook Gillian Rose (2007:xiv) meen: "A particular concern of mine is to encourage the grounding of interpretations of visual materials in careful empirical research. This is not because there is some essential truth lurking in each image, awaiting discovery. Interpreting images is just that, interpretation". Dus, in die voetspore van Leedy (2010:135) en Rose (2007:xiv),

vestig hierdie navorsing dit self stewig in die idee dat die navorser 'n belangrike navorsingswerktuig uitmaak, wie se spekulatiewe en ondersoekende interpretasie van die onderwerp geldig is.

Hierdie studie, wat gewortel is in visuele kultuur studies, maak dus gebruik van kwalitatiewe navorsing wat poog om fenomene en patrone in menslike gedrag te verstaan. Hierdie studie ondersoek die konvensies, persepsies en konstruksies rondom die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal en daarom is 'n kwalitatiewe en meer fenomenologiese benadering gepas. Aangesien daar tans baie meningsverskille is rondom die verskeie maniere wat geldig is om navorsing in visuele kultuur uit te voer, word die navorsing in hierdie studie gebaseer op Rose (2007:xv) se aanslag dat: "the interpretation of visual images must address questions of cultural meaning and power". Dus, alhoewel kwantitatiewe navorsing (soos byvoorbeeld inhoudsanalise) gepas is vir sekere vlakke van die interpretasie van beelde in tydskrifte, skaar hierdie studie dit self by 'n meer fenomenologiese aanslag (dus kwalitatiewe navorsing), aangesien dit fokus op vrae rondom "meaning and significance" (Rose 2007:xv). Ook Stuart Hall (1997:9) is van mening dat die interpretasie van beelde nie noodwendig in vaste betekenis gewortel is nie:

It is worth emphasising that there is no single or 'correct' answer to the question, 'What does this image mean?' or 'What is this ad saying?' Since there is no law which can guarantee that things will have 'one, true meaning', or that meanings won't change over time, work in this area is bound to be interpretative – a debate between, not who is 'right' and who is 'wrong', but between equally plausible, though sometimes competing and contesting, meanings and interpretations. The best way to 'settle' such contested readings is to look again at the concrete example and try to justify one's 'reading' in detail in relation to the actual practices and forms of signification used, and what meanings they seem to you to be producing.

Dus, in die ondersoek van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal, sal hierdie studie poog om die debat rondom die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal voort te sit, deur noukeurige ondersoek in te stel na verskeie moontlike betekenis of verstaanshorisonne wat ontsluit kan word. Kwalitatiewe navorsing bied dus die mees gepaste omgewing waarin só 'n interpretatiewe debat kan floreer.

Aangesien hierdie studie vanuit visuele kultuur studies voortspruit, en nie media studies nie, is een van die metodologieë waarvan hier gebruik gemaak word, 'n ikonografiese visuele analise wat uit kunsgeskiedenis, en meer spesifiek, Erwin Panofsky (1955:26) voortspruit. 'n Ikonografiese benadering, wat ter sprake is in hierdie studie, maak gebruik

van kontekstuele inligting, wat saamgestel word uit navorsing en leeswerk, rondom die onderwepagtergrond en -argief (van Leeuwen & Jewitt 2001:6). Aangesien hierdie studie belangstel in die versteekte betekenis van beelde is semiotiek ook 'n belangrike uitgangspunt waar dit die kritiese visuele analise aangaan. Die studie vra ook derhalwe af: 'Wat stel die beelde in *Finesse* en *Lééf* voor, en hoe gaan die tydskrifte te werk om hierdie voorstelling te verbeeld?' Die verhouding tussen ikonografie en semiotiek, en hoe elke paradigma in hierdie studie aangewend word, word dus in hoofstuk twee in meer detail bespreek.

Soos reeds uitgewys, geskied hierdie visuele analise hoofsaaklik vanuit feministiese diskoers, wat onder meer gewortel is in kunsgeskiedenis. Adams (2010:79) meen: "The feminist approach to art history is predicated on the idea that gender is an essential element in understanding the creation, content, and evaluation of art". Hierdie studie is dus daarvan bewus dat die beelde in die betrokke vrouetydskrifte waarskynlik vanuit 'n patriargale (Afrikaanse) kultuur geskep, geïnterpreteer en gesirkuleer word. John Berger (1972:47 [beklemtoning in die oorspronklike]) se woorde blyk hier nog steeds van toepassing te wees: "*Men act, and women appear. Men look at women. Women watch themselves being looked at. This determines not only most relationships between men and women, but also the relation of women to themselves*". Hierdie aanslag is ook van toepassing op patriargale Afrikaanse kultuur en die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal terwyl *Finesse* en *Lééf* die spreekwoordelike voorbeeld hiervan is.

Die navorsing waarop hierdie studie gebaseer word is dus subjektief, spekulatief en ondersoekend. Die vrouetydskrif is immers 'n visuele gebeurtenis wat deur die leser geïnterpreteer en ervaar word, en is dus nie meetbaar nie. Rose (2007:26) meen dat: "it is possible and necessary to consider the viewing practices of one spectator [...] because that spectator is you". Die studie poog dus nie om finale en bewysbare feite aangaande vroulikheid vas te stel nie, maar is eerder verkennend, dialogies en interpretatief van aard.

Die analise van *Finesse* en *Lééf* steun hoofsaaklik op ikonografie, maar maak ook gebruik van sommige konsepte wat in semiotiek gewortel is. Die fokus val op die tussenwerking van kodes wat moontlike konnotasies, mites en metafore skep waardeur 'n Christen-Afrikaanse vroue-ideaal daargestel word. Daarom word die beelde in die oorspronklike bladuitleg by hierdie studie ingesluit – met ander woorde, die volle dubbelbladuitleg, en nie net 'n enkel element wat ter sprake mag wees nie. Volgens Van

Leeuwen (2001:4) moet beelde nie tydens 'n visuele analise geïsoleer word van die reeks beelde waar dit tuis hoort nie, aangesien dit gestroop word van kontekstuele betekenis. Dienooreenkomstig beaam Barthes (1986:4) dat: “[T]he photograph’s structure is not an isolated one; it communicates with at least one other structure”. Daarom, tydens die visuele analise, is dit noodsaaklik om uit te lig dat die beelde ontleed word binne die raamwerk van die oorspronklike bladuitleg. Hierdeur word die polisemiese betekenis wat verkry word deur verskeie verbintenisse tussen tekste in daardie spesifieke bladuitleg, beklemtoon (Barthes 1972:111). Barthes (1986) meen verder ook dat die publikasie as raamwerk van belang is. Dit beteken dat die genre van die tydskrif altyd in gedagte gehou moet word, veral tydens die uitvoer van 'n visuele analise. Die konteks, of genre, verleen reeds betekenis aan simbole.

### **1.3.1 Oorsig van literatuur**

Die navorsing van die volgende akademië is van onskatbare waarde tot hierdie studie: Amy Tucker (2002), is verbonde aan Queens College, City University of New York. Sy ondersoek visuele geletterdheid en kritiese diskoerse in kunsgeskiedenis, terwyl die wyse waarop sy aanbeveel hoe om oor kuns te skryf, hierdie studie rig. Gillian Rose (2007) is 'n geograaf en professor in Kultuur aan Open University, wie se visuele metodologie rondom die interpretasie van visuele materiaal, asook haar konsepte, teorieë en ideologieë, in hierdie studie aanklank vind. Laurie Adams (2010) is 'n professor in Renaissance kuns en Psigoanalitiese Teorie aan John Jay College of Criminal Justice (CUNY). Haar metodologie rondom visuele analyses reflekteer verskeie wyses waarop kuns geïnterpreteer kan word, insluitende ikonografie en semiotiek, wat tydens hierdie studie gebruik word. Sy bied 'n volledige uiteensetting van kunsgeskiedenis deur die eeue wat genader word tydens die ikonografiese, visuele analise. Nicholas Mirzoeff (1998, 1999) word bestempel as 'n visuele kultuurteoretikus en is tans 'n professor aan die Departement van Media, Kultuur en Kommunikasie by New York University. Mirzoeff (1998, 1999) kan gesien word as 'n hedendaagse voorloper in die vakgebied visuele studies en daarom is sy insig en teorieë van onskatbare waarde en vorm die onderbou van hierdie studie.

Theo van Leeuwen (Van Leeuwen & Jewitt 2001, Van Leeuwen 2001) is die fakulteitshoof van Geestes- en Sosiale Wetenskappe aan die Universiteit van Tegnologie in Sydney. Ikonografie, sosiale semiotiek en kritiese diskoersanalises is sy forte, en daarom rig hy hierdie studie in terme van 'n ikonografiese visuele analise.

Roland Barthes (1972, 1986) was 'n Franse letterkundige kritikus, 'n literêre en sosiale teoretikus, 'n filosoof en 'n semantikus wat onder meer ook betekenisleer in populêre kultuur bestudeer het. Hy beaam dat diskoerse en ideologieë in visuele kultuur vergestalt word en meen dat ideologieë en mites geïdentifiseer kan word deur 'n studie van die semiotiek. Dit is veral sy insiggewende opstel, *Myth Today* (1972), waarin hy die wyses wat beelde in die media 'mites' van sosiale realiteit konstrueer, analiseer, wat die basis vorm vir die analisering van beelde in hierdie studie.

Die volgende akademici bou voort op die raamwerk van semiotiek in media, soos deur Barthes daargestel: John Berger (1972, 1980) is 'n Britse kunskritikus en het 'n invloedryke studie uitgevoer rondom verskeie maniere waarop visuele beelde gesien en ervaar word. Berger (1972:45) meen dat gebruike en konvensies rondom die uitbeelding van 'n vrou uiteindelik begin bevraagteken word, maar dat sulke konvensies nog nie oorkom is nie. Sy visuele analise en interpretasie van beelde om sulke konvensies en gebruike te ontbloot, is dus 'n rigsgoer vir hierdie studie. Jonathan Bignell (1997), 'n professor in televisie en film aan die University of Reading, se semiotiese visuele studies, veral ook op vrouetydskrifte, gee leiding aan die visuele analise. Nick Lacey (1998) wat aan hoof staan van mediastudies te Benton Park School in West Yorkshire, se volledige verduideliking rondom 'n visuele analise verduidelik eenvoudige tot meer komplekse konsepte wat hierdie studie inkorporeer. Liesbet van Zoonen (1994) wat 'n professor is in media en populêre kultuur en aan hoof staan van die Departement Kommunikasie aan die Universiteit van Amsterdam, se semiotiese benadering tot 'n visuele analise, is ook van waarde, veral aangesien haar studie in feministiese ideologieë gewortel is, net soos hierdie studie.

Angela McRobbie (2000) is 'n spesialis op die gebied van media en kommunikasie en is ook 'n professor in kommunikasie aan Goldsmiths College, University of London. Haar visuele analise van 'n vrouetydskrif dien as riglyn vir hierdie studie, aangesien dit ook in feministiese diskoerse aanslag vind. Dit is veral McRobbie se studie rondom geslagskwessies in (jeug)kultuur wat in die tydskrif *Jackie* neerslag vind, waaruit hierdie studie inspirasie put. Die eertydse feminis en mediakenner, Marjorie Ferguson (1983) wat gewerk het as 'n professor in joernalistiek aan die University of Maryland, se visuele analise van verskeie vrouetydskrifte oor 'n spesifieke tydperk, kan gesien word as baanbrekerswerk en is daarom ook fyn bestudeer. Ferguson (1983) besef die sosiale waarde van vrouetydskrifte en hoe dit 'n kultus rondom vroulikheid skep. Haar



benadering tot die visuele analise en identifisering van rolspelers is as beginpunt van hierdie studie gebruik.

Paul Martin Lester (2000), 'n professor in Kommunikasie aan California State University, bestudeer die boodskappe wat beelde inhou. Lester (1995) se uitsetting rondom die sosiologiese gebruik van kleur, is veral van waarde wanneer dit kom by die interpretasie van die beelde. Die sosioloog Erving Goffman (1987) bestudeer die betekenis van die mens se houding wat in visuele beelde vasgevang word. Hierdie studie gee insig, ook tot die liggaamshouding en die betekenis daaragter, van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wat in *Finesse* en *Lééf* vergestalt. Ten opsigte van 'n ikonografiese analise steun hierdie studie op die kunshistorikus, James Hall (1974), se navorsing oor onderwerpe en simbole in Westerse kuns. Dit stel hierdie studie in staat om nie net die simbole uit te ken nie, maar ook die ikonografiese simboliek daarvan te kan begryp.

Verder berus die analise op navorsing oor feministiese teologie. Dit sluit in navorsing deur Rosemary Radford Ruether (1993), wat 'n professor is in feministiese teologie aan die Claremont School of Theology en die Claremont Graduate University. Radford Ruether (1993:xiv) glo dat God nie alleen tot 'n bevoorregte manlike gehoor gepraat het nie en dat gelowiges nie gebonde tot hierdie manlike ervaring moet bly nie. Daarom glo sy dat: "we must also reconstruct meaning for ourselves today, not only in intellectual systems but in the sparking of primal stories that spring up from our own experiences, drawing upon a storehouse of cultural symbols and images" (Radford Ruether 1993:xiv-xv). Haar feministiese aanslag en die herevaluering van teologiese begrippe bied insig en diepte tot hierdie studie. Die feministiese teoloog, Susan Foh (1980) bestudeer die Bybel en die plek wat die vrou daarin inneem, en gevolglik die rol wat dit vir die vrou in die samelewing bepaal. Alhoewel haar teorieë nie so radikaal soos Radford Ruether (1993) is nie, is haar soeke na die waarde van die vrou aan hand van die patriargale diskoers van die Bybel, van waarde tot die studie. Mary Stewart van Leeuwen (1993), professor in sielkunde en filosofie aan die Eastern University in Pennsylvania, fokus spesifiek op Christelike feminisme en lig geslagsverhoudings as grondslag uit. Aan die hand van haar insigte word geslagsverhoudings van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal bevraagteken.



Die bydra van Norval Geldenhuys<sup>5</sup> (1954), 'n teoloog en skrywer, ten opsigte van 'n Christen-Afrikaanse vroue-ideaal is van onskatbare waarde in terme van die navorsing wat hier gedoen is. Sy interpretasie van Spreuke 31 bied 'n beskrywing van 'n vroue-ideaal, spesifiek die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal, aangesien sy interpretasie geskied vanuit 'n bevooroordeelde manlike kanon. Om 'n hedendaagse perspektief te verkry rakende die Bybelse vroue-ideaal, is die werk van Stephan Joubert, wat 'n professor is in die Nuwe Testament aan die Universiteit van Pretoria, en Johan Smit (2010), evangelis en skrywer, fundamenteel tot hierdie studie. Rakende 'n Bybelse vroue-ideaal, is die siening van Cecile Cilliers (2003) die enigste vroulike interpretasie van Spreuke 31, en kan daarom nie ongesien gelaat word nie.

Christina Landman (1994, 1995, 2003a, 2003b), direkteur van die Navorsingsinstituut van Teologie en Geloof aan die Universiteit van Suid-Afrika, dra veral by tot die soeke na 'n verband tussen geloof en Afrikaneridentiteit. Landman identifiseer sekere ideologieë in Afrikaner(geloofs)kultuur waarop hierdie studie staatmaak. Dit blyk dat die Afrikaner vroue-ideaal sekere geslagsrolle impliseer wat deur die voorgeslagte oorgedra is. Daarom word die rol van moeder ondersoek aan die hand van die siening van Nancy Chodorow (1978),<sup>6</sup> 'n feministiese sosioloog en psigoanaliseer asook eertydse professor in die Departemente Sosiologie en Kliniese Sielkunde aan die University of California. Chodorow (1978) glo dat hedendaagse reproduksie van bemoedering steeds aangemoedig word deur sosiale strukture, wat deur psigologiese prosesse aangemoedig word. Bemoedering geskied volgens haar nie as gevolg van biologiese aspekte of rolopleiding nie. Haar feministiese aanslag tot bemoedering stel hierdie studie in staat om die geslagsrolle waaruit die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal opgemaak word, krities te bevraagteken.

Die waardevolle werk van Hermann Giliomee (2003, 2004), 'n professor in Geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch, dra by tot die definiëring van Afrikaner/Afrikaanse. Sy werk is van fundamentele belang om die konteks van Afrikanerkultuurgeskiedenis te begryp.

---

<sup>5</sup> Geldenhuys (1954) het studeer aan die Universiteit van Pretoria (B.A., 1937; B.D., 1943) en het later 'n meestergraad in teologie te Princeton Theological Seminary (Th.M., 1945) behaal. Hy was aangestel as direkteur van publikasies by die Nederduitse Gereformeerde kerk in Kaapstad, en was self skrywer van voorligtingboeke (Basic Christian doctrine 2010).

<sup>6</sup> Alhoewel hierdie bron verouderd mag voorkom, is Chodorow (1978) se insig hedendaags steeds van toepassing.

#### 1.4 Oorsig van hoofstukke

Hoofstuk een skep die agtergrond tot die studie, en lê die doelwitte duidelik uiteen. Die navorsingsmetodologie en teoretiese raamwerk van die studie word hier uiteengesit terwyl 'n breedvoerige oorsig van literatuur die hoofstuk afrond.

Hoofstuk twee gee 'n verdere uiteensetting van die navorsingsmetodologie, wat veral van belang is tot die kritiese visuele analise wat later gebruik word. Verder word 'n oorsig gegee van faktore wat waarskynlik bydra tot die konstruering van 'n Christen-Afrikaanse vroue-ideaal. Dit sluit in die sosio-politieke konteks rondom die Afrikaner/Afrikaanses; 'n godsdienstige kultuurgeskiedenis; en die bydra van vrouetydskrifte tot die konstruering van 'n vroulike ideaal. Die doelwit van hierdie studie word ook in hierdie hoofstuk uiteengesit, naamlik om die aard van 'n kontemporêre Christen-Afrikaanse vroue-ideaal te bepaal aan die hand van *Finesse* en *Lééf*.

Hoofstuk drie doen ondersoek na belangrike begrippe rondom die tydskrifbedryf, onder meer die ideale leser, die redaksie en die leespatroon van tydskrifte. Hierdie begrippe is van waarde vir 'n visuele analise van die konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal. Belangrike konsepte met betrekking tot so 'n visuele analise word uitgelig, onder meer 'n denkbeeldige gemeenskap wat bydra tot die konstruering van 'n vroue-ideaal. Aan die hand van *Finesse* en *Lééf* word visuele kodes wat 'n denkbeeldige gemeenskap konstrueer uitgelig en bespreek. Verder word konsepte rondom vroulike mites bespreek terwyl voorbeelde daarvan aan die hand van *Finesse* en *Lééf* uitgelig word. Sodoende word aangedui op watter wyses 'n Christen-Afrikaanse vroue-ideaal reeds op mitiese vlak gekonstrueer word.

In hoofstuk vier word 'n Bybelse vroue-ideaal uitgelig wat waarskynlik as die ideaal voorgehou word vir die Christen-Afrikaanse vrou. Deur middel van 'n visuele analise, wat fokus op visuele beeldmateriaal waar die vrou alleen in 'n foto verskyn, word 'n definisie van 'n Christen-Afrikaanse vroue-ideaal as individu geformuleer. Dit blyk moontlik te wees om hierdie Bybelse Afrikaanse vroue-ideaal te vergelyk met 'n hedendaagse Christen-Afrikaanse vroue-ideaal soos sy vergestalt in populêre visuele kultuur, aan die hand van *Finesse* en *Lééf*.

Hoofstuk vyf en ses lig die rolverwagtinge rondom die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal uit, wat in die tydskrifte gekonstrueer word. Hoofstuk vyf fokus spesifiek op die Christen-

Afrikaanse vroue-ideaal se rol as eggenote. Die visuele analise fokus op beelde waar die vrou saam met 'n man in 'n foto verskyn en raak bepaalde faktore aan, insluitend die eerste huwelik tussen Adam en Eva, die huweliksformulier en die metafoor van kerk as bruid.

Hoofstuk ses bespreek die konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal aan die hand van die vrou se rol as moeder. Die visuele analise fokus op beelde van 'n ma saam met kinders, in gesinsverband, en op beelde van kinders. Faktore rondom die rol as moeder binne die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wat na gelang van die visuele analise uitgelig word, sluit in moederskap as 'n biologiese gawe, die invloed van Christenskap op moederskap, die vrou se rol as moeder in die huisgesin, moederskap as 'n sosiale proses, en die konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal as moeder binne die Afrikaanse kultuur. Aan die hand van die visuele analise van *Finesse* en *Lééf* word die implikasie van die rolverwagtinge rondom die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal duidelik, naamlik 'n beperking van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal tot die huislike sfeer. Derhalwe word daar telkens uitgewys hoe haar rolle as eggenote en moeder, asook haar moontlike beperking tot die huislike sfeer, gewortel blyk te wees in die Bybelse vroue-ideaal na aanleiding van Spreuke 31.

Hoofstuk sewe maak die slothoofstuk uit. 'n Oorsig oor elke hoofstuk word gegee, asook die bevindinge, beperkinge, en bydraes van die studie.

## HOOFSTUK 2

### NAVORSINGSMETODE EN KONTEKS

Die doel van hierdie hoofstuk is eerstens om uit te brei op die navorsingsmetodologie, of eerder die verskeie wyses van analyses, waarvan hierdie studie gebruik maak ten opsigte van die visuele analise van *Finesse* en *Lééf*. Derhalwe stel hierdie hoofstuk ondersoek in na beide ikonografie en semiotiek in visuele analyses. Tweedens, beskik hierdie hoofstuk oor 'n oorsig van die konteks rakende die Christen, Afrikaanse vrou omrede dit die visuele analise wat volg, rig. Die belangrikheid daarvan om die sosio-kulturele agtergrond van die Afrikaanses binne die teoretiese raamwerk van identiteitpolitiek en feminisme te skets, is dus duidelik.

#### 2.1 Navorsingsmetodologie

##### 2.1.1 Ikonografie

Erwin Panofsky (1955:26), 'n kunshistorikus wat die grondslag vir ikonografie daargestel het, definieer ikonografie as volg: "Iconography is that branch of the history of art which concerns itself with the subject matter or meaning of works of art, as opposed to their form". Volgens Panofsky (1955:40-41) is daar drie vlakke van interpretasie in hierdie metodologie. Die eerste fase is die pre-ikonografiese interpretasie. Dit maak staat op die leser se praktiese ervaring, onder meer sy bekendheid met objekte en gebeure. Laurie Adams (2010:43) verduidelik die pre-ikonografiese vlak as: "the level of 'primary, or natural, subject matter'". Die sekondêre interpretasie word gebaseer op die wêreld van beelde, stories en allegorieë (Panofsky 1955:40-41). Hiervoor word vooraf kennis rondom sekere literêre werke met sekere temas en konsepte benodig. Adams (2010:44) beskryf dit as: "the level of convention and precedent". Die derde stap behels ikonologiese interpretasie (Panofsky 1955:40-41) wat staat maak op die leser se sintetiese intuïsie, met ander woorde die vermoë om intuïtief dinge bymekaar te bring. Hierdie stap maak staat op die geskiedenis van kulturele simbole. Adams (2010:44) interpreteer dit só:

The third level arrives at the intrinsic meaning of the image. It takes into account the time and place in which the meaning was made, the prevailing cultural style or the style of the particular artist, and the wishes of the patron. This is a synthetic level of interpretation, which combines data from

various sources, including cultural themes, contemporary texts, texts transmitted from past cultures, artistic precedents, and so forth.

Om ikonografie prakties te verduidelik, verwys Adams (2010:44) na Mickey Mouse: Die pre-ikonografiese vlak lees die beeld as 'n muis met 'n ronde gesig, groot swart ore, wat 'n rooi kortbroek met wit knope, en swart skoene dra; tydens die tweede vlak van interpretasie herken die leser die identiteit van die muis as Mickey, omrede sy eienskappe kenmerkend bekend is; die derde vlak van interpretasie behels die navorsing van *comic strips* en ou films, die oplees van wat oor Mickey geskryf is, en te ondersoek hoe hy deur ander kunstenaars uitgebeeld word. In hierdie opsig behels die visuele analise van *Finesse* en *Lééf* 'n ikonografiese benadering deurdat die beelde se vorm eerstens ontleed word, tweedens word sekere konvensies ingedagte gehou (onder meer die tydskrif bedryf en die ideale leser) en op derde vlak word die konteks rondom, en bydraende faktore tot, die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal ondersoek.

### **2.1.2 Ikonografie ontmoet semiotiek**

'n Ikonografiese benadering (soos dit in visuele kultuur studies gebruik word) en 'n semiotiese benadering (soos dit in byvoorbeeld media studies gebruik word) blyk twee aparte konsepte te wees, en het op verskeie wyses tot bestaan gekom (Adams 2010:43-64, 159-212; Rose 2007:74-106). Waar dit 'n kritiese visuele analise aangaan, blyk daar egter wel ooreenkomste te wees tussen Barthes (1972) se semiotiese benadering en Panofsky (1955) se ikonografiese benadering. Theo van Leeuwen (2001:92) meen dat: "These two approaches ask the same two fundamental questions: the question of representation (what do images represent and how?) and the question of the 'hidden meanings' of images (what ideas and values do the people, places and things represented in the images stand for?)". Nietemin is daar 'n fundamentele verskil tussen ikonografie en semiotiek:

But where Barthesian visual semiotics studies only the image itself, and treats cultural meanings as a given currency which is shared by everyone who is at all acculturated to contemporary popular culture, and which can then be activated by the style and content of the image, iconography also pays attention to the context in which the image is produced and circulated, and to how and why cultural meanings and their visual expressions come about historically (van Leeuwen 2001:92).

Passend by 'n ikonografiese benadering, word die konteks van die Christen, of sogenaamde Bybelse vroue-ideaal, sowel as die Afrikaner vroue-ideaal in hierdie studie geskets. Hierdie twee konsepte word bymekaar gebring en op voortgebou soos hierdie

studie verloop. Die ikonografiese benadering is van onskatbare waarde vir hierdie studie omrede dit die mites en ideologieë wat waarskynlik in die beelde van die betrokke tydskrifte verskyn, ondersoek en ontmasker.

Aangesien ikonografie en semiotiek oorvleuel, is dit logies dat hierdie studie wel post-strukturele benaderings rondom semiotiek, soos daargestel deur Roland Barthes (1972; 1986) en Stuart Hall (1980) ondersoek.<sup>1</sup> Gillian Rose (2007:75) meen: “[S]emiotics offers a very full box of analytical tools for taking an image apart and tracing how it works in relation to broader systems of meaning”. Dus, tydens die interpretasie van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal, blyk sekere semiotiese konsepte ondersteunend te wees tot ’n ikonografiese analise.

Volgens Barthes (1972:111) is semiotiek “the science of forms, since it studies significations apart from their content”. Dit behels die studie van tekens wat enkelvoudige betekenis dra, maar ook meervoudige betekenis verkry wanneer dit op verskeie wyses aan mekaar verbind word. Wanneer hierdie komplekse betekenis deur die samestelling van ’n aantal tekens verkry word, word dit uit die aard van die saamgestelde betekenis ’n kulturele metafoor, sonder dat die enkele teken op kognitiewe vlak herken word. ’n Visuele analise poog om die metafoor van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal af te breek in tekens wat die metafoor van mitiese vroulikheid daarstel. Dit behels dat tekens soos kleur, komposisie, posture, en so meer, tydens hierdie studie ontleed word aan die hand van die betekenis daarvan in ’n Westerse, post-industriële, kontemporêre samelewing.

Vir die visuele analise is dit van belang om die verskil tussen teken (*sign*) en simbool (*symbol*) vas te stel: Semiotiek is die bestudering van tekens in die gemeenskap (Bignell 1997:1). Rolspelers in die daarstel van ’n definisie rakende die teken, is die Switserse taalkundige Ferdinand Saussure (1857-1913) en die Amerikaanse filosoof Charles Sanders Peirce (1834-1914). Hierdie definisie het vorm aangeneem tydens die laat negentiende- en twintigste-eeue (Adams 2010:159). Saussure se tekenleer is diep gewortel in taalleer (Adams 2010:160). Saussure definieer teken as volg: “the sign is the

---

<sup>1</sup> Rose (2007:260) ondersteun die gebruik van “*mixed methods*” omdat: “Using more than one method [...] clearly has benefits. It allows a richly detailed picture of images’ significance to be developed, and in particular it can shed interesting light on the contradictory meanings an image may articulate”. Dus, met die kwalitatiewe aanslag wat hierdie studie van gebruik maak ingedagte, blyk dit dat die verskeie metodologieë (onder meer ikonografie, semiotiek, feminisme, ’n mate van inhoudsanalise en diskoers analise) wat op die studie toegepas word, die bevindings moontlik dieselfde boodskap onderskraag.

sum of the signifier and signified: the signifier is the perception of the sign's physical form which may be material, acoustic, visual, olfactory or a taste; the signified is the mental concept we learn to associate with the object" (Lacey 1998:57). Die voorbeeld van 'n harige dier met vier pote wat blaf (die *signifier*) word deur Lacey (1998:57) gebruik ter verduideliking. Die kombinasie van die 'klankbeeld' en konsep skep die teken 'hond' (Lacey 1998:57:57). Peirce se definisie verskil effe van Saussure se, en leen dit self meer tot die betekenisleer van beelde. Volgens Peirce bestaan die teken uit: ikoon (*icon*), indeks (*index*) en simbool (*symbol*). Die ikoniese aspek van Peirce se teken is dit wat verband hou tot iets herkenbaar. Die indeksikale aspek wys of verwys na iets. In 'n kunswerk is die indeksikale moontlikhede legio, insluitende elemente soos styl, tegniek asook die sosiale, politieke en ekonomiese konteks van 'n kunswerk, die kyker se reaksie, en selfs die kunstenaar se handtekening (Adams 2010:162-164). Peirce se simbool is afhanklik van konvensionele, algemeen aanvaarde betekenisse en dus, "to this extent, the symbol is related to iconography" (Adams 2010:164). Dit blyk dus dat 'n teken te make het met 'n eerste vlak van interpretasie, moontlik 'n objek, terwyl 'n simbool meer te make het met 'n diepere interpretasie vlak, wat konnotasies en assosiasies insluit.

### **2.1.3 Barthes en mite**

Deur die bestudering van Roland Barthes (1972) se opstel *Myth Today* (1972), blyk dit dat verskeie mites bloot gelê kan word deur 'n semiotiese aanslag tot die kritiese visuele analise. Die konsep 'mite', wat van belang is in die visuele analise van *Finesse* en *Lééf*, is die derde vlak van interpretasie. Hierdie vlak van betekenis word volledig deur Barthes (1972) nagevors, terwyl hy dit doop met die term 'mite'. Mite verwys hier nie na mitologie nie (Bignell 1997:11), maar is volgens Barthes (1972:111) onder meer "a semiological system", wat te make het met betekenis en konnotasie wat gevorm en verkry word deur die interpretasie van teks of beeld. Barthes (1972:109) verduidelik mite soos volg:

[M]yth is a system of communication [...] it is a message. This allows one to perceive that myth cannot possibly be an object, a concept or an idea; it is a mode of signification, a form. [S]ince myth is a type of speech, everything can be a myth provided that it is conveyed by a discourse. Myth is not defined by the object of its message, but by the way in which it utters the message.



Dekades later is Barthes (1972) se teorie rondom mite steeds geldig tydens 'n visuele analise. Na aanleiding van Barthes (1972) se teorie, is Bignell (1997:16) se beskrywing van mite die volgende:

When we consider advertising, news and TV or film texts, it will become clear that linguistic, visual, and other kinds of sign are used not simply to denote something, but also to trigger a range of connotations attached to the sign. Barthes calls this social phenomenon, the bringing together of signs and their connotations to shape a particular message, the making of 'myth'. Myth here does not refer to mythology in the usual sense of traditional stories, but to ways of thinking about people, products, places or ideas which are structured to send particular messages to the reader or viewer of the text.

Dit blyk dus asof die som van die boodskap, opgedeel kan word in verskeie tekens. Gegewe dat hierdie tekens ook hul eie betekenis inhou, word 'n nuwe boodskap met nuwe konnotasies, wat apart staan van die oorspronklike betekenis, geskep wanneer hierdie tekens met mekaar byeengebring word. Bignell (1997:22) meen:

Myth, as Barthes uses the term, means things used as signs to communicate a social and political message about the world. The message always involves the distortion or forgetting of alternative messages, so that myth appears to be exclusively true, rather than one of a number of different possible meanings. [...] Reading the messages in myth involves identifying the signs which it uses, and showing how they are built by means of codes into a structure which communicates particular messages and not others. [...] The signifiers, the shapes and colours in the photograph can be easily read as meaningful iconic signs. But the picture has a greater signification, which goes beyond what it denotes.

Hierdie nuwe betekenis wat verkry word deur die samestelling van kodes, word soms verkeerdelik beskou as die eerste betekenis. Bignell (1997:24) meen: "For Barthes, the function of myth is to make particular ideas [...] seem natural". Bignell (1997:25) meen verder hierdie 'natuurlike' betekenis wat Barthes se mite meebring, staatmaak op ideologie. Ideologie kan só beskryf word (Bignell 1997:25):

An ideology is a way of perceiving reality and society which assumes that some ideas are self-evidently true, while other ideas are self-evidently biased or untrue. Ideologies are always shared by members of a group or groups in society, and one group's ideology will always conflict with another's. Barthes proposes that myth serves the ideological interest of a particular group in society, which he terms 'the bourgeoisie'.

Dus, die som van die boodskap en die konnotasies daaraan verbonde, word geskep en geïnterpreteer volgens sekere idees en konsepte wat met behulp van heersende ideologieë as 'natuurlik' afgemaak word. Dus sal die interpretasie van die leser neig om



die denkwyses van die heersende ideologie te behae. Barthes (1972:131) meen dat die onskuldige leser onbewus is hiervan:

In fact, what allows the reader to consume myth innocently is that he does not see it as a semiological system, but as an inductive one. Where there is only an equivalence, he sees a kind of casual process: the signifier and the signified have, in his eyes, a natural relationship. This relationship can be expressed otherwise: any semiological system is a system of values; now the myth-consumer takes the signification for a system of facts: myth is read as a factual system, whereas it is but a semiological system.<sup>2</sup>

Barthes (1986) verduidelik dat 'n foto mitiese konnotasies inhou. Hierdie konnotasies is nie noodwendig ooglopend nie, maar is subtiel en verbloem. Konnotasies word reeds tydens die produksievlak geskep: die foto is uitgekies, die komposisie is vasgestel, die foto is gekonstrueer en hanteer volgens sekere professionele, estetiese of ideologiese standaarde. Barthes (1986:7) stel dit so: "this same photograph is not only perceived, received, it is read, attached – more or less consciously by the public who consumes it – to a traditional stock of signs". Nadat boodskappe in die produksieproses van die foto saamgestel is, bly die betekenis van die foto dus polisemies, aangesien die leser die foto ontleed vanuit haar eie persepsie en 'n versameling van simbole wat verband hou met kultuur en ideologie.

Hierdie mitiese boodskap wat saamgestel word, word op reeds genaturaliseerde kodes gebaseer (Fiske 1987:12; Bignell 1997:24). Mites is nie net werksaam in die gemeenskap in terme van sosiale praktyke nie, maar word ook in die mediadiskoes vergestalt. Fiske (1987:15) meen dat "discourses are not produced by the individual speaker or author, they are socially produced; the meanings that they bear pre-exist their use in any one discursive practice". In die geval van *Finesse* en *Lééf* behels dit dat die beelde saamgestel word deur verskeie rolspelers (soos die redaktrise, die fotograaf, die uitlegkunstenaar, ensovoorts), wat elk bydra tot die finale betekenis daarvan. Met elke stap in die skep van die beeld, word nuwer, groter tekste geskep, en met veelvuldige betekenisse gelaai. Teen die tyd dat *Finesse* en *Lééf* op die rak verskyn, is

---

<sup>2</sup> In ikonografiese terme is mite gelykstaande aan Panofsky (1970) se ikonologiese simbolisme. Van Leeuwen (2001:100-101) beskryf dit as volg: "At this level, the 'object-signs', to use Barthes's term, not only denotes a particular person, thing or place, but also the ideas or concepts attached to it. [...] Iconological symbolism is what [...] would be called ideological meaning". Konnotasie, die tweede betekenisvlak (Barthes 1972; 1986), het dus te make met onsigbare kulturele waardes en geloofsteme wat deur 'n kodesisteam weerspieël word (Van Zoonen 1994:76). Lacey (1998:67) beskryf hoe kodes die waardes van die dominante waardesisteam – of ideologie – in 'n bepaalde gemeenskap aanneem. Wanneer 'n ikonologiese benadering dus op die tydskrifte onder bespreking toegepas word, sal die denkwyses van die Christelike geloof en die Afrikaanse kultuurgroep in 2008, duideliker word.

die tydskrifte gevul met verbloemde polisemiese kodes. Hierdie kodes word onbewustelik deur die leser gedekodeer en is 'n vergestaltung van verskeie ideologieë. Een van die ideologieë mag die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wees.

In die soeke na die hedendaagse Christen-Afrikaanse vroue-ideaal tydens die visuele analise van *Finesse* en *Lééf*, is Barthes (1972) se mite ter sprake. Die visuele analise poog om die beelde te interpreteer, sodat die verskeie tekens wat die som van die betekenis opmaak, geïdentifiseer word. Dit word dan later duidelik hoe hierdie tekens saamwerk om 'n nuwe betekenis, die mite rondom die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal, daar te bring. Die studie poog verder om uit te wys hoe hierdie nuwe betekenis die heersende patriargale ideologie in Afrikaanse kultuur behaer.

## **2.2 Die konteks**

### **2.2.1 Die bydra van vrouetydskrifte tot die konstruering van 'n vroue-ideaal**

Net soos kunswerke 'n media is wat oor die potensiaal beskik om 'n vroue-ideaal te verbeeld (Clark 1980), beskik vrouetydskrifte (as post-modernistiese eweknie tot die kunswerk), ewe eens die potensiaal om 'n vroue-ideaal te verbeeld (Ferguson 1983; Shevelow 1989; McRobbie 2000; Fung 2002; Viljoen 2006). Angela McRobbie (2000:69) sien tydskrifte as kragtige ideologiese konstruksies. Sy meen dat vrouetydskrifte 'n vrou se wêreld vorm en definieer deurdat die presiese aard van die vrou se rol in fyn besonderhede uitgespel word. Dit wil dus voorkom asof vrouetydskrifte 'n vroue-ideaal volgens die plaaslike kultuur en heersende ideologieë daarstel.

Met betrekking tot die vroue-ideaal wat vrouetydskrifte konstrueer, rapporteer Ferguson (1983:2) die volgende waarnemings:

What makes women's magazines particularly interesting [...] is that their instructional and directional nostrums are concerned with more than the technology of knitting or contraception or cooking. They tell women what to think and what to do about themselves, their lovers, husbands, parents, children, colleagues, neighbours and bosses. It is this, the scope of their normative direction, rather than the fact of its existence, which is truly remarkable. Add this to the power of the advertising which is directed at the women through their pages and the conclusion follows: here is a potent formula indeed for steering female attitudes, behaviour and buying along a particular path of femininity, and a particular female world view of the desirable, the possible and the purchasable.

Met verwysing na Ferguson meen Shevelow (1989:195) dat die tydskrif se kultus van vroulikheid werksaam is as 'n geloofsstelsel wat 'n sosiale vroulike identiteit konstrueer – met ander woorde, hoe vroue hulle geslag ervaar deur die tydskrif as filter. Ferguson (1983:1) beweer dat tydskrifte bydra tot 'n vrou se konseptualisering van haarself, asook die wyse waarop die gemeenskap haar sien. Volgens Ferguson (1983:1) handel vrouetydskrifte oor meer as net vroue en vrouesake; dit gaan vir haar om vroulikheid self “as a state, a condition, a craft, and an art form which comprise a set of practices and beliefs”.

Die media se weerspieëling van die vroue-ideaal maak staat op stereotipes wat die rolverwagtinge van die vrou uitspel. Volgens Van Zoonen (1994:30) definieer media-inhoud vroulikheid soos volg: “submission, availability, and compliance are characteristics held up as ideals, and consumption is presented as the road to self-fulfilment”. Van Zoonen (1994:66) gaan voort en maak gebruik van 'n aanhaling deur Hole en Levine om die stereotipiese rolverwagtinge wat die vroue-ideaal in die media inhou, uit te lig: “According to feminists, the media-created woman is (1) wife, mother and housekeeper for men, (2) a sex object used to sell products to men (3) a person to be beautiful for men”. Van Zoonen (1994:66) staaf haar argument verder deur haar aanhaling van Davies, Dickey en Stratford wat meen dat die media, en tydskrifte in die besonder, beeldmateriaal voorhou wat aan vrouens voorskryf “how to be the perfect mother, lover, wife, homemaker, glamorous accessory, secretary – whatever best suits the need of the system”.

In Suid-Afrika is daar 'n aantal Christelike tydskrifte op die winkelrakke, soos *Lig* (2008), *Intiem* (2009), *JUIG!* (2009), *Lééf* (2005), *Finesse* (1998), en weergawes van *Finesse*, wat insluit, *Finesse Meisie* (2009) en *Soul* (2009). *Finesse* en *Lééf* is egter enig in hul soort deurdat hulle spesifiek fokus op die Afrikaanse Christenvrou.

Die vraag kan gevra word waarom juis Afrikaanse *Christelike* tydskrifte die lig sien. Dit blyk tog dat tydskrifte soos *Sarie* en *Huisgenoot* steeds gewild bly.<sup>3</sup> Die antwoord hierop is waarskynlik gewortel in die kultuuridentiteitskrisis wat die Afrikaner tans ervaar (Boshoff 1992:5; Giliomee 2003; Vestergaard 2001). Volgens *JUIG!* (2009

---

<sup>3</sup> The Audit Bureau of Circulation (ABC) sirkulasie syfers vir die tydperk Oktober tot Desember 2009 is volgens Farquhar (2010) soos volg: *Sarie* merk 'n opwaartse tendens van 115,794 tot 122,105; *Huisgenoot* word aangedui as een van die grootste verkopers teen 320,862.

[bektoneering bygevoeg]), is een van die redes hiervoor die vinnig veranderende samelewing:

Die hedendaagse samelewing word *vernietig* deur *verdorwe sedes* en *swak gesinswaardes*. Dit gebeur hoofsaaklik a.g.v. die invloed van die media op ons lewens via die Internet, TV, radio, boeke en tydskrifte. Dan het ons ook natuurlik nog 'n kragtlose Kerk (wat kies om by 'n kultuur aan te pas eerder as om dit ten goede te verander); daarom dat ons die behoefte aan 'n beginselvaste Bybels gefundeerde tydskrif in die Afrikaanse mark raakgesien het.

Waarskynlik gryp sommige Afrikaanses in hul soeke na 'n nuwe kultuuridentiteit, terug na die bekendheid van Christelike beginsels en waardes, wat oënskynlik in *Finesse* en *Lééf* vergestalt word.

'n Ander ewe belangrike konsep tot die visuele analise van *Finesse* en *Lééf*, is Benedict Anderson (1991) se begrip rakende 'n 'denkbeeldige gemeenskap' ("*imagined community*"). Anderson gebruik hierdie term om 'nasionaal' te definieer en krities te ondersoek. Denkbeeldig ("*imagined*"), omdat lede van selfs die kleinste nasie nooit hulle medeledes sal ontmoet, of van hulle sal hoor nie, hoewel die beeld van hulle gemeenskap tog in hulle verbeelding voortleef. Gemeenskap ("*community*"), omdat daar binne 'n nasie 'n diep, horisontale kameraadskap bestaan (Anderson 1991:6). Ann McClintock (1991; 1993) wat post-kolonialisme en geslagskwessies bestudeer, interpreteer Anderson se 'denkbeeldige gemeenskap' as "systems of representations whereby people come to imagine a shared experience of identification with an extended community" (McClintock 1991:104; 1993:61). Hierdie konsep word toegepas in die hieropvolgende bespreking van die historiese wortels van die kontemporêre Christen, Afrikaanse leser van *Finesse* en *Lééf*.

### **2.2.2 Die sosio-politieke konteks van die Afrikaner en Afrikaanses**

Deur die sosio-politieke konteks van die Afrikaner en Afrikaanses te ondersoek, word beter begrip verkry van die ideologiese konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal. Suid-Afrika se eerste demokratiese verkiesing van 1994 het verskeie sosio-politieke veranderinge vir die land se verskillende bevolkingsgroepe ingehou. Een kenmerk wat in dié verband na vore tree, is die vraag na etniese identiteit. Die soeke na 'n (nuwe definisie van) identiteit te midde van Suid-Afrika se kulturele smeltkroes word

waarskynlik deur al die land se etniese groepe – insluitend die Afrikaner – ervaar (Giliomee 2003; Vestergaard 2001).<sup>4</sup>

Faktore wat die kern van die Afrikaner se etniese identiteit opmaak voor die val van apartheid, word uitgelig deur sielkundiges wat sosiale identiteite in Suid-Afrika ondersoek. Heaven, Le Roux, Simbayi en Stones (2000:67) bevind die volgende: “the social identities associated with both values for self-identified Afrikaners were mainly linked with ethnic language (Afrikaans) and religion”. Volgens Carel Boshoff (1992:10), medestigter van Orania, skoonseun van oudpremier Hendrik Verwoerd en sendeling van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, is hierdie twee faktore, naamlik geloof en taal, telkens met nasionalisme deurweek.<sup>5</sup> Dikwels word die drie konsepte – taal, geloof en nasionalisme – met mekaar verbind sodat dit onlosmaaklik deel van ’n soliede identiteit geword het, naamlik dié van die Afrikaner.

Waar dit die geloof van die Afrikaner aangaan, stel antropoloog Mads Vestergaard (2001:20) vas dat die Nasionale Party (NP) sinoniem was met ’n Christelik-nasionale Afrikanerbeweging. Vestergaard (2001:21) is verder van mening dat die regerende NP oor die laaste vyftig jaar voor die val van apartheid Afrikaneridentiteit bepaal het:

Generations of Afrikaners grew up in a social space where the boundaries of identity were sharply drawn. These boundaries were not static, but were redrawn and altered in the course of the reign of the NP. They were, nevertheless always defined by the nationalist movement and stayed within the discursive framework of Christian nationalism.

Teen die tyd wat die NP uiteindelik in 1994 voor demokrasie moes swig, het die Afrikaner denkbeeldige gemeenskap (*‘imagined community’*), homself in ’n netelige posisie bevind. Met die verlies van politieke mag is die kragtige nasionalisme, wat die Afrikaneridentiteit en -kultuur gedra het, ook verlore. Daarmee saam word Afrikaans as taal en die Afrikanergeloof in onsekerheid gedompel, aangesien dit so nou verweef was

---

<sup>4</sup> In die post-apartheidsera duur die debat rondom die term ‘Afrikaner’ en wie dit insluit, steeds voort. Historikus en politieke wetenskaplike, Hermann Giliomee (2004) is geneig om kultuur en taal saam te smelt wat impliseer dat ’n Afrikaner ’n persoon is wat Afrikaans praat, ongeag van ras. Giliomee (2003:xix) verduidelik: “The term ‘Afrikaners’ for whites was first used early in the eighteenth century, but had to vie with designations like burgher, Christian, Dutchmen and Boer”. Vir die periode vanaf 1652 tot ongeveer 1875, gebruik Giliomee (2003) die term ‘burgher’ wanneer hy verwys na ’n persoon wat Duits of Afrikaans gepraat het. Vir die tydperk na 1875 gebruik hy die term ‘Afrikaner’, alhoewel dit eers vanaf die middel van die twintigste eeu eksklusief vir blanke Afrikaanssprekendes gebruik is. Volgens Giliomee (2003) sluit die term weer vanaf die 1980s alle rasse in.

<sup>5</sup> Hierdie faktore is beslis nie die enigste nie. Ander hoekstene van die Afrikanerkultuur in die pre-demokratiese bestel word deur dr. Viljoen (1998:16-20), destydse rektor van die Randse Afrikaanse Universiteit en raadslid van die destydse kabinet, geïdentifiseer, byvoorbeeld: konserwatisme, historiese sin, rassesseuwerheid en kulturele uitbouing.

met nasionalisme. 'n Kulturele krisis het onvermydelik gevolg (Boshoff 1992:5), wat 'n debat rakende Afrikaneridentiteit ontketen het. Gevolglik word die faktore waaruit hierdie identiteit bestaan, bevraagteken, aangesien dit onlosmaaklik deel van 'n nasionalistiese identiteit was.

In die post-apartheid bestel geniet Afrikaans nie meer die ondersteuning van die staat nie (Giliomee 2004b:54) en Afrikaans moes 'n plek te midde van tien ander amptelike tale vind (Vestergaard 2001:26). Met betrekking tot die Afrikaner se geloof, hou die nuwe Suid-Afrikaanse grondwet 'n reeks basiese regte voor, waarvan sekere groepe mense gedurende die apartheidjare ontnem was. Dit sluit vryheid van geloof in (Vestergaard 2001:22), wat 'n bedreiging vir die tradisionele Christelike leefwyse van die Afrikaner mag inhou. Hierdie Christelike leefwyse word deur Vestergaard (2001:20-21) omskryf wanneer hy sê:

This Afrikaner identity was based on values of God-fearing Calvinism, structures of patriarchal authority (husband and father, priest, school principal, political leaders, all of whom were representing God on earth), adherences to the traditions invented by the Nationalist movement, conservative values such as the fundamental importance of the nuclear family and heterosexuality, and above all, the importance of whiteness.

'n Ander rolspelende faktor in die identiteitskrisis is dat die patriargale struktuur van eertydse Afrikanerkultuur omvergewerp word in die post-apartheid bestel. Regstellende aksie, soos deur die demokratiese regering geïmplementeer, gee aan vroue van alle rasse die geleentheid om ekonomiese, politieke en sosiale mag te bekom. Stella Viljoen (2008:319), wat die manlike identiteitskrisis rondom manlikheid binne post-apartheid Suid-Afrika ondersoek, meen:

Affirmative action, implemented in virtually all spheres of industry, has meant that women and professionals of diverse races have gained access (or increased access) to financial and social power while white men have been subject to large-scale retrenchment and omission from the jobmarket. [T]his fundamental shift in social status necessarily implies a rearticulation of power relations involved in the societal delineation of gender, race and ethnicity, whether corporately or individually.

Regstellende aksie vra dus om 'n herevaluering van die hegemoniese verhoudings van geslag, ras en identiteit. Taal, geloof en regstellende aksie, is faktore wat as voorbeeld dien van hoe radikaal die Afrikaner beïnvloed is deur die val van apartheid en die verlies aan mag, wat 'n kulturele krisis vir die Afrikaner meegebring het. Ten spyte daarvan dat die eerste demokratiese Suid-Afrikaanse verkiesing reeds meer as 'n dekade gelede



plaasgevind het, word hierdie kulturele krisis wat die Afrikaanses<sup>6</sup> vandag nog ervaar, bestudeer.

Hierdie sosio-politieke agtergrond is van belang tot die ikonografiese benadering van hierdie studie aangesien persepsies wat vanuit die Afrikaanse kultuur gevorm word, bepalend blyk te wees tot die ideaal wat voorgelou word ten opsigte van vroulikheid. Die dramatiese sosio-politieke veranderinge en gevolglike kulturele identiteitskrisis rondom Afrikanerskap (Giliomee 2004a; Vestergaard 2001), mag sekere implikasies inhou vir 'n Afrikaanse vroue-ideaal. Die soeke na 'n nuwe kulturele identiteit mag moontlik nuwe vereistes aan 'n vroue-ideaal stel. Die vraag is of die soeke na 'n nuwe kulturele identiteit tot 'n nuwe ideologie rondom 'n vroue-ideaal lei, geëmansipeer van tradisionele kulturele persepsies, en of die teendeel die geval is – dat die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal steeds terugval op tradisionele Afrikanerideologieë.

### **2.2.3 'n Godsdienstige kultuurgeskiedenis**

Die gemeenskaplike faktor wat *Finesse* en *Lééf* met die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal in gemeen het, is 'n sterk godsdienstige inslag. Christina Landman (1994:2) is van mening dat “local Calvinism was of course, as sexist as it was racist”. Hiermee bevestig Landman dat Afrikanerkultuur patriargaal van aard is, na aanleiding van die dominante geloof wat gebaseer word op Calvinisme. Die impak van 'n patriargale geloof het oënskynlik verskeie implikasies vir die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal. Na aanleiding van die ikonografiese benadering van die visuele analise, is dit belangrik dat daar ondersoek ingestel word na die impak van godsdiens op die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal. Hierdie afdeling stel ondersoek in na die godsdienstige kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, asook hoe godsdiens bydra tot die konstruering van 'n bepaalde vroue-ideaal.

Die sosioloog, Cheryl Walker (1990:318), meen dat Afrikaanse vroue selfs in die twintigste eeu geneë daarmee was om hulle mag indirek uit te oefen sonder om die beginsel van manlike hegemonie te bevraagteken. Walker (1990) meen ook dat die houvas van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, met sy fundamentalistiese

---

<sup>6</sup> Om aan te sluit by Giliomee se definisie van Afrikaner/Afrikaanses, sal daar voortaan in hierdie studie wanneer daar van 'Afrikaner' gepraat word, na 'n voor-apartheid konteks, dus voor 1994, verwys word. Na 1994 in die post-apartheid bestel, sal daar na die 'nuwe Afrikaner', dit wil sê, die Afrikaanse(s) verwys word, sonder dat 'n rassekonnotasie geld.

interpretasie van die Bybel en rigiede vasklewing aan 'n patriargale ideologie, steeds 'n konserwatiewe mag bly. Landman (1994:2) argumenteer dat hierdie kultuur 'n sekere piëteit by Afrikanervroue kweek. Sy identifiseer piëteit as 'n belangrike karaktereienskap in Christen-Afrikaanse vroue se geloofsidentiteit (wat spruit uit Afrikanerskap), en meen dat Afrikaanse vroue sosiaal en polities deur hierdie piëteit gevange gehou word (Landman 1994:vii). Hulle is ook gevangenes van hul (Afrikaner-) geskiedenis en geskiedenisboeke waarin die Afrikanervrou as uiterste weergawe van vrou-wees uitgebeeld word. Landman (1994:vii) verwys in dié verband na die staaltjie van Racheltjie de Beer wat haar klere uitgetrek het en vir haar boetie gegee het sodat hy warm kon bly, met die gevolg dat sy uiteindelik verkleum het. Landman (1994) meen dat hierdie selfopoffering sinoniem met die Afrikaanse vrou geword het. Vroulike selfopoffering fokus eksklusief op die kleiner kring van die gesin (Landman 1994:vii). Binne hierdie tradisionele privaatdomein word 'n vrou-ideaal geskep wat sekere rolle vir die vrou impliseer, naamlik vrou (eggenote) en moeder.

Die gelowige Afrikaanse vrou, met piëteit as die kern, word só volgens Landman (1994:3) beskryf:

In the first place they believed in a demanding male God who wished to be pleased and empowered those who succeeded in doing so. In the second place they acquiesced in submissiveness to men in order to gain the favour of the male dominant culture. Thirdly and consequently, on competing for the favour of this dominant culture they were, and still are, disloyal to one another. In the fourth place, the restrictions in their subculture led them to be extremely suspicious of other cultures. [T]his piety of self-hate and submissiveness enabled the men of the dominant culture to use female piety not only to keep women from participation in public life, but also to engage them, often unknowingly, in male nationalist struggles.

Landman (1994:119) argumenteer dat Afrikanervroue gedurende die apartheidjare nie deur internasionale feminisme beïnvloed is nie, en sê: “an Afrikaans woman should accept the religion of her fathers without question”. Sy beweer verder dat selfs na driehonderd jaar, Afrikaanse vroue hulself steeds nie [hiervan] bevry het nie (Landman 1994:3). Landman (1994) suggereer dus dat die hedendaagse Afrikaanse vrou steeds deur piëteit onderdruk word. Volgens Landman (1994) se boek, *The piety of Afrikaans women*, meen Cecile Cilliers (2003:103) wat ook self 'n letterkundige en resensent is, die volgende: “Godsdien [is] gebruik om vroue te onderwerp”. Om ook aan te sluit by die argument in die voorafgaande bespreking, meen Cilliers oor die godsdienstige kultuurgeskiedenis van die Afrikaner vrou:



Maar, soos met die bevrydingsteologie gebeur het, het politici 'n geleentheid gesien om geloof en gelowiges tot eie voordeel te keer, en vroomheid van vroue is gekaap. [...] Haar vlyt en haar vroomheid moes in diens staan van die man en sy politieke ideale. Sy moes die ideale (Afrikaner-)vrou word, toonbeeld van die vrou in Spreuke 31, ter wille van die politiek. [...] Die vrou is prysenswaardig, want sy is knap en sy ken die Here, maar haar deug en haar geloof moes in diens staan van die man en sy (politieke) agenda.

Verder bevind McClintock (1991:109) dat tradisionele Afrikanervroulikheid hand aan hand gaan met swaarkry, gelatenheid en selfopoffering. Deur middel van 'n ikonografiese visuele analise van *Finesse* en *Lééf*, word ondersoek ingestel na die toepaslikheid van hierdie stellings in hedendaagse visuele kultuur.

Dit is egter belangrik om dit wat op internasionale vlak op die gebied van feminisme gebeur het, in aanmerking te neem. Alhoewel Afrikanervroue nie in die verlede aktief deelgeneem het aan aktiwiteite van feministiese bewegings nie, word hulle tans blootgestel in terme van wêrelddenke. Derhalwe word hulle nou van aangesig tot aangesig gekonfronteer met globale feministiese bewegings soos dit tans daar uitsien. Sedert die val van apartheid word Suid-Afrikaanse vroue, wat Afrikanervroue insluit, aangemoedig om hulleself te emansipeer. Die staat moedig emansipasie aan deur die implementering van regstellende aksie, terwyl ander invloede die '*global village*'<sup>7</sup> en populêre media insluit. Aangesien godsdiens so 'n vername rol in die Afrikaner se kultuurgeskiedenis gespeel het en dus onlosmaaklik deel van sommige Afrikaanse vroue se karakter is, is dit van belang om ondersoek in te stel na die verhouding tussen feminisme en godsdiens. Verder is dit belangrik om hierdie verhouding vanuit 'n internasionale perspektief te ondersoek.

Teen die 1970s word die heersende manlike hegemonie waaruit kunsgeskiedenis teorieë tot dusver bestaan het, bevraagteken (Broude & Garrard 1982:vii). Sedertdien is feminisme 'n belangrike diskoers in kunsgeskiedenis. Broude en Garrard (1982:2) meen: "For art historians, this new historical perspective has permitted for the first time a clear vision of the controlling part that sexual attitudes and assumptions have played both in the creation and naming of 'Art' and in the writing of art history". Aangesien visuele kultuur studies gewortel is in kunsgeskiedenis, is dit vanselfsprekend dat diskoerse soos

---

<sup>7</sup> Chang (1999:91) meen: "As a global village, the world is characterized by instant communication, the proliferation of transnational corporations, and the pervasive influence of mass media and popular cultural trends from the West".

feminisme en die vraag na identiteit onderwerpe is wat aandag geniet in hierdie vakgebied (Nicholson 1990; Broude & Garrard 1982; Butler 1990).<sup>8</sup> Linda Nicholson (1990:5), 'n feministiese kunshistorikus, beweer dat: “postmodernism would appear to be a natural ally for feminism”. Volgens Jane Flax (1990:42), feminis en kunshistorikus, is die kern doel van feminisme “to analyze how we think, or do not think, or avoid thinking about gender”. In pas hiermee ondersoek hierdie studie die denkwyses rondom die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal, vanuit 'n feministiese perspektief.

Mary Stewart van Leeuwen is 'n sielkundige en filosoof wat haarself 'n Christen-feminis noem. Sy identifiseer vier feministiese denkrigtings in die Westerse kultuur (Stewart van Leeuwen 1993:19-67). Die sogenaamde ‘Eerste Golf’ sluit in die liberale stroming wat in die Verligting gewortel is.<sup>9</sup> Die ander strome sluit die evangeliese hervorming<sup>10</sup> en die sosialistiese visie<sup>11</sup> in. Van die 1960s af volg Marxistiese feminisme,<sup>12</sup> radikale feminisme,<sup>13</sup> asook sosialistiese feminisme<sup>14</sup> en postmoderne feminisme.<sup>15</sup>

Christen-feministe glo dat die insigte van al die feministiese bewegings van waarde is.<sup>16</sup> Stewart van Leeuwen (1993:25) voeg by dat feministiese golwe en strominge deur die jare verander het, ook wat betref sieninge van godsdiens. Liberale feminisme verplaas geloof tot die terrein van die private en subjektiewe; Marxistiese feminisme verwerp geloof omdat dit 'n illusie is; en radikale feminisme verwerp geloof omdat dit deel is van 'n patriargale stelsel wat vroue onderdruk.

---

<sup>8</sup> So ook, onder die vaandel van postmodernisme, alhoewel nie sogenaamde hoë kuns nie, is die tydskrif as medium aanvaarbaar en 'n gepaste studie onderwerp in visuele studies aangesien dit feminisme en identiteit aanspreek.

<sup>9</sup> Hierdie fase het begin teen die einde van die agtiende eeu en het geduur tot en met die verkryging van stemreg vir vroue in die oorwegend Engelssprekende lande. Dit is 'n heersende visie wat hom daarvoor beywer dat mans en vroue gelyk is en dat vroue 'n reg tot volledige deelname in die gemeenskap het.

<sup>10</sup> 'n Relasionele sienswyse van mans en vroue in die gemeenskap – die stroming vereis van mans en vroue om deur hulle onderskeie wyses aan die morele verandering van die samelewing mee te werk.

<sup>11</sup> Hierdie sosialistiese visie maak die aanname dat die welstand van albei geslagte outomaties sal volg na aanleiding van die veranderinge in die gemeenskap se ekonomiese grondbeginsels.

<sup>12</sup> Marxistiese feminisme behels die ontmanteling van kapitalisme as 'n manier om vroue te emansipeer – geslagskwessies word tot klaskwessies vereenvoudig.

<sup>13</sup> Radikale feminisme word gebaseer op 'n viering van vroue se unieke sterkpunte, wat by die relasionele tradisie aansluit.

<sup>14</sup> Sosialistiese feminisme is 'n kombinasie van vorige stromings – kapitalisme, patriargie en interne psigoanalitiese faktore werk saam om vroue op hulle plek te hou.

<sup>15</sup> Dit bevraagteken die waarhede van Westerse feminisme – wanneer klas, ras, etnisiteit en seksuele oriëntasie in aanmerking geneem word, ontstaan die vraag wat Stewart van Leeuwen (1993:66) vra: “can we even claim that there *is* such a thing as *the* common experience of being a woman?” [beklemtoning in die oorspronklike].

<sup>16</sup> Die volgende drie strome word veral van waarde geag rakende Christelike feminisme: liberaal, relasioneel en sosialisties (Stewart van Leeuwen 1993:23).

Volgens Stewart van Leeuwen (1993:68) is daar dekonstruktiewe aspekte van die postmodernistiese stroming wat Christene mag verwelkom. As voorbeeld noem sy dat die postmoderne erkenning van 'subjektiewe' gevoelens, waardes en gelowe tot die herstel van 'n intellektuele respek vir geloofsoortuigings bydra. Sy redeneer verder dat die idee van 'n enkele vroulike ondervinding verwerp moet word, in ooreenstemming met die feministiese diskoers wat dekonstruktivistiese pluralisme verwelkom. Hierdie pluralisme wat ras, klas en seksuele oriëntasie insluit, is vir baie vroue ook onlosmaaklik deel daarvan om Christen, Moslem of Jood te wees (Stewart van Leeuwen 1993:68).

Maar is feminisme en Christenskap nie twee pole nie? Kan 'n persoon 'n posisie binne albei inneem? Stewart van Leeuwen (1993:22) meen dat daar vorme van feminisme is wat deur Christelike empatie en beginsels gemotiveer word. Daarom glo Christelike feministe dat alle mense volgens die beeld van God geskep is en gevolglik gelykwaardig is,<sup>17</sup> maar hulle lê tog meer klem op die situasies en behoeftes van vroue, wat uiteindelik albei geslagte beïnvloed (Stewart van Leeuwen 1993:19-24).

Susan Foh (1980), teoloog en Bybelse feminis, bestudeer die vrou se plek in die samelewing aan die hand van die Bybel. Sy glo ook dat man en vrou gelykwaardig is omdat albei volgens die beeld van God geskep is. Nietemin glo sy, volgens haar interpretasie van die Bybel, dat vroue hulself onderdanig teenoor hul mans moet stel (Foh 1980:259). Hierdie is byna in teenstelling met mekaar, en veroorsaak retoriese debat onder gelowiges. Nietemin word die vroue-ideaal wat Foh (1980:69-70) volgens die Bybelse tye uitgelê, hoog geag in hierdie studie:

This limitation of the woman to home, to being defined in terms of John's wife or Tommy's mother, is exactly what Women's Lib is fighting. And in the old testament, it has been argued, the most important function of the woman is that of mother; for instance her reputation increased when her first male child is born. The ideal held up by the Jews and the church for the woman is that of Ruth; she is loyal, submissive, agreeably dependant and relying only on marriage and children for status and fulfilment.

Dit blyk of nie veel verander het nie. Die karaktertrekke en eienskappe waarvoor 'n Christenvrou moet beskik, word volgens Foh (1980:173-4) uitgewys as die volgende: gepaste kleding, waardigheid, eerbiedigheid, goeie dade, geloof, liefde, heilig, gewyd, eerbiedige gedrag, leermeesteres van dit wat goed is, liefde vir haar man, liefde vir haar

---

<sup>17</sup> Hierdie gelykwaardigheidsteorie word nie net deur Stewart van Leeuwen (1993; 2000) voorgestaan nie, maar sluit ook ander Christelike feministe in soos Radford Ruether (1993) en Keyes (2000).

kinders, verstandig, rein, tuisteskepper, goed, onderworpe aan eie man, gedwee en stil, en nie bang vir enige verskrikking nie.

Rosemary Radford Ruether (1993) is 'n pionier op die gebied van Christelike feministiese teologie en beaam: "Religion socializes women into the 'feminine' roles of self-abnegation and submission. Total Womanhood uses this doctrine of complementarity to restrict women to their traditional roles and sphere" (Radford Ruether 1993:44). Stewart van Leeuwen (1993:226) meen ook dat eienskappe soos fisiese aantreklikheid, saggeaardheid, bemoedering, 'n mate van afhanklikheid, en passiwiteit aan vroulikheid gekoppel word. Foh (1980), Radford Ruether (1993) en Stewart van Leeuwen (1993) is almal van mening dat hierdie vroue-ideaal bloot 'n patriargale konstruksie is.

Die karaktertrekke van 'n internasionale Christelike vroue-ideaal is ooreenstemmend met die karaktertrekke van die Christen-Afrikaner vroue-ideaal soos afgelei is uit die Afrikaner se kultuurgeskiedenis. Hierdie teorieë rondom feminisme is waarskynlik ook van toepassing op die Afrikaanse vrou – spesifiek in die post-apartheid era waar sy binne 'n nuwe realiteit in haar soeke na 'n nuwe identiteit tot verhaal moet kom. Na aanleiding van Louise Viljoen en Stella Viljoen (2005) se visuele analise van *Huisgenoot* (4 Desember 1953 versus 11 Desember 2003) meen hulle: "[T]heir construction of femininity is connected to Afrikaner cultural identity as an organic and changing entity, [and] also reflects the influence of broader global trends in the visual construction of gender" (Viljoen & Viljoen 2005:113). Dit blyk dus dat die konstruksie van die (Christen-) Afrikaanse vroue-ideaal "the manifestation of a cultural ideal" (Viljoen & Viljoen 2005:113) is, wat nietemin internasionale invloede nie vryspring nie.

## 2.2 Samevatting

In die lig van die voorafgaande agtergrond kan saamgevat word dat die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal volgens kultuurgeskiedenis, asook internasionale godsdienstige norme, onder meer die volgende karaktereienskappe inhou: piëteit, selfopoffering, swaarkry, gelatenheid en vroomheid, fisiese aantreklikheid, saggeaardheid, bemoedering, 'n mate van afhanklikheid, en passiwiteit. Daarmee saam word Afrikanervroue klaarblyklik tot 'n sekere mate beperk tot die privaatdomein wat moontlik rolverwagtinge soos eggenote en moeder insluit. In 'n visuele analise van *Finesse* en *Lééf*, word hierdie tradisionele karaktertrekke rondom die Christen-Afrikaanse vroue-

ideaal in aanmerking geneem in die ondersoek van die kontemporêre Christen-Afrikaanse vroue-ideaal. Die studie word gerig deur hierdie bevindings, en die opeenvolgende hoofstukke word volgens hierdie karaktertrekke en rolverdelings gemoduleer.

## HOOFSTUK 3

### DIE BYDRA VAN VROUETYDSKRIFTE TOT DIE KONSTRUERING VAN DIE CHRISTEN-AFRIKAANSE VROUE-IDEAAL

#### 3.1 Inleiding

Die kontekstuele agtergrond en faktore wat die tradisionele Christen-Afrikaner vroue-ideaal omhul, word uiteengesit in die vorige hoofstuk. Aan die hand van 'n visuele analise, het die opvolgende hoofstukke ten doel om ondersoek in te stel na die hedendaagse Christen-Afrikaanse vroue-ideaal, soos dit in die tydskrifte *Finesse* en *Lééf* weerspieël word.

Van Leeuwen en Jewitt (2001:5) meen dat: “images are [...] evidence of how their maker or makers have (re-)constructed reality, [and are] evidence of bias, ideologically coloured interpretation”. Hierdie betekenisgewing vind reeds in die konstruksie fase van die beeld plaas, en is dikwels onsigbaar in die eindproduk sodat dit nie bewustelik deur die leser opgemerk word nie. Hierdie hoofstuk bied 'n oorsig van sulke ‘onsigbare’ fases waar betekenisgewing plaasvind, nog lank voordat die tydskrif oopgeslaan word. Hierdie fases maak moontlik staat op die leser se onderbewustelike interpretasie en dien waarskynlik as beginpunt vir die konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal.

#### 3.2 Die tydskrifbedryf en die bydra daarvan tot die konstruering van 'n vroue-ideaal

Bignell (1997:59) is van mening dat die tydskrif as geheel bydra tot mitiese, vroulike identiteit:

Magazines contain ads, editorial material contains ads, the front cover of magazines are ads for the magazine itself, editorial material ‘advertises’ mythic feminine identities to their readers, and to complete the circuit, magazine publishers advertise the spending power of their typical readers to advertisers in order to attract more ads. This emphasis [...] has major implications for a semiotic analysis which investigates how women’s magazines relate to ideologies of consumerism and to ideological representations of feminine identity.

Hiermee beaam Bignell (1997) dat, behalwe vir die beelde in 'n tydskrif, daar ander onsigbare faktore is wat almal meewerk in die konstruering van 'n vroue-ideaal. Hierdie

onsigbare faktore word meestal nie eens bevraagteken nie – waarskynlik omrede lesers nie daarvan bewus is nie. Een van hierdie faktore is die tydskrifbedryf. Die manier waarop die bedryf funksioneer, speel 'n rol in die daarstel van 'n vroue-ideaal. Dit hou in die sienswyses van die organisasies en personeel betrokke by die skep van die tydskrif, en hul keuses ten opsigte van die temas, materiaal en beelde.

Verdere faktore wat moontlik ongesiens bydra tot die konstruering van 'n vroue-ideaal sluit in: die ideale leser, die redaksionele span, die leespatroon en verbruiking. Ten opsigte van die ikonografiese benadering wat hierdie kritiese visuele analise ondersteun, is dit noodsaaklik om die wyses waarop hierdie faktore bydra tot die ideologieë wat die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal onderskraag, te ondersoek.

### **3.2.1 Die ideale leser**

Uitgewers verdeel lesers in twee kategorieë: Lesers wat 'n enkele uitgawe van die tydskrif aankoop, en lesers wat vir 'n vaste tydperk op die tydskrif inteken (Bignell 1997:58). Intekenaars word geklassifiseer as die ideale leser.<sup>1</sup> Die ideale leser verseker voortdurende verkope, wat uitgewers in staat stel om data omtrent die intekenaars in te samel. Hierdie data word gebruik vir die saamstel van 'n profiel van die ideale leser. Na aanleiding van die verwagtinge van die ideale leser, bepaal so 'n profiel die aard van die inhoud in die tydskrif. Dus is so 'n profiel indirek 'n faktor in die konstruering van 'n vroue-ideaal.

Ferguson (1983:10) beaam dat die ideale leser in 'n mate die redaksie se keuse ten opsigte van inhoud bepaal:

[B]y creating and fostering images and symbols of femininity editors also create and sustain a ready-made readership for their journals, and provide a market-place for their advertisers. The sacred beliefs of the cult of femininity are not written *tabula rasa*, any more than they are handed down from high. They are created in response to editor's perceptions of the female role – 'what women want' – and the imperatives of the market place – 'what will sell'.

Tydens die konseptualisering en uitvoeringsproses van 'n tydskrif, maak redaktrises gebruik van beelde en simbole wat by lesers aanklank vind – en daaropvolgend moontlik aanklank vind by die leser se persepsie van 'n vroue-ideaal. Dit blyk dat

---

<sup>1</sup> Lesers wat enkele aankope maak is steeds van belang vir die uitgewers en adverteerders, omdat hulle telkens 'n aktiewe besluit moet neem om wel die tydskrif aan te koop.

redaktrises boodskappe buig om aanklank te vind by die ideale leser. Daarom is die ideale leser van kardinale belang in die konstruering van 'n vroue-ideaal.<sup>2</sup>

Die belang van die leser se betekenisgewing in die betekenisgewingproses word uitgelig deur Mirzoeff (1999:13): "Seeing is not believing, but interpreting. Visual images succeed or fail according to the extent that we interpret them successfully". Aangesien visuele studies dus staatmaak op die interpretasie van die leser, met ander woorde die leser se ervaring van die visuele gebeurtenis, blyk dit gepas te wees dat hierdie studie kwalitatief van aard is. Interpretasie en ervaring is uiters elemente wat nie konkreet gemeet kan word nie.

In die lig van die ikonografiese benadering van hierdie studie is die kulturele konteks van die ideale leser van belang. Bignell (1997:56) wys daarop dat die leser staat maak op 'n kognitiewe proses om betekenis aan simbole te gee. Hierdie proses van betekenisgewing vind onbewustelik plaas en put uit 'n reeks vooropgestelde idees en persepsies wat daargestel word deur 'n kulturele raamwerk. Van Zoonen (1994:40) meen dat idees rondom vroulikheid nie noodwendig deur almal geglo word nie omrede dit kultuurspesifiek is:

Media production is not simply a matter of reflection but entails a complex process of negotiation, processing and reconstruction; media audiences do not simply take in or reject media messages, but use them according to the logic of their own social, cultural and individual circumstances.

Ook Hall (1980:134) se 'preferred readings' is hier van toepassing:

The domains of 'preferred meanings' have the whole social order embedded in them as a set of meanings, practices and beliefs: the everyday knowledge of social structures, of 'how things work for all practical purposes in this culture', the rank order of power and interest and the structure of legitimations, limits and sanctions.

Die kulturele konteks van die ideale leser is dus veral van belang wanneer die redaksiespan simbole en boodskappe moet buig om by die ideale leser aanklank te vind. In die geval van *Finesse* en *Lééf* is die kulturele raamwerk van die ideale leser dié van godsdienstige Afrikaner/Afrikaanses, soos reeds bespreek is in die vorige hoofstuk.

---

<sup>2</sup> Volgens Bignell (1997:58) word tydskrifte nie net deur die koper gelees nie, maar ook deur tussen vyf tot vyftien ander lesers. Hy beweer verder dat, hoe duurder die tydskrif, hoe meer bykomende mense die tydskrif sal sien. Baie van hierdie groep mense, wat die tydskrif op ander maniere bekom, mag moontlik nie binne die oorspronklike teikenmark val nie, en sommige van hierdie lesers mag moontlik mans wees. Na aanleiding van Bignell (1997) beskik die tydskrif dus oor 'n ideale leser wie se belange deur die tydskrif geteiken (en geskep) word. Daar bestaan egter ook die 'nie-ideale lesers', waarvan hierdie persone 'n deel uitmaak.



Tydskrifte kan in verskillende genres verdeel word, afhangende van die teikenmark wat dit aanspreek (Bignell 1997:57). Verskillende kategorieë word hiervoor gebruik. Hierdie kategorieë word deur die uitgewers as snelskrif gebruik om die hoofaspekte wat in die tydskrifinhoud sal voorkom, aan te dui (Bignell 1997:58). *Finesse* en *Lééf* is albei glansvrouetydskrifte met Christelikheid as oorkoepelende tema. Aangesien die genre van die tydskrif die leser kategoriseer (Bignell 1997:58), behels dit dat *Finesse* en *Lééf* se Christen-genre impliseer dat die (ideale) leser 'n Afrikaanse Christen is. Die genre skep ook sekere verwagtinge by die leser. Die leser verwag om sekere Christelike inhoud, beelde en simbole in 'n betrokke tydskrif aan te tref.

Dit blyk duidelik dat die ideale leser in 'n groot mate die konstruering van 'n vroue-ideaal, wat in populêre kultuur gesirkuleer en verbruik word, bepaal. Deur 'n ideaal daar te stel wat gunstig is en aanklank vind by die ideale leser, verseker die redaktrise die voortbestaan van die tydskrif. In die geval van *Finesse* en *Lééf* is die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wat gekonstrueer word, dus moontlik een wat by haar lesers aanklank vind.

### **3.2.2 Die redaksie**

Die redaksie werk ongesiens agter die skerms van 'n tydskrif. Dit is hier waar keuses uitgeoefen word wat 'n moontlike invloed mag uitoefen op die konstruering van 'n vroue-ideaal. McRobbie (2000:78) meen dat die redaksie van 'n tydskrif bydra tot betekenisgewing aan die inhoud van 'n tydskrif:

*Jackie* [magazine] is the result of a certain kind of labour which involves the implementation and arrangement of a series of visual and narrative signs. Its meanings derive from the practice of encoding 'raw-material' (or re-encoding already coded material) which results in the creation of new meanings. These new meanings depend on the specific organisation of different codes all of which in turn involve different kinds of labour – photography, mounting, framing, drawing, headlining and so on.

Die redaktrise staan aan hoof van die redaksie. Besluitneming is die oorwegende kenmerk van die redaktrise. Hierdie rol word egter ook gekenmerk aan sosiale implikasies (Ferguson 1983:119). Dit behels die besluitneming oor huidige definisies van ideale vroulikheid. Keuses rondom vroulikheid word beïnvloed deur die redaktrise se eie persoonlike eienskappe, haar persepsie en haar eie oortuigings. Die redaktrise, tesame met die uitgewers, omraam en vorm die boodskap van 'n spesifieke tydskrif (Ferguson

1983:120). Ferguson (1983:10) dui aan dat die redaktrise optree as poortwagter van die vrouewêreld:

It is [...] through their content choices, that women's magazine editors truly act as the gatekeepers of the female world. It is they, the high priestesses, who decide the what as well as the when of social changes permitted to pass through the pearly gates of editorial discretion.

Die redaktrise van *Finesse* is Vanessa Schoeman (Figuur 1) en die redaktrise van *Lééf* is Christine Ferreira (Figuur 2).<sup>3</sup> Die blote feit dat albei tydskrifte se redaktrises vroue is, het reeds 'n invloed op die konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal.



**hallo!**

Die my kusste se eerste babas en die krans word behoortlik oopgedraai vir die oerwaantse (natuurlik met inspirasie uit die Maat-uitgawe van FINESSE). Ek en my ma begin met 'n vaart - pienk rose, lyn toebroodjies, sup oëles, asperage-quiche en kaaskoek. Toe ek jaandi se reisp in ons Maat-uitgawe lees, het dit vir my ewe maklik geklink. Net om seker te maak ek doen dit eiesperfekste, sal ek haar vir 'n paar werke. Sy beveel aan ek maak die kaaskoek vromtydig en laat dit vir 'n paar uur in die yskas staan voordat dit opgedien word. En sy sê dat donkerjokolade bo-op baie lekkerder is as witjokolade.

Omdat ek nie tyd het vir twee bekessies nie, besluit ek en my dogterjie Chanté om die reisp sommer dadelik dubbel aan te maak. So magis ek my toe met die grootte van my mengbakke. Met al die gekitte word die kaasvulsel meer en meer. Soveel so dat Chanté 'jie uit desperaatheid aanbeveel dat ek die spuljetje in 'n emmer gooi om verder te meng. Maar ek kan dit nie oor my hart kry toe ek die mop daarin sien staan nie! Uitnodigend vind ons toe 'n bak wat groot genoeg is.

Met die kors in die toebroodjiespanne gooi ons die vulsel versigtig in. Chanté wil onskuldig weet: "Mamma gaan die koek 'opstyg'?" "Nee, my skat," sê ek ewe beterswering, "Kaaskoek rys nie soos gewone koek nie." Eendelik is die koek in die oond.

Toe ons 70 minute later deur die oond se glasdeur kyk, staan albei koekie dubbel hul hoogte vir ons en toe. Die koek het toe 'opstyg'. Dit bobops was die oond se warmte, want die eers koek het 'n donkerbruin kleurjies bo-op... "Dormas, ek sal dit afkraap sodra ons dit uithaal," stel ek Chanté gerus. Maar dit was toe nie so maklik nie! Naadit dit afgehaal het, het dit weer teruggegaan en was dit onmoontlik om die brandstiel af te kraap. Die volgende oopgetjie het ek 'n plan genee. Ek het 'n swaasie gevat en die brandlagie natgemaak en met 'n wurk afgeskraap. Da 'toevalling' ook die een wat met donkerjokolade versier is... En wat 'n smakelies was dit nie!

Hierdie ampse/leuke-bekand saam met my dogterjie sal ek altyd onthou as 'n spesiale oomblik in my lewe. Ons ammal skryf die storie van ons lewe, een oomblik op 'n slag. En vandeesmaand, tereyf ons terugkyk op 'n magiese 10 jaar wat FINESSE agter die blad het, hoop ek dat jy jou spesiale oomblikke saam met FINESSE sal onthou en wat David Norris gesê het: "How you spend your time is more important than how you spend your money. Money mistakes can be corrected, but time is gone forever" vir die volgende 10 jaar in jou hart sal saamtre.

**Vanessa Schoeman, Redakteur**

**VERANDER JOU LEWE IN EEN DAG!**  
Blaai na bladsy 75 vir die datums van ons FINESSE Kenners werksinkels

Figuur 1: Redakteursbrief.  
(*Finesse* Mei 2008:4).

<sup>3</sup> Christine Ferreira is die eertydse skoonheidsredaktrise van byna tien jaar by Media24 se sustertydskrif, *Sarie* (Marketingweb 2005).



Figuur 2: Redakteursbrief.  
(Léef Mei 2008:4).

Ferguson (1983:149) beweer dat die boodskappe van 'n tydskrif verder beïnvloed word deur die impak van die mediahuis, tradisies en prosesse. Skrywers, subredakteurs, fotografe, ontwerpers, advertensies sowel as bemerking-, publisiteit- en sirkulasiespesialiste vorm almal deel van die redaksie wat die boodskappe daarstel.

Boodskappe word gevorm deur kulturele tradisies en konvensies, asook bepaalde tegnieke. Dit behels onder meer die wyses waarop inhoud gekategoriseer, gekonseptualiseer, gevorm en oorgedra word (Ferguson 1983:157).<sup>4</sup> Redaksionele spanne maak dan ook staat op vooraf bepaalde kategorieë (Ferguson 1983:159). Hierdie inhoudskategorieë sluit in kosmaak, mode, persoonlike probleme en die huis. *Finesse* se inhoudskategorieë is die volgende: jou self, jou verhoudings, jou skoonheid, jou gesondheid, jou gees, jou welvaart en jou huis (*Finesse* 2008:2-3). Gevolglik bestaan die produksiestruktuur uit spesialiste in leefstyl, fotografe, boeke, advertensies, selfhelp, kreatiwiteit, ouerskap, huwelik en geloof. *Léef* se redaksie bestaan uit spesialiste in kuns, kreatiwiteit, joernalistiek, uitleg en reproduksie. Hierdie kategorieë en

<sup>4</sup> Voorbladfoto's is 'n goeie voorbeeld hiervan. Ferguson (1983:157) is van mening dat die voorblaie van vrouetydskrifte "demonstrate how pictures of ever-smiling females are chosen to suggest that femininity is a desirable and pleasurable state. [J]ournalistic traditions and conventions [are] employed to create a symbolic order intended to synthesise beliefs and practices about 'how best to be a woman'".

kenners is op sigself bepalend tot die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wat *Finesse* konstrueer.<sup>5</sup>

Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat onsigbare faktore, soos die invloed van die redaktrise en haar oortuigings, die redaksionele span, die mediahuis met sy tradisies en oortuigings, sowel as die genre waarin die tydskrif val, reeds 'n invloed het op die konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal, lank voor dit in die bladsye van die tydskrif vergestalt.

### **3.2.3 Die leespatroon**

Die manier waarop 'n tydskrif gelees word, dra by tot betekenisgewing. 'n Tydskrif kan byvoorbeeld verskeie boodskappe daarstel en dra sodoende by tot veelvuldige konstruerings van 'n vroue-ideaal. Die manier waarop 'n tydskrif gelees word, vind willekeurig en onwillekeurig plaas. Die betekenis wat die kodes simboliseer is normatief en selfsprekend.

Lesers se betekenisgewing is onder meer afhanklik van die wyse waarop 'n tydskrif gelees word (Bignell 1997:62). Wanneer die leser die tydskrif aanvanklik optel om te lees, blaai die leser waarskynlik net vinnig daar deur. Moontlik talm die leser plek-plek. Die leser kan sintagmatis of lineêr lees, kronologies bladsy vir bladsy, of sy mag moontlik een artikel volledig lees en 'n ander oorslaan, of bloot nie die tydskrifbladsye kronologies lees nie. Die verskeie wyses waarop die kodes moontlik verbind word, mag verskeie betekenis tot gevolg hê. Dit impliseer dat die teks polisemies is (Lacey 1998: 90-95; Van Zoonen 1994:40-42). Hall (1980:134) sien polisemie soos volg: "Any [...] constituted sign is potentially transformable into more than one connotative configuration". Hierdie potensiaal van simbole om meer as een betekenis in te hou, word deur die struktuur van vrouetydskrifte aangehits. Selfs die styl van die tydskrif fasiliteer en moedig 'n oneweredige leespatroon aan (McRobbie 2000:77), wat polisemiese interpretasie voorstaan. Alle tekste (teks en beelde) in 'n tydskrif, word op so 'n wyse saamgestel dat simbole verskeie betekenis inhou deur dit op verskillende wyses te verbind. So word die betekenis van elke teks aangepas deur aangrensende en verwante

---

<sup>5</sup> Vanuit die name wat gelys word onder die redaksie (Figuur 1) wil dit voorkom asof die meeste name vroulike name is, wat 'n moontlike invloed mag hê op die inhoud, visuele beelde en die daarstelling van 'n Christen-Afrikaanse vroue-ideaal. Ook in *Lééf* blyk dit dat die name in die redaksie hoofsaaklik vroulik is (*Lééf* 2008:6).

tekste. Aangesien hierdie betekenis van die simbole dikwels ideologiese belaaie is, vind die interpretasie daarvan dikwels onbewustelik plaas.

Wanneer die styl van die tydskrif eers gevestig is, fasiliteer en moedig dit 'n oneweredige leespatroon aan (McRobbie 2000:77). Die leser van 'n tydskrif kan vinnig, stadig, oorhoofs of met toegewyde aandag lees, wat 'n effek het op hoe kodes gedekodeer word. Alle tekste (inhoud en beelde) in 'n tydskrif, word op so 'n wyse saamgestel dat simbole verskeie konnotasies inhou deur dit op verskillende wyses te verbind. So word die betekenis van elke teks aangepas deur aangrensende en verwante tekste.

Selfs die blote aanmoediging om die tydskrif te lees vind ongesiens plaas. Die luukse ontvlugting wat die tydskrif bied en die verbruiker aanmoedig om wel die tydskrif te lees, dra reeds by tot die konstruering van 'n vroue-ideaal. Die plesier van vrouetydskrifte word beklemtoon deur die inhoud van die tydskrif, asook deur die fisieke aard van die tydskrif. Bignell (1997:66) verduidelik dit so: "The physical nature of women's magazines has connotations which help to encode their purchase and their reading as enjoyable private pleasures offered specifically to a woman reader". Hierdie luukse ontvlugting word beklemtoon deur die grootte van die bladsye, asook die glanslaag. Die bladsye van vrouetydskrifte is meestal groter as ander tydskrifte en dit bestaan uit 'n groot aantal bladsye, wat oorvloed beklemtoon. Vrouetydskrifte besit 'n glanslaag en is kleurvol, wat 'n aanduiding is van plesier en ontspanning, eerder as ernstigheid. Die glansgevoel word met luuksheid geassosieer. Visuele dominansie word deurgaans binne die tydskrif volgehou en is 'n verdere beklemtoning van plesier (McRobbie 2000:75). Opsigself, so meen Fiske (1987:317), is hierdie luukse ontvlugting 'n eienskap van uitbeeldings van vroulikheid: "As with many experiences of the subordinate, fantasy or escapism is often 'feminized', that is, it is seen as a sign of feminine weakness resulting from women's inability to come to terms with (masculine) reality".

*Finesse* en *Lééf* bied albei 'n oneweredige leespatroon aan. Hulle bied kort artikels wat nie in enige volgorde gelees hoef te word nie; hulle kan kronologies gelees word of net vlugtig, van voor na agter, of van agter na voor deurgeblaaie word. Die wyse waarop die kodes gelees en verbind word, kan veelvuldige betekenis tot gevolg hê. Derhalwe hou 'n bepaalde konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal verskeie moontlikhede vir betekenisgewing in. *Finesse* sowel as *Lééf* is kleurvolle glanstydskrifte wat luuksheid en plesier kodeer. Die bladsye van albei is breër as 'n normale A4-grootte en bestaan uit 120+ bladsye. Hierdie kenmerke versterk kodes van luuksheid en

ontvlugting. Gevolglik word die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wat in die tydskrifte gekonstrueer word, vereenselwig met positiewe emosies wat luuksheid en ontvlugting kodeer, en word aantreklik gemaak sodra die leser die ideaal sal wil bekom.

Dit is duidelik dat tydskrifte selfs op 'n onbewustelike en onsigbare vlak deur verskeie wyses bydra tot die konstruering van 'n vroue-ideaal. Dit blyk dat die tydskrifbedryf reeds bydra tot die konstruering van 'n sekere tipe Afrikaanse Christelike vroue-ideaal.

### **3.3 Belangrike konsepte rakende 'n visuele analise van tydskrifte wat bydra tot die konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal**

Tydens die ikonografiese analise van *Finesse* en *Lééf* is die volgende onsigbare konsepte, rakende die konstruering van 'n Christen-Afrikaanse vroue-ideaal, ter sprake: die skep van 'n denkbeeldige gemeenskap, die konsep rondom mite, en ook mitiese vroulikheid.

#### **3.3.1 Die skep van 'n denkbeeldige gemeenskap in 'n tydskrif**

Bignell (1997:78) beweer dat tydskrifte 'n denkbeeldige vrouewêreld daarstel: "The discourse of women's magazines, comprising the discourses of articles and ads, constructs an imaginary for the woman reader. This imaginary consist of a 'woman's world'". Ferguson (1983:6) meen dat elke leser deel word van hierdie vrouewêreld:

The picture of the world presented by women's magazines is that the individual woman is a member not so much of society as a whole but of her society, the world of women. It is to this separate community that these periodicals address themselves.

Vrouetydskrifte bied 'n mitiese gemeenskap, waarvan die 'vrouewêreld' sinoniem is (Bignell 1997:74). Binne hierdie denkbeeldige 'vrouewêreld' is vroulikheid as 'n identiteit sowel bekombaar as vervullend. Hierdie denkbeeldige wêreld is aangenaam en veilig. 'n Denkbeeldige gemeenskap word geskep deur verbale en visuele kodes wat deurgaans in die tydskrif voorkom (Bignell 1997:78).

Vrouetydskrifte konstrueer en bevorder 'n versamelde sosiale realiteit, die 'wêreld van die vrou'. Die primêre rol van geslag wat die lesers in gemeen het, word versterk deur die sekondêre verbintenis deur hul status as lesers van die tydskrif (Shevelow 1989:196; Ferguson (1983:7).



In die soeke na liefde en emosionele vervulling, is vroue klaarblyklik geneig om belangrike persoonlike verhoudings met ander vroue te skep en in stand te hou. Chodorow (1978:200) lig die belang van vriendskapsbande tussen vroue uit, wat vergestalt word in 'n denkbeeldige gemeenskap:

In our society, there is some sociological evidence that women's friendships are effectively richer than men's. While they are likely to become and remain erotically heterosexual, they are encouraged both by men's difficulties with love and by their own relational history with their mothers to look elsewhere for love and emotional gratification. One way that women fulfil these needs is through the creation and maintenance of important personal relations with other women. Cross-culturally, segregation by gender is the rule: Women tend to have closer personal ties with each other than men have, and to spend more time in the company of women than they do with men.

Chodorow (1978) meen dat dit moeilik is om diep verhoudings met ander vroue te vorm te midde van die geharwar van die daaglikse lewe. Een waarskynlike wyse waarop sulke vriendskapsverhoudinge gesmee en in stand gehou word, is deur die lees van 'n tydskrif. Daardeur verkry die leser deel aan die mitiese denkbeeldige vrouewêreld.

Bignell (1997:70) wys daarop dat hierdie denkbeeldige vrouewêreld (denkbeeldige) bevrediging aan vroue simboliseer. Hierdie simbolisering geskied aan die hand van mitiese vroulikheid. Die denkbeeldige vrouewêreld bied ontvlugting wat die leser uit die realiteit van haar werklike lewe kan bevry. Bignell (1997:70) het die volgende hieroor te sê:

Since this 'women's world' is an imaginary representation built out of signs, it can hardly be condemned for being unlike the reality which real women experience. On the other hand, since the feminine imaginary is composed of mythic feminine identities that feed off women's real sense of lack and unhappiness, the feminine imaginary in women's magazines can be criticized for offering women a form of pleasure that does little to make their real lives any better or happier.

Anthony Fung (2002:321) is van mening dat vroulike identiteit, wat deur die denkbeeldige gemeenskap ondersteun word, deur die kulturele verbruik van vrouetydskrifte gekonstrueer word. Sodoende verbuig tydskrifte 'n vrou se identiteit tot 'n identiteit wat ooreenstem met die samelewing se dominante kapitalistiese logika. Die denkbeeldige gemeenskap dra dus waarskynlik daartoe by dat haar identiteit verbuig word tot dié van die heersende ideologieë.

### 3.3.1.1 *Visuele kodes wat 'n denkbeeldige gemeenskap uitbeeld*

Wanneer die inhoud van *Finesse* en *Lééf* geanaliseer word, is dit moontlik om die denkbeeldige gemeenskap wat albei tydskrifte bied, te identifiseer. Die denkbeeldige gemeenskap wat in die bladsye van die tydskrifte geskep word, word in hierdie afdeling kritiese geanaliseer om ondersoek in te stel na die aard van die denkbeeldige gemeenskap waaraan die Christen-Afrikaanse vroulike leser moontlik sou wil behoort.

Wanneer dit by 'n denkbeeldige gemeenskap kom, meen Bignell (1997:75) dat die gemeenskap ook uitgebeeld word deur opnames, briewe en ander interaktiewe gebeurlikhede soos 'make-overs', kompetisies en spesiale aanbiedinge. Hierdie eienskappe vereis dat die leser aktief op die tydskrif moet reageer. Visuele kodes wat in die betrokke uitgawes van *Finesse* en *Lééf* uitgewys kan word en op hul beurt bydra tot die konstruering van 'n vroue-ideaal, sluit onder meer die volgende in: interaktiewe tegnologie soos selfone, webblaai, SMS'e; kompetisies; artikels wat handel oor sogenaamde 'ware' vroue; briewe en 'agony columns'; opnames; teekoppies; inskrywings, asook mooimaaksessies.

### 3.3.1.2 *Interaktiewe tegnologie*

Interaktiewe kodes kan geklassifiseer word as (visuele) simbole wat interaktiwiteit tussen die leser en die denkbeeldige gemeenskap suggereer, byvoorbeeld selfone en die Internet, soos in "n Nuwe dag | *Finesse* is mal oor ..." (Figuur 3). In *Finesse* en *Lééf* is daar ten minste vier ander voorbeelde waar interaktiewe komponente uitgelig word. Op 'n interaktiewe wyse – met behulp van selfone, e-posse en SMS'e - word die leser uitgedaag om aktief deel te word van die denkbeeldige gemeenskap, naamlik die wêreld van vroulikheid. Deur deel te neem aan hierdie wêreld van vroulikheid, neem die leser deel aan die konstruering en instandhouding van die geïmpliseerde vroue-ideaal.



**'n nuwe dag!**

Dit is 'n nuwe dag! Jy word wakker met die nuwe Finesse wat lewers bly in die agtergrond. Jy draai om en sien jou ongeleeste stapeltjie boeke vol belofes van geestelike groei en motivering om jou te laat glo enige iets is moontlik. Maar jy is reeds laat vir werk... en nog 'n nuwe dag het begin ...

**Finesse** is 'n tydskrif wat stuur nou elke oggend boodskappe wat jou seël. Boodskappe wat jou dag se koers en jou optrede radikaal kan beïnvloed.

**Hoekom is SMS Inspirasie 'n moét!**

SMS doring jou om stil te staan, el is di' raat 'n boordik, 'n boordik in te neem wat jou dag, jou lewe kan verander.

Almal van ons het soms daardie tydse woorde nodig wat ons kan oopmaak, moed gee.

Di is 'n geniale en spotpoek (P) per dag.

Jy kan jou oomblikke verander. Kies 'n SMS fokus op vroue, Solly Ozrovich, hok Burger, help jou om geestelik te groei en Henne Stander vir kinders en jong mense se taal.

Bezoek [www.finessemag.co.za](http://www.finessemag.co.za) vir 'n SMS inspirasie en voorwaardes.

**Dit was nog nooit makliker om jou daaglikse dosis inspirasie te ontvang nie!**

Teken in by [www.finessemag.co.za](http://www.finessemag.co.za) en klik op SMS inspirasie OF faks die intekenform hieronder na (016) 982 3618

**Kies jou SMS inspirasie teen BETAAL:**

SOLLY OZROVICH vir **bemoediging**

HENNE STANDER vir **vroue**

HENNE STANDER vir **geestelike groei**

HENNE STANDER vir **kinders & tieners**

**Selfoonnommer wat SMS inspirasie vanaf 1 Mei ontvang** (slegs EEN selfoonnommer word per registrasie toegestaan)

**Betaalmetodes van persoon wat BETAAL:**

Naam \_\_\_\_\_

Van \_\_\_\_\_

Postadres \_\_\_\_\_

Postkode \_\_\_\_\_

Ander kontaknommer (bedags) \_\_\_\_\_

E-pos adres \_\_\_\_\_

Selfoon \_\_\_\_\_

**Betaalmetodes van persoon wat BETAAL:**

Debitre my  Tjek  Spaar  Transmissieskenning

Bank \_\_\_\_\_

Tak \_\_\_\_\_

Rekeningnommer \_\_\_\_\_

Debitre my  VisaKaart  MasterCard

№ \_\_\_\_\_

Vervaldatum \_\_\_\_\_

Laaste drie nommers op die agterkant van kredietkaart \_\_\_\_\_

Handtekening van rekeninghouer \_\_\_\_\_ Datum \_\_\_\_\_

Die kredietkaart is 'n kredietinstrument van die bank van die rekeninghouer. Die rekeninghouer aanvaar die volle aanspreeklikheid vir die gebruik van die kredietkaart. Die rekeninghouer aanvaar die volle aanspreeklikheid vir die gebruik van die kredietkaart.

Ek aanvaar die terme en voorwaardes soos op [www.finessemag.co.za](http://www.finessemag.co.za)

**FINESSE is mal oor ...**

**1** Die Meisies met Moederdag vir ons ma's se liefde en omgee. Maar ons vergeet dikwels van die tannie in die outhuis wat sit en wag vir 'n kind om te kom se wys. Wets Henne Moederdag oomblikke in gaan sit 'n rukkie by 'n tannie in die outhuis en kikker haar dag op met jou belangstelling in haar memoires. Kom nou, dit nie so moeilik nie!

**2** Dit is beter om die lewe te verken en foute te maak as om veilig te speel. Foute is deel van dit wat betaalbaar is vir 'n lewe wat voluit geleef is. "Sophia Loren"

**3** Ontmoet die akteurs van **Bakgat** in hierdie Afrikaanse toneelstuk of Wense Kokermer (van Bokke) 'n groot reed wat daarvan droom om gewild te wees. Maar sy kosterwaaie en paradiess en 'n eenzigtige en embarras hooi keer op keer voor die messes ... Finesse: **Messie** het met die akteurs van Bakgat gaan gesels. Kry jou tekenopdrag die tydskrif, beskikbaar by uitgesoete Pick 'n Pay, OKA en Spar winkels!

**4** Ni is 100% heil! Maar produktief en suksesvol wies? **Gelukkig** en besonder wies? Die meeste van ons wil, maar ons weet nie hoe nie. Met **Vol Goed Kies Geluk! Vind God!** kan jy beter besluit neem, noud dink oor jou entoesiasme, klaarpoet met geestelike emansie en totiens se vir gemiddeld. Blaai na bladsy 34 vir ons spesiale lesersaanbod!

**5** Tyd om vir eers van die bruin en swart wêreld te verget. Jô Bokket se prettige opskekkende balletskene, R890, sal jou uitroting en dag opsoek ten spyte van die grau wêreld. Die geleidelike teater maak die paar 'n moet om die wip in jou stap terug te sit!

**6** Uitsien! Nu drie jaar het Celine Dion weer 'n album uitgegee en dit was die weg wees ... Die album bewys Celine se diep en kragtige konsepte met haar emosie, volwasseheid en talent. Die sentrale tema van die passievolle album getiteld **Taking Chances** is om kans te vat, val te lewe en op 'n bokommer oor die gevulde van jou oomblik. Kry dit nou!

Figuur 3: 'n Nuwe dag | Finesse is mal oor ...  
(Finesse Mei 2008:6-7).

### 3.3.1.3 Kompetisies

Kompetisies dwing lesers om aktief aan aktiwiteite van die denkbeeldige gemeenskap deel te neem. Beide *Finesse* en *Lééf* maak van hierdie tegniek gebruik en sluit saam ten minste drie kompetisies in, byvoorbeeld "10 Bederfprodukte om te wen" (Figuur 4).

Dit blyk dat albei tydskrifte kompetisies inspan om op 'n interaktiewe wyse by te dra tot die interaktiwiteit van die denkbeeldige gemeenskap, en derhalwe bydra tot die konstruering van 'n die Afrikaanse Christelike vrou.

**10** bederfprodukte om te wen!

Wat is 'n verjaardag sonder geskenke? En wie beter om te bederf met 'n geskenk as vir jou? Jy verdien iets spesiaals want ons lesers lê ons na aan die hart. SMS "bederf" en die nommer van die produk na 34788 (r12 per sms) om in aanmerking te kom vir een van 91 pryse!

<p><b>1</b></p> <p><b>DESIGNER GROUP</b> Sain Clinic se spesiale reeks versorgingsolies help om jou vel te voed, bring, aan te vul en te beskerm. Twintig lesers kan elk 'n Sain Clinic-geskenkpak ter waarde van R500 wen. Die reeks bestaan uit Sain Clinic Pure Tissue Oil, Vitamin E Oil, Arnica Oil, Tea Tree Oil and Scar Serum.</p> 	<p><b>2</b></p> <p><b>ALL GOLD</b> All Gold, Suid-Afrika se gewilde familieatmakker is sinniem met goeie tyd en wonderlike herinneringe. Jy kan een van tien gelukkige lesers te wens om 'n All Gold-geskenkpak soos as 'n Carni Blyes-opspeelwit ter waarde van R500 te wen.</p> 
<p><b>3</b></p> <p><b>NATIVA</b> Bederf verkoue of grip jou hierdie winter bedryk, staan blysig bring met Linctagon C-brustablette. Hierdie tablette help jou liggaam om gasse te herstel en verleen ook natuurlike antibiotiese eienskappe. Daarbenewens ondersteun dit die liggaam om diuwing en infensasie te bring. Dertig lesers kan elk 'n geskenkpak een ter waarde van R167.</p> 	<p><b>4</b></p> <p><b>AMERICAN SWISS</b> Drie gelukkige lesers staan die kans om hierdie pragtige Armilla halsboor te wen. Die smelt en rookswaart stene is in powder geset, en die ontwerp kan as 'n lang rekel of dubbele kort halsboor gedra word. Vir meer inligting, skakel prync 021 938 7510 gedurende kantoor ure. BFW, www.americanswiss.co.za</p> 

30 FINESSIE MEI 2008

Figuur 4: 10 Bederfprodukte om te wen.  
(Finesse Mei 2008:30-31).

### 3.3.1.4 Artikels wat handel oor 'ware' vroue

Die keuse om artikels te baseer op 'ware' vroue,<sup>6</sup> het waarskynlik tot gevolg dat die leser voel asof sy heelwat met die vrou in die artikel in gemeen het. Die leser kan oënskynlik vereenselwig met die gewone, alledaagse vrou waaroor die artikel handel. Waarskynlik vergemaklik dit die leser se deelname aan die denkbeeldige gemeenskap en word die vroue-ideaal soveel meer bekombaar (Ferguson 1983:7). Albei tydskrifte maak deurentyd gebruik van gewone vroue wat om een of ander rede die moeite werd geag word as onderwerp vir 'n artikel. Voorbeelde van sulke ware verhaale omtrent ware mense in albei tydskrifte sluit ten minste elf voorbeelde in waarvan "Leef nuut" (Figuur 5) een is.

<sup>6</sup> Met 'ware' of 'gewone' vroue word deurgaans bedoel vroue wat soos jan alleman is, en nie 'n bekende of glanspersoonlikheid is nie.



Figuur 5: *Leef nuut.*  
(*Finesse* Mei 2008:122-123).

Deur artikels rondom ware vroue te sentreer, vereenselwig die leser haarself waarskynlik moeiteloos met die vroue-ideaal wat gekonstrueer word, en haar deelname aan die denkbeeldige wêreld vind gemaklik plaas. Op so 'n wyse word die Afrikaanse Christelike vroue-ideaal soveel meer bekombaar.

### 3.3.1.5 Briewe en 'Agony columns'

Die taalkundige kodes wat in die artikels binne vrouetydskrifte voorkom is waarskynlik ook simbolies van die mitiese gemeenskap, of die 'vrouewêreld' (Bignell 1997:74). 'n Voorbeeld hiervan is die redakteursbriewe (*Finesse* se redakteursbrief, Figuur 1 en *Lééf* se redakteursbrief, Figuur 2), wat die leser direk aanspreek. Briewe van werklike mense wat in die tydskrifte gepubliseer word, maak die tydskrif meer toeganklik vir ander lesers deurdat hulle daarmee kan identifiseer. Terselfdertyd gee dit aan die redaksie die geleentheid om met hul teikenmark in voeling te bly. Artikels wat op briefformaat gebaseer is en interaksie tussen die leser en die tydskrif aanmoedig sluit vier geleenthede in, insluitende "Finesse kenner – selfhulp | Hoe om ..." (Figuur 6). Weens die persoonlike aard van briewe, word die leser in staat gestel om haarself met die res van die denkbeeldige gemeenskap te vereenselwig, asook met die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wat deur hierdie briewe gekonstrueer word.





Figuur 6: *Finesse kenner – selfhelp | Hoe om ...*  
(*Finesse Mei 2008:64-65*).

### 3.3.1.6 Opnames

Dit blyk dat 'n debat binne die betrokke tydskrifte 'n gesprek is tussen twee of meer van die lesers/lede van die denkbeeldige gemeenskap. Hierdie debat word uitgebrei deur 'n opname te maak van lesers se menings rondom 'n sekere onderwerp, wat dan in die tydskrif gepubliseer word. Hierdie soort interaktiwiteit en deelname is kenmerkend van 'n denkbeeldige gemeenskap wat op haar beurt bydra tot die konstruering en ondersteuning van 'n vroue-ideaal. "Debat" (Figuur 7) is 'n opname wat bydra tot die instandhouding van 'n denkbeeldige gemeenskap, wat oorvloei tot die konstruering van die Christen-Afrikaanse vrou wie se opinies en idees saak maak.



Figuur 7: Debat | Jou verhoudings.  
(Finesse Mei 2008:70-71).

### 3.3.1.7 Teekoppies

Teekoppies is 'n visuele teken wat interaktiwiteit tussen die lede van die denkbeeldige gemeenskap suggereer. Die plasing van die teekoppies binne die betrokke vrouetydskrifte, is waarskynlik nie toevallig nie. Die toepassing van Barthes (1972) se semiotiese analise op die beeld van 'n teekoppie in die konteks van 'n vrouetydskrif, behels dat die teken 'n konnotasie inhou dat vroue bymekaarkom vir geselskap. 'n Teekoppie word 'n simboliese teken van twee of meer vriendinne wat oor 'n koppie tee sit en klets. Die gebruik van die teekoppie hou in dat die lesers denkbeeldig met hul vriendinne, die ander lesers, 'n koppie tee drink terwyl hulle die tydskrif lees. Die teekoppie word 'n metafoor vir die samehorigheid wat ervaar word deur elke lid van die denkbeeldige gemeenskap (Chodorow 1978:200). Gebruike van die teekoppie as 'n teken wat die denkbeeldige gemeenskap ondersteun, kom op ses geleenthede voor, insluitende "Finesse verhouding gids" (Figuur 8) Hierdie voorbeelde dien as bevestiging dat die teekoppie as teken bydra tot 'n denkbeeldige gemeenskap, wat op sy beurt bydra tot die konstruering en instandhouding van die Christen-Afrikaanse vrou as iemand met vriendinne waarmee sy haar lewe kan deel.



**finesse**  
**verhouding**  
**gids** VERHOUDINGS  
MAAK ELKE DAG  
DIE MOEITE WERD  
DEUR MARTELL VAN NIEKROK

**AS SY SOOS JY WIL WEES**  
Wanneer jou vriendin by 'n teppartytjie opdag met 'jou' skoenie en dissesse wil hand-  
sag wees jy al maande lank begeer, mag jy dalk by jouself ginstig. Maar wat as sy haar  
eetkamer dissesse kluis as julle ver, jou binnenshuusversander getruk, haar kinders  
na jou kinders se skool toe stuur en 'toevallig' dissesse hond as jy kry?  
Di kan gebaar dit vriende onbewustelik ons styf raoboor – die sogenaamde  
venkruismannejie-efke. Volgens John A Bargh, professor in psigologie by Yale Univer-  
steit, is ons nogal geneig om meer soos diegene rondom ons op te tree. Die neiging  
is blykbaar sterker as ons van die mensse hou en swaaker as ons van ons grootse oor-  
hulle is nie.

Wat moet jy doen as iemand jou styf steef? Getoos jou skerp humores. Sê "Ek is  
mal oor jou skoenie" en lag. Sy moet besef jy meesal raak. En wetel vir jouself die re-  
boosing is 'n ewelike 'n oorn van vrees. As die eger handul ruk en sy steel jou  
haarsnyl, jou werk en jou man – soos die obsessiewe huistaal in  
Single White Female – is dit eger nodig om hulp en afstand  
te kry.

**Wettige familie**  
Mens kan nioot genog raak kry as dit by  
skoonkoms kom nie. Hier's 'n paar wenpe.  
**Problem** Sy skimp vir kraankinders. **OPLOSSING** Die idee is  
opwendend, en dis dalk net opgewondenheid. Sê "wees julle kan nie wag nie, julle  
sal ewelike weer as ons begin speel."  
**Problem** Jou ouers en sy ouers kom nie oor die weg nie. **OPLOSSING** Dis beter  
as jy met jou ouers praai en hy met syne. Sê jy verstaan hulle gaan nie om  
wees nie, maar dit sal baie betekenis as hulle ordentlik met mekaar kan wees.  
**Problem** Sy ga so sels by familieyevenkomste wat jou man ontstel.  
**OPLOSSING** Dit maak weer, maar  
moons jou skoenie aanval nie.  
Praai eers met jou man en bied  
ondersteuning. Praai dan saam, as 'n  
eenheid, met Soosona en sê vir hom  
dis omantelbaar.  
**Problem** Wanneer jou kinders by  
sy ouers kule, gnouneer hulle jou  
reëls. **OPLOSSING** Deur jou reëls te  
verontsaam, stuur hulle vir jou die  
koodskap dat hulle beter weet as jy.  
en jou man moet hulle beneel maak  
daarvan dat, as hulle dit doen, hulle  
jou genag ondermy. Maar onthou:  
hulle is oops en oorns, nie ja en ma-  
nie! So, chill!

**"HALLO, DOKTER ..."**  
Dis moelik om gemaklik te voel  
by 'n nuwe dokter. Om 'n nuwe  
mens met jou gesondheidske-  
verhouing is 'n groot en emosionele  
snaai. Daarom is dit belangrik  
om seker te maak dat jou nuwe  
dokter aan jou behoeftes voldoen.  
Behalwe vir die gewone vrae soos  
"Hoe julle die rose by die  
deur stonds in of moet ek dit  
self doen?" is daar 'n paar ekstra  
vraes om te verskaf toe voo julle  
verhouding aan verloop.  
● **Kan ek 'n afskrif van jou  
kantoortydkaart kry?**  
Dit beteken julle sal  
oor alle van  
spreekke het toe  
om te voorkom te  
laas te hou, en dis  
alhoewel om te  
wees 'n goeie week.  
● **Mag ek vir jou vrae per  
e-pos stuur?**  
Dis 'n goeie manier om  
ekstra vrae te kommuniseer op te  
wees. Die dokter het eger die  
tyd om te antwoord en dit is oorn nie.  
● **Wat is jou kansellasiebeleid?**  
Pruy dokters het streng reëls, wat  
'n goeie rede is. Dit dalk daarop  
dat hulle by afspsakings probeer  
by.  
● **Wat as ek vir jou het nadat ek  
jou spreekkamer vertaal het?**  
Die kansal is dat jou dokter moet  
prodier om jou oopgeet binne 24  
uur te besoek. Maar dis die  
keuse ...

**PRAAFT VAN VERVELIG**  
Iemand wat graag praai, weet  
gewoonlik nie wanneer genog regtig  
oorgeenoeg is nie. 'n Eenvoudige "Hoe  
was jou naweek?" kan haar vir ure  
betrig hou tenyde jy jou vermaak met  
elke klein detail van Vrydag, Saterdag  
en Sondag, en as jy ongelukkig is,  
Mandagoggend ook ... Help 'n oor-  
vryeige priester om tot die punt te  
kom deur, wanneer daar "pouses" in  
haar monoloog is, virring in te spring  
met 'n goetlike vraag oor wat jy  
erndik wil wees. As dit eger moelik  
raak om sels 'n enkele woord in te kry,  
skud jou kop. Volgens Kelly Rodde, 'n  
privatspeurder, is langdragde pratere  
gewoon daarvan dat 'n mens jou kop  
vir hulle kink. As jy dan jou kop  
skud, is hulle meer geneig  
om vir 'n oomblik verward  
sê te by – en dis jou kans.  
As niks werk nie en jou  
kieskous het 'n humores,  
kan jy dalk jou hand  
opsteek asof jy 'n  
klaskamer 'n vraag wil  
vra. Maar disdis is  
ons tyd so men dat  
jy enige ordentlike  
manier kan gebruik  
om van verveling  
ontlaas te raak.

**Jy het jou mond verbygepraat**  
Di kom ons almal oor: om sels te praat kon gebyl het ...  
**Scenario 1** **Jy sê wat jy dink sonder te dink**  
**Oplossing** Die beste medisyne is om vir jouself in die moede om nie outomaties jam-  
mer te sê nie; dis onopng. Dis ook nie altyd nodig dat jy jouself moet "sensoor" nie. Baie  
keer is dit juis more opines wat 'n goetlike inweesant maak.  
**Scenario 2** **Jy het per ongeluk geskinder**  
**Oplossing** Die goetlike advies is om skinder te vermy. Omdat ons vroue is, is dit eger  
nie altyd moelik nie. Maak seker jy weet wat jy sê, vir we en wie dalk skinder.  
**Scenario 3** **Jy het 'n e-pos vir die verkeerde persoon gestuur.**  
**Oplossing** Dis seker maar die binde samboek wat staan daardie keer wat jy iets van  
iemand sê wat kon gebyl het, en jy stuur dit vir die verkeerde persoon. As jy dit gedoen  
het, erken dit onmiddelik. Moenie 'n jammer-sê nota tik nie, dis skandig. Bel eerder  
en sê: "Ek kan nie glo ek het dit gedoen nie. Jammer." Wees in die vervolg meer bedag  
en moet noot as jy emosioneel (kwaad of hartseer) is, 'n e-pos tik en stuur nie.

**GAAN Vlieg ...**  
Partykeer jy bes vir gesels, maar gewoonlik nie  
op jou twee uur lange vlieg van Johannesburg  
af Kaapstad toe na 'n lang dag, week, daer met  
alle vreeske kluiskeus en lang jou nie. Hoe laas jy jou  
medkassassier versaan dat, hoewel jy dankbaar  
is sy het die bagades in haar lewe oorkel, jy nie regtig  
betreksaam om die poubel, disdit hoer nie? Regis met bynaal  
indien moontlik – tlaal deur 'n boek, meeste rederey het desvade  
hulle nie ryokert, so as jy riks het nie, is dit altyd nantig, maak jou  
skoonkomsaar oop of sê jou MP3 speler jou oorn. As jullege Petra eger  
reëls met haar monoloog betrig bet en nie lyk asof sy binnekeer by die  
einde gaan uitken nie, stop die gesprek deur die lagsvaand in te roep en 'n  
kunsing te vra. Andersans help onfortuunlik ook, sê iets soos: "Ek skous tog,  
maar ek het 'n baie lang dag gehad en wil my oë 'n bietjie laat rus." Ander  
hoog in die lag ekersvryke is om, as jy by die venster sit en wil opstaan  
nervus jou handvrou slaag. Daar ewer haggies op die skouer te tik en om oore  
haar te klim. Nieemand wil wakker word met 'n vreemde ding toe hulle nie.

MIE 2008 FINESSE 83

Figuur 8: *Finesse verhouding gids.*  
(*Finesse* Mei 2008:82-83).

### 3.3.1.8 Inskrywings

Die hoogtepunt rakende 'n denkbeeldige gemeenskap is waarskynlik die formele uitnodiging aan die leser om te deel in hierdie denkbeeldige gemeenskap wat die vrouetydskrif bied. Daar is al te saam drie inskrywingsvorms wat in albei tydskrifte aangetref word, insluitende "Teken nou in op *Lééf*" (Figuur 9). Hier word die leser aangemoedig om in te skryf om *Lééf* maandeliks te ontvang, of soos in die geval van *Finesse*, die tydskrif as geskenk vir 'n vriendin of familielid aan te bied. Op so 'n wyse word die bande in die denkbeeldige gemeenskap versterk, gebaseer op die persepsie dat almal in die denkbeeldige gemeenskap vriendinne of familielede is. Dus word die Christen-Afrikaanse vrou gekonstrueer as iemand wat graag wil deelneem en bydra tot die vriendekring wat hier geskep word.





**Teken nou in op Lééf met hart & siel**  
en spaar R3.90 per uitgawe

**+ kry 'n gratis CD ter waarde van R100**

Teken nou vir 12 maande in op Lééf – met hart & siel en spaar 'n fantastiese R36.99. Teen net R240.51 kry jy 'n volle 20% afslag! Indien jy jou intekening herbespaar jy R58.61 en betaal jy slegs R238.29 – dink net hoeveel jy maandeliks hiermee spaar! As nuwe intekenaar word jy besomp die maan danky! Miriamella met 'n CD van jou kiese bederf. Kiss en My Passion van Pierre van der Westhuizen. *Love Out Loud* van Jaci Velasquez, of Kibler Park se Sing uit!

Vir Pierre van der Westhuizen se Manuel Escobar. Pierre het een van die wonderlikste tenorsomme wat ek nog gehoor het... Hy sing me met met so stem nie, maar met so hart! Op sy nuwe album, *My Passion* sêel Pierre hierdie passie met hart en siel.

Op 28 jaar is die talentvolle Jaci Velasquez een van die wêreld se gewildste Latyns-Amerikaanse gesestelde kunstenaars. Dit was inskryf vier van die reëllose liedjies op *Love Out Loud*, haar 1de album en die eerste wat deur haar en platinum-koppy verrye word.

Sing uit! 'n 'n energieke versameling lof- en aanbiddingsliedere, opgeneem onder die produksie-toesig van Stas (Oubekand) en Arnold de Wet (Blueshouse). Die album bied 'n kraakvare kylie na wat L&S-aanbidding in die toekoms kan wees!

Teken vandag nog in op Lééf – met hart & siel om die spesiale geskenk joune te maak. Dit dinklik op die intekenvorm aan watter een van die CDs jy verkies. Nuwe intekenaars sal 6 tot 10 weke na intekening hul CD ontvang.

**Spesiaal vir jou!**  
Bekom 'n ontvang in 'n opmerkbare maandelikse lewings e-pos. Oubou 'n nuwe persoonlike kontak om te versier in aanstel van te kom.  
Voord jy gekies sal se Intekenaar van die maand se e-pos. Hierdie intekenaar se naam, van R500 van seel kante joune (aan R6.00)

**Vir nuwe e-ekskel** ☎ 0860 106 328. Teken aanlyn in by [www.leef.co.za](http://www.leef.co.za)

**Nuwe intekenaar**  
Titel \_\_\_\_\_ Voorletters \_\_\_\_\_  
Van \_\_\_\_\_  
Adres \_\_\_\_\_  
Tel. kode en nr. (w) \_\_\_\_\_ (h) \_\_\_\_\_  
Sel \_\_\_\_\_ E-pos \_\_\_\_\_  
ID nr. \_\_\_\_\_

**Dis 'n geskenk-intekening vir**  
Titel \_\_\_\_\_ Voorletters \_\_\_\_\_  
Van \_\_\_\_\_  
Adres \_\_\_\_\_  
Tel. kode en nr. (w) \_\_\_\_\_ (h) \_\_\_\_\_  
Sel \_\_\_\_\_ E-pos \_\_\_\_\_

**BETAALOPSIE 1:** Debetoor my  
 Rekening-omsetter  
Debetoor my rekening-op-dag  15  30  45  van die maand

**BETAALOPSIE 2:** Debetoor my handelaar met  
 eenmalige betaling  
 Via  Master  Dinners  Anas  
Kaartnommer \_\_\_\_\_  
Vervaldatum:  1  2  3  
CVV2 (laasste drie nommers agterop kaart)

Handelsmerk \_\_\_\_\_  
**BETAALOPSIE 3:**  Ek sluit in 'n oëblik-ponseer uitgenaaik aan Media24 se R...  
\* As jy eerder maandeliks wil betaal, skakel ☎ 0860 106 328 om rollings te stel.  
**Terneer of subskripsie-aktiwiteits-vaarmer die verskeie**

**Deur jou e-posadres en telefoonnommer te verskaf gee jy Lééf toestemming om per e-pos of telefoon met jou te kommunikeer.**

Vabere die vore en pos van Lééf – met hart & siel, 31 Mei 2008, Kaapstad 8000 of fak die vore aan 021 402 4038.  
\*Die aanbidding in 'n 31 Mei 2008 en slegs in 'n 31 Mei 2008. Daar is geen afslag op pompel in BTN nie.

Figuur 9: Teken nou in op Lééf.  
(Lééf Mei 2008:8-9).

### 3.3.1.9 Mooimaaksessies

Mooimaaksessies versterk die denkbeeldige gemeenskap omrede dit sogenaamde 'ware' vroue vanuit die denkbeeldige gemeenskap is wat uitgekies word om mooigemaak te word. Die bydra tot die konstruering van 'n vrou-ideaal is beduidend, aangesien die gekose vrou (en ook die leser) presies gewys word hoe om haarself te tooi en hoe sy aan die standaard wat 'n vrou-ideaal stel, kan voldoen. Een van die hoofartikels in hierdie uitgawe van *Lééf* handel rondom mooimaaksessies in "Mooi so Mamma", waar drie pare vroue se voorkoms oënskynlik verbeter word. Dit is opvallend dat in elke beeld van hierdie reeks (Figure 47-50), die vrou gekoppel word aan blomme of die natuur. Hier, asook in 'n groot aantal skilderye, word skoonheid, die natuur en die vrou saamgeveg. Hierdie verskynsel kan terugverwys na 'n diskoers in kunsgeskiedenis. Kunstwerke wat só 'n diskoers versinnebeeld en die vrou aan die natuur gelykstel, veral deur die gebruik van blomme, sluit in John Everett Millais se *Ophelia* (1894) (Figuur 10) Edouard Manet se *Le déjeuner sur l'herbe* (1863) (Figuur 11) en Titian se *Venus of Urbino* (1538) (Figuur 16). Alhoewel daar 'n verskeidenheid van blomme in *Ophelia* (Figuur 10) voorkom, simboliseer veral die rose "youth, love and beauty" (Tate 2011).



Figuur 10: John Everett Millais, *Ophelia*, 1894.  
Olieverf op doek, 1,18 cm x 762 cm.  
Tate Galley, London.  
(Tate 2011).



Figuur 11: Edouard Manet, *Le déjeuner sur l'herbe*, 1863.  
Olieverf op doek, 2.13 cm x 2.64 m.  
Musée d' Orsay, Paris.  
(Janson & Janson 1992:380).



Die vroue wat vir hierdie mooimaaksessies in *Finesse* en *Lééf* gekies is, is weereens sogenaamde ‘ware’ vroue en medelesers. Die dames se vooraf-fotos word in “n Nuwe voorkoms” (Figuur 12) gepubliseer. Die roos aan die linkerkant van die bladuitleg, word simbolies van die vroue se skoonheid, en koppel haar tot haar vroulike (biologiese) natuur.<sup>7</sup>



Figuur 12: 'n Nuwe voorkoms.  
(*Lééf* Mei 2008:44-45).

Hierdie mooimaaksessies laat die leser voel asof dit wat sy in die tydskrif sien – die (onvoldoende) vrou wat later verander in 'n (volwaardige) mooi swaan, iets is waarna sy kan streef omrede dit werklik bereikbaar is. Die vrou wat na haar terugstaar is 'n regte vrou in die werklike lewe, nes die leser self. As teken van 'n denkbeeldige gemeenskap dra mooimaaksessies by tot die wyse waarop die Christen-Afrikaanse vrou in *Lééf* gekonstrueer word as een wat nie 'n volwaardige vrou is sonder die regte grimering, haarstyl en klere nie. Susan Brownmiller (1984:24-25), 'n joernalis en feminis, verwys na die stryd van die *Women's Liberation Movement* in 1968 waar hul die Mejjuffrou Amerika-kompetisie teenstaan en hul protesteer dat: “Women in our society are forced daily to compete for male approval, enslaved by ludicrous beauty standards that we ourselves are conditioned to take seriously and to accept”. Veertig jaar later blyk dit

<sup>7</sup> Hierdie argument word in meer diepte bespreek onder 3.3.3.2) *Blomme*.

egter dat vrouetydskrifte steeds só 'n patriargale skoonheidsideaal voorstaan, ook *Finesse* en *Lééf*. Die weerspieëling van ideale skoonheid, soos dit aan die leser van hierdie tydskrifte gekonstrueer word, word in meer detail in die volgende hoofstuk bespreek.

In hierdie afdeling is uitgewys hoe afsonderlike elemente bydra tot 'n denkbeeldige gemeenskap wat die tydskrifte *Finesse* en *Lééf* bied. Elemente wat uitgewys word, sluit in: interaktiwiteit, kompetisies, artikels rondom werklike vroue, opnames, inskrywings en mooimaaksessies deurgevleg met visuele tekens soos teekoppies. Die denkbeeldige gemeenskap wat die tydskrifte bied, dra op sigself by tot die konstruering van nie net 'n vroue-ideaal nie, maar meer spesifiek die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal omdat die tydskrifte juis gemik is op hierdie spesifieke groep vrouens (en ook tot 'n sekere mate hulle eggenote, kinders en vriende). Deur middel van die denkbeeldige gemeenskap verseker die tydskrifte, *Finesse* en *Lééf*, die konstruering, voortbestaan, sirkulasie en verbruiking van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal. Die verteenwoordiging van die denkbeeldige gemeenskap oorreed die ideale leser dat sy deel vorm van 'n gemeenskap wat haar besigtig, net soos sy haarself besigtig. Volgens Mirzoeff (2008:10) behels visuele subjektiwiteit dat: "I am seen and I see that I am seen". Dus word die leser geposisioneer as die objek van besigtiging, wat konstant opgemeet word teen die voorskrifte van ideologiese sisteme wat as rigsnoer dien; in terme van haar plek in die gemeenskap asook haar uiterlike voorkoms. Tot dusver het die visuele analise voorgestel dat die denkbeeldige gemeenskap, waaraan die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal klaarblyklik behoort, nie veel anders daaruitsien as dié van nie-Christelike, nie-Afrikaanse vroue nie. In breër terme suggereer die denkbeeldige gemeenskap idees vergelykende aan die denkbeeldige gemeenskap waaraan die vrou in die algemeen behoort. Hieruit kan afgelei word dat die wêreld van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal 'n eenentwintigste-eeu leefwêreld is, en dat haar vereistes rakende 'n denkbeeldige gemeenskap dieselfde is as dié van ander Westerse vroue in postindustriële gemeenskappe.

### **3.3.2 Mitiese vroulikheid**

Rakende 'n visuele analise van *Finesse* en *Lééf* in die soeke na die konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal, is die konsep rakende mitiese vroulikheid ter sprake. Dit is op hierdie vlak van betekenisgewing waar simbole sekere konnotasies en ideologieë inhou wat met die simbool geassosieer word. Die tipe vroulikheid wat in enige

glansvrouetydskrif weerspieël word deur die spesifieke tekens en kodes wat geïmplementeer word, word deur die meeste lesers as vanselfsprekend ervaar, hoofsaaklik omdat hierdie proses dikwels onbewustelik plaasvind (Bignell 1997). Die vroulikheid wat binne tydskrifte weerspieël word, is nie 'n weergawe van die werklikheid nie, maar 'n sosiale konstruksie en bloot 'n illusie. Vroulikheid is dus 'n mite – dit bestaan nie in die realiteit nie, maar dit is 'n fiktiewe ideaal om na te streef. In die verband is Bignell (1997:61) se mening die volgende:

The semiotic codes of women's magazines work to construct a mythic world of the feminine, which compensates for the lack of a satisfying social identity for real women. The function of women's magazines is to provide readers a sense of community, comfort, and pride in this mythic feminine identity which supports real women and provides an identity for them.

Mitiese vroulikheid bied aan vroue 'n sekere identiteit wanneer hulle die tydskrif lees. Dit word egter ook 'n werklike sosiale identiteit wanneer hierdie kodes genaturaliseer word in die samelewing (Fiske 1987).<sup>8</sup> Deur 'n vrouetydskrif aan te koop en te lees word mitiese betekenis van vroulikheid versterk – veral deur die posisionering van onderwerpe wat ooreenstem met die ideologiese posisie van vroue as 'n spesifieke geslagstipe verbruiker, versorger, liefdesmaat of werknemer (Bignell 1997:66). Wat werklik in tydskrifte verkoop word – in die fiksie, artikels en advertensies, modes en huishoudelike meublement, resepte en skoonheidsmiddels – is suksesvolle en daarom "*pleasurable femininity*" (Storey 1996:85).

Volgens (Bignell 1997:60) word mitiese vroulikheid reeds deur bloot die slagspreuk van 'n vrouetydskrif gekonstrueer:

We begin to glimpse what this mythic femininity is by noting the slogans (slogans which function as identifying logos for particular magazines) which appear on the spines of a few women's magazines. The connotations of these linguistic signs together with the title of the magazines include youth, sociability, worldliness, confidence, fashionableness and femaleness. With the exception of femaleness, these connotations may not be specific to real women, but they are specific to a mythic identity being constructed by the discourse of women's magazines as opposed to, for instance, leisure interest magazines.

Die slagspreuke op *Finesse* en *Lééf* se rugkante is reeds 'n beginpunt in die konstrueringsproses van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal. Op *Finesse* se rugkant pryk 'Jou goedvoel tydskrif'. Hierdie taalkundige teken suggereer dat, deur hierdie tydskrif te koop, die leser mag deel in die mitiese vroulikheid wat die tydskrif bied en dat

---

<sup>8</sup> Dit is dan hier waar die krag van die denkbeeldige gemeenskap in werking tree.

dit die leser goed sal laat voel deur die ontvlugting wat dit bied. *Lééf* se volle titel verskyn op sy rugkant: “Lééf – met hart en siel”. *Lééf* word beklemtoon deur die akuutte tekens op die e’s, asof die verbruiker van *Lééf* ten volle en met oorgawe leef. Die lesers leef blykbaar nie net oppervlakkig en eendimensioneel nie, nie net met die liggaam nie, maar op ’n diepere (geestelike) wyse met hart en siel. Hierdie konnotasies hou nie verband met die werklike vrou – die leser - nie, maar is verbonde aan ’n mitiese identiteit wat geskep word deur die diskoers van die vrouetydskrif (Bignell 1997:60).


Vroulikheid, soos dit in tydskrifte uitgebeeld word, is bloot ’n illusie. Daarom word daar na vroulikheid verwys as ’n mite. Hierdie mite word egter as normatief weergegee en daarom word dit geglo, as vanselfsprekend aanvaar en uiteindelik gevolg. Hierdie mitiese vroulikheid in tydskrifte is bloot konstruerings wat daargestel word deur semiotiese kodes. Hierdie kodes simboliseer en konnoteer die aard van vroulikheid, en die stappe wat geneem moet word om daardie aard van vroulikheid te bereik. Die vroulikheid wat as die ideaal voorgedhou word, word waarskynlik gemeet aan heersende ideologieë. In historiese konteks het die uitbeelding van spesifieke vroulikheid en veral vroulike skoonheid, in kuns neerslag gevind, soos Clark (1980) se studie rondom die ideale vroulike skoonheid in Westerse kuns getuig. Van Zoonen (1994:40) meen dat mitiese idees rondom vroulikheid nie noodwendig deur almal geglo word nie omrede dit kultuurspesifiek is.

Daar blyk verskeie visuele elemente in *Finesse* en *Lééf* te wees wat ’n mite rondom vroulikheid simboliseer. Die keuse en gebruik van hierdie elemente is nie toevallig nie, maar word doelbewus geplaas omrede dit ’n sekere tipe vroulikheid konstrueer. Die visuele tekens wat bydra tot die konstruering van meer spesifiek die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal in die betrokke uitgawes van *Finesse* en *Lééf*, sluit in: harte, blomme, vrugte, skoonheid, die see en skoenlappers.

### 3.3.2.1 *Harte*

Dit blyk dat harte in albei tydskrifte simbolies gebruik word, veral by wyse van herhaling. Volgens kunshistorikus James Hall (1974:146), is die hart in die kunswêreld ’n simbool van liefde, in beide heilige en wêreldlike konteks. Hall (1974:146) beduie dat ’n vlammende hart die kenmerk is van die Renaissance Venus. Verder meen Hall (1974:146) dat ’n hart wat deur ’n boog deurdring is, die leuse ‘Love conquers all’ onderskraag. ’n Voorbeeld van ’n hart wat in ’n skildery versinnebeeld, sluit in die

vyftiende eeuse Renaissance skildery *Der Liebeszauber* (Love potion) (1470/80) deur Niederrheinischer Meister (Figuur 13). Hier word die hart simbolies tot erotiese liefde gebruik.<sup>9</sup>



Figuur 13: Niederrheinischer Meister, *Der Liebeszauber*, 1470/80.  
Tempera op koper. 23.8 x 17 cm.  
Museum der Bildenden Kuenste, Leipzig, Germany.  
(Lessing Photo Archive 2011).

---

<sup>9</sup> “A naked girl draws sparks from a flint and drips water on a wax heart to conjure up her lover who appears suddenly in the door” (Lessing Photo Archive 2011).





Figuur 14: *Met hart ...*  
(*Lééf* Mei 2008:10-11).

Die hart as visuele simbool van mitiese Afrikaanse Christelike vroulikheid verskyn in elf gevalle in *Finesse* en *Lééf*, waarvan “Met hart ...” (Figuur 14) ter voorbeeld is. Dit blyk dat die hart ’n visuele simbool is wat die mite rondom die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal onderskraag. Die visuele belang van die hart as teken, word waarskynlik beklemtoon deur die gebruik van ondersteunende taalsimbole. Die tema van *Lééf* – met *hart* en *siel*, sentreer om die hart, en die teksinhoud van die tydskrif word hierdeur geïnspireer, veral deur sinspeëling op die woord ‘hart’. Byvoorbeeld titels soos “Hartkos: Kos nes Ma sh”, “My hart is in die herfs”, en “Met hart ...”.

Dit blyk dat die hart ’n simbool is van die mite rondom Afrikaanse Christelike vroulikheid wat die betrokke tydskrifte konstrueer. In hierdie geval versinnebeeld die hart-simbool waarskynlik karaktertrekke soos liefde en versorging en dit waarvoor die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal lief is (soos byvoorbeeld haar kinders en haar huis).

### 3.3.2.2 *Blomme*

’n Visuele definisie van vroulikheid word dikwels gedefinieer deur blomme, soos dit ook blyk uit kunsgeskiedenis. Annette Stott (1992:61, 62), ’n kunshistorikus, bestudeer die

korrelasie tussen blomme en vroulikheid en meen: “In *Fleur-de-Lys* [Figuur 15], woman and flowers are equally passive, beautiful, and decorative”.




Figuur 15: Robert Reid, *Fleur-de-Lys*, 1899.  
Olieverf op doek, 44 7/8 x 42 3/4 in.  
The Metropolitan Museum of Art, New York.  
(Stott 1992:62).

Blomme as teken van vroulikheid is 'n algemene praktyk in kunsgeskiedenis (Stott 1992:61):

In Western painting, [...] individual flowers [were] used as symbols of specific feminine virtues. Ever since the thirteenth century [...] when scholars interpreted the biblical passage from the Song of Solomon “I am a rose of Sharon, a lily of the valleys” as a reference to the Virgin Mary, representations of Mary have commonly included a white lily as a symbol of spiritual and sexual purity, or a rose as a sign of love and beauty. From the Renaissance through the eighteenth century, portraits of women often included a single bloom or a bouquet of flowers to convey more general connotations of fertility and beauty.

In John Everett Millais se *Ophelia* (1894) (Figuur 10) en Titian se *Venus of Urbino* (1538) (Figuur 16), word blomme tot die vrou verbind. Die korrelasie tussen blomme en die natuur, wat die vrou se biologiese aard impliseer (Pollock 1988:135; Stott 1992:66), kan nie geïgnoreer word nie. Rakende *Venus of Urbino* (1538) (Figuur 16) meen Adams (2007:580) die volgende: “The roses, which languidly drop from her hand, and the myrtle

in the flower pot on the windowsill are attributes of the goddess [Venus]”. In Griekse mitologie is Venus die godin van liefde en vrugbaarheid en die moeder van Cupid (Hall 1974:318). Dus word blomme ’n metafoor wat liefde en vrugbaarheid simboliseer.



Figuur 16: Titian, *Venus of Urbino*, 1538.  
Olieverf op doek, 1.19 x 1.65m.  
Galleria degli Uffizi, Florence.  
(Adams 2007:580).

Van belang tot hierdie studie, is die eienskappe wat die blomme in *Finesse* en *Lééf*, aan die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal toeskryf. Stott (1992:62) trek ’n parallel tussen die karaktertrekke van blomme en vroulikheid:

[T]he the flower’s main usefulness to humankind was perceived to reside in the aesthetic pleasure given through visual stimulation of the senses. By this the image of woman in fine art had also become associated with pure beauty and aesthetic pleasure.

Die gebruik van blomme simboliseer dus skoonheid, en tot ’n mate deuglikheid (Stott 1992:68). Ander karaktertrekke wat blomme tot die vrou toevoeg, blyk onskuld, en maagdelikheid te wees (Stott 1992:63). In die skildertradisie word die maagd Maria dikwels aan ’n lelie gekoppel: “The lilies represent the purity of the Virgin, and the fact that there are three of them refers to the Trinity” (Adams 2007:528). Hierdie vergestalt in Dante Gabriel Rossetti se *The Annunciation* (1850) (Figuur 17) en Robert Campin se *Merode Altarpiece* (1425-1430) (Figuur 18).





Figuur 17: Dante Gabriel Rossetti, *The Annunciation*, 1850.  
Olieverf op doek, 72.4 x 41.9 cm.  
Tate Galley, London.  
(Adams 2007:760).



Figuur 18: Robert Campin, *Mérode Altarpiece*, 1425-30.  
Tempera en olievert op doek, 72.4 x 41.9 cm.  
Metropolitan Museum of Art, New York.  
(Adams 2007:529).

Hierdie eienskappe wat blomme simboliseer, dra by tot die konstruering van mites rondom vroulikheid. Aan die hand van *Finesse* en *Lééf* is dit duidelik dat hierdie karaktereieskappe wat deur blomme gesuggereer word, ook meewerk ten opsigte van

die konstruksie van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal. Blomme kom ten minste vyftien keer in albei tydskrifte voor en sluit in: “Voel nuut: 10 van die bestes ... vir geestelike groei” (Figuur 19).



Figuur 19: Voel nuut: 10 van die bestes ... vir geestelike groei. (Finesse Mei 2008:118-119).

Binne die bladsye van *Finesse* en *Lééf*, word blomme selfs gebruik om die vrou aan haar lyflikheid, of te wel, haar biologiese natuur, te koppel. Feministiese kunshistorikus, Griselda Pollock (1988:135) meen: “Flowers have often been used as a metaphor for women’s sexuality, or rather their genitals”. So ook beaam Stott (1992:66) dat blomme vroulike seksualiteit in die skildertradisie simboliseer:

Perhaps it was the flower’s highly visible corolla of petals that suggested feminine gender. The flower’s corolla served to attract pollinators, a function sometimes linked to the way upper-class women used to dress to vie with one another to attract men.

’n Voorbeeld in die skildertradisie sluit in die feminis, Georgia O’Keeffe se *Black Iris III* (1926) (Figuur 20). Met betrekking tot hierdie kunswerk meen Adams (1996:96): “The conflation of mouth and vagina, tongue and clitoris, lips and labia seems an obvious reading of *Black Iris III*. Such a reading is consistent with the image itself, for the flower is the reproductive organ of the plant”.





Figuur 20: Georgia O' Keeffe, *Black Iris III*, 1926.  
Olieverf op doek, (91.4 x 75.9 cm).  
Metropolitan Museum of Art, New York.  
(Adams 1996:96).

Net soos blomme die vrou aan haar genitalieë en seksualiteit koppel, bind dit haar aan haar fisiologiese eienskappe, soos die gawe om kinders te baar. Stott (1992:66) meen in hierdie verband: “The blossom, which precedes the fruit or seed of a plant, was a natural symbol of the potential of a woman to be fruitful and bear children”. Die blom is dus ook moontlik simbolies van die vrou as moeder, na aanleiding van haar biologiese eienskappe.

Die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal se seksualiteit word waarskynlik effens onderdruk deurdat dit nie direk aangespreek word nie: seks is glad nie ter sprake in hierdie uitgawes van *Finesse* en *Lééf* nie, selfs al sentreer onderwerpe rondom die huwelik en moederskap.<sup>10</sup> Dus kan aangeneem word dat die gebruik van blomme in *Finesse* en *Lééf* eerder 'n teken van kuisheid en amper 'n tipe Victoriaanse preutsheid (in teenstelling met seksuele losbandigheid) is. Hier word die vrou eerder subtiel aan haar seksualiteit gekoppel, deur verbloemde beelde, soos in “Met hart & siel” (Figuur 21). Die blom word waarskynlik 'n simbool wat aan seksualiteit gekoppel kan word. Hierdie beeld

---

<sup>10</sup> Hierdie is in teenstelling met 'n tydskrif soos *Cosmopolitan*, wat nie skroom om seks aan te spreek nie. Dit word reeds op die voorblad geadverteer (Figuur 22), met opskrifte soos: “All hands on Dick! Easy to grasp sex tips” en “Your cosmo powers can grow sexy self-esteem!”

is in pas met Georgia O’Keeffe se *Black Iris III* (1926) (Figuur 20). Hiermee is dit moontlik dat die vroulike leser onbewustelik herinner word aan haar seksuele “afhanklikheid” om deur ’n man geopenetreer te word deurdat die varkoor wat op die sy lê, byna aan penetrasie herinner.



Figuur 21: *Met hart & siel*.  
(*Lééf* Mei 2008:94-95).

Dit is reeds genoem dat vrouetydskrifte in die 1990s veral op vroulike seksualiteit gefokus was (McRobbie 1996). Seksualiteit is duidelik nogsteeds ’n groot komponent van die vroue-ideaal wanneer daar gekyk word na populêre vrouetydskrifte soos *Cosmopolitan* (Suid-Afrika) of *Fair Lady*. Dit is hier waar die konstruksie van ’n Christen-Afrikaanse vroue-ideaal van ’n algemene vroue-ideaal duidelik verskil. Ter voorbeeld is die preutsheid, kuisheid en waardigheid waarmee die vroue-ideaal op die *Finesse*- en *Lééf*-voorblaaie gekonstrueer word, in sterk kontras met die meer sensuele vroue-ideaal van *Cosmopolitan* (Suid-Afrika), en speelse aard van *Fair Lady* (Larney 2011), Mei 2008 (Figuur 22). Die liggaamshouding van die voorbladvrou op *Cosmopolitan* (Oosthuizen 2011) is ’n visuele weerspieëling van ’n destruktiewe, selfversekerde en verleidelike vroue-ideaal – die *femme fatale* – wat in die laat negentiende en vroeë twintigste eeu in visuele kultuur ontstaan het (Kitch 1999). In teenstelling hiermee, vertoon die voorbladvrou op *Finesse en Lééf* meer onskuldig, preuts en waardig. Hierdie kuisheid blyk eie aan die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal te wees, soos sy op die maagdelike

Renaissance-beeld van Maria gebaseer is. Die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal se uitbeelding staan dus in teenstelling met 'n algehele vroue-ideaal soos dit dikwels hedendaags in vrouetydskrifte gekonstrueer word.



Figuur 22: Voorblaaie van *Lééf*, *Cosmopolitan* en *Finesse* en *Fair Lady*. (*Lééf*, *Cosmopolitan* Suid-Afrika en *Finesse*, *Fair Lady* Mei 2008).

Dit blyk dus uit ryk ikonologiese tradisies dat blomme sekere kwaliteite tot 'n vroue-ideaal verleen. Die blomme waarvan *Finesse* en *Lééf* gebruik maak, spring nie hierdie mitiese betekenis vry nie. Blomme blyk 'n attribuut te wees van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal in *Finesse* en *Lééf*. Hierdeur word sekere kwaliteite wat met die blomme geassosieer word, aan die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal toegeskryf: skoonheid, vrugbaarheid (wat in lange duur moederskap impliseer), maagdelikheid en jeug.



### 3.3.2.3 Vrugte

Met die pluk van die verbode vrug in die Tuin van Eden het Eva sekerlik nie in gedagte gehou dat sy voortaan verewig met vrugte geassosieer sou word nie. Behalwe vir die godsdienstige skakeling wat vrugte, veral appels, inhou, word vrugte in die Westerse skildertradiesie simbolies van vrugbaarheid (Baptist Bedaux 1987:150), soos in die geval van Joos van Cleve se *The Holy Family* (Figuur 23): “There seems little doubt [...] that the dish of fruit in *The Holy Family* by Joos van Cleve refers to Mary's fertility - particularly if the fruit is seen in conjunction with the written text held by Joseph, which shows the very fragment from the Ave Maria that speaks of Christ as the fruit of Mary's womb” (Baptist Bedaux 1987:162).



Figuur 23: Joos van Cleve, *The Holy Family*.  
Metropolitan Museum, New York.  
(Baptist Bedaux 1987:164).

Volgens Baptist Bedaux (1987:158) het hierdie ikonografie in die skildertradiesie rondom vrugte later ontplooi tot 'n gesin om 'n gedekte tafel (met vrugte):

During the 1590s this type gradually became entwined with motifs taken from Psalms 1 and 128, which teach that a God-fearing life breeds happiness, prosperity, and progeny. In these psalms the God-fearing husband is likened to a tree planted by a stream, which bears fruit each season without fail and whose leaves shall never wither, the children to olive plants, and the wife to a fruitful vine.

Behalwe vir gesinstruktuur wat hierdie ikonografie beskryf, beskik dit ook oor 'n diep godsdienstige inslag. Hierdie Bybelse konnotasie met Psalms, lei tot die volgende metafore: “metaphors of the husband as the fruit-bearing tree, the wife as the vine, and the children as olive plants” (Baptist Bedaux 1987:159). *Portrait of a family* (1583) (Figuur 24) is 'n uitbeelding hiervan in die skildertradisie waar die vrugte op die tafel vrugbaarheid metafories simboliseer (Baptist Bedaux 1987). Hieruit blyk die ikonologiese betekenis verband te hou met vrugbaarheid, met beklemtoning op die gesinstruktuur.



Figuur 24: Onbekend, *Portrait of a family*, 1583.  
Bruges, Stedelijke Musea.  
(Baptist Bedaux 1987:159).

Hierdie ikonologiese verbintenis tussen vrugte en vrugbaarheid, word ook gebruik in Jan van Eyck se *Arnolfini Portrait* (1434) (Figuur 58). Hierdie skildery behels verskeie simbole, onder meer die vrugte, wat sinspeel op die vrou se vrugbaarheid: “The seemingly casual positioning of the pieces of fruit on the chest and windowsill denote natural abundance” (Adams 2007:535). Op hierdie wyses het vrugte ikonologiese betekenis verkry en hou hedendaags moontlik steeds verband met vrugbaarheid.

'n Ander kunswerk waar vrugte simbolies gebruik word, sluit in Dante Gabriel Rossetti se *Venus Verticordia*, (1864-8) (Figuur 25), waar die sensuele Venus-figuur 'n appel in een

hand vashou.<sup>11</sup> Hieromtrent meen Pollock (1988:137): “[T]he apple also functions in Christian iconography as the attribute of Eve, the sign of her sin, the discovery of that sexual knowledge which introduced difference and its pains”. Ter ondersteuning eien die krans om Venus se kop haar as ’n heilige figuur, onder andere die Madonna, en verwys volgens Pollock (1988:1137) na “the fantasy of the pure non-sexual mother, who can procreate in sexual innocence”. Hierdie aspek rondom die maagdelike moeder mag veral van toepassing wees op die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal in *Finesse en Lééf*.



Figuur 25: Dante Gabriel Rossetti, *Venus Verticordia*, 1864-8.  
Olieverf op doek, (82 x 69 cm).  
Russell-Cotes Art Gallery and Museum, Bournemouth.  
(Pollock 1988:136).

In albei tydskrifte vertoon vrugte herhaaldelik. Waarskynlik transendeer hierdie ikonologiese betekenis rondom vrugte in die skildetradisie tot die hedendaagse Christen-Afrikaanse vroue-ideaal in *Finesse en Lééf*. Deur visuele beelde rondom vrugte in *Finesse en Lééf* te plaas, lei daartoe dat die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal geassosieer word met vrugbaarheid, terwyl dit ook ’n moontlike godsdienstige ondertoon bied.

---

<sup>11</sup> Die sensuele Venus-figuur in *Venus Verticordia* verwys na die godin van liefde – uit Latyn vertaal, beteken dit: “Venus, turner of hearts” (BBC 2008). Met die pyl in haar ander hand keer sy mans daarvan om ontrou te wees.





# finesse goedvoel gids

**VOLG HIERDIE REÛLS VIR 'N GESONDER JY!**  
DEUR LIEÛL NEDHMAN

## SPAN JOU GEDAGTES IN EN WORD GESOND

In 'n opname onder dokters by mediese skole in die Chicago-omgewing in die VSA het amper die helfte van die respondente erken dat hulle soms skynmiddels vir pasiënte voorskryf. 'n Skynmiddel bevat nie 'n terapeutiese aktiewe bestanddeel nie. Die algemeenste redes waarom die dokters hierdie middels voorgeskryf het, was om pasiënte te kalmeer om die pasiënt tevrede te stel wanneer medisyne nodig is en alle ander behandelings maak het. Omrent al die dokters wat aan die opname deelgeneem het, glo dat skynmiddels 'n terapeutiese uitwerking op pasiënte kan hê.

Studies het reeds op en oor bewys dat medikasie op sigself selds verantwoordelik is vir die geneesing van die liggaam, maar dat dit eerder jou brein is wat die geneesing teweegbring. Geneesing kin voortspuit uit die krag van jou gedagtes.

Volgens dr. Joseph Mercola van Amerika bevat baie mense nie dat hulle oor 'n reuspotensiaal beskik om geneesing in hulle liggame aan die gang te sit nie. Wanneer jy jou aandag intens op iets toespits, kan jy amper enige resultaat kry wat jy wil hê. Daar is egter 'n waarskuwing: Om geneesing aan te wakker, moet jy seker maak dat daar geen emosionele blokkade is wat in die pad staan nie.

## VOEL DIE KLIPPES ONDER JOU VOETE

Glo dit of nie, maar tot die helfte van vroue ondervind 'n brandende of pyntlike gevoel wanneer hulle urineer. As jy een van hulle is, is jy moontlik aan sistitis, 'n tipe urineweginfeksie. Ander simptome wat die infeksie kenmerk, is 'n konstante dringende gevoel dat jy wil urineer, pyn net bo jou skaambekken en donker, donker urine.

Sistitis kom voor wanneer bakterieë die urinebus binnekom, wat byvoorbeeld tydens seks of met die instel van 'n tampon kan gebeur.

**Wanneer dit die volgende maande:**

- 1 Drink minstens ses tot agt glase water per dag om die blaas skoon te spoel.
- 2 Moenie kryptie nie, aangesien die rhuur van urine tot sistitis kan lei. 'n Linneer naddat jy seks gehad het. 'n Vee aflyf van voor na agter af as jy die toilet besoek.
- 3 Was jou hande voor en na jy 'n tampon ingestel het.

Daar is verskillende maniere om sistitis te behandel. Vir 'n natuurlike behandeling probeer Cystone. 'n Produk wat spesifiek vir hierdie probleem getoets is en by die meeste apteke beskikbaar beskikbaar is.

## Seewater spoel jou siltussse skoon

Alhoewel agter jou hande glad vir reusie was dink dat seewater medisyne is? Maak volgevoelde keuse vir jou dok. 'n Hoof van seewater, want daar is iets bewys dat seewater inderdaad jou krale kan genees.

Asiatiese seewater is in 'n onlangse studie in Europa as 'n reusspoel gebruik om kinders met verkoue te behandel. Kinders wat die reusspoel gebruik het, se simptome was heelwat liggter as dié van kinders wat ander medisyne gebruik het. Die kinders was minder afwesig uit die skool en het minder antibiotika gebruik. Die reusspoel is nie seker hoekom die soubarensproef so suksesvol is nie, maar rekers dit kan as gevolg van die reuspoel se vermoë om die siltussse te spoel en die seewater te wissel.

Soos jy 'n natuurlike verhoedert voorskryf. Daar word intrensies reusies vir reusie oor seewater geneeskunde kind bespreek. As jy seer die krale kry, maak dit om 'n seewater te sit. Seewater maak al die reuspoel op jou siltussse en reusies en dit kan, onvermoed, seerdrade die druk op jou interrasiesel. Jy alhoewel ook om te wissel uit die water, wat voordelig is vir jou gesondheid.

## Blus die vuur

Stel jou voor wat sal gebeur as jy eendag kaalvoet by die werk sou opdag. Jou kollefas sal sien teen een dink jy 'n van lofje getik, terwyl jou daas jou blawing aan die karkoor se kleredragers sal herinner. Tog hou kaalvoet loop besluite voordele vir ons gesondheid in.

Die Oregon Navorsingsinstansie in die VSA het in kiniese studies oor kaalvoet loop bevind dat 'n mens deur kaalvoet 'n klippige oppervlakte te loop, pyn kan verlig, beter kan slaap, en jou fisiese en geestelike welstand kan bevorder. Om oor 'n klippige oppervlakte te loop is eenvoudig en maklik en vind verval aantreklik by ouer persone wat sukkel om te oefen. Kaalvoet loop oor klippe is eue gelede reeds in Kiniese historiese behandelings gebruik en werk amper dieselfde as refleksologie deur akupunte op die voetsole te stimuleer. Mens wat aan die studie deelgeneem het, se algemene welsyn het verbeter in hulle bloeddruk het gedaal.

Hulle kon hulle dagse maakker verlig en het ook minder moeg deur die dag gevoel. Indien jy in die geest van jou eie hulle die kaalvoetstrategie, is 'n Reflexo-board, 'n bord wat 'n klippige oppervlakte naboots, vir dié spesifiek gesonde doeleindes beskikbaar.

Daar is Scott Harris by 022 364 1721 vir meer inligting.

## MAAK JOU HUIS OP DIE NATUURLIKE MANIER SKOON

Drink jy jou tafel te skoon en veilig om aan te vat as jy 'n chemiese middel gebruik het om dit af te veer? Drink weer. Volgens dr. Joseph Mercola asem jy chemiese stowwe in en word dit ook deur jou vel geabsorbeer, wat beteken dat giftowwe mettertyd in jou liggame ophou.

Kinders wat gedurig kortasem is, se asemhalingsprobleme word dikwels verbind met skoonmaakmiddels waaraan hulle in die baarmoeder blootgestel is. Die goeie nuus is dat 'n natuurlike bestanddele uit jou koskas kan gebruik om jou huis skoon te maak. Dr. Mercola stel asyn, koekoeds, sout en suurlemoenas as reinigingsmiddels voor. Volg vyf nuttige wenke om jou huis skoon te kry:

- Was vensters en spieëls deur 'n kwart koppie asyn met water te meng.
- Koekoeds kan in die yskas gestel word om reuke te absorbeer, maar dit maak ook reuke en geronsde skoon.
- Gebruik koekoeds en asyn om 'n verstoppe drein skoon te maak. Gooi een koppie koekoeds by die drein af, gevolg deur 'n koppie asyn wat jy stadig agterwa ingooi.

Maak die drein vir 15 minute toe. As dit borsels maak, gooi 'n koppie water in die drein af en sliedat!

## VERGEET VAN SUNNY SIDE UP! EET DIT ROU

Het jy geweet dat eens moord die enige voedingsbron kan wees wat omrent al die voedingsstowwe bevat wat jou liggame nodig het? Volgens 'n gesondheidsverslag, Powerful Tips for Living the Healthy Life, deur Michael Masterson, is eiergeel 'n een van die veldtoestuupe vitamien (A, D, E en K), soos yster en omega-3-vetstowwe, terwyl eierwit die wateroplosbare B-vitamien bevat. Volgens dié verslag bevat eiers ook die beste kwaliteit proteïene van alle voedingsbronne. Om hierdie voordele van eiers te geniet, moet 'n mens dit eger rou eet, omdat baie van die voedingsstowwe in die gaarmaakproses verlore gaan. Daarby absorbeer jou liggame 'n rou eier 'n so min as dertig minute, terwyl 'n gekookte eier in twee tot vier uur verter word. Houwel gevaarlike bakterieë, soos salmonella, deur die hitte vernietig word, se dié verslag dat dié baie seker in eiers voorkom. Die verslag stel voor dat 'n mens rou eiers by 'n groentesandkies voeg of dit in 'n glas water meng en dan drink.

Voordat jy eier 'n rou eier eet, maak seker dat:

- 1 dit homopruis is en afkomstig is van hoenders wat los kan rondloop
- 2 die dop nie gekraak is nie
- 3 die eier nie stink nie
- 4 die eier 'n jeuggie wil en 'n ferm geel het.

MEI 2008 FINESSIE 103

Figuur 26: Finesse goedvoel gids. (Finesse Mei 2008:102-103).

# Sielskalender

deur ELIZE PARKER

## HERFS IS 'N TYD VAN OORGANG – BOU DIÉ NAJAAR OOK AAN JOU LEWENSBRÛE.

### Maandag

**Brûe van hart tot hart**

- Versterk vriendinne wat swaarkry met daaglikse telefoongespreke
- Voed pasgeborede deur vir hulle 'n geestelike boek te leen en hartsaak oor 'n koffie-afspraak te gesels
- Ondersteun digene wat in 'n motorongeluk was deur hul gesin met vervoer uit te help.

### Dinsdag

**Brûe tussen jou en die Vader**

- Moenie met die minimum tevrede wees nie. Bêl tyd en moeite in dinge wat jou geestelike groei stimuleer
- Kennis help jou nader beweeg aan Sy lig. Doen 'n aanlyn-Bybelkursus
- Staak iets in jou pad om nader aan Hom te kom? Vra die Gees om dit vir jou te wys en ruim dit uit die weg.

### Woensdag

**Brûe van gister na vandag**

- Oorrompel intense gevoelens jou dikwels! Breek dit af en verwerk dit een vir een. Spring byvoorbeeld weg met woede voordat jy 'n plan maak met angst
- Vermo kortpaaie rondom emosionele pyn, dit word uiteindelik doodloopte
- Onttrek jou van mense wat jou bly terugtrek na gister.

### Donderdag

**Brûe na 'n toekoms met Jesus**

- Totale oorgawe aan God bring vryheid.
- Nie elke oeged 'n hand in geloof
- Werk daaraan om te verstaan wie jy in Christus is. Sê word jou lewensproef ook duideliker
- Bid dat Jesus jou help om die regte keuses vorentoe te maak. Week jou gedagtes in Sy Woord om jou denkpattone te verander.

### Vrydag

**Brûe weg van alleenheid**

- Maak vaste geestelike afsprake soos 'n weeklikse oegedbesessie of 'n selgroep
- Verstaan die belangrikheid van geestelike vriendskappe in jou lewe en trek sulke vriende nader
- Enkelopend? Bid vir wysheid teenoor vriende wat jou teen jou sin in verhoudings wil dompel.

### Saterdag

**Brûe om lewenskruispaie te hanteer**

- Glo dat die beste nog vir jou voorle en neem besluite getrou aan jouself
- sien 'n terugslag as 'n les in uitgestelde sukses
- Skryf Sy beloftes neer en plak dit waar jy dit kan sien. Laat al jou keuses in ooreenstemming daarmee wees.

### Sondag

**Brûe oor geslagte heen**

- Bid vir krag vir grootouers wat kinders met enkelouergesinne moet bystaan – al stap hulle aan in lewensjare
- Waardeer en put uit die wysheid van die wyse grysies in jou familiekring
- Betrek ouers van kinders wat leed uit is by jou gesinskring. Noot hulle oor vir 'n lekker ete.

72 Mei 2008

Figuur 27: Sielskalender. (Lêef Mei 2008:72-73).

Nietemin, in die konteks van *Finesse* en *Lééf*, stel die vrugte ook 'n gesonde leefstyl voor, as rigsnoer vir die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal. McDonald (1995:194-195) meen dat 'n gesonde leefstyl verband hou met die heersende skoonheidsideaal: “Where beauty, in the Victorian ideal, was seen as attainable through spiritual purity, and more recently through sufficient sleep and healthy eating, it is now more actively to be worked for in the aerobics class or step apparatus. These ‘feminine’ forms of exercise reinforce the link between beauty and health”. Die vrug as visuele element dien dus as 'n onbewustelike herinnering dat skoonheid as ideaal voorgedhou word tot Christen-Afrikaanse vroue-ideaal. Nie minder nie as ses uitlegte sluit vrugte in, wat insluit: “Finesse goedvoel gids” (Figuur 26) en “Sielskalender” (Figuur 27).

### 3.3.2.4 See



**skoonheid**

## SAKPAS EN STRALEND

Genoeg gesukkel met bottels wat breek en rome wat uitloop in jou bagasie? Gaan jou wintervegbreek houtgerus in, met al jou mooimaakgoed kompak verpak sodat jy orals eksieperfeksie lyk.

ARTIKEL RYNO MULDER

**Bagasie**  
 Dit klink vanselfsprekend, maar beplan jou skoonheidsbagasie met jou eindbestemming in gedagte. Jou hele badkamerkassie leef nie in jou mooimaakassie ingepak te word nie. As jy op 'n strandvakansie gaan, kan jy vergeet van onderlaag. Die te laai, jou gesig sal blink en dit is 'n uitnodiging vir puisties. Jy gaan in elk geval jou eie, natuurlike goed en gesonde kleur hê indien jy sonbeskerming gebruik. Sonbeskerming is jou eerste prioriteit. Gee jouself 'n blaaskas en neem ook 'n vakansie van oogsmering. Ligglans is voldoende vir die aand. As jy gelukkig getref is om op 'n ski-vakansie te gaan, is sonskerm en lipbalsem jou twee top reisgeroe. 'n Besoek aan 'n stad vereis meer grimering aangesien jy meer mooimaaktyd as gewoond sal hê voor aanstote of 'n besoek aan die teater.

**Roetine**  
 'n Paar dae voor jou reis kan jy reeds 'n ryker bevoegingstroom gebruik

as normaalweg. Skep daarvan oor in 'n kleiner houertjie sodat jy vir die hele tydperk wat jy weggaan genoeg bevoeging het. Jy kan nodeloos die meeste van jou produkte in klein plastiekhouertjies oorskop sodat jy nie swaar dra aan al die glasbottels nie. Hou die reisgrootte bevoeging in jou handsak en smeer periodiek hiervan aan wanneer jy veel dal jou gesig dit nodig het. Jou oogare is selfs meer sensitief so moenie jou oogstroom vergeet nie. As jy gaan vlieg, kies 'n oogstroom wat sulfoglysid teenwerk. Teen 30 000 voet bo die aarde, swel alles. Pak 'n lipstif soos **Nimue hydro lip therapy, RT2**, in sodat jy mond sag en prettel is.

**Aan boord**  
 Die idee is om nie grimering te dra as jy reis nie. Die ekstra moeite wat jy met jou skoonheidsroetine doen, sal immers in jou gloeiende vel wys.  
 • 'n Antiseptiese stoffe of teesoonolie verskerf dit jy nie pausies kry nie, en as hulle eers daar is, hulle goeur verhoey.  
 • As jy gereeld kan hande was, pak handreem in en as jy nie diensies kan hande was nie, behou jy 'n handwaasmiddel byderhand te hê.  
 • Gud-Afrikaanse vroue kan nie skoonheidsproe nie en dit is een van die wonderlike kure oot. Die bevoeging.

**Eindbestemming**  
 Oudskul 'n sturende en intensief bevoegingde gesigsmaker sodat jy by jou bestemming aankom en 'n stil oomblik het. Die idee is mos dat jy jouself ewigsmans gun. Maak dit 'n prioriteit om jouself te parterpang deur byvoorbeeld 'n massering te kry. Dit gaan jou gesig en bousee meer goed doen as 'n peperduur paar skoene.

**LIEFLIK LYFLIK**  
 Lyk seer op die strand vanaf dag een met **Rimmel aan skimmer body bronzer self tan wipies twin pack, R36**. Dit lyk soos twee smoesoelies, voel verfrond en maak jou van kroon tot toon egalig skobruin binne 'n uur! Een van die oulikste selfverbruers oot.  
 Kampere soos 'n koningin en durf daardie buitelugborste aan gevapen met **Heaven Total Deter Body Wash, R127**. 'n Bevoegingde stortel van spa-kwaliteit met die mees hermete gep.  
 Sonbeskermingstroom wat taai en loeping voel en jou gesig onwonderig bleek laat lyk, is iets van die verhe. Regis! **Shady Day Sun Protection Wipes SPF30, R84** vir 'n bokke van vyl, beskerm en verfris jou vinnig en sonder feterjasies. >

**VARS EN VROLIK**  
 Jy droom al maande van julle romantiese ellandvakansie. Moenie dat die warm, vogrye atmosfeer jou en 'n gemiddeld ruiker met **Garnier self-heating sauna mask, R30**, hou jou 'n paar uur in die oop van 'n ree. 'n pak van twee. Hierdie herbruikbare hoelgrotologie aalwyn- en sojaproteien-buissies kalmeer jou polsoges. Ombou met om hulle in die kroegstasie te hou sodat jy by die hotel kom.  
 Voel jy groen van bewegingsleka? Neem 'n diep asemteug van **Earth Solutions travel essence aromatherapy scented lotion, R83**, en streef reisevante angis in 'n jastrap weg.  
 Jy mag uitgerus voel, maar lyk jy uitgerus? As die verandering van klimaat en tydsone jou gesig droog en prikkelbaar laat voel, gebruik **Heaven Hydrating & Firming Mask, R158**, met roosolie en laventel om jou vel oornag te verma.

MEI 2008 FINESSE 87

Figuur 28: *Skoonheid: Sakpas en stralend.*  
(*Finesse* Mei 2008:86-87).

Bo en behalwe dat die see die gedagte aan ontvlugting ondersteun, skuil daar meer agter hierdie simboliek. Chetwynd (1982:140) meen:

Standing in the sea, with your feet on the bottom, and your head out in the air: can be a symbolic experience of the unity of man with his environment, in the inter-relationship of the solid, liquid and ethereal realms in nature and human nature. Simple actions of this can be satisfying at a vey physical, unconscious, yet symbolic level. (For example, compare Journeys/Walking.)



Die see kan dus simbolies wees van die mens se eenheid met die natuur, asook simbolies van 'n reistog. In die konteks van *Finesse* en *Lééf* kan hierdie veral sinspeel op 'n geestelike reis. Die beeld in die artikel "Skoonheid: Sakpas en stralend" (Figuur 28) is byna spreekwoordelik van die bogenoemde aanhaling, en versinnebeeld die vrou se eenheid met die natuur.

Die see bied waarskynlik ook 'n godsdienstige ondertoon tot die tydskrifte. Die see word dikwels in Christelike verhale gebruik. Dit kom onder meer voor in die verhaal waar Jesus op die see loop, en verhale van Jesus se dissipels wat vissermanne was. Derhalwe, in die konteks van *Finesse* en *Lééf*, word die see 'n simbool van Christenskap.



Figuur 29: Sandro Botticelli, *The birth of Venus*, 1480.  
Tempera op doek, 1.15 x 2.79 m.  
Galleria degli Uffizi, Florence.  
(Janson & Janson 1992:235).

In verskeie mitologieë word die see dikwels met vroulikheid geassosieer (Knotková-Čapková 2006). Hierdie konneksie van die vrou met die see, as simbool van eenheid met die natuur, word in die skildertradisie aangetref. Die bekendste hiervan is sekerlik Sandro Botticelli se *Birth of Venus* (1480) (Figuur 29). Die koppeling tussen Venus en die see, soos dit in klassieke mitologie voorkom, is waarskynlik die oorsprong van die mite rondom die konnotasie tussen die see en vroulikheid. "De uit het schuim van de

golven geboren Venus – godin van schoonheid en de liefde – wordt staande in een schelp (symbool van vruchtbaarheid) door de windgoden iver de zee aan land geblazen” (Krauße 1995:13). Venus word dus uit die see gebore, sy is dus deel van die natuur, terwyl die skulp haar vrugbaarheid beklemtoon. Hierdie Romeinse mite rondom Venus verbind die vrou waarskynlik tot die natuur, wat klem lê op haar biologiese eienskap – om kinders te kan baar.

Die see, as verteenwoordiger van die natuur, blyk dus die vrou te verbind tot haar vroulike natuur. Parker en Pollock 1981:69 bevestig: “because of women’s role in bearing and initially nursing children, women could be considered closer to Nature”. Ook Radford Reuther (1993:72) stem ooreen: “Woman are symbolized as ‘closer to nature’ than men and thus fall in an intermediate position between culture as the male sphere and uncontrolled nature. Her social roles are regarded as inferior to those of males, falling lower on the nature-culture hierarchy”. Radford Reuther (1993:72) gee twee redes waarom die vrou aan die natuur gelykgestel word: Omdat sy biologies in staat is om kinders te baar; en omdat die vroulike psigologie as gevaarlik beskou word en kastig die manlike (kultuur-) sfeer besoedel.



Figuur 30: *Jou gesondheid*.  
(*Finesse* Mei 2008:98-99).

Die see in konteks van *Finesse* en *Lééf* dra waarskynlik dieselfde simboliek: Die see as simbool van die vrou se eenheid met die natuur, met klem op haar biologiese eienskappe. Hierdie simboliek is 'n visuele herinnering aan die vrou se onderdanige posisie in die samelewing, weens haar vroulike aard/natuur. In konteks van *Finesse* en *Lééf* is die see ooglopend ook simbolies van 'n gesonde leefstyl. Die see as metafoor vir mitiese Afrikaanse Christelike vroulikheid word in vier gevalle in *Finesse* en *Lééf* aangetref, wat insluit: "Jou gesondheid" (Figuur 30).

### 3.3.2.5 Skoenlappers

Die skoenlapper as visuele element kom in albei tydskrifte voor. Ronald Gagliardi (2011), wat die simbolisme van die skoenlapper in Westerse kuns bestudeer, is van mening dat verskeie simboliek agter die skoenlapper skuil. Dit sluit onder meer in die skoenlapper as simboliek van vroulikheid:

The butterfly symbolizes female and femininity for a number of reasons. The "painted" beauty of most butterflies is analogous to the "painted" beauty of a high-fashion model replete with her cosmetic finery. In addition, the graceful walk of a woman compares easily with the gliding flight of a butterfly. Butterflies and women share the qualities of beauty, grace. Artists often include butterflies to introduce a feminine touch to artwork, product or advertisement.

Ander simboliek wat Gagliardi (2011) aan die skoenlapper koppel, sluit in: die natuur; skoonheid en dekoratiewiteit. In die Westerse skildertradisie vergstalt hierdie simboliek in Edgar Degas se *Dancers in the Wings* (1480) (Figuur 31) en Berthe Morisot se *The Butterfly Hunt* (1874) (Figuur 32). In beide gevalle simboliseer die skoenlapper dekoratiewiteit en vroulikheid, en koppel die vrou aan die natuur. Die ooglopende simboliek van die skoenlapper in *Finesse* en *Lééf*, mag moontlik verband hou met vroulike skoonheid. Die skoenlapper se vermoë om te transformeer, is ook waarskynlik



Figuur 31: Edgar Degas, *Dancers in the Wings*, 1880.  
Pastel en tempera op papier, 69.2 x 50.2 cm.  
Norton Simon Museum, Pasadena.  
(Norton Simon Museum 2011).



Figuur 32: Berthe Morisot, *The Butterfly Hunt*, 1874.  
Olieverf op doek, 46 x 56 cm.  
Musée d'Orsay, Paris.  
(Musée d'Orsay. 2010).



metafories van die vrou se vermoë om deur middel van modes en skoonheidsprodukte, te transformeer van 'n gewone vrou, tot skoonheid – of te wel tot die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal.


Verder is Gagliardi (2011) van mening dat die skoenlapper die opstanding simboliseer. Hall (1974:54) stem saam dat die skoenlapper in Christenkuns simbolies is van die opgewekte menslike siel, waar die metafoor van die skoenlapper se lewensiklus of metamorfose gelykwaardig is aan die lewe, die dood, en die opstanding. Ter voorbeeld is Gentile da Fabriano se *Madonna and Child Enthroned* (1420) (Figuur 33): “With one hand the infant Jesus tethers a butterfly, a traditional symbol of his resurrection, while pointing with the other to the neck of his mother's dress” (The National Gallery of Art 2011). Die verskyning van die skoenlapper in *Finesse* en *Lééf* blyk moontlik ook 'n Christelike metafoor te wees wat goed te pas kom in die konteks van Christelike vrouetydskrifte.



Figuur 33: Gentile da Fabriano, *Madonna and Child Enthroned*, 1420.  
Tempera on panel, 108.6 x 64.8 x 8.9 cm.  
National Gallery of Art, Washington.  
(National Gallery of Art 2011).

Die gebruik van die skoenlapper dra dus by tot die visuele rykheid van die tydskrif, maar terselfdertyd ook tot die konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal deurdat karaktertrekke soos vroulikheid en dekoratiewe uitlig. Die skoenlapper koppel die

Christen-Afrikaanse vroue-ideaal ook aan die natuur, dus haar biologiese natuur, terwyl dit ook 'n geestelike komponent tot die tydskrifte bring. Drie voorbeelde van skoenlappers kom voor in *Finesse* en *Lééf* en sluit in: “Met siel ...” (Figuur 34).



Figuur 34: *Met siel ...*  
(*Lééf* Mei 2008:70-71).

### 3.3.2.6 Skoonheid

Die gevolgtrekking waartoe Clark (1980:33) kom in sy studie rondom vroulike skoonheid in Westerse kuns, is dat: “although everything else in the world has changed, feminine beauty has remained constant”. Clark (1980) demonstreer dat alhoewel verskillende periodes en kulture in die Weste verskeie ideale rondom vroulike skoonheid koester, is vroulike skoonheid tydloos, en word deur die jare vasgevang in die kunstradisie. Die vrou, as ideale skoonheid, was dan ook derhalwe uitgekies as onderwerp van skoonheid vir só 'n kunswerk, hoofsaaklik geskilder deur manlike kunstenaars (Parker & Pollock 1981).

Hedendaags is vroulike skoonheid steeds 'n deurlopende konstante, veral ook as onderwerp in vrouetydskrifte. Ferguson (1983:42) lig die belang van skoonheid in tydskrifte soos volg uit:

In society [...] the subject of female beauty is significant, and this significance [...] reflects the extent to which a woman's worth is defined in terms of her appearance. The goddess worshiped there is the Self, and there are prescriptive elements in the narcissistic rituals that accompany these genuflections to a mirror: there is the duty of beauty. But physical beauty is more than a goal in its own right; it also symbolises a separate power structure within female society. Among women, the difference lies between those who hold the scarce resource of beauty and those who do not, between the 'haves' and the 'have nots'. Within the world of women's magazines, however, all followers of the cult of femininity are potentially beautiful, sharing both the rights and obligations of that state.

Skoonheid blyk 'n onderskragende mite in 'n vrouetydskrif te wees. 'n Vrouetydskrif bied die geleentheid aan haar lesers om nie net hierdie skoonheid te vier nie, maar ook om opgelei te word in 'n spesifieke soort skoonheid. Net so, in die geval van *Finesse en Lééf*, word Christen-Afrikaanse vroue-ideaal gekondisioneer om 'n sekere tipe skoonheid te vier en na te streef.

Tot dusver blyk dit uit die bespreking dat *Finesse* en *Lééf* op mitiese vlak reeds subtiel 'n spesifieke vroue-ideaal suggereer. Alhoewel die analise te make het met *Finesse* en *Lééf* se uitgawes van Mei 2008, is verskeie van die afleidings wat gemaak word, generies en dus moontlik van toepassing op enige ander uitgawe van enige ander vrouetydskrif en vroue-ideaal. Nietemin is die meerderheid van die afleidings wat gemaak word uniek aan die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal, soos uitgewys, omdat die betekenis daarvan gestruktureer word binne die raamwerk van *Finesse* en *Lééf*.

Albei tydskrifte onder bespreking maak geen geheim daarvan dat skoonheid 'n belangrike kwaliteit is nie en skroom ook nie om dit in woorde om te sit nie. In *Finesse* (*Finesse* 2007 [beklemtoning in die oorspronklike]) se slagspreuk kom dit duidelik na vore: "Dit is 'n tydskrif vir die moderne vrou wat omgee WIE sy is en nie net hoe sy lyk nie (hoewel laasgenoemde aspek nie afgeskeep word nie)". *Lééf* se missie sluit in: "Daar is sielskos, dag-tot-dag skoonheid en mode, artikels oor families, gesondheidsake, geldsake, hartsplekke om heen te reis, koesterverhale, 'n blokraaisel en nog vele meer om jou in te verlustig" (Media24 2007b). Skoonheid word dus pertinent in albei tydskrifte se leuses uitgelig as 'n karaktertrek van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal. Die belang van skoonheid word verder in *Finesse* beklemtoon deurdat vorige Mejuffroue Suid-Afrika as van die tien inspirerende vroue uitgewys en as ideaal voorgehou word in die artikel "10 Mees inspirerende vroue" (*Finesse* 2008:14-21) (Figure 40-44). *Lééf* vertoon op haar voorblad (Figuur 38) ook 'n vorige Mejuffrou Suid-

Afrika, Penny Coelen-Rey, as die ideaal. Skoonheid word dus pertinent in albei tydskrifte uitgelig as 'n karaktertrek van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal.

Ander belangrike punte wat uitgewys moet word, is dat skoonheid arbeid is deurdat dit deur sekere aktiwiteite bewerkstellig word, soos die gebruik van grimering (McRobbie 2000:101-109; Van Zoonen 1994:26). Alhoewel 'n ongekunstelde voorkoms dikwels as ideaal gepropageer word, word hierdie skoonheid bekom deur verskeie produkte aan te wend. Deur middel van skoonheidsprodukte kan die vrou wat die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal nastreef, haar skoonheid aanpas volgens die ideaal wat voorgehou word. Vrouetydskrifte bied voorskrifte op 'n stapsgewyse manier aan, sodat die leser die ideale skoonheid wat voorgehou word, kan bekom. Produkte en aanbevelings word gemaak, en modes word ongesiens geadverteer om die leser te bemagtig om die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wat binne die betrokke tydskrifte gekonstrueer word, te bekom. Die produkte wat aanbeveel word, is volgens McRobbie (2000:102) hulpmiddele om die vroue-ideaal wat voorgehou word, te bekom:

The beauty industry is predicated upon women's uncertainty about measuring up to beauty standards. Cosmetics are designed to compensate for 'natural' deficiencies and to emphasise personal attributes. As such, they carry particular social meanings. Together with clothing, they create particular and recognisable images of woman.

*Finesse* en *Lééf* raai skoonheidsprodukte aan vir hul lesers. Dit stel die leser in staat om die tipe skoonheid wat as die ideaal vir die Afrikaanse Christelike vrou voorgehou word, te kan bekom. Die belang van skoonheidsprodukte word in twaalf voorbeelde aangetref, waarvan "Mooier met die jare | Tyd vir jouself" (Figuur 35), een is.



**Mooier met die jare**  
deur GERINDA JOOSTE

Winter is op pad. Pantser jou vel nou reeds teen die koue wat kom.

**Troef die winterbyt**  
In Paar aanpassing in jou skoonheidsroetine kan die verskil tussen 'n vaal wintervel en 'n gloeiende gelat beteken:

- Begin die dag met 'n **WITTE SHOT**. Voor jy uitgaan, draai die kousekran vir 'n paar sekondes oop. Wase af met warmer water. Herhaal vir sowat twee minute. So stimuleer jy bloedsirkulasie deur die liggaam.
- Oorweeg 'n ryker **DEWVOLLIGER**. Omdat droei kousekrag jou gelat leweloos laat laat lyk, moet jy 'n roomkiss wat genoeg vog en voeding aan jou vel bied.
- **Skilfer** minstens twee keer 'n week af. Dit sal dooie velletjies verwyder en jou vel help om vog beter te absorbeer.
- Drink 'n glas water met suurlemoen – 'n beproefde boereraat wat jou lewer en galblaas help **DEWIKS**. In liggaam wat makliker van gifstowwe ontlaas raak, spog met 'n mooier vel.
- Slap genoeg – geen goud of skoonheidsprodukte kan 'n goeie nagrus vervang nie. Slaanofskakel verligting wanneer jy te min **Slaap**. Dit werk selfvermoeë teen en lê 'n stigter sekerheidsroetine.

**PROBEER:** Annique Revitalising Cream, Woodworths Ageless Skin Time Defying Flax Lifting and Firming Cream, Lancôme Absolute Advanced Replenishing Cream SPF 15, Chanel Précision Hydramax + Active Moisture Gel Cream, Avro Shlain CRT Edipsage Lotion SPF 15, IQ Deep Cleansing Cucumber Wash, Ponds All-day Oil Control Balancing Cleanser, Amary Clear Complexion Clarifying Cleanser, Clinique Soothing Cleanser.

**Voed jou vel**

- 1 **Clarins Pure Melt Cleansing Gel** met maroela olie is 'n reinigingsgel wat in 'n volke verander. As jy dit afwas, word dit melkerig. Spog klaar met die swaarte grimering. R255
- 2 **Estée Lauder Hydra Complete Multi-Level Moisture Gel Maak** verken interne beweging en laat jou vel gloeiend. R275
- 3 **Annique Rosoban Moisturiser** vir 'n doos vel voor kom dit mawe self verloor en voortdurend verander. R115
- 4 **La Prairie Cellular Comforting Cleansing Emulsion** help om die vel se natuurlike beskerming te stimuleer. Vol vog en voedingstowwe wat optimale selfskoonstering bevorder. R660
- 5 **Garnier Total Comfort Nourishing Regenerating Night Cream** met heuning-ekstrak is ideaal vir 'n doos vel en beskerm teen elastiese tekort kom wind en besoedeling. R89,95
- 6 **Thalgo Thalgaove Redefining Firming Serum** is 'n tans ligte serum wat help om jou vel te verfyen en bedekend te verform. R470

**Wegkruipplek**  
Op soek na 'n spa wat ewe besorg is oor die natuur as oor jou woorde? Gaan sleep saam by die **ONE Wellness Spa** by die Radisson Hotel in Kaapstad. Die "groen spa" se filosofie berus op 'n omgewingsvriendelike, holistiese benadering tot wistand en skoonheid. Jy sal oral spore van die natuurlike, organiese tona bespoer – van die etegante, aarlike debor tot die doo-vriendelike produkte en behandelings. Skakel ☎ 021 441 3331 of besoek [www.onewellness.co.za](http://www.onewellness.co.za)

*Lag is die son wat die winter van 'n vrou se gesig verdryf*  
VECTOR HUGO

**Bederfgoed**

- 1 **Revlon** se beperkte grimerreeks **Make A Sheen Lustrous Shadow** is 'n gladde poeierogskadu, beskikbaar as 'n trio kleure in 'n pragtige patroon. Meng die skakerings vir 'n opwindende voorkoms. R120
- 2 **Lancôme Absolue Advanced Replenishing Serum** is gemik op die velbesoefes van vroue ouer as vyftig, en getoermer met krachtige teenverwagingsbestanddele. Verander die voorkoms van fyn rimpels en droogtes in 'n goeie nuwe toestand in moes vir R1 180
- 3 **Estée Lauder Signature** lipstifte – 'n moderne romerige formule – spog met die nuutste bewegingende tegnologie. Besoek ses uur van volgehoue vog en rijk kleur. R145
- 4 **Sebastian Professional Laminare Sheer Conditioner** is 'n behandeling wat glans en vogheid aan hare verleen, sonder om dit slak te maak. Ook geskik vir gekleurde hare. R194
- 5 **Annique Cellulite Shape** bevat sooppeper en gemmer wat bloedskeer na vettelle stimuleer; sewe wat ontgifting bevorder; Q10 wat verhoogde velmetabolisme en kollageenbestanddele wat vettelle telken. R150

**tyd vir jouself**  
deur GERINDA JOOSTE

Bederf jouself 'n slag met die nuutste troetelgoed op die mark.

**Laat die koppe draai**  
**Lanatic Fringe** is 'n ultramoderne salon in die hartjie van Sandton. Hier wag 'n kluis- en gesig-analise op jou, waarna persoonlike kenmerkende gees oor winter haartjies die beste by jou voorkoms en leefstyl sal werk. Halte laater ook na jou behoeftes, en daar word ooreengekom op 'n bederf wat jou sak pas. Gee jou dan oor aan 'n salige kopmassering of kies uit 'n reeks haarbehandelings – slaps UV-beval. Professional produkte word gebruik. **Lanatic Fringe** (verantwoordelik vir al die moontlike skesies op R 45) word ook deur Chata Romano onderstreef. Hnd passie is om hul kliënte huis toe te stuur met more selfvertroue. Vir meer inligting skakel ☎ 011 783 4322.

**Fyngneur**  
**Estée Lauder Art of Pleasures** is 'n ligte, vars geur wat herinner aan bloemne na die reën. Die lieflike mengsel van wit lilies en vass wroolles is 'n beperkte uitgawe en prik in 'n bottel deur die bekende tekstiel-ontwerper Karim Yoshida van Clarence House. R595 vir 75 ml.

1 2 3 4 5 6

Figuur 35: *Mooier met die jare* | *Tyd vir jouself*.  
(Lééf Mei 2008:48-49).

In terme van skoonheid, dra modes by tot die konstruering van 'n tipe skoonheid wat as ideaal voorgehou word. McRobbie (2000:101-102) is van mening dat die kodes met betrekking tot skoonheid met die kodes romdom mode binne 'n tydskrif geïntegreer word:

The central concerns of fashion and beauty are the care, protection, improvement and embellishment of the body with the use of clothing and cosmetics. As signifying systems they each have a powerful existence outside the world. Fashion and beauty are not merely concerned with the material fact of clothing and 'servicing' the body. As commodities they are cultural signs and one of the qualities of these signs lies in their ability to look fixed and natural. This is clearly illustrated in fashion and beauty.

Op so 'n wyse kan modes aangewend word om 'n sekere ideaal, die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal, te konstrueer. In "10 Beste bykomstighede" (Figuur 36) word sekere mode items uitgesonder, wat by implikasie die leser sal transformeer na die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal, wanneer sy hierdie items dra.





Figuur 36: 10 Beste bykomstighede.  
(*Finesse* Mei 2008:48).

Op hierdie wyse dra *Finesse* en *Lééf* by tot die konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal: (ware vroue as) lesers (van die tydskrifte) streef daarna om te voldoen aan die vereistes van sowel innerlike as uiterlike skoonheid soos deur die tydskrifte voorgehou word.

### 3.4 Samevatting

Verskeie visuele elemente dra elk op 'n eiesoortige wyse by tot die konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal in die betrokke uitgawes van *Finesse* en *Lééf*. Hierdie elemente wat deur middel van 'n ikonografiese visuele analise uitgesonder en bespreek is, sluit in: harte, blomme, vrugte, die see, skoenlappers en skoonheid.

In hierdie studie word daar egter spesifiek gefokus op die wyses waarop hierdie kodes 'n mitiese Christen-Afrikaanse vroue-ideaal konstrueer. In die volgende hoofstuk word duidelik uiteengesit hoe die betrokke tydskrifte nie bloot bydra tot 'n vroue-ideaal nie, maar meer spesifiek 'n Christen-Afrikaanse vroue-ideaal.

## HOOFSTUK 4

### DIE KONSTRUERING VAN DIE CHRISTEN-AFRIKAANSE VROUE-IDEAAL AAN DIE HAND VAN *FINESSE EN LÉÉF*

#### 4.1 Inleiding

Na aanleiding van die ikonografiese benadering van hierdie visuele analise, word faktore in die tydskrifbedryf wat bydra tot die konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal, in die vorige hoofstuk bespreek. Hierdie agtergrondkennis werp reeds lig op die bydra van *Finesse en Lééf* tot die konstruering van 'n Christen-Afrikaanse vroue-ideaal. Hierdie hoofstuk het ten doel om verder ondersoek in te stel na die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal soos dit in die betrokke tydskrifte vergestalt.

In die soektog na 'n definisie van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal, fokus hierdie studie op die Bybelse, tradisioneel Afrikaanse vroue-ideaal wat moontlik as raamwerk vir die hedendaagse Christen-Afrikaanse vroue-ideaal dien. Hierdie hoofstuk het ten doel om te bepaal wie die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal is, en watter rolle hierdie ideaal vergestalt. Die kritiese visuele analise sal die verwagtinge en eienskappe rondom die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wat in *Finesse en Lééf* gesuggereer word, uitlig en bespreek, asook vergelyk met dít wat vanuit die Bybel (met spesifieke verwysing na Spreuke 31 [Bylaag A]) aan haar voorgehou word. In hierdie hoofstuk word die fokus van die visuele analise geplaas op beeldmateriaal waar 'n vrou alleen in 'n foto verskyn. Derhalwe val die fokus op die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal as individu.

Voordat daar met die visuele analise voortgegaan kan word, is dit belangrik om eers ondersoek in te stel na die Bybelse, tradisioneel Afrikaner vroue-ideaal wat waarskynlik as rigsgnoer vir die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal voorgehou word.

#### 4.2 Die Bybelse, tradisioneel Afrikaanse vroue-ideaal as raamwerk vir die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal

In die breër konteks van vrou-wees, word die Bybel dikwels as rigsgnoer vir die perfekte vrou voorgehou. Bybelse waardes is ook van toepassing op die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal. Norval Geldenhuys (1954:163) 'n teoloog en skrywer van voorligtingboeke, baseer sy persepsie van 'n deugsame vroue-ideaal op Spreuke 31. Teen 1995, verwys

oud-President FW De Klerk (2007), eens leier van die oud-Regerende Nasionale party, ook na Spreuke 31 in sy toespraak op Nasionale Vrouedag; in 2003 publiseer Cecile Cilliers (2003), 'n letterkundige en resesent, 'n boek wat die ideale vrou volgens Spreuke 31 bespreek; en teen 2010 spreek Stephan Joubert, 'n professor in Nuwe Testament aan die Universiteit van Pretoria, en Johan Smith, skrywer, spreker en leraar, ook die vrou-ideaal na aanleiding van Spreuke 31 aan. Hierdie bronne suggereer dat hierdie ideologie rondom die Christen-Afrikaanse vrou-ideaal na soveel jare steeds seëvier:

De Klerk (2007) beskryf die verwagtinge rondom die moderne Christen-Afrikaanse vrou-ideaal as volg:

Van 'n vrou word verwag, behalwe deugszaamheid en hardwerkendheid, ook barmhartigheid, edelheid, leierskap, wysheid, liefde en toesig, vreesloosheid en moed vir die toekoms. [...] Ek sien vanuit Bybelse hoek geen teenstelling tussen die “tradisionele” en “moderne” rol van die vrou nie.

De Klerk (2007) gaan voort en moedig Christen-Afrikaanse vroue aan om getrou te bly aan die Christen-Afrikaanse vrou-ideaal, soos dit daar gestel is deur Afrikaner kultuurgeskiedenis:

Ek het [...] vertroue dat hulle hul nuwe rol op so 'n wyse sal kan speel dat hulle nie die ideaal in Spreuke 31:10 -31 sal prysgee nie - dat alhoewel die vrou toenemend 'n gelyke en belangrike rol in die ekonomie, in ons samelewing en in die politiek sal speel, dat haar werk nog altyd haar roem in die stadspoorte sal wees – dat sy nog altyd baie meer werd as edelstene sal wees.

Selfs jare later, in 2003, word hierdie ideologie steeds aangetref in Christen-Afrikaanse kringe. Landman (2003a:772)<sup>1</sup> meen: “Spreuke 31 word dikwels voorgedhou as die prentjie van die ideale vrou. Hoe meer 'n mens van Vrou Ideaal lees, hoe meer voel jy sy is in vandag se taal 'n supervrou”. Cilliers (2003:96) noem die vrou van Spreuke 31 ook die “ideale of deugsame vrou, die feitlik perfekte vrou, [...] wat by uitstek navolgenswaardig is”. Cilliers (2003:101) meen: “Spreuke 31 plaas haar terug in die dae van *Superwoman* toe die mode voorgeskryf het dat 'n vrou huishoudster moet wees, ma vir haar kinders, geld moet inbring en steeds verleidelik vir haar man bly”.

---

<sup>1</sup> Hierdie bron verwys na Christina Landman se Bybel, *Die leefstyl-Bybel vir vroue*, wat bestaan uit die 1983-vertaling met herformulerings van Die Bybel in Afrikaans. Tussen deur die teksverse van hierdie Bybel, het Landman dit goed gedink om teksverse te verduidelik en presies te verduidelik hoe dit van toepassing is op die vrou.

Teen 2007, verwys Amelia de Vaal (2007:3) in haar navorsing rondom vrouetydskrifte ook na Spreuke 31 met betrekking tot die ideale vrou-wees: “dit [is] maklik om die Bybelse lofrede op ’n begaafde en blymoedige raakvatvrou as oordrewe, ouderwets en boonop verskriklik onfeministies af te maak. Gaan kyk ’n mens egter met aandag na die einste teks, val dit jou skielik op dat daar skrikwekkend weinig verskille is tussen die deugsaamhede van Salomo se model, en dít wat vroue vandag stééds poog om te wees”. Dit blyk dat Spreuke 31 deur die jare steeds as maatstaf gereken word waarteen Christen-Afrikaanse vroue opgeweeg word.

In 2010 spreek Stephan Jouberten Johan Smith weereens die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal vervolgens Spreuke 31 aan.<sup>2</sup> Dus is die Bybelse vroue-ideaal vandag steeds vanpas rakende die hedendaagse Christen-Afrikaanse vroue-ideaal, en daarom kan hierdie studie dit as kruks gebruik in die visuele analise.

Hoofgedagtes uit Geldenhuys (1954:163-170) se interpretasie van Spreuke 31:10-31 [Bylaag A] wat betrekking het tot die (Christen-Afrikaanse) vroue-ideaal sluit die volgende in: karakter, rol, voorkoms en geloof:<sup>3</sup>

- 1) Die Bybelse vroue-ideaal se karakter is onbesproke skoon en aantreklik. Sy beskik oor hoë morele standaarde. Sy is ongeskonde en rein van inbors. Sy is getrou, opreg en betroubaar. Sy is eerbaar en waardig. Sy is hulpvaardig, simpatiek en ’n staatmaker. Sy is aanmoedigend, vriendelik en bewerkstellig gemoedsrus en vreugde (in haar man, blykbaar sodat hy nie hunker na ander persone en dinge nie). Sy is ’n aktiewe, deelnemende en hardwerkende persoon. Sy is verstandig, rustig en kalm. Sy is ’n steunpilaar en inspirasie vir haar man.<sup>4</sup> Sy is opbeurend en aanmoedigend. Sy is ’n stille vertroubare krag.
- 2) Die Bybelse vroue-ideaal se geslagsrol behels dat sy *help* om voorsiening te maak in die behoeftes van die gesin. Sy handel met oorleg en verstandigheid. Haar lewe

---

<sup>2</sup> Ironies dat hierdie vroue-ideaal steeds deur (hierdie twee) manne voorgehou word, in ’n era wat veronderstel is om aan emansipasie gekenmerk te word. Die omslag van die boek *Vrou-wees* (Joubert & Smith 2010) lui: “Vrou-wees was nog nooit maklik nie. Nie in die Bybel se tyd toe vroue bloot ’n besitting sonder opinie of keuse was nie. Maar ook nie vandag waar vroue so geëmansipeerd en bevry geraak het dat hulle hulself dikwels verloor in die eise van die wêreld – en hulle self – aan hulle stel nie”. Die feit dat hierdie boek oor vrou-wees deur manne geskryf word – dui dalk daarop dat Christen-Afrikaanse vroue steeds gebuk gaan onder patriargale ideologieë.

<sup>3</sup> ’n Ander aspek wat volgens Geldenhuys (1954:163-170) aan die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal voorgehou word, is gemeenskapsdiens: sy is onbaatsugtig en vind vreugde in liefdesdiens. Sy het ’n liefde vir haar medemens, buite haar huisgesin en ook vir minderbevoorregtes.

<sup>4</sup> Dit blyk uit hierdie verse dat die Bybelse, tradisioneel Afrikaanse vroue-ideaal ’n getroude vrou is. Hierdie ideaal spoel waarskynlik oor tot die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal, sodat dit ook haar ideaal word om in ’n huwelik verbind te wees.

is een van nimmereindigende arbeidsaamheid (sonder om te kla). Liefde is vir haar 'n spontane uiting.

- 3) Die Bybelse vrou-ideaal se uiterlike voorkoms is netjies en aantreklik (dit maak blykbaar nie saak hoe besig sy is nie).
- 4) Die Bybelse vrou-ideaal is gelowig. Sy soek die Here in gebed en Bybelstudie. Sy ken die Here as die Ewige, die Heilige en haar Hemelse Vader en aanbid Hom, en vertrou op Hom.

Meer as vyftig jaar later, maar steeds in pas met Geldenhuys, belig Joubert en Smith (2010) op die omslag van hul boek, *Vrou-wees: hoe om buitengewoon te leef*, die basiese beginsels uit “wat elke vrou sal help om die beste vrou te wees wat sy geskep is om te wees – tot eer van haar Skepper”. Aan die hand van Spreuke 31 ondersoek Joubert en Smith (2010:17-23) wat vrou-wees behels. Hulle haal onder meer die volgende relevante kategorieë aan vir die ‘Spreuke 31-vrou’ (Joubert & Smith 2010:17): karakter, tuisteskepper, wysheid, sy is 'n trotse ma, en God is eerste in haar lewe. Na aanleiding van die teksvers, interpreteer Joubert en Smith (2010:17-23) die Bybelse vrou-ideaal as volgende:

- 1) Die Bybelse vrou-ideaal se karakter bepaal dat sy betroubaar, knap, en rein van inbors is.<sup>5</sup> Sy beskik oor integriteit. Sy is eerlik, opreg, onselfsugtig, ondersteun haar man, is diensbaar (teenoor haar man), en onbaatsugtig. Die Christen-Afrikaanse vrou-ideaal is gedienstig en gedwee (Joubert & Smith 2010:17-18).
- 2) Die Bybelse vrou-ideaal is 'n tuisteskepper. Indien 'n vrou werk, behoort die huis steeds haar eerste prioriteit te wees (Joubert & Smith 2010:18-20).
- 3) Die Bybelse vrou-ideaal tree met wysheid op. ‘Wysheid’ wat hier na verwys word is nie self bekombaar nie, maar lê in haar verhouding met haar (manlike) God (Joubert & Smith 2010:22).
- 4) Die Bybelse vrou-ideaal is 'n trotse ma, en word dus deur haar man en kinders bewonder (Joubert & Smith 2010:22).
- 5) God is eerste in haar lewe (Joubert & Smith 2010:23).

---

<sup>5</sup> In Geldenhuys (1954:163-170) en in Joubert en Smith (2010) word die karakter van die Christen-Afrikaanse vrou-ideaal bespreek deurdat dit met haar verhouding teenoor haar man uitgelig word. Dit opsigself dui op ondergeskiktheid of afhanklikheid – haar karakter word bepaal volgens haar verhouding met haar man. Dit is na aanleiding van Spreuke 31:10-11 (Landman 2003a:771), wat wegspring met: “'n Knap vrou is baie werd, baie meer as edelstene. Haar man steun op haar en pluk die vrugte van haar werk. Sy bring vir hom net voordeel, nie nadeel nie, haar hele lewe lank”.



Dit is duidelik dat Geldenhuys (1954) sowel as Joubert en Smith (2010) se uiteensetting van die Bybelse vroue-ideaal volgens Spreuke 31 mekaar onderskraag, al is hierdie interpretasies vyftig plus jaar uitmekaar gemaak.

Die waarskynlikheid bestaan dat hedendaagse populêre kultuur hierdie sienswyses omtrent die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal aanneem. De Vaal (2007:3) trek 'n parallel tussen die Bybelse ideaal van vrou-wees, en die ideaal van vrou-wees wat deur vrouetydskrifte daargestel word:

Verskil hierdie Bybelse voorbeeld van volmaakte vrou-wees enigsins van wat hedendaagse tydskrifte verkondig? Sou 'n mens hierdie teksgedeelte nie kon lees in presies dieselfde trant as wat ons vandag *Sarie, Fairlady of True Love* se artikels benader nie – as riglyne en maatstawwe vir wat 'n vrou 'behoort' te wees nie? [...] Want etlike eeue en drie feministiese golwe sedert Salomo, staan die vrou tot 'n verrassend groot mate steeds in presies dieselfde (ongemaklike hoëpolvy-)skoene – dié van 'n strewe na volronde volmaaktheid.

Die kruks van hierdie studie lê juis in hierdie vergelyking tussen 'n Bybelse vroue-ideaal en 'n kontemporêre vroue-ideaal, aan die hand van 'n visuele analise van *Finesse* en *Lééf*.


#### **4.3 'n Visuele analise van die voorblaaie van *Finesse* en *Lééf***

Die doel van hierdie ikonografiese analise is om ondersoek in te stel oor die vergestaltung van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal in visuele kultuur in die tydskrifte *Finesse* en *Lééf*. Die volgende vrae kom pertinent na vore: Wat vertel die voorblaaie van *Finesse* en *Lééf* die leser oor die Christen-Afrikaanse vrou? Is daar 'n verband tussen hierdie vrou en die een waarna in Spreuke 31 verwys word?

Soos 'n voorblad die beginpunt is van enige tydskrif, word die voorblaaie van *Finesse* en *Lééf* as die beginpunt van die visuele analise gebruik. Die voorblad van 'n tydskrif is meer as net "n mooi gesig". Linda McLoughlin (2000), meen dat die foto en teks op 'n tydskrifvoorblad oorredend van aard is – dit het implisiet ten doel om verkope aan te moedig. Kompetisie tussen vrouetydskrifte op die winkelrakke is redelik straf, en daarom word die teks op 'n voorblad gebruik om potensiële lesers se aandag daarop te vestig. Die belangrikheid van die voorblad lê daarin dat dit die spesifieke tydskrif onderskei van ander tydskrifte op die rak. Die voorblad is boonop ook nie net 'n etiket van die tydskrif nie, maar etiketteer ook die verbruiker wat die tydskrif aankoop (McLoughlin 2000:15-

21). Dit is hier, op die voorblaaie van *Finesse* en *Lééf*, waar die konstruering van die mite rondom die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal reeds begin:

#### 4.3.1 Die voorblad van *Finesse*



Figuur 37: Voorblad.  
(*Finesse* Mei 2008).

Die voorblad van *Finesse* (Figuur 37) is duidelik ontwerp in die gees van haar tiende herdenkingsjaar. Binne die helder pienk kleur, is die syfer '10' uitgesny. Binne in hierdie syfersimbool verskyn nie net een vro(u)like glanspersoon nie, maar nege (Suid-Afrikaanse) vroue. Die afleiding wat gemaak kan word, is dat hierdie vroue binne die laaste tien jaar, een of ander fenomenale impak op *Finesse* se lewe gehad het, en moontlik so ook op die denkbeeldige gemeenskap wat om *Finesse* sentreer. So word hierdie vroue moontlik die vergestaltung van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal.

Die kleur van die voorblad skep 'n sekere stemming. Die oorheersende kleur op *Finesse*-voorblad is pienk. Lacey (1998:38) meen: "As a code, color takes its cue from social codes", wat behels dat die leser kleur interpreteer vanuit 'n reeks assosiasies uit 'n Westerse raamwerk. Volgens Koller (2008:379) is die tradisionele assosiasie rondom pienk "connected with femininity and its stereotypical features, such as softness and delicacy, with childhood and innocence". Dit is byna asof hierdie (skel-)pienk van die

*Finesse*-voorblad vroulikheid wil uitroep, waarskynlik weens *Finesse* se verjaarsdagvieringe, wat terselfdertyd ook 'n viering is van Christen-Afrikaanse vroulikheid.

Hierdie helder pienk is egter nie slegs vroulik nie maar ook vrolik. Dit skep waarskynlik 'n positiewe assosiasie by die leser wat beteken dat die Christen-Afrikaanse vrou wat hier verbruik word beide vroulik en vrolik is. Die groen op die voorblad kan moontlik deur die leser as simbolies van hoop (Kress & Van Leeuwen 2002:344) geïnterpreteer word wat aansluit by die geloof van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal, maar is moontlik bloot 'n keuse van die ontwerper wat bydra tot die visuele effek van die algehele ontwerp.

Al die glanspersoonlikhede op die voorblad kyk direk na die leser. Bignell (1997:71) is van mening dat die model wat direk na die koper van die tydskrif kyk, op sigself 'n teken is van 'n denkbeeldige weerkaatsing van die koper self. Die blikke van die modelle wat ontmoet met dié van die leser, reflekteer waarskynlik 'n medepligtigheid in terme van die mitiese beeld van vroulikheid. In die betrokke uitgawe gaan die effektiwiteit daarvan egter waarskynlik ietwat verlore. Aan die anderkant word die boodskap rakende die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal dalk nege keer versterk. Die fokus word verbreek deurdat daar nege pare oë is in plaas van een paar.

Al die vroue op die *Finesse*-voorblad glimlag. Volgens Goffman (1987:48) is die funksie van 'n glimlag om 'n sosiale situasie te versag. Dit dui daarop dat die intensie geensins strydlustig is nie, maar eerder uitnodigend. Die bedoeling van die ander party se gedrag word begryp, aanvaar en waardeer. Op só 'n wyse word die leser van *Finesse* onvoorwaardelik ingenooi en aanvaar in hierdie denkbeeldige wêreld wat die tydskrif bied. Die glimlag van hierdie vroue, asook van al die glimlaggende vroue binne die betrokke tydskrifte, vergestalt vriendelikheid as karaktertrek van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal (Geldenuys 1954). Hierdie vrolike en innemende houding vergelyk met die Bybelse vroue-ideaal, waar Geldenuys (1954:169 [beklemtoning bygevoeg]) meen: "Nogtans, nieteenstaande haar eerbaarheid en waardigheid is daar niks hard en onsimpatiek in haar nie. [...] Sy het 'n wonderlike gawe om mense op hul gemak [...] te laat voel. [...] [M]et wysheid en *vriendelikheid* en spontane liefde".

Die voorblad skep sekere verwagtinge by die leser wat die tydskrif aankoop en verbruik. Net soos die voorblad, skep die titel ook sekere verwagtinge by die leser. Die titel is snelskrif om sekere assosiasies in die leser se gedagtes op te roep. Die titel '*Finesse*'

impliseer dat *Finesse*-lesers finesse het. Lacey (1998:36) beweer dat die titel van 'n tydskrif 'n sekere genre aandui: "It is not only titles that anchor meaning, the kind of lettering, or font, can do the same". '*Finesse*' word aangedui in 'n serif-lettertipe, wat moontlik op 'n vroulike genre dui. Die serif-lettertipe word waarskynlik met vroulikheid geassosieer omrede dit fyn is, in teenstelling met blokkige sans serif-lettertipes. '*Finesse*' word beklemtoon deurdat dit hoofletters is, asof die tydskrif en die verbruiker van *Finesse* 'n oormaat finesse besit. Die betekenis van die naam *Finesse* stel reeds verwagtinge ten opsigte van 'n vroue-ideaal, veral *Finesse*.<sup>6</sup> Die opskrifte verskyn in 'n (rein) wit. Kress en Van Leeuwen (2002:343) meen: "We know that colour 'means'. [...] In China and other parts of East Asia white is the colour of mourning; in most of Europe it is the colour of purity, worn by the bride at her wedding". Vanuit Westerse tradisie, word die wit opskrifte dus moontlik onbewustelik deur die leser met 'n vlekkelose maagdelike Christen-Afrikaanse vroue-ideaal verbind. Hierdie konsep stel die hedendaagse vroue-ideaal gelyk aan die Bybelse vroue-ideaal wat rein (Geldenhuys 1954:169) is en oor inbors en integriteit beskik (Joubert & Smith 2010:18).

Volgens Bignell (1997:66) besit 'n voorblad taalkundige kodes. Hier verwys hy na die '*teasers*', die teks of opskrifte wat die artikels in die tydskrif adverteer. Bokant die titel '*Finesse*' word dit in groot, dik letters aangekondig: "SPESIALE VERJAARDAG UITGAWE!" (*Finesse* 2008). Die sin word beklemtoon omrede dit in hoofletters verskyn, en afgesluit word met 'n uitroepteken. Wanneer hierdie taalkundige teken met die '10' verbind word, is dit duidelik dat hierdie uitgawe ter viering van *Finesse* se tiende verjaardag verskyn. Aan die onderkant van die bladsy, verskyn: "MÉÉR INSPIRASIE AS OOIT!" (*Finesse* 2008). Die sinsdeel word afgesluit met 'n uitroepteken, en verskyn in hoofletters, terwyl 'meer' beklemtoon word. Hierdie uitgawe is beslis nie stil en gedweë nie. Al die elemente, van kleur tot letters, tot die uitleg, is 'n uitroep met oorgawe, om hierdie tiende bestaansjaar te vier. Die hoofopskrifte deel blykbaar in hierdie viering deurdat dit ook in hoofletters verskyn. Dit skep egter ook verwagtinge rakende die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal.

Die redaksie het duidelik die tiende verjaardagtema verder gevoer en dit deurgetrek na die inhoud van die uitgawe. Vier van die ses hoofopskrifte het 'n woordspeling rondom tien. Die '10' word dus 'n taalkundige teken, met waarskynlik diepere betekenis. Sekerlik

---

<sup>6</sup> '*Finesse*' kan gesien word as 'n karaktereienskap van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wat gekonstrueer word en dus deur die leser gekweek moet word.

word '10' vereenselwig met volpunte – 10 uit 10, en dus perfektheid. Dit mag moontlik impliseer dat die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wat die tydskrif konstrueer, met perfektheid vereenselwig word, net soos die Bybelse vroue-ideaal wat Landman (2003a:772) beskryf as “n supervrou”, terwyl Geldenhuys (1954:163) haar beskryf as “die volmaakte vrou”, en Joubert en Smith (2010:17) verwys na haar as die “perfekte vrou” en die “Spreuke 31-vrou”.

*Finesse* se voorbladopskrifte is in trant met ander vrouetydskrifte met betrekking tot 'n “Hoe om ...”-aanslag: Hoe om nie jou huwelik te laat struikel nie, hoe om meer stylvol te wees, hoe om gelukkig te wees, hoe om 'n geestelike ervaring te hê. Volgens Ferguson (1983:8) is vroulikheid 'n lewenslange loopbaan wat inhou dat gedrag aangeleer moet word deur hierdie stap-vir-stap-metode: “[Magazines] also offer ‘easy, step-by-step’ instructions for achieving those choices and conditions which are recipes in more ways than cooking. This induction process is consistent with the unacknowledged assumption that women have to be taught femininity”. Op so 'n wyse word 'n kringloop gevorm waar Christen-Afrikaanse vroulikheid stap-vir-stap aangeleer word.

Die oorwegende temas wat in die opskrifte op *Finesse* na vore kom, spreek kerneienskappe aan rakende die vroue-ideaal, wat vergelyk met dié van Spreuke 31 (Geldenhuys 1954; De Klerk 1995; Landman 2003a; De Vaal 2007): Die (perfekte) vrou word op die *Finesse*-voorblad (2008) aangespreek deur “10 STAPPE VIR 'n STYLVOLLE JY!” Hierdie vergelyk met die interpretasie van Spreuke 31, wat volgens Geldenhuys (1954:168) behels dat “hoe besig sy ook al is, bly sy netjies en aantreklik”,<sup>7</sup> Die huwelik word op die *Finesse*-voorblad (2008) aangespreek deur “DÍT LAAT JOU HUWELIK STRUIKEL”. Die huwelik is dus steeds vir die hedendaagse Christen-Afrikaanse vroue-ideaal van belang. Volgens Spreuke 31 beweer Geldenhuys (1954:164) dat die huwelik ook van belang is vir die Bybelse vroue-ideaal: “Gevolgtlik het haar man so 'n vertrouwe in haar. By haar soek hy hulp, raad en inspirasie vir die lewenstaak dag na dag. [...] Daar heers dus innerlike harmonie tussen haar en haar man. Haar liefde is 'n liefde wat die toets van die lewe, die toets van alle omstandighede en die toets van jare van saamlewe deurstaan”.<sup>8</sup> Dus is dit die verantwoordelikheid van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal om hul huwelik te koester, en om haar huwelik te

---

<sup>7</sup> Na aanleiding van Spreuke 31:22 (Landman 2003a:771): “en sy dra klere van linne en wol”. Volgens Joubert en Smith (2010:19) is “‘Wol en vlas’ [...] simbole van kwaliteit”.

<sup>8</sup> Hierdie stelling baseer hy op vers 11: “Haar man steun op haar en pluk die vrugte van haar werk. Sy bring vir hom net voordeel, nie nadeel nie” (Landman 2003a:771).



beskerm teen gevare wat die huwelik kan laat struikel. Joubert en Smith (2010:19) beaam die belang van die huwelik: “Nee, dis ’n Godgegewe roeping om ’n vrou vir jou man te wees”. Geloof word op die *Finesse*-voorblad (2008) aangespreek deur “JOU GEESTELIKE 10-UIT-10 ERVARING”. Geloof as karaktertrek word deur Geldenhuys (1954:170) aangespreek: “Omdat sy die Here persoonlik ken as die Ewige en Heilige [...] dien sy Hom elke oomblik van haar lewe”.<sup>9</sup> Ook Joubert en Smith (2010:23) meen: “’n Spreuke 31-vrou stel God eerste in haar lewe. Niks is vir haar belangriker as om God lief te hê, in ’n inniger verhouding met hom te staan en te leef en aan hom gehoorsaam te wees nie”.

Hierdie *Finesse*-voorblad stel aan die leser voor dat die Christen-Afrikaanse vrou blykbaar vroulik, vriendelik en innemend is, en dat sy haarself, haar huwelik en haar geestelike lewe koester. Hierdie hedendaagse ideaal blyk in pas te wees met die interpretasie van Spreuke 31 (Geldenhuys 1954; De Klerk 1995; Landman 2003a; De Vaal 2007; Joubert & Smith 2010:23).

#### **4.3.2 Die voorblad van *Lééf***

Die kleurskema van die *Lééf*-voorblad (Figuur 38) is oorwegend blou en goud. Volgens Chetwynd (1982:92) is blou “related to the sky [and] the inner spiritual essence”. Verder beweer Chetwynd (1982:177) dat goud na “whatever is highest value” verwys. Dus, in konteks van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal, verwys blou waarskynlik na die hemel, wat ’n Christelike konneksie meebring en die tydskrif se geestelike genre ondersteun. Die goue kleur (wat sinspeel op waardevolle metaal, goud) voeg waarde tot die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal. Sy is kosbaar en waardevol – soos wat Spreuke 31:10 (Landman 2003a:771) lui: “’n Knap vrou is baie werd, baie meer as edelstene”. Die betekenis van die goud kan ook met koninklikheid verbind word: Die simboliese en religieuse betekenis van goud sluit die volgende in: “Gold is associated with Royalty and Nobles; The symbolic meaning of the color gold was for divinity, majesty and wealth; Gold also has a Christian/Biblical meaning and is the color for divinity and God’s Glory” (The color gold [sa]). In die geestelike genre van die tydskrif kan hierdie goud ook metafories wees van Christus, as hemelse koning. Wanneer die goud in verbintenis met die foto van die (ouer) dame op die voorblad gebring word, is dit waarskynlik ook ’n

---

<sup>9</sup> Hierdie stelling is gebaseer op Spreuke 31:30: “as sy die Here dien, dan verdien ’n vrou om geprys te word” (Landman 2003a:771).

versinnebeelding van haar goue jare. Wanneer die goud met die datum verbind word, naamlik Mei, is dit kompleet asof die kleur met 'n goue bruin blaar in die herfs geassosieer kan word. Op só 'n wyse is *Lééf* se kleurskema polisemies deurdat dit verwys na sowel koninklikheid as herfs, waar herfs dan ook 'n metafoor kan wees vir 'n sekere ouderdomsgroep.



Figuur 38: Voorblad.  
(*Lééf* Mei 2008).

Op die voorblad pryk 'n meer volwasse vrou as die waarskynlike norm omdat dit normaalweg 'n jeugdelike vroue-ideaal is wat die voorblad haal. McDonald (1995: 195) meen dat: "The fear of ageing is stimulated by the glossy women's magazines". McDonald (1995:194) meen 'n jeugdige ideaal seëvier omdat: "[W]omen have long been encouraged to view their bodies as intrinsically related to their sexual desirability. Female sexuality, in the media [...], is normally perceived to end by the time a woman enters her forties". Nietemin, soos enige ander voorbladvrou glimlag sy, en nooi só die leser om te kom deel in 'n denkbeeldige wêreld. Dis moontlik dat die leser die voorbladvrou se vriendelike en innemende houding op so 'n wyse interpreteer dat die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal altyd gelukkig is. Die persepsie word waarskynlik geskep dat dit 'normaal' en goed is om gelukkig te wees. Hierdie vriendelike en innemende hedendaagse Christen-Afrikaanse vroue-ideaal stem ooreen met die

Bybelse vroue-ideaal soos wat Geldenhuys (1954:169) volgens Spreuke 31 uitlê, na aanleiding van vers 25: “en [sy] sal lag oor die dag wat kom”.<sup>10</sup>

Die vrou op die voorblad se hare is bruin-blond, en word gekomplementeer deur die goue mashoof. Die blou agtergrond van die voorblad komplementeer ook haar blou oë. Die voorbladkleure weerkaats kunstig in die klere van die vrou. Hierdie verskynsel is waarskynlik nie bloot toevallig nie, maar doelbewus so deur die redaksie beplan. Die voorbladvrou dra 'n blink, brons rok met 'n blink blougroen mantel om haar skouers gedrapeer, wat moontlik deur die leser met koninklikheid geassosieer word. Alhoewel blink, is die klere sag met voue en aksente oor haar lyf. Die gladde tekstuur van die brons krale om haar nek reflekteer die lig. Haar grimering is ongekunsteld en minimaal, met pienk lippe en bloesende wange.

Die leser interpreteer moontlik haar houding as statig en op haar plek, dog vrolik en energiek. Hierdie liggaamshouding van die hedendaagse Christen-Afrikaanse vroue-ideaal is in pas met Geldenhuys (1954:168) se interpretasie: “Sy besit 'n sterke persoonlikheid en is eerbaar in alle opsigte”; en ook met Joubert en Smith (2010:18) wat meen “Sy is [...] 'n vrou van inbors en integriteit”. Die foto word halflyf afgesny en wanneer die oog die lyne van haar arms volg, wil dit voorkom asof haar hande gekruis op haar skoot rus. Hierdie passiewe houding is weereens in pas met die Bybelse vroue-ideaal. Sy sit stil, “rustig en kalm” (Geldenhuys 1954:167): “Sy laat nooit haar morele standarde daal om sosiale status, rykdom of populariteit te verwerp nie. [...] Sy het 'n ongeskondenheid, 'n reinheid van inbors”. In pas hiermee meen Joubert en Smith (2010:22): “'n Spreuke 31-vrou se geloof maak haar rustig”. Ander konnotasies wat die voorbladvrou op die *Lééf*-voorblad propageer rakende die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal, sluit in dat sy ongekunsteld, waardig, en op haar plek is; sy is nie uitspattig nie, terwyl haar voorkoms netjies en aantreklik is. Die leser interpreteer moontlik hierdie karaktertrekke as dié van die hedendaagse ideale Christen-Afrikaanse vrou, wat in ooreenstemming is met Geldenhuys (1954), De Klerk (2007), Cilliers (2003), Landman (2003a), De Vaal (2007) en Joubert en Smith (2010) se uiteensetting van die Bybelse vroue-ideaal.

Dit is opvallend hoe die *Lééf*-voorbladvrou vergelyk met die vroue-ideaal van Leonardo da Vinci wat in *Mona Lisa* (1503-1505) (Figuur 39) vergestalt, een van die eerste

---

<sup>10</sup> Landman (2003a:771) se vertaling van Spreuke 31:25 lui: “sy ken geen kommer oor die toekoms nie”.

portrette van 'n gewone (dus nie 'n Bybelse of mitologiese) vrou. Beide se liggaamshouding stem ooreen, terwyl die swaar gedrapeerde kleredrag en kleur ook ooreenstem. (Alhoewel daar ook verskille is). Volgens Janson en Janson (1992:245) is die betekenis van *Mona Lisa* se glimlag tweevoudig: “as the echo of a momentary mood, and as a timeless, symbolic expression, akin to the ‘Archaic smile’ of the Greeks. The *Mona Lisa* seemingly embodies a quality of maternal tenderness, which was to Leonardo the essence of womanhood”. Hierdie klassieke glimlag van die *Mona Lisa* word weerspieël in die voorbladvrou van *Lééf*, terwyl daar moontlik 'n parallel getrek kan word tussen die moederlike sagtheid van die *Mona Lisa*, en die voorbladvrou van *Lééf*. Op so 'n wyse vergelyk die mitiese vroue-ideale van die *Mona Lisa* en die van *Lééf*-voorblad.

Net soos *Mona Lisa* en die *Lééf*-voorbladvrou in 'n passiewe houding geposeer is, blyk so 'n passiewe houding deel te maak van 'n algemene vroue-ideaal. Die uitbeelding van 'n passiewe vroue-ideaal blyk die ondersteuning te hê van 'n ryk skildertradisie, wat veral in die Renaissance-tydperk neerslag vind. Clark (1980:14) meen: “The concept of feminine beauty achieved its most complete triumphs in the Italian Renaissance. [...] We need think only of Botticelli, Leonardo da Vinci, Raphael, Giorgione and Titian to see in the mind’s eye a procession of women, marvellously varied yet united by the seriousness with which their beauty has been portrayed”. Soos wat Clark (1980:15) bogenoemde kunstenaars se werke bespreek, kom die volgende woorde rakende die Renaissance vroue-ideaal na vore: “[their] smiles invite us to form a friendship. [...] They are beautiful in a rather obvious and undermining way, so that we hardly think of them as beautiful women at all, but as embodiments of maternal feeling and devotion. Calm, unpretentious, [...] these Madonnas have influenced our concept of everyday beauty far more than commonly realized”. Hierdie passiewe houding van die *Lééf*-voorbladvrou, stem dus ooreen met die mite rondom vroulikheid vanuit die skildertradisie, as 'n pragtige, glimlaggende vrou, wat moederlikheid uitstraal. Pollock (1998:122) meen:

The myth of woman is that she is simply revealed by the genius of the artist; the heavily laboured surfaces belie that myth with evidence of the work required to manufacture it. The pleasure these images offer, their beauty, is manufactured by the rhetorics and codes of drawing, of painting or photography, yet the drawing, painting or photograph seems merely the medium through which the viewer enjoys secular contemplative access to the natural beauty which is woman.

Bogenoemde mite rondom die vroue-ideaal word deur die Bybelse vroue-ideaal verwelkom. Geldenhuys (1954:168) haal Spreuke 31:25 aan: “alles aan haar spreek van

'n sterk en edel persoonlikheid" (Landman 2003a:771).<sup>11</sup> Hy interpreteer dit dat sy 'n sterk persoonlikheid besit, en dat sy in alle opsigte eerbaar is. "Geen sweempie van onreinheid, oneerlikheid of gemeenheid is daar in haar nie. Haar karakter is onbesproke skoon en aantreklik". Hierdie karaktereenskappe word versinnebeeld in die *Lééf*-voorbladvrou. Dit word veral duidelik wanneer sy in teenstelling gebring word met byvoorbeeld die *Cosmopolitan*-voorblad (Figuur 22). Die *Lééf*-voorbladvrou dra by tot die mite rondom die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal, en stel voor dat sy glimlaggend, passief, rein, en eerbaar is. Hierdie mite is dus in pas met die Bybelse vroue-ideaal wat Geldenhuys (1954), De Klerk (2007), Landman (2003a), Cilliers (2003), De Vaal (2007) en Joubert en Smith (2010) elk omskryf.



Figuur 39: Leonardo da Vinci, *Mona Lisa*, c. 1503-5.  
Olie op hout, 76.8 x 53.3 cm.  
Musée du Louvre, Paris.  
(Janson & Janson 1992:244).

Op die *Lééf*-voorblad verskyn "Penny Coelen-Rey" in goue letters langs die voorbladfoto. Penny Coelen-Rey word waarskynlik as 'n ikoon van Afrikaanse

---

<sup>11</sup> Die ou vertaling wat Geldenhuys (1954:168) aanhaal lui: "Sterkte en eer is haar kleed".



vroulikheid geag<sup>12</sup> – sy vertoon vriendelik, stemmig, statig en op haar plek, net soos Leonardo da Vinci se *Mona Lisa*. Hierdie uitbeelding blyk in ooreenstemming te wees met die deugsame Christen-Afrikaanse vroue-ideaal soos Geldenhuys (1954), De Klerk (2007), Cilliers (2003), Landman (2003a), De Vaal (2007) en Joubert en Smith (2010) dit sien. Die lettertipe waarin “Penny Coelen-Rey” pryk, lyk handgeskrewe – so asof ’n vriendin vir haar ’n nota geskryf het. Dit maak die leser dadelik deel van die denkbeeldige gemeenskap van die tydskrif. Die naam word gevolg deur ’n onderskrif: “Ryper en mooier deur roem én pyn”. Deur die tekste as geheel by mekaar te plaas, word die naam Penny Coelen-Rey in verband gebring met volwassenheid (rypheid en dalk ook wysheid)<sup>13</sup> en met skoonheid (mooi).<sup>14</sup> Die ‘pyn’ wat uitgewys word, blyk ’n belangrike sleutelwoord tot die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal te wees, soos dit later in die studie duidelik word. Hierdie karaktereienskappe – insluitend die noodsaaklike swaarkry – word moontlik deel van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wat gekonstrueer word.

Die titel *Lééf* impliseer dat *Lééf*-lesers voluit leef met hart en siel, of ten minste daarna streef. Bykomend kan hierdie titels dien as ’n tipe ‘hoe om ...’-selfhelpgids, byvoorbeeld ‘hoe om ... met hart en siel werklik te leef’, en meer spesifiek ‘hoe om die ideale Christen-Afrikaanse vrou te wees’. Net soos die voorblad, skep die titel ook sekere verwagtinge by die leser. ‘*Lééf*’ word albei aangedui in ’n serif-lettertipe, wat moontlik op ’n vroulike genre dui. Die serif-lettertipe word waarskynlik met vroulikheid geassosieer omrede dit fyn is, in teenstelling met blokkige sans serif-lettertipes. *Lééf* word beklemtoon deur die akuttetekens op die ‘e’s’ asof die tydskrif en die verbruiker van *Lééf* ten volle en met oorgawe leef. Die betekenis van die naam *Lééf* stel reeds verwagtinge ten opsigte van ’n vroue-ideaal. Die hoofopskrifte verskyn weereens in ’n (rein) wit, wat vanuit Westerse tradisie moontlik onbewustelik deur die leser met ’n vlekkelose maagdelike Christen-Afrikaanse vroue-ideaal verbind word, net soos in die *Finesse* voorblad.

---

<sup>12</sup> ’n Bespreking hieroor volg later wanneer die inhoud van die tydskrif bespreek word.

<sup>13</sup> Spreuke 31:26 (Landman 2003a:771) lui soos volg: “As sy praat, is dit met wysheid; as sy leiding gee, is dit met liefde”. Verder kan ‘rypheid’ ook na haar ouderdom verwys aangesien sy nie meer ’n jong vrou nie is nie, maar duidelik ’n ouer dame.

<sup>14</sup> Na aanleiding van Spreuke 31:22 is haar uiterlike voorkoms aantreklik: “en sy dra klere van linne en wol” (Landman 2003a:771). Die ou vertaling wat Geldenhuys (1954:168) aanhaal is effe duideliker: “haar tabberd is van fyn linne en purper”.

Die oorwegende temas wat in die opskrifte op *Lééf* na vore kom, blyk kerneienskappe rakende die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal aan te spreek, wat ook ooreenstem met dié van Spreuke 31 (Geldenhuis 1954; De Klerk 1995; Landman 2003a; De Vaal 2007): Die (perfekte) vrou word op die *Lééf*-voorblad (2008) aangespreek deur “Mooimaaksessies. Altyd Stylvol. Ons wys jou hoe”.<sup>15</sup> Hierdie vergelyk met die interpretasie van Spreuke 31, wat volgens Geldenhuis (1954:168) behels dat “hoe besig sy ook al is, bly sy netjies en aantreklik. Geloof word op die *Lééf*-voorblad (2008) aangespreek deur “‘Ek bid vir jou’. Wat gebeur as ons vir mekaar intree”.<sup>16</sup> Geloof as karaktertrek word deur Geldenhuis (1954:170) aangespreek: “Omdat sy die Here persoonlik ken as die Ewige en Heilige [...] dien sy Hom elke oomblik van haar lewe”.<sup>17</sup> Ook Joubert en Smith (2010:21) meen: “Sy het ’n diep, intieme en innige verhouding met God”.

Moederskap word op die *Lééf*-voorblad (2008) aangespreek deur “Jak de Priester en Bobby van Jaarsveld. Seuns so na ’n ma se hart”. Moederskap word tot die Bybelse vroue-ideaal toegevoeg, veral wanneer Geldenhuis (1954:166) vervolgens Spreuke 31:15 meen: “Dadelik na sy die Here in gebed en Bybelstudie in die vroeë more gesoek het, is sy aktief in die diens van haar huisgesin. Sy versorg haar kinders op die allerbeste manier en sorg dat hulle nie verwaarloos word nie”. Ook Joubert en Smith (2010:19) meen: “Dis ’n Godgegewe roeping om ’n goeie ma vir jou kinders te wees”. Daar word verwagtinge rondom moederskap<sup>18</sup> geskep deur die gebruik van taalkundige kodes soos ‘seuns’ en ‘ma’. Dit is reeds duidelik dat ma-wees ’n kardinale deel uitmaak van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal. Die “hartskos” en die lys disse konstrueer die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wat waarskynlik as primêre versorger vir haar huisgesin sorg, en gevolglik tyd in die huislike sfeer verwyl. Op só ’n wyse word die mite

---

<sup>15</sup> ‘Mooimaaksessies’ verwys na die fisiese verandering van ’n vrou se uiterlike voorkoms, volgens ’n stel vooropgestelde idees, daargestel deur heersende ideologieë. ‘Ons wys jou hoe’ maak hierdie idealistiese skoonheid stapsgewys bekombaar vir elke leser. Ferguson (1983:8) en Bignell (1997:61) is van mening dat, deur ’n tydskrif, vroue vroulikheid aanleer en dat vroulikheid dus bloot ’n kulturele konstruksie is. Die leser van *Lééf* word onbewustelik blootgestel aan sulke kulturele standaarde – soos hoe om stylvol te wees. Hierdie kulturele standaarde word die raamwerk vir ’n Christen-Afrikaanse vroue-ideaal.

<sup>16</sup> “Ek bid vir jou” het duidelike geestelike implikasie, en ondersteun die geestelike genre van die tydskrif. Dit is ook in pas met die karaktertrekke wat Geldenhuis (1954) toedig aan ’n Christen-Afrikaanse vroue-ideaal. Wat egter baie sterk na vore kom, is die konsep van ’n denkbeeldige gemeenskap. Daar word melding gemaak van ‘ek’, ‘jou’ en ‘mekaar’ – in eerstepersoon, nie in derdepersoon nie. Die leser word duidelik as individu betrek in hierdie denkbeeldige mitiese vrouewêreld.

<sup>17</sup> Hierdie interpretasie van Geldenhuis (1954) baseer hy op Spreuke 31:30: “as sy die Here dien, dan verdien ’n vrou om geprys te word” (Landman 2003a:771).

<sup>18</sup> Moederskap impliseer ook die rol van vrou as eggenote, aangesien die tradisionele Christen-Afrikaanse vroue-ideaal volgens Geldenhuis (1954) en Spreuke 31 oor baie hoë morele standaarde beskik en dus nie seksueel losbandig sou wees en ’n kind buite die huwelik sou verwek nie.

rondom die Christen-Afrikaanse vrou-ideaal gekonstrueer, wat klem lê op die perfekte vrou, die gelowige vrou, en die vrou as moeder. Die uitbeelding van die Christen-Afrikaanse vrou-ideaal as moeder is waarskynlik vanselfsprekend in só 'n Moedersdaguitgawe.

Dit blyk dat die Christen-Afrikaanse vrou-ideaal wat op die *Lééf*-voorblad gekonstrueer word, 'n Christelike ideaal is – statig, waardig, gesofistikeerd, spiritueel en vriendelik, wat in pas blyk te wees met Geldenhuys (1954), De Klerk (2007), Cilliers (2003), Landman (2003a), De Vaal (2007) en Joubert en Smith (2010) se perfekte, deugsame vrou.

In terme van ontwerp en uitleg is die voorblaaie van *Finesse* en *Lééf* uiteenlopend van aard. Wanneer dit kom by die konstruering van 'n vrou-ideaal, blyk dit dat albei tydskrifte die Christen-Afrikaanse vrou-ideaal konstrueer wat nie net blyk ooreenstemmend van aard te wees nie, maar ook oënskynlik ooreenstem met 'n Bybelse vrou-ideaal. Die Christen-Afrikaanse vrou-ideaal blyk vrolik, statig, passief en stemmig te wees. Waarskynlik is sy 'n huweliksmat en 'n ma. Sy beskik moontlik oor 'n diep geestelike lewe en sy vereenselwig haar blykbaar met die denkbeeldige vrouewêreld wat die tydskrifte bied.

#### **4.4 'n Visuele analise van die binne-bladsye van *Finesse* en *Lééf***

Hierdie afdeling behels 'n visuele analise van beelde op die binne-bladsye van *Finesse* en *Lééf*. Die spesifieke fokus val op visuele uitbeeldings waar die vrou alleen in beeldmateriaal verskyn. Derhalwe gaan dit hier om begrip te verkry vir 'n hedendaagse Christen-Afrikaanse vrou-ideaal as individu. Dus sal die volgende vra ondersoek word: Wat vertel die voorblaaie van *Finesse* en *Lééf* die leser oor die Christen-Afrikaanse vrou? Is daar 'n verband tussen hierdie vrou en die een waarna in Spreuke 31 verwys word?

##### **4.4.1 Die konstruering van die Christen-Afrikaanse vrou-ideaal aan die hand van *Finesse***

Die artikel “Tien mees inspirerende vroue” (Figuur 40) blyk in ooreenstemming met *Finesse* se tiende verjaardagtema te wees. Hierdie artikel bestaan uit tien vroue wat deur *Finesse* as inspirerend beskou word. 'n Foto van elk van hierdie vroue vergesel die

artikel, terwyl die kleurskema waarskynlik sekere verwagtinge rondom die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal skep omrede dit oorwegend pienk, wit en blou is.<sup>19</sup>

Die vars, perfek en lig grimeerde vrouegesigte wat glimlaggend die leser in die oë kyk, is innemend en vriendelik. Die vrou is stemmig, dog vriendelik, gekunsteld en kan deur 'n ring getrek word. Hierdie vergelyk met die interpretasie van Spreuke 31, wat volgens Geldenhuys (1954:168) behels dat “hoe besig sy ook al is, bly sy netjies en aantreklik”. Hierdie beeld is in ooreenstemming met die Bybelse beeld in Spreuke 31 wat Geldenhuys (1954), De Klerk (2007), Landman (2003a), De Vaal (2007) en Joubert en Smith (2010) voorhou as voorskrif tot die perfekte, deugsame vrou.

In die inleiding van die artikel word dit duidelik waarom hierdie vrou hier pryk:

‘Stem vir jou gunsteling inspirasie vrou!’ was die uitnodiging in ons April uitgawe.<sup>20</sup> En *FINESSE* se lesers hét gestem. Hier is die vrou wat julle aangewys het as die top 10 inspireerders. Hulle is pragtig, stylvol en interessant. En gebrei deur die lewe. Want onder elkeen se lagie glans lê lesse wat uit dure ondervinding geleer is (*Finesse* 2008:14).

Sleutelwoorde wat die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal konstrueer, word hier uitgelig. Volgens *Finesse* (2008:14) is die top tien vroue gekies omdat hulle “pragtig, stylvol en interessant is”, en is verder veronderstel om nie net as inspirasie vir die leser te dien nie, maar ook as maatstaf waaraan sy haarself moet meet. Hierdie inspirerende eienskap blyk reeds bepalend te wees tot 'n vroue-ideaal in die media. Ferguson (1983:9) meen: “Readers of women’s magazines are presented with examples of superwomen, an endless procession of successful, beautiful and inspirational role models to envy or emulate”. Geldenhuys (1954:169) meen ook dat inspirasie deel maak van die Bybelse vroue-ideaal: “Haar lewe van eerlike standvastigheid is 'n inspirasie en 'n uitdaging”.<sup>21</sup> Ook Joubert en Smith (2010:23) meen dat sy oor “eienskappe wat almal om haar verryk en beïnvloed” beskik. Die feit dat die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wat hier gekonstrueer word, inspirerend van aard is, oorvleuel klaarblyklik reeds met die vroue-ideaal van Spreuke 31.

---

<sup>19</sup> Die noemenswaardigheid rondom die ideologieë wat hierdie kleure onderskraag rakend die konstruksie van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal, is reeds uitgewys in die vorige bespreking.

<sup>20</sup> Die belang van die denkbeeldige gemeenskap wat die tydskrif bied, is reeds hier ter sprake. Die feit dat die lesers aktief betrek word by die tydskrif deur bloot 'n meningsopname, laat die leser deel voel van hierdie denkbeeldige *Finesse*-wêreld. *Vice versa* kan die *Finesse*-wêreld met sekerheid iets aanbied wat aanklank vind by haar lesers, en sodoende word *Finesse* deel van die leser se wêreld.

<sup>21</sup> Hierdie interpretasie baseer Geldenhuys (1954) op Spreuke 31:25, wat lui: “Alles aan haar spreek van 'n sterk en edel persoonlikheid; sy ken geen kommer oor die toekoms nie” (Landman 2003a:771).

**10 mees inspirerende vroue**

"Stem vir jou gunsteling inspirasievrou!" was die uitnodiging in ons April uitgawe. En FINESSE se lesers het gestem. Hier is die vroue wat julle aangewys het as die top 10 inspireerders. Hulle is pragtig, stylvol en interessant. En gebrei deur die lewe. Want onder elkeen se lagie glans lê lesse wat uit dure ondervinding geleer is.

ARTIKEL ANITA VAN NIEKERK

**BERTHA DU PLESSIS**  
"My verlies het my geleer dat ryk konbaar is."  
Die loue realiteit van die dood, die onvergelykbaar, die seer en die gemis, was oor die afgelope 10 jaar herhaaldelik deel van my lewe," sê Bertha. Eers was dit haar man, Hansie Cronje, se skielike dood in 2002. Toe haar suster (82) in Oktober 2006, haar skoonma en vriendin se man in Januarie verlies jaer, en toe haar vriendin self 'n jaar daarna. "Met elke verlies het dit vir my duideliker geword hoe ongelooflik kosbaar tyd is. Ons moet daarmee mors nie."  
Bertha en haar nuwe man, Jacques du Plessis, het aan die einde van verlies jaer drie maande saamgewerk geraam. "Julle omdat te my tyd, die geslag na tyd en die sojrt oor tyd wat verby is, so swaar op ons harte geel het."  
Alhoewel hulle vroeë meestersyd minder geword het, is Bertha dit daar steeds tye is dit die hartseer haar oorewing. "Maar die oorheersende gevoel bly een van stilwees en vertroue en 'n wete dat die planne wat God vir ons het, planne van voorspoed en nie helpoed is nie. Dit planne van hoop en 'n goeie toekomst (Jer 29:11)."  
Niemand van ons weet hoe lank ons tyd op aarde is nie daarom moet ons tyd maak om memoere te stap. Die die goeie herinneringe wat hartseer tye draaglikker maak."

IN DIE JUNIE UITGAWE GESELS BERTHA EN JACQUES EKSKLUÏEF MET FINESSE OOR DIE VERLIES VAN HUL BURNINGSKE TOEDOMS

**JUANITA DU PLESSIS**  
"Ek het niks op my eie bereik sien."  
"My geestelike lewe het oor die afgelope 10 jaar geweldig verlies," sê Juanita. "Ek het geleer dat ek absoluut niks op my eie kan doen nie, en dat ek God nodig het in elke situasie, besluit en samteug. Al my suksesse is te danke aan Sy groot genade, ek het niks op my eie bereik nie."  
Na die uitreiking van haar eerste gospelalbum in 2004, het sy envar hoe die Here haar musiek gebruik om mense se harte aan te raak. "Ek het vinding 'n groter begrip te as ooit om 'n wêreld te maak en 'n tyd te laat skyn."  
Saam met geestelike verdereping het emosionele groei gekom. "Hoe meer jy geestelik groei, hoe makliker is dit om dinge te aanvaar, want die hier en nou is minder belangrik as die prys van die ewigheid wat weg."  
Hierdie insig het Juanita ook gehelp om beter te prioriteer. "Ek werk nie meer oor Desembermaande nie en een naweek per maand is my en my gesin se tyd. My kinders is nou tieners en ek beset hooftogsteel hulle is. Dit laat 'n mens op jou knieë bly om beskerming en wysheid te vra. En ek glo God sal voorsien, soos Hy nog altyd voorsien het." >

**Perfekte Onderlaag. Kry jou perfekte pas. Vandag.**  
Kyk watter van ons grimering jou beste pas, en ontvang 'n Gratis' geskenk.  
Net soos die geestelike is met jeers, maak die regte onderlaag al die verskil. "Kvind die perfekte een vir jou en jy sal meer gemaklik, meer selfvertroue voel. Eén die regte van jou grimering en kleed lyk en voel ook somer beter."  
Kom besoek Clinique en laat die Kundige jou help om uit te vind watter grimering ideaal by jou sal pas. Vanaf seligste tot velkolor, tekstuur tot leefstyl, jy sal 'n unieke passing kry wat aan jou vel se behoeftes voldoen. En boonop kry jy 'n perfekte onderlaag wat soos 'n tweede vel lyk.  
"Koop jou twee gunsteling grimering produkte waarvan een 'n onderlaag moet wees, en ontvang 'n Grimering Salvo onderlaag of 'n Lav'asook klanke toets-geproefde produkke."  
Beskikbaar by die volgende Doelgedreunde Handelars: Edgars, Foschini, Suidstads en Tuusula.  
Beskikbaar: 7 - 27 April 2008, voorsien tekort. Een geskenk per klant slegs, terwyl voorraad hou.  
FINESSE MEI 2008

Figuur 40: 10 Mees inspirerende vroue. (Finesse Mei 2008:14-15).

Soos die betrokke artikel uitbrei, word dit al duideliker hoe die vrou-ideaal gekonstrueer word. Dit is nie net die uiterlike wat noemenswaardig is nie, maar ook die gees, net soos in Spreuke 31:30 uitgewys word: "Uiterlike skoonheid hou nie, 'n mooi voorkoms is nie alles nie" (Landman 2003a:771). Die gees waarvan in *Finesse* gepraat word, moet ryp wees. Die Christen-Afrikaanse vrou-ideaal is al "gebrei deur die lewe" (*Finesse* 2008:14), en dit het haar laat groei tot geestelike volwassenheid.<sup>22</sup> Met betrekking tot die denkbeeldige *Finesse*-wêreld, is die impak van hierdie werklikheid – die swaarkry waardeur die leser gebrei word in die alledaagse lewe – van belang. Hierdie realiteit van swaarkry is waarskynlik die aanknopingspunt tussen hierdie glanspersoonlike en die alledaagse vrou en leser van *Finesse*. Hierdie *Finesse*-wêreld waaraan hul almal behoort, bied klaarblyklik 'n veilige hawe aan almal wat seergekry het en swaar dra aan die lewe se laste. Hierdie eienskap, swaarkry wat lei tot geestelike volwassenheid, wat die hedendaagse Christen-Afrikaanse vrou-ideaal omring, se wortels word aangetref in die tradisionele Afrikaner Christen-Afrikaanse vrou-ideaal (McClintock 1991:109).<sup>23</sup> Swaarkry blyk dus uniek tot die Christen-Afrikaanse vrou-ideaal te wees en blyk kultuur spesifiek te wees.

<sup>22</sup> Hierdie swaarkry en volwassenheid is ook ter sprake op die *Lééf*-voorblad.

<sup>23</sup> Die tradisionele Afrikaner Christen-Afrikaanse vrou-ideaal is reeds in 'n vorige hoofstuk bespreek.



Volgens die artikel wat die foto vergesel, is die vrou op die linkerkantse bladsy Bertha du Plessis.<sup>24</sup> Visueel is sy 'n vergestaltung van Christen-Afrikaanse vroulikheid, in pienk en kant geklee, omring deur 'n sagte pienk agtergrond. Die kort paragraaf handel oor Bertha se swaarkry in die vorm van 'n aantal familielede wat sy in 'n redelike kort tydperk aan die dood afgestaan het. Die trant swaai wanneer sy vlugtig vertel van haar nuwe huwelik en dat sy glo in God se groter plan vir haar lewe (*Finesse* 2008:14). Die aantrekkingskrag vir die leser ten opsigte van Bertha, is moontlik dat sy waarskynlik net soos elke leser die swaar van die lewe ervaar het. Sy word moontlik voorgehou as Christen-Afrikaanse vroue-ideaal, omrede sy geluk gevind het ten spyte van haar diep swaarkry, en steeds van God getuig.<sup>25</sup> Hierdie foto konstrueer die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal in dié opsig dat sy ten spyte van alles wat sy deurgemaak het, mooi en slank vertoon, sy is spiritueel, en die huwelik is vir haar belangrik. Hierdie faktore is in pas met dié wat uitgelig is in die bespreking van die *Finesse*-voorbld, en sluit in die aantreklike, perfekte vrou, die huwelik, en geloof. Hierdie faktore vergelyk waarskynlik met die deugsame vroue-ideaal van Spreuke 31, soos reeds bespreek.

Die volgende inspirerende vrou is Juanita du Plessis.<sup>26</sup> In die kort paragraaf getuig Juanita dat sy niks op haar eie bereik het nie, maar dat haar sukses aan God se genade toegeskryf kan word. Sy lig geestelike groei uit, en bespreek die belangrikheid van gesinstyd saam met haar kinders:

Hierdie insig het Juanita ook gehelp om beter te prioritiseer. 'Ek werk nie meer oor Desembermaande nie en een naweek per maand is my en my gesin se tyd. My kinders is nou tieners en ek besef hoe blootgestel hulle is' (*Finesse* 2008:15).

Dit blyk dat hierdie paragraaf daarop sinspeel dat haar gesin vir haar 'n groter prioriteit is as haar werk. Haar kinders se belange word bo haar eie geag. In hierdie opsig konstrueer dit 'n selfopofferende Christen-Afrikaanse vroue-ideaal, waar sy haarself heel onder aan die gesinshierargie plaas. Geldenhuys (1954:168) interpreteer Spreuke 31:21

---

<sup>24</sup> Bertha is die weduwee van Hansie Cronje, eertydse krieketkaptein van die Proteas.

<sup>25</sup> Bertha word voorgehou as 'n Christen-Afrikaanse vroue-ideaal. Sy was getroud met Hansie Cronje, wat in 'n ideologiese sportgesentreerde kultuur 'n nasionale held was. As sy vrou, het Bertha die ereplek langs hom ingeneem. Volgens Foh (1980:68) het John Calvyn beweer dat die vrou alleenlik sal begeer wat die man begeer en sal gevolglik geen meesterskap oor haarself hê nie. Dit is asof die man se belangstelling – krieket – op natuurlike wyse ook die belang van die vrou word. Alhoewel Bertha bloot die vrou agter haar suksesvolle man was, is sy waarskynlik waardig geag deur haar huwelikstatus. Die man se waarde transendeer na die vrou deur hul huwelikstatus en maak haar ook waardevol. Bertha self het nie iets noemenswaardig vermag om bekend te wees nie, maar het bekendheid verwerf deur Hansie se sukses. Dit skep 'n situasie waarbinne die Christenvrou onderworpe is aan haar man (en sy beroep).

<sup>26</sup> Juanita du Plessis is 'n bekende Afrikaanse sangeres.

as volg: “Sy is onbekommerd oor die toekoms, want sy weet dat haar huisgesin toegerus is. Ja, toegerus nie net vir hul liggaamlike behoeftes nie, maar ook wat die geestelike sneeustorms van die toekoms betref, is sy onbekommerd as gevolg van die geestelike toerusting van haar huisgesin”. Joubert en Smith (2010:18) meen: “Dis vir ’n vrou lekker om na haar huis en haar huisgesin te kyk en hulle te versorg. [...] Dis ’n Godgegewe roeping om jou huis en huisgesin te versorg en dit te geniet”. Dus is dit die Bybelse vrou-ideaal se taak, om haar gesin fisies en emosioneel te versorg (en boonop om dit te geniet). Verder meen Joubert en Smith (2010:20) dat die huishouding en huisgesin haar eerste prioriteit is. Net so is dit vir Juanita, wat hier as ambassadeur van die Christen-Afrikaanse vrou-ideaal staan, blykbaar van belang om tyd opsy te sit om na haar gesin se behoeftes om te sien, omdat hulle oënskynlik haar eerste prioriteit is.

Kenmerkende eienskappe wat blyk die mite rondom die Christen-Afrikaanse vrou-ideaal hier te konstrueer, sluit in: geloof in God, eggenote en moederskap. Hierdie faktore vergelyk met dié waaraan die deugsame vrou in Spreuke 31 gekenmerk word.<sup>27</sup> Visueel versinnebeeld haar ongekunstelde, onopgesmukte voorkoms Christen-Afrikaanse vroulikheid, in vergelyking met die Bybelse vrou-ideaal wat meen: “sy is eerbaar in alle opsigte. [...] [H]aar karakter is onbesproke skoon en aantreklik. Sy laat nooit haar morele standaarde daal om sosiale status, rykdom of populariteit te verwerf nie. [...] Sy het ’n ongeskondenheid, ’n reinheid van inbors” (Geldenhuis 1954:168-169); en Joubert en Smith (2010:18) wat meen sy is “’n vrou van inbors en integriteit”.

Kronologies volg ’n bladsy waar drie vroulike gesigte direk na die leser kyk (Figuur 41). Die bladuitleg lei die oog eerstens na die regterkantste bladsy waar daar ’n volbladfoto van ’n rooikopvrou pryk. Ook hierdie rooikop word teen ’n (vroulike) pienk agtergrond geplaas. Haar vlamrooi haarstyl kan moontlik interpreteer word as speels en jonk. Sy dra ’n pers aandrok met sjiffon. Lester (2000:11) meen: “The color purple often is associated with dignity or sadness”. Hierdie kleur assosiasie stem waarskynlik ooreen met die Christen-Afrikaanse vrou-ideaal wat gekonstrueer word, waarvan waardigheid<sup>28</sup> (Geldenhuis 1954:169) en swaarkry<sup>29</sup> kenmerkend blyk te wees.

---

<sup>27</sup> Hierdie argument is reeds uiteengesit in die vorige bespreking aan die hand van Geldenhuis (1954), De Klerk (2007), Landman (2003a), De Vaal (2007), en Joubert en Smith (2010).

<sup>28</sup> Geldenhuis (1954:169) meen: “Nogtans, niteenstaande haar eerbaarheid en waardigheid is daar niks hard en onsimpatiek in haar nie”.

<sup>29</sup> Swaarkry blyk ’n deurlopende tema te wees rakende die konstruering van die mite rondom die Christen-Afrikaanse vrou-ideaal, soos voorheen bespreek.

Haar hoof is effens gebuig, wat veroorsaak dat sy onder haar wenkbroue deur na die leser loer: Goffman (1987:63, 46) meen 'n gebuigde hoof 'n teken is van onderdanigheid:


[I]n head canting, height is reduced, contributing to a mere symbolization of submissiveness. The level of the head is lowered relative to that of others, including, indirectly, the viewer of the picture. The resulting configurations can be read as an acceptance of subordination, an expression of ingratiating, submissiveness, and appeasement.



Figuur 41: 10 Mees inspirerende vroue.  
(Finesse Mei 2008:16-17).

Dus kan hierdie liggaamsposisie, waar Nedine Blom haar ken nader aan haar bors bring, waarskynlik as onderdanig geïnterpreteer word. Hierdie onderdanige liggaamsposisie word menigmaal in die skildertradisie aangetref, veral die Madonna figuur in Bizantynse en Renaissance kuns. Een só 'n voorbeeld sluit in *Madonna and Child on a Curved Throne* (laat dertiende eeu) (Figuur 42). Hierdie uitbeelding van die Madonna volg 'n tradisie van uitbeelding: "Echoes of the classicism of the Second Golden Age abound: the graceful pose, the rich play of drapery folds, the tender melancholy of the Virgin's face" (Janson & Janson 1992:122).<sup>30</sup> Hierdie posisie waarin Madonna geposeer word, word dus belaaï met meervoudige betekenis vanuit 'n patriargale kultuur. Ander kunswerke waar die vrou se kop onderdanig gebuig is, sluit in Titian se *Venus of Urbino* (1538) (Figuur 16).

<sup>30</sup> Die liggaamsposisie van hierdie Madonna kan ook in vergelyking gebring word met die *Lééf*-voorblad.



Figuur 42: *Madonna and Child on a Curved Throne*, Laat dertiende eeu.  
Tempera op hout paneel, 8.61 cm x 49.2 m.  
The National Gallery of Art, Washington, D.C.  
(Janson & Janson 1992:123).

Onderdanigheid blyk 'n eienskap te wees wat nie noodwendig pertinent in Spreuke 31 genoem word nie, maar word dikwels by die interpretasie van hierdie teksgedeelte tot die Ideale Vrou toegevoeg (Geldenhuys 1954; De Klerk 1995; Cilliers 2003; Landman 2003a; De Vaal 2007; Joubert & Smith 2010). Dus is hierdie toevoeging deurdrenk van patriargale ideologieë, wat die vrou as minderwaardig afmaak. De Klerk (2007) erken: “Wat wel waar is, is dat daar oor baie eeue heen sekere tradisies ontstaan het, wat erg diskriminerend teenoor vroue was”. Nietemin gee De Klerk (2007) te kenne dat: “Daar is niks minderwaardigs of vernederend in die Bybelse riglyne ten opsigte van wat vrouwees behoort te beteken nie. Sy is geskape, anders as die man, maar gelyk met hom”.<sup>31</sup> De Vaal (2007:3) stem hiermee ooreen:

[D]it is maklik om die Bybelse lofrede op 'n begaafde en blymoedige raakvatvrou as oordrewe, ouderwets en boonop onfeministies af te maak. [...] Hier word allermins die beeld van 'n dienende Martha wat gedwee en onderdanig dominerend deur die manlike geslag verduur. Salomo se deugsame vrou is, weliswaar in 'n ouderwetse gedaante, tog alles wat die 'bevryde vrou' maar kan droom om te wees.

---

<sup>31</sup> Deurdat De Klerk (2007) hierdie 'andersheid' beklemtoon, is daar reeds 'n minderwaardigheidston. Pollock (1988:56) meen: “Difference is not essential but understood as a social structure which positions male and female people asymmetrically in relation to language, to social and economic power and to meaning”.



Joubert en Smith (2010) se interpretasie van Spreuke 31, alhoewel die nuutste, meer geëmansipeerde weergawe, blyk die meeste te fokus op die vrou se onderdanige rol teenoor haar man. Alhoewel Joubert en Smith (2010:18) egter meen: “Geen vrou is enige man se vloerlap nie”, voeg hul nietemin (neerhalend) by: “Inteendeel, ’n vrou wat deur haar man hoog geag, gerespekteer en gedien word, is graag betroubaar en gee glad nie om om haar man te ondersteun nie”. Hierdie studie vind ook die volgende sienings van Joubert en Smith (2010:18 [beklemtoning bygevoeg]) problematies tot ’n geëmansipeerde beeld van ’n vroue-ideaal: “Sy bou haar man op en is daar om hom te ondersteun in *sy rol as koning, priester en profeet*. Sy is *onselfsugtig* en haar *ondersteuning* vir haar man is een van *diensbaarheid* wat hom goed laat lyk. [...] Sy is bereid om op te offer ter wille van haar man se sukses”.

Verder blyk dit dat die rolle wat aan die vrou toegeskryf word, nie veel anders daaruit sien as in Salomo se tyd nie (De Vaal 2007:4) en haar moontlik steeds tot onderdanigheid dwing. Nadat de Klerk (2007) die vrou se lof besing, gaan hy voort om haar, beide in Afrikaans en Engels, met sekere rolle te vereenselwig, onder meer dat vroue ’n sleutelrol in die beskerming van kultuur speel, en die rol van die vrou as moeder, waarop hy breedvoerig uitbrei:

[O]mdat sy vrou is, [het sy] ’n besondere en unieke rol [...] om te vervul. [...] Die vrou bly die grondslag van ’n gesonde gesinslewe. Women, as mothers, hold the key to a sound family life. And a sound family life is the key to so many things that we are striving for - successful education, the prevention of crime, stable and peaceful communities, to name but a few. In motherhood women are unique. In ensuring healthy and happy families, women are irreplaceable.

De Vaal (2007:4) is eens dat die rolle wat vir die vrou in Spreuke geld, steeds geldig is: “Beskou ’n mens die Spreuke-tekst krities, is dit onmiddelik opvallend dat die ideaalbeeld van vrou-wees hier ’n balansering van rolle impliseer wat vandag steeds vir die oorgrote meerderheid vroue geld: dié van eggenote, ma, werknemer, werkgewer, vriendin, kreatiewe gees en individu”. Hierdie rolle stel sekere maatstawwe vir die vrou, en word deur die massamedia toegeskryf (De Vaal 2007:3). Dit is waarskynlik hierdie maatstawwe wat deur die eeue heen gebruik is om die vrou op haar (onderdanige) plek te hou. Ook Joubert en Smith (2010:19) beklemtoon die rol van die vrou as eggenote en moeder, en beperk haar as tuisteskepper tot huislike sfeer. Alhoewel sy mag werk, moet sy net verseker dat haar huis en huisgesin haar eerste prioriteit bly (Joubert & Smith 2010:20).



Nedine bedek haar ontblote skouers met haar hande. Haar hande rus sagkens op haar skouers en nek. Goffman (1987:29) meen dat vroue dikwels uitgebeeld word waar hulle hul vingers en hande gebruik om die buitelyne van 'n objek na te gaan of te omvou, en om die oppervlak van die objek te liefkoos. Die effek is een waar sy skaars aan die objek raak (in teenstelling met gryp, manipuleer en vashou). Dikwels word die gesig in plaas van die hand gebruik (Goffman 1987:31). In hierdie geval rus haar hande liefkosend op haar eie lyf, sodat sy haarself op só 'n wyse objektiveer.

Die opskrif langs die rooikopvrou aan die regterkantste blad is: "Nedine Blom".<sup>32</sup> Die teks wat met haar foto gepaard gaan het 'n patriargale inslag – dit handel oor haar hartseer wat voortvloei uit haar ouers se egskedding toe sy 'n kind was, en die leed om sonder 'n pa groot te word. Die belang van die nukleêre gesin word hier vooropgestel, waar die pa die hoof van die huis is. Geoffrey Cronje (1998), beklemtoon die belang van die kern, heteroseksuele huisgesin in Afrikaanse kultuur. Cronjé (1998:144) maak die volgende waarneming ten opsigte hiervan:

Die boerehuisgesin het 'n kenmerkende patriargale karakter openbaar. Die waardige boerepatriarg was die beliggaming van die hoogste waardes van die Afrikanernasie, en met die hoë gesag waarmee hy bekleed was en die waardige wyse waarop hy die gesag uitgeoefen het, het hy aan die waardes en deugde van die volk gesag verleen en dit op so 'n wyse tot sy kinders laat deurdring dat dit deel van hul lewensbeskouing en lewensinhoud geword het. Verder was die boerehuisgesin 'n gesagsgemeenskap met 'n bepaalde gesagsordening. Die vader (die patriarg) was die hoogste gesagsdraer; dit wil sê hy het aan die hoof van die gesagsordening gestaan. Die vrou het onder die gesag van haar man geressorteer, maar die moeder het uit die aard van die saak ten opsigte van haar kinders ook 'n posisie van gesag bekleed. Die boerehuisgesin van die ou dae was ook 'n kragtige godsdienstige gemeenskap. Die godsdienstige leier van die huisgesin was die vader: die patriarg was ook die priester.

Elizabeth Fox-Genovese (2000), 'n feminis en Amerikaanse historikus, is van mening dat daar hedendaags steeds geglo word dat kinders wat in 'n huisgesin grootword waar albei biologiese ouers betrokke is, beter daaraan toe is as kinders wat in 'n enkelouerhuisgesin grootword (Fox-Genovese 2000:33). Dit is waarskynlik die rede waarom Nedine wat sonder 'n pa groot moes word, so bejammerenswaardig is. Ook

---

<sup>32</sup> Indien die leser nie uit 'n vooraf opgestelde kulturele raamwerk die vrou op die foto kon eien nie, is dit nou duidelik wie sy is. Nedine Blom is 'n sangeres van Afrikaanse en gospelmusiek, en is tans die aanbieder van kykNET se Christelike joernaalprogram "*In pas*". In 2006 is sy gekroon as Mevrou Verenigde Nasies Suid-Afrika. Sy is ook dieselfde jaar as eerste prinses in die Mevrou Verenigde Nasies Internasionaal-kompetisie in Los Angeles aangewys (Meer oor Nedine Blom 2009). Hierdie klaarblyklike topprestasie in vroulikheid, maak Nadine Blom klaarblyklik waardig om as 'n vroulike ideaal voorgelou te word.

vanuit die konserwatiewe Afrikaanse tradisie, word dit gesuggereer dat dit 'n baie swaar lewe vir Nedine moes wees om sonder 'n pa groot te word. Waar die pa tradisioneel die hoof van die huis is, was haar huisgesin anders as die ideologiese Afrikaanse huisgesin. Sonder 'n pa was die huis ook dus sonder 'n hoof en sonder 'n geestelike leier. Of soos Joubert en Smith (2010:18) die vader-figuur beskryf, sonder die “koning, priester en profeet”. Dit is moontlik die rede vir haar worsteling om die gemis van haar aardse vader vir haar hemelse Vader te verruil.

Die worsteling met haar verhouding met God vloei moontlik voort uit die gebroke verhouding met haar aardse pa. Die geestelike rangleer is: God – manlik – vroulik (Radford Ruether 1993:53). Omrede God tradisioneel visueel as manlik uitgebeeld word in ooreenstemming met die sosiale hiërargie van die patriargale struktuur, is dit asof die man 'n direkte verteenwoordiger van God is. Hy is die toonbeeld van God. Vroue is nie in direkte verhouding met God nie, maar sekondêr deur die man. Sy sien biologies anders as die man daaruit en die manlike uitbeelding van God. Deur haar verhouding met 'n manlike wese, is dit vir haar moontlik om indirek met God in aanraking te kom. Gebaseer op hierdie bygeloof, hoe vergesog dan ook al, is dit byna asof Nedine nie in 'n verhouding met God kon staan nie, omdat sy nie 'n pa gehad het wat God kon verteenwoordig nie. Nedine en die res van die huisgesin is nie deel van die heiligheid wat die man omring deur sy direkte verhouding met God nie. Sy is oënskynlik sekondêr en onderworpe aan die man om nader aan God te kan kom in die hiërargie: God – Pa – Nedine. Sonder haar pa as middelganger, was die kommunikasiekanale spreekwoordelik nie in plek nie.

Die tema rondom Nedine Blom se swaarkry en triomf bring twee belangrike aspekte in verband met die mite van Christen-Afrikaanse vroue-ideaal na vore: 'n patriargale ideologie is steeds van belang in die Afrikaanse kultuur; en die belang van die patriargale, nukleêre huisgesin. Haar eie oorwinning lê in haar verhouding met haar hemelse Vader, en haar eie rol as ma. Geldenhuys (1954:170) meen dat die Bybelse vroue-ideaal 'n verhouding met haar Vader het:<sup>33</sup> “Omdat sy die Here persoonlik ken as die Ewige en die Heilige, maar ook as haar Hemelse Vader, aanbid sy Hom met 'n heelhartige gesindheid en dien sy Hom elke oomblik van haar lewe, ook in al die klein praktiese dingetjies van elke dag”. Ook Joubert en Smith (2010:23) meen dat die

---

<sup>33</sup> Na aanleiding van Spreuke 31:30 (Landman 2003a:771): “as sy die Here dien, dan verdien 'n vrou om geprys te word”.

Bybelse vroue-ideaal God eerste is in haar lewe stel. Hiermee saam verwys De Vaal (2007:4) na die Bybelse vroue-ideaal as “n model-ma”, terwyl Geldenhuys (1954:163;166) en Joubert en Smith (2010:19) ook haar rol as moeder uitlig. In hierdie opsigte is daar weinig verskil tussen die Bybelse en die hedendaagse Christen-Afrikaanse vroue-ideaal.

In die middelste foto van Figuur 41 verskyn nog ’n glimlaggende vrou. Die wit van die vrou se bostuk kan waarskynlik met onskuld en maagdelikheid geassosieer word, terwyl dit die nek en hals kuis bedek. Die detail van loergaatjies en sagte plooitjies om die nek, vestig die leser se aandag op die nek en gesig. Ook haar gesig is effens gekantel, wat haar in ’n posisie van ondergeskiktheid plaas. Deur die herhaling van hierdie liggaamshouding word die onderdanigheid wat hierdie posisie impliseer, deel van die mite van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wat deur die tydskrif voorgehou word.

Deur die taalkode en die visuele beeld byeen te bring, word die vrou geëien as Liesel Krause-Wiid.<sup>34</sup> Volgens hierdie paragraaf blyk Liesel Krause-Wiid se swaarkry in haar liggaamsgewig opgesluit te wees. Die leser word ingelig dat sy tien kilogram opgetel het in die laaste tien jaar. In die hedendaagse Westerse kultuur waar slankheid die norm is, is dit klaarblyklik ’n kruis om oorgewig te wees. Stewart van Leeuwen (1993:269) verduidelik dit soos volg:

Today, health and slimness seem to be almost synonymous. Fatness is often viewed as a major obstacle to happiness and to the achievement of one’s potential. Thinness is seen as healthy, fatness as unhealthy. This way of thinking has even found its way into religion. Some believers reason that if the body is the temple of God, then the ideal temple, especially for a woman, is a slim one.

Liesel Krause-Wiid se triomf oor haar gewig lê in selfaanvaarding en geestelike verdieping. Tog help dit dat haar man haar aanvaar: “Gelukkig hou my man ook van my voller lyfie” (Finesse 2008:16). Volgens hierdie insetsel moet die Christen-Afrikaanse vrou oënskynlik haarself (deur middel van haar geloof) aanvaar. Só word sy dan blykbaar ook deur ander aanvaar. Maar daar is altyd ’n stryd daaraan verbonde. Dit blyk in pas te wees met die Afrikanervrou se kultuurgeskiedenis wat haar met swaarkry vereenselwig (McClintock 1991:109), soos in Hoofstuk twee uiteengesit. So ook in

---

<sup>34</sup> Liesel is ’n hulpleraar by Familiekerk NG Kameeldrif, TV- en radio-persoonlikheid, sakevrou en het in 2004 die titel van Mevrouw Verenigde Nasies Internasionaal in Hollywood VSA gewen. Sy is ook betrokke as medewerker by talle boeke en ook as redakteur van *Finesse* (Finesse 2007).

Spreek 31:10 (Landman 2003a:771), is die onderliggende boodskap dat die vrou hard moet werk om “knap” en “baie werd” te kan wees.

Die derde foto in Figuur 41, is byna 'n duplikaat van die vorige foto's, in terme van glimlag, grimering, hare, en liggaamsposisie. Die vrou se ligpers bostuk laat haar skouers bloot, terwyl die wyse waarop haar hare val, aandag vestig op haar ontblote skouers, nek en bors. Haar ondergeskiktheid word beklemtoon in die effense gekantheid van haar ken, terwyl die hoek waaruit die foto geneem is haar hele lyf teen 'n effense skuinste na die regterkant posisioneer. Dit is 'n goeie voorbeeld van die samewerking tussen al die afsonderlike komponente wat bydra tot een boodskap. Die fotograaf het reeds die foto teen 'n hoek geneem, terwyl die model dalk haar lyf in 'n *contrapposto*-posisie gehou het. Die redaktrise het hierdie foto gekies en die uitlegkunstenaar het die foto op só 'n wyse op die blad geplaas dat die helling waarteen haar lyf is, beklemtoon word. Al hierdie faktore span saam tot die skep van 'n boodskap wat ondergeskiktheid impliseer (Barthes 1986; Bignell 1997; Lacey 1998). Die feit dat haar liggaam in 'n leunende posisie is, is reeds 'n moontlike simbolisering van onderdanigheid (Goffman 1987:46). Die mite van die ideale Christen-Afrikaanse vrou wat op hierdie bladsye geskep word suggereer in dat sy ondergeskik en onderdanig behoort te wees.

Die dame blyk Christi Panagiotopoulos te wees.<sup>35</sup> Christi Panagiotopoulos se kruis blyk te lê in haar eertydse onvolwassenheid en geslagsgemeenskap voor die huwelik. Haar oorwinning lê in haar nuut gevonde volwassenheid [“Ek het van 'n dom, jong meisie na 'n baie volwasse vrou gegroei” (*Finesse* 2008:16)] en haar geluk in haar huwelik.<sup>36</sup> Dit blyk dat Christi en George Panagiotopoulos ná vyf jaar as paartjie besluit het om selibaat te wees tot hul huweliksnag. Christi Panagiotopoulos se raad aan jong meisies is om te wag met 'n seksuele verhouding tot en met die huwelik. Uit hierdie paragraaf kom daar twee faktore na vore wat die Christen-Afrikaanse vrou-ideaal konstrueer. Die belangrikheid van die maagdelike onskuldige vrou (gebaseer op die Madonna in Middeleeuse skilderkuns), en die belangrikheid van die huwelik word uitgelig – beide in pas met Geldenhuys (1954), De Klerk (2007), Landman (2003a), De Vaal (2007) en Joubert en Smith (2010) se interpretasie rakende 'n Bybelse vrou-ideaal. De Vaal (2007:4 [beklemtoning bygevoeg]) spesifiek meen dat die Bybelse vrou-ideaal 'n

---

<sup>35</sup> Christi Panagiotopoulos is 'n Afrikaanse aktrise en is alom bekend as eertydse Karien van *7<sup>de</sup> Laan* (Danie Odendaal Produksies 2010). Die hoogtepunt vir *7<sup>de</sup> Laan*-aanhangers was moontlik die huwelik tussen Christi en Nico Panagiotopoulos (eertyds 'George' in *7<sup>de</sup> Laan*).

<sup>36</sup> Die huwelik word byna uitgemaak as 'n instelling wat haar eer herbevestig.

“voortreflike lewensmaat” en “eggenote” is, terwyl Geldenhuys (1954:168)<sup>37</sup> uitlig dat daar “Geen sweempie van onreinheid [...] in haar [is] nie”, en ook: “Sy het ’n ongeskondenheid, ’n reinheid van inbors”. So ook meen Joubert en Smith (2010:18) “Sy is knap en ’n vrou van inbors en integriteit”. Dus vergelyk die mite rondom die Bybelse vrou-ideaal en die hedendaagse Christen-Afrikaanse vrou-ideaal met mekaar omrede albei die belang van die rein vrou en eggenote beklemtoon.

Op die volgende bladsy is daar drie foto’s waarin vroue weerspieël word (Figuur 43). Die oog val oombliklik op die foto links, bestaande uit ’n glimlaggende bruin vrou met vonkelwyn in haar hand.<sup>38</sup> Die manier waarop sy die glas vashou, is ook ’n toonbeeld van vroulike aanraking soos deur Goffman (1987:31) beskryf. Die glas in haar hand word outomaties geïnterpreteer as ’n vonkelwynglas, en die vog in die glas blyk vonkelwyn te wees, alhoewel dit bloot ’n aanname is. Hierdie vonkelwynglas is simbolies van die stemming wat hier geskep word. Die stemming is viering – hetsy ter viering van *Finesse* se tiende verjaardag, óf ter viering van haar vroulikheid.



Figuur 43: 10 Mees inspirerende vroue.  
(Finesse Mei 2008:18-19).

<sup>37</sup> Na aanleiding van Spreuke 31:25: “alles aan haar spreek van ’n sterk en edel persoonlikheid” (Landman 2003a:771).

<sup>38</sup> Dit is die enigste foto van ’n nie-blanke vrou in hierdie uitgawe. Hierdie studie is nie daarop gemik om ’n bespreking omtrent ras te doen nie, aangesien dit op sigself ’n breedvoerige onderwerp is.



Die sagte, 'vroulike' manier waarop haar hand op haar heup rus, beklemtoon waarskynlik die sensualiteit van haar vroulike heupe. Brownmiller (1984:177) meen: "A related aspect of femaleness is a large, bony pelvis that must accommodate safe passage of a baby from uterus to birth". Goffman (1987:32) meen hierdie tipiese houding kan ook geklassifiseer word as 'self-aanraking',<sup>39</sup> wat hy as volg verduidelik: "Self touching can also be involved, readable as conveying a sense of one's body being delicate and precious". Dit blyk dus dat die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal se lyf onbewustelik beklemtoon word, as iets delikaat en waardevol, maar nietemin objektiveer hierdie houding haar deurdat haar lyflikheid beklemtoon word. Die foto is net onder die heup afgesny, wat die belang van die lyf impliseer, met spesifieke verwysing na haar heupe. Heupe as simbool bind vroue moontlik tot hul biologiese funksie met die potensiaal om kinders te baar. Die ronding van vroulike heupe is waarskynlik 'n visuele simbool van die vrou se fisiologie – om kinders te baar. Radford Ruether (1993:72) meen:

Women are symbolized as 'closer to nature' than men and thus fall in an intermediate position between culture as the male sphere and uncontrolled nature. This is due both to woman's physiological investment in biological processes that reproduce the species rather than in processes that enhance her as an individual and to the ability of male collective power to extend women's physiological role into social roles confined to child nurture and domestic labor.

Op 'n eenvoudige wyse, deur 'n tipies vroulike posisionering waar die hand op die heup geplaas word, word die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal gekonstrueer wat nie alleen geobjektiveer word nie, maar haar bind tot haar natuurlike aard en moederskap, wat deur De Klerk (2007) beklemtoon word wanneer hy vrou-wees aan moederskap koppel: "Women, as mothers, hold the key to a sound family life. [...] In motherhood women are unique". Ook De Vaal (2007:4) meen sy is 'n "model-ma", wie, volgens Geldenhuys (1954:170), "deur haar hele huisgesin heelhartig geprys word".<sup>40</sup> Hierdie rolverwagting, ma-wees, blyk nie net tot die Bybelse vroue-ideaal bepalend te wees nie (Joubert & Smith 2010:19), maar klaarblyklik ook tot die mite rondom die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal voorgehou word.

---

<sup>39</sup> Goffman (1987:31-32) verwys na 'self-aanraking' as 'n onderafdeling van die 'vroulike aanraking' of te wel '*feminine touch*', en is dus 'n liggaamsposisie wat kenmerkend tot vroulikheid toegeskryf word.

<sup>40</sup> Na aanleiding van Spreuke 31:28 (Landman 2003a:771): "Haar kinders prys haar, haar man bewonder haar".

Die vrou in die betrokke foto se gesig en oë is na die kant gedraai, wat ondergeskiktheid impliseer Goffman (1987:63, 46). Van Zoonen (1994) meen dat 'n leser vanuit 'n manlike perspektief na die beeld kyk: "A core element of western patriarchal culture is the display of woman as spectacle to be looked at, subject to the gaze of the (male) audience". Die feit dat haar oë dié van die leser vermy, is 'n vergestaltung van die verhouding tussen die leser en die vrou op die foto, en verwys daarna dat die vrou daarvan bewus is van die oë op haar. Mirzoeff (1999:164) verduidelik hierdie tipe van kyk (*gaze*) as volg:

In later Freudian analysis, looking has been reconceptualized as the gaze, taking a still more central position in the formation of gender identity. The gaze is not just a look or a glance. It is a means of constituting the identity of the gazer by distinguishing her or him from that which is gazed at. At the same time, the gaze makes us aware that we may be looked at, so that this awareness becomes part of identity itself.

Ook Berger (1972:47) is van mening dat die *gaze* vroue objektiveer:

Men act and women appear. Men look at women. Women watch themselves being looked at. This determines not only most relations between men and women but also the relation of women to themselves. The surveyor of women in herself is male: the surveyed female. Thus she turns herself into an object – and most particularly an object of vision: a sight.

Die leser konstrueer uit eie verwysingsraamwerk 'n identiteit van die vrou op die foto. Hierdie aksie objektiveer die vrou op die foto, wat uiteraard ondergeskik is aan die leser se eie identiteit. Deurdat die vrou in hierdie foto haar oë van die leser (die kyker) af wegdraai, is dit asof sy die leser se gesag erken. Die gevolg is dat die leser se interpretasie mag behels dat die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal onderdanig of ondergeskik is. Hierdie is in pas met die Bybelse vroue-ideaal wat volgens Geldenhuys (1954:164 [beklemtoneering bygevoeg]) haar man tot *hulp* is,<sup>41</sup> en sy as tweederangs afgemaak word:

In tye van teenspoed en teleurstelling kan hy op haar *steun*. In tye wanneer hy geweldige versoeke sal moet deurmaak, sal hy op haar heelhartige *hulp* kan reken om die toets te deurstaan. Sy is altyd gereed om wanneer hy dit werklik nodig het, hom die nodige simpatie te gee, 'n simpatie wat in regte daade bestaan en dus 'n praktiese werklikheid is. Sy is nooit so in haarself getrokke en uitsluitlik met haarself en haar bedrywighede besig dat sy nie opreg in hom en sy sake belangstel nie.

---

<sup>41</sup> Hy baseer hierdie interpretasie op Spreuke 31:11–12 (Landman 2003a:771): "Haar man steun op haar en pluk die vrugte van haar werk. Sy bring vir hom net voordeel, nie nadeel nie, haar hele lewe lank".

Die skildertradisie word deurdrenk van hierdie onenige verhouding wat die *gaze* impliseer, en word gekenmerk aan die vrou se gebuigde kop. Dit sluit in Robert Reid se *Fleur-de-Lys* (1899) (Figuur 15), Dante Gabriel Rossetti se *The Annunciation* (1850) (Figuur 18), Joos van Cleve, *The Holy Family* (Figuur 23) en Jan van Eyck se *Arnolfini Portrait* (1434) (Figuur 58).

Die teks by die foto dui aan dat die vrou Jo-Ann Strauss is.<sup>42</sup> Die paragraaf handel oor haar reis die afgelope tien jaar in haar soeke na die self en hoe sy haarself uiteindelik ontdek wanneer sy liefde vind: “Liefde het my gehelp om myself te ontdek” (*Finesse* 2008:18).<sup>43</sup> As liefde nagestreef moet word om tot volle menswees te kom, is die implikasie onvermydelik: dat die Christen-Afrikaanse vrou-ideaal ’n man benodig om ten volle te groei, om ten volle menswees te ervaar. Sy moet dus ’n behoefte hê aan ’n liefdesmaat. Sy is dus by implikasie afhanklik, in pas met Geldenhuys (1954) se duidelik uiteengesitte interpretasie van die Bybelse vrou-ideaal. Na aanleiding van Spreuke 31:11 dui Geldenhuys (1954:164 [beklemtoning bygevoeg]) op die allesoorweldigende liefde wat die vrou-ideaal teenoor haar man koester:

Daar heers innerlike harmonie tussen haar en haar man. Haar liefde is ’n liefde wat die toets van die lewe, die toets van alle soort omstandighede en die toets van jare van saamlewe deurstaan. Nooit verander haar liefde vir hom nie. Intendeel, met die jare groei en ontwikkel sy dit en is sy steeds ’n groter *hulp* en *inspirasie* vir haar man.

Joubert en Smith (2010:23) omskryf die Bybelse vrou-ideaal se verhouding met haar man as iemand wat: “haar man gediën en geëer het”. Dit plaas die vrou in ’n posisie van diensbaarheid, wat soms (dalk verkeerdelik) as dienaar geïnterpreteer word. Nietemin plaas dit die vrou-ideaal waarskynlik in ’n posisie van ondergeskiktheid. Ten opsigte van die hedendaagse Christen-Afrikaanse vrou-ideaal word daar dus op die Bybelse vrou-ideaal voortgebou. Die leser mag dit moontlik interpreteer dat die Christen-Afrikaanse vrou-ideaal afhanklik is van haar lewensmaat (se liefde), en dat sy ’n byna bomenslike liefde teenoor hom moet koester.

Die foto onder in die dubbelbladuitleg beeld ’n statige, glimlaggende vrou uit (Figuur 43). Haar bostuk is van ‘vroulike’ wit kant, terwyl haar onderlyf in ’n ryk, blink brons romp

---

<sup>42</sup> Jo-Ann Strauss is ’n voormalige Mejuffrou Suid-Afrika, glanspersoonlikheid, TV-aanbieder en besigheidsvrou.

<sup>43</sup> Blykbaar kan sy nie ten volle groei sonder ’n liefdevolle man aan haar sy nie. Dit is asof sy iets kortkom indien sy nie ’n man aan haar sy het nie en dus nie ten volle mens kan wees nie of haarself ken nie.

verdoesel word, met geen kaal been of voet sigbaar nie. Klem word gelê op die kuis lengte van die romp deur die wyse waarop die foto onder die kuit afgesny word.

Die vrou kyk die leser direk in die oë, alhoewel die kop effens onderdanig gedraai is. Sy sit passief bo op 'n leunstoel, met haar hand beskermend voor haar lyf gevou en rus op haar teenoorgestelde been. Die leunstoel dwing haar tot 'n tipiese ondergeskikte sittende posisie. Daarmee saam is die foto van bo af geneem sodat die leser letterlik op die vrou neerkyk. In verband hiermee maak Goffman (1987:41) die volgende waarneming:

Beds and floors provide places in social situations where incumbent persons will be lower than everyone sitting on a chair, or standing. And a recumbent position is one from which physical defence of oneself can least well be initiated and therefore one which renders one very dependent on the benignness of the surround.

Deurdadig die leunstoel die vrou tot 'n sittende posisie dwing sodat die leser van bo-af na die vrou kyk, plaas dit haar in 'n posisie van ondergeskiktheid. Dit word beklemtoon deur die hoek waarteen die foto geneem is, wat die vrou op die foto dwing om haar blik na die leser te lig.

Die teks by die foto dui aan dat die vrou op die middelste foto Wilma van der Bijl is.<sup>44</sup> Sy verduidelik hoe haar stryd teen borskanker, en uiteindelik die oorwinning daarvoor, haar nader aan God gebring het. Sy vertel dat hierdie noue ontkoming haar dankbaar gelaat het, veral teenoor haar man en kinders: "Ek is 'n ongelooflik dankbare vrou en ma!" (*Finesse* 2008:19). Dit is asof haar man en kinders haar rede was om die stryd teen kanker te oorwin. Noudat sy die stryd oorwin het, is sy dankbaar om by haar man en kinders te wees, aangesien hulle haar grootste prioriteit is. Deur die spesifieke verwysing na 'vrou' en 'ma' word die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal gekonstrueer rondom die rol van eggenote en ma. Hierdie rolle is in pas met dié wat Geldenhuys (1954), De Klerk (2007), Cilliers (2003), De Vaal (2007) sowel as Joubert en Smith (2010) aan die Bybelse vroue-ideaal toeskryf.

Die foto regs bo op die dubbelblad (Figuur 43) is 'n uitbeelding van nóg 'n glimlaggende vrou. Uit hierdie foto blyk dit dat verskeie kodes bydra tot die idee van ondergeskiktheid: Haar gesig is effens na die binnekant van die blad gedraai sodat haar hoof gebuig is.

---

<sup>44</sup> Wilma van der Bijl is 'n voormalige Mejuffrou Suid-Afrika (1987) en besigheidsvrou wat borskanker oorwin het.

Volgens Goffman (1987:46) impliseer dit onderdanigheid. Die hoek waarteen die foto geneem is, ondersteun hierdie onderdanige houding. Tog kyk die vrou op die foto die leser selfversekerd in die oë.

Die teks maak dit duidelik dat hierdie vrou Chante Hinds is.<sup>45</sup> Daar word nie in die kort paragraaf verduidelik wat haar kruis was nie,<sup>46</sup> maar dat dit 'n gewigtige saak is, gee sy duidelik te kenne: "Ek het duur vir geluk betaal" (*Finesse* 2008:19). Chante Hinds vertel hier hoe sy geluk gevind het: "Ek het alles prysgegee om as boervrou in die Karoo te gaan woon; iemand wat op haar heel gelukkigste is as sy saam met haar boer en seunskind in die veld kan wees". Hierdie stelling is 'n romantisering van die platteland (waar sy oënskynlik ten volle tot mens gekom het) versus die stad (waar sy onvolwasse was met haar Z3 en ontwerpersbril). Ook hier word die idealisering van die Christen-Afrikaanse vrou-ideaal se rolle as vrou (*haar boer*) en ma (*seunskind*) subtiel uitgelig, wat in pas is met die Bybelse vrou-ideaal (Geldenhuis 1954:163; De Vaal 2007:4; Joubert & Smit 2010:19).



Figuur 44: 10 Mees inspirerende vrou.  
(*Finesse* Mei 2008:20-21).

<sup>45</sup> Chante Hinds is 'n bekende TV-aanbieder (onder meer, van die eertydse *Goeie More Suid-Afrika/Good Morning South Africa*), skrywer van geestelike boeke en motiveringspreker.

<sup>46</sup> Uit 'n vooropgestelde kulturele raamwerk kan die leser vermoedelik die kloutjie by die oor bring en spekulêr dat dit haar vorige kort huwelik en die geaardgaande egskeding is.



Die volgende vrou wat as inspirerend geëien word, is Suzette van der Merwe<sup>47</sup> (Figuur 44). Sy vertel hier van haar swaarkry na haar egskeiding, en dat sy uiteindelik weer geluk gevind het. Daar word nie direk na die rede vir die egskeiding verwys nie. Daar word wel verwys na die een helfte van haar gesig wat een oggend “pap gehang” het (*Finesse* 2008:20).<sup>48</sup> Alhoewel sy nie meer getroud is nie (omdat sy oënskynlik as gevolg van gesinsgeweld uit die huwelik getree het) blyk die huwelik steeds bepalend te wees tot haar karakter, in pas met die getroude Bybelse vroue-ideaal (Geldenuys 1954:163; De Vaal 2007; Joubert & Smith 2010:19). Sy skryf haar nuut gevonde geluk daaraan toe dat sy haar voormalige eggenote vergewe het. Volgens haar laat God alles ten goede meewerk, en dui op haar innige verhouding met God, in vergelyking met die Bybelse vroue-ideaal (Geldenuys 1954:170; Cilliers 2003:103; Joubert & Smith 2010:23). Die trant van hierdie artikel fokus op oorwinning na swaarkry. Hierdie artikel oor Suzette van der Merwe verskil effens van die ander konstruerings van vroulikheid in hierdie artikel deurdat sy nie haar geluk in ’n man gevind het nie. Daar is ook geen aanduiding van kinders nie.

Aan die linkerkant (Figuur 44) pronk ’n vriendelike vrou met ’n breë glimlag. Na aanleiding van die teks, is sy Carike Keuzenkamp.<sup>49</sup> Haar hare is krullerig, kort en speels. Die hemp wat sy aan het is ’n pienk (vroulikheid) en wit (reinheid) gestreepte kraaghemp. Die hangertjie om haar nek is ’n silwer hart, wat moontlik “spontane liefde”<sup>50</sup> (Geldenuys 1954:169) simboliseer. Hierdie hart is moontlik simbolies van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal se “liefdestoewyding” en “aktiewe liefdesdiens” (Geldenuys 1954:165), of soos Joubert en Smith (2010:21) dit noem, “omgee-hart. Sy kyk die leser vol in die oë, en haar ken is vorentoe gedraai. Nietemin is die foto op so ’n wyse afgesny sodat haar liggaam nie sentraal in die foto is nie, wat die illusie skep dat sy haar kop moet draai om na die leser te kyk. Hierdie tegniek is ’n slim taktiek en blyk in pas te wees met die onderdanige karaktertrek wat tot dusver gesuggereer is.

Die pienk in die hemp, die silwer hart, haar glimlag en die speelsheid van haar hare, is alles simbole wat moontlik die mite rondom die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal vir die leser konstrueer. Hierdie simbole impliseer dat die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal

---

<sup>47</sup> Suzette van der Merwe is ’n voormalige Mejuffrou Suid-Afrika (1990), glanspersoonlikheid en ’n kommunikasiekundige.

<sup>48</sup> Stilsweye heers oor die rede hiervoor – maar uit ’n vooropgestelde kulturele raamwerk is die leser waarskynlik bewus van die bespiegeling dat huishoudelike geweld ’n rolspeler is.

<sup>49</sup> Carike Keuzenkamp is ’n geliefde Afrikaanse sangeres, veral beroemd vir haar kinderliedjies.

<sup>50</sup> Die simbool van die hart is bespreek in 2.3.3.1) *Harte*.

vroulik, vriendelik en liefdevol is. Hierdie hedendaagse uitbeelding van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal vergelyk waarskynlik met die Bybelse vroue-ideaal, wat Geldenhuys (1954:165) as liefdevol bestempel: “Sy besit ’n hart vol warme liefde” (Geldenhuys 1954:167). Verder meen Geldenhuys (1954:169) ook dat sy vriendelik is: “met wysheid en vriendelikheid en spontane liefde is sy tot inspirasie en seën vir haar medemens”.

Daar word melding van Keuzenkamp se ouderdom gemaak – 61. Sy is dus ’n ouer, volwasse vrou. Tog lyk sy jonk en stralend. Die teks beskryf die belangrikheid van gesinsverhoudings vir haar, asook haar verhoudings met haar kinders wat gegroei het soos hulle ook volwasse geword het. Die belangrikheid van man en kinders word duidelik uitgelig, waar dit ’n waarde is wat van generasie tot generasie oorgedra is, en ook as aanknopingspunt dien: “Ons het nou albei ’n man en kinders en hierdie gedeelde belangstelling maak dat ons mekaar beter verstaan as ooit tevore” (*Finesse* 2008:20). Die belang van die huwelik en die gesin, en haar rolle as eggenote en moeder, wat hier met die hedendaagse Christen-Afrikaanse vroue-ideaal geassosieer word, vind neerslag in die Bybelse vroue-ideaal wat De Vaal (2007:4) beskryf as “’n voortreflike lewensmaat, [...] en ’n suksesvolle ma. Ook Geldenhuys (1954:163) koppel hierdie rolle tot die Bybelse vroue-ideaal: “Daar bestaan tóg egter duisende vroue wat volgens menslike standaarde ’n wonderlike hoë graad van volmaaktheid besit – vroue en veral moeders wat duisendmaal die name ‘Vrou’ en ‘Moeder’ werd is”. Ook Joubert en Smith (2010:19) koppel die rol van eggenote en moeder pertinent tot die Bybelse vroue-ideaal. Daar blyk ook hier weinig verskil tussen die mites rondom die Bybelse, en die hedendaagse vroue-ideaal te wees.

Hierdie artikel “10 mees inspirerende vroue” het tien Suid-Afrikaanse, meestal Afrikaanse vroue uitgelig. Hierdie vroue dien as inspirasie vir die alledaagse Christen-Afrikaanse vrou wat *Finesse*-lesers is. In die meerderheid van hierdie gevalle is hul geloof ’n groot bron van krag in die oorwinning van hul swaarkry. Hierdie eienskap, om swaarkry te oorwin met behulp van geloof, blyk gewortel te wees in die Afrikanerkultuur, soos uiteengesit in hoofstuk 2. Ten einde hierdie oorwinning te behaal, het hierdie vroue wat in *Finesse* uitgebeeld word, blykbaar teruggekeer na tradisionele, patriargale verwagtinge, wat insluit die bekende rolle van vrou- en ma-wees. Alhoewel hierdie vroue nie ooglopend saam met hul mans en kinders op hierdie foto’s verskyn nie, konstrueer die subteks die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal. Hierdie ideaal is volgens die artikel ’n volwasse, getroude vrou met kinders. Sy ken haar waardes en fokus op die belang van

haar huisgesin – haar man en haar kinders. Dit blyk in pas te wees met *Finesse* (2007) se leuse: “Dit is ’n tydskrif vir die ingeligte vrou vir wie waardes en verhoudings belangrik is, want sy wil daar wees vir haar man en kinders, maar ook belê in geestelike groei, [en] persoonlike ontwikkeling”. Die vrou se beroepe word nie in een van hierdie artikels genoem nie. Daar word eerder op die belang van haar huwelik (al is dit gebroke soos in die geval van Suzette van der Merwe) en haar kinders gefokus. Die belang van die huwelik en kinders, en haar rolle as eggenote en moeder, vir die Christen-Afrikaanse vrou-ideaal, blyk in pas te wees met die Bybelse vrou-ideaal.

Dit is opvallend dat vyf van hierdie tien vrou-ideale wat voorgehou word, eens mejuffrou Suid-Afrika of mevrou Suid-Afrika was. Dit is dan duidelik dat die mitiese Christen-Afrikaanse vrou wat hier gekonstrueer word moet strewe na ’n mate van perfekte uiterlike skoonheid. Dus, alhoewel “skoonheid [nie] hou nie” en, “’n mooi voorkoms [...] nie alles [is] nie” vervolgens Spreuke 31:30 (Landman 2003a:771), is dit duidelik dat Westerse standarde rondom skoonheid in hierdie uitbeeldings oënskynlik aanvaar word. Maar, anders as in sekulêre tydskrifte, word uiterlike skoonheid in hierdie tydskrifte teenoor innerlike skoonheid gestel. Soos wat *Finesse* (2007) in haar leuse te kenne gee: “Dit is ’n tydskrif vir die moderne vrou wat omgee WIE sy is en nie net hoe sy lyk nie (hoewel laasgenoemde aspek nie afgeskeep word nie)”.

Nog ’n uitbeelding in *Finesse* wat tot die konstruering van die mite rondom die uiterlike skoonheid van die Christen-Afrikaanse vrou-ideaal bydra, sluit in “Die vere maak die vrou!” (Figuur 45). Dieselfde vrou kom vier keer op hierdie bladsy voor – vollyf en elke keer in ’n ander uitrusting. Die kleredrag wat gemodelleer word, is winterdrag, konserwatief, betaamlik en meestal swart met aksente van rooi, oranje en pers (tradisionele winterskleure). In drie van die vier uitbeeldings dra die vrou ’n romp, teenoor die langbroek in die ander uitbeelding.

Hierdie artikel getuig van die belang van mode – dus uiterlike skoonheid - in ’n vrouetydskrif. Hier word stapsgewys aangedui hoe om te voldoen aan die voorgehoue Christen-Afrikaanse vrou-ideaal. Die pryse van die kledingstukke en die winkels waar dit gekoop kan word, word met elke foto gegee. Sodoende word die voorkoms as te ware bekombaar gemaak vir elke leser wat streef na die Christen-Afrikaanse vrou-ideaal. Die voorkoms wat hier gekonstrueer word vir die Christen-Afrikaanse vrou-ideaal, spreek moontlik van kuisheid, smaakvolheid en bedeesdheid. Dit blyk in pas te wees met die Bybelse vrou-ideaal wat “rein” (Geldenhuys 1954:168), “eerbaar”

(Geldenhuis 1954:167), “rustig en kalm”, en “nooit haar morele standaard [laat] daal nie” (Geldenhuis 1954:167). En, “[h]oe besig sy is, bly sy netjies en aantreklik” (Geldenhuis 1954:168), want “die vere maak die vrou” (*Finesse* 2008:44).

aktueel

# Die VERE Maak Die VROU!

As jy voor die spieël staan en na jouself kyk, lyk jy op jou beste? Of trek jy te oud vir jou ouderdom aan? Voorspelbaar, onvanpas of net té gewoon? Suid-Afrika se voorste stylkenners gee wenke wat vir jou kan werk.

DEUR RYNO MULDER FOTOS FRANCIS BOUYENS

**KANTOORSTYL**  
Blaaije, R999, romp, R490, handtas, R2 200, alies van Jo Borkett; kassioet, R460, van Habibi; corsetje, R20, van Edgar; kous, R40, van Foschi; enkelstelsels, R170, van Dussat

**KUIER BY 'N VRIENDIN**  
Blaaije, R999, van Fony; romp, R490, van Jo Borkett; corsetje, R80, van Accessorit; kous, R40, van Foschi; skoene, R890, van Jo Borkett

**AANDETE SAAM MET MANLIEF**  
Blaaije, R999, broek, R390, beide van Jo Borkett; skoene, R190, van Fony; gordel, R80, rom, R40, beide van Foschi; corsetje, R4 680, van Jena Clifford; stelsels, R1 499, van Aido

**GESINSHAWEEK**  
Tuis, R999, van Pregel; beskikbaar by Timeslip Legacy; swig, R100, van Foschi; rom, R490, van Jo Borkett; ooringe, R20, van Edgar; handtas, R300, van Rage; skoene, R720, van Dussat

## 1, 2, 3... STYLVOL!

- Elke keer as jy aantrek, vra jou af of die kleed eintlik maak vir jou figuur, jou ouderdom en die geleentheid.
- Hou 'n spesieel skure vir jou om jouself van voor, van agter en van die kant en 'n bevoede, volledige spieël te kan sien. Maak staat op daardie geleentheid 'n mens kry wanneer iets eintlik nie reg is nie en probeer vasstel wat dit is.
- As jy realities na jouself getyk het, verander die dinge wat jy kan en aanvaar die wat jy nie kan verander nie. Moenie onder druk voel om 'n figuurtype na te streef wat vir jou aantrekliker lyk nie – soos Desperate Housewives s'n.
- As jy oor 'n uitrusting twyfel, moet jou besluit of dit of oet wees en nie dit én dat nie.
- Swart het 'n versterkende effek en wil laat jou groter lyk. Hierdie illusie kan gebruik word met enige donker tenoor ligter kleure.
- Weet wat in jou kleedkas werk vir jou. Koop net iets as jy fantasiees daarin lyk en voel. Moenie voor verkooptepraatjies swig nie.
- Wanneer jy gemaklik voel, lyk jy nie noodwendig goed nie, en as jy goed lyk, voel jy nie altyd gemaklik nie. Styvolle kleed is gewoonlik meer gestruktureer as gemakdrag en dwing jou om meer op jou postuur te let.
- Wees modieus maar nooit 'n modieelaaf nie. Spandeer min op modiese sake 'n buidagelike met 'n buitengewone aan of skil kleur. Kies eerder klassieke kleure, maar hou dit opwindend. Spandeer meer op 'n staatsmaker soos 'n eenvoudige swart rok – 'n basiese item wat goed pas, met die regte lengte, 'n vleierende halslyn en van 'n onsonderlike materiaal. Dit kan oor en oor gedra word.
- Spandeer ook meer op nuwerwetse maar stylvolle bykomstighede, soos gordels, juwele en handtasse wat by verskillende uitrustings gedra kan word.
- As 'n sekere kleur hoogmode aanvaar die wat jy nie kan verander nie, maar dit vlei nie jou velskakering nie, kan jy dit steeds dra. Dra dit eger weg van jou gepas af, soos 'n broek, romp of handtas.
- Meng en pas. Jy het dit al 'n honderd maal gehoor: Begin dit hou toepas. 'n Pak is nie net een uitrusting in jou kleedkas nie. Gebruik net die blaaije of net die broek of romp van die pak saam met informele, blink of modieuse items om meer gemaklik, sexy en jonk te lyk. So kry jy meer myle uit jou kleedkas en kan jy jou hooftelheid uitrustings verveelvoudig.
- Kry 'n voorkoms-konsultant of mode-ontwerper se raad. Vir minder as die prys van 'n basiese uitrusting sal hulle optree as jou persoonlike stilis en objektief met 'n kennisering na jou en jou kleedkas. Die persoon sal jou help om nuwe uitrustings uit jou bestaande keuses te streek en bepaal watter items jou nie vlei nie, watter klassieke items jy kort en watter soort mode items die getel werd is om op te spandeer.

MODE-ONTWERPER SIMON RADEMAN >

MEI 2008 FINESSE 45

Figuur 45: *Die vere maak die vrou!* (*Finesse* Mei 2008:44-45).

Die vrou in die foto se grimering is onopgesmuk, sy dra min juwele en haar lang hare, wat telkens op 'n ander wyse gestileer word, is nie opgesmuk volgens die algemene haarstyl mode van 2008 nie. In twee uitbeeldings dra sy 'n handsak as bykomstigheid terwyl sy al vier kere in hoë hakke getooi is. Sy glimlag in elke foto, kyk direk na die leser behalwe in die geval van een, terwyl haar kop in drie van die vier uitbeeldings ondergeskik weggedraai of gebuig word. In al vier uitbeeldings is ten minste een knie gebuig. Brownmiller (1984:197) meen dat so 'n liggaamsposisie kenmerkend van vroulikheid is: “Subservience in movement and gesture was the hallmark of feminine modesty in books of deportment that were written for the new bourgeoisie of the Middle Ages”. Brownmiller (1984:199) verduidelik verder:

Quaint postures that throw the body off balance, such as standing on one leg as if poised for flight, or leading from the hips in a debutante slouch, or that suggest a child's behaviour (the stereotypic sexy secretary taking dictation while perched on the boss's knee), fall within the repertoire of femininity that is alien, awkward and generally unthinkable as a mode of behaviour for men.

Goffman (1987:45-46) meen veral dat die gebuigde knie op ondergeskiktheid dui:

Women frequently, men very infrequently, are posed in a display of the 'bashful knee bend. Although a distinction can be made between body cant and head cant, the consequences seem to be much the same. The level of the head is lowered relative to that of others, including, indirectly, the viewer of the picture. The resulting configurations can be read as an acceptance of subordination, an expression of ingratiating, submissiveness, and appeasement.

In die lig van Goffman (1987:45-46) se argument spreek die liggaamshouding van die vrou in al vier foto's, waar die knie gebuig is en die kop meestal gekant is, moontlik van die gedweë aanvaarding van ondergeskiktheid.

Die opskrif "Die vere maak die vrou!" het 'n subteks wat objektivering en ondergeskiktheid impliseer. Die vrou word met 'n voël (se vere) vergelyk. Hierdie objektivering is 'n metafoer wat die vrou met die natuur assosieer. Radford Ruether (1993:73) se siening hieroor is ook hier van toepassing, naamlik dat die vrou se fisiologiese aard haar onlosmaaklik aan die natuur bind. Die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal word ook geobjektiveer deur haar aan die dekoratieweit van 'n voël te verbind. Die opskrif skep ook die persepsie dat klere 'n vrou maak – dat sy niks besonder is sonder klere nie. Klere dra by tot haar dekoratieweit. Die vrou kan deur verskillende uitrustings te dra, verskeie persona aanneem. Goffman (1987: 51) het die volgende oor so 'n tipiese klere-aanpas-uitleg te sê:

[T]he sense is that one may as well try out various possibilities to see what comes of it – as though life were a series of costume balls. [...] It is a common view that women spend much more of their time and concern in shopping for clothes and preparing for appearances than do men, and that women set considerable store on the appreciative or depreciative response they produce thereby.

Hierdie tipiese verandering van persona deur middel van kleredrag en die aankoop van klere, word dikwels gesien as tipies deel van vroulikheid. Om Chante Hinds, een van die top tien vroue in die vorige artikel, aan te haal: "God het die vrou as wonderlike aanpasbare wese geskape" (*Finesse* 2008:19). Net soos 'n verkleurmannetjie, kan 'n vrou (beide haar gemoedstoestand en haar voorkoms) verander om aan te pas by enige situasie. Onder elke beeld in hierdie artikel is 'n opskrif wat hierdie personas vergestalt: "kantoorstyl", "kuier by 'n vriendin", "aandete saam met manlief," en "gesinsnaweek" (*Finesse* 2008:44-45). Hierdie personas skep rolverwagtinge rondom die Christen-



Afrikaanse vroue-ideaal met betrekking tot werkende vrou,<sup>51</sup> vriendin, vrou as eggenote en ma.

Die onderskrif van hierdie artikel stel ook sekere verwagtinge rondom 'n vroue-ideaal: “As jy voor die spieël staan en na jouself kyk, lyk jy op jou beste?” (*Finesse* 2008:44). Volgens Berger (1972:50-51) word 'n spieël dikwels gebruik as simbool van die ydelheid van die vrou. Hy meen ook dat, deur na haarself in die spieël te kyk, die vrou deel word van die toeskouers wat na haar kyk. Sy word dus self 'n toeskouer, en objektiveer haarself. Die subtitel is verder: “Of trek jy te oud vir jou ouderdom aan?” (*Finesse* 2008:44). Hierdie vraag impliseer dat jeug 'n kwaliteit is om na te streef, dat die vrou deur middel van kleren haar ware ouderdom kan verbloem. Die onderskrif “1, 2, 3 ... Stylvol!” (*Finesse* 2008:45) aan die regterkant van die bladuitleg, verklap die denkwyse wat tipies is van vrouetydskrifte – dat vroulikheid stap-vir-stap aangeleer kan word.

Met betrekking tot die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal impliseer hierdie bladuitleg dat die leser hierdie voorkoms van die vroue-ideaal wat hier gekonstrueer word, kan bekom deur hierdie stappe te volg: 'n vriendelike, stylvolle vrou; bedees en besadig; smaakvol en op haar plek. Ook hierdie ideaal en die rolle wat dit impliseer, is oënskynlik in ooreenstemming met die Bybelse vroue-ideaal wat Geldenhuys (1954), De Vaal (2007) en Joubert en Smith (2010) na verwys.

#### **4.4.2 Die konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal aan die hand van Lééf:**

Kronologies is die eerste artikel wat in hierdie uitgawe van *Lééf* verskyn 'n uitvloeisel van die tema wat op die voorblad geadverteer word. Die foto wat hierdie artikel “Die ander

---

<sup>51</sup> In haar studie rakende verskeie vrouetydskrifte en die vroue-ideaal, fokus De Vaal (2007:225) onder meer op die werksoekers: “Beskou 'n mens die inhoud van sowel Suid-Afrikaanse as Nederlandse vrouetydskrifte krities, is die werksoekers nie tot die beroepsomgewing beperk nie, maar vind dit neerslag op alle terreine van vroue, insluitend kindersorg, verhoudings, voorkoms en verbruikersgedrag”. Nietemin meen De Vaal (2007:231) dat die werksdiskoers nie soveel klem dra in die tydskrifte wat sy ondersoek het, as “dié van ma en tuisteskepper” nie. “Ongeag die inkomste-, kultuur- of taalgroep waarin die werkende vrou haar bevind en ten spyte van selfgeldende, feministiese aspirasies: vroue skyn [...] van nature bereid te wees om 'op het gebied van werk iets in te leveren om thuis iets te winnen' [...] en hul sterkste werksywer ten spyte, ma-wees bó werk te prioritiseer”. Dieselfde geld in die geval van *Finesse* en *Lééf*, wat later in hierdie studie duidelik sal word: Daar word wel gefokus op die werksdiskoers, maar nietemin is hierdie artikels in die minderheid, en in die agterkant van *Finesse* geplaas. Hierdie uitgawe van *Lééf* het geen artikels wat handel om vroue en werk nie. Die artikels in *Finesse* wat wel na werk verwys, verwys egter na werkstipes wat tradisioneel aan vroulikheid gekoppel word, soos in die artikel “2008 my jaar. Van klaas na baas” (*Finesse* 2008:54-62). Die klem in albei tydskrifte val blykbaar eerder op eggenote, moeder, en tuisteskepper.

kant van die Penny” (Figuur 46) vergesel, behels ’n volbladfoto van dieselfde vrou wat op die voorblad pryk.



Figuur 46: *Die ander kant van die Penny.*  
(*Léef* Mei 2008:16-17).

Die ouer skoonheid kyk die leser aan met ’n reguit blik. Sy hou haar kop effens skeef – waarskynlik simbolies van onderdanigheid (Goffman 1987:46). Haar gesig is innemend, te danke aan haar breë glimlag. Die stringe pêrels om haar nek, spreek van die klassieke skoonheid, kuisheid en kosbaarheid (Pearls as Symbol 2010). Brownmiller (1984:79) meen dat in die 1950s “a strand of cultured pearls [...] represented impeccable refinement and upward mobility”. Sy gaan voort en sê dat in die vyftiger- en sestigerjare hierdie tipe bykomstighede “formal grace notes” (Brownmiller 1984:79) tot ’n uitrusting gebring het. Dit blyk dat nie veel verander het in die laaste vyftig-plus jare nie.

Soos reeds bespreek, versinnebeeld haar wit uitrusting moontlik reinheid en ongeskondenheid (Kress & Van Leeuwen 2002:343). Stereotipiese elemente wat die algemene estetiese konvensies rondom vroulikheid ondersteun, is aan haar uitrusting aangebring, onder meer deur die borduurpatroon bestaande uit blomme en blare. Die moue en voorpante van haar baadjie is met blink silwer geaksentueer, en dieselfde silwer kom plek-plek oor die res van haar uitrusting voor. Die silwer is waarskynlik ’n assosiasie met die glanspersoon wat op die foto voorkom. Net soos die skrywers van

*Finesse* die voël-metafoor in werking stel, blyk die vrou wat hier verbeeld word opgetooi en bewonderenswaardig te wees. Die brons en goud is moontlik simbolies van die vrou se koninklikheid (as skoonheidskoningin), en ook haar herfsjare of te wel, ‘goue jare’, soos reeds bespreek.

Die vrou se een arm rus op die rugleuning van ’n stoel, terwyl die ander een voor haar lyf gevou word sodat haar hande statig op mekaar rus. Die feit dat sy op ’n stoel sit, met ’n arm wat rus, is simbolies van passiwiteit en ondergeskiktheid (Goffman 1987:41). Die trouing aan haar vinger impliseer ’n huwelik – ’n aanduiding van haar rol as eggenote. Die agtergrond is gedrapeer in ’n ryk materiaal wat die kleur van haar hare en die stoel reflekteer. Die patroon van hierdie ryk agtergrondmateriaal is ’n vroulike blompatroon, wat die vrou aan die natuur koppel. Op sigself is die natuur ’n metafoor wat dikwels met vrou-wees en haar biologiese eienskappe vereenselwig word (Radford Ruether 1993:72):

Women are symbolized as ‘closer to nature’ than men and thus fall in an intermediate position between culture as the male sphere and uncontrolled nature. This is due both to woman’s physiological investment in the biological processes that reproduce the species rather than in processes that enhance her as an individual and to the ability of male collective power to extend women’s physiological role into social roles confined to child nurture and domestic labor.

Die teks regs onder lui: “Haar helder, groenblou oë kyk stip, sonder om te intimideer” (Lééf 2008:17). Die feit dat haar oë stip kyk, is moontlik spreekwoordelik van haar selfvertroue. Nietemin word daar klem gelê op haar vroulike sagtheid – “*sonder om te intimideer*” (Lééf 2008:17 [beklemtoning bygevoeg]). Die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wat hier gekonstrueer word behels oënskynlik ’n ouer, statige, getroude dame met die inbors en skoonheid van ’n koninklike. Sy blyk selfversekerd te wees, maar saggeaard en sagmoedig. Hierdie is waarskynlik in pas met Geldenhuys (1954:168) se beskrywing rakende die Bybelse vroue-ideaal: “Sy besit ’n sterke persoonlikheid en is eerbaar in alle opsigte”. “Sy is rustig en kalm”, en “sy het ’n ongeskondenheid, ’n reinheid van inbors wat alle persone die swye oplê” (Geldenhuys 1954:167); terwyl Joubert en Smith (2010:18) meen sy het inbors en integriteit, en dat sy eerlik, opreg en betroubaar is.<sup>52</sup>

---

<sup>52</sup> Die vrou in hierdie beeld word só gekonstrueer sodat sy lyk na ’n vrou wat eerlik en opreg is, en daarom betroubaar.

Die opskrif “Penny”<sup>53</sup> word uitgelig deur middel van grafiese elemente soos lettertipe en grootte. Die teks is gevul met goud, en komplementeer die kleure in die foto. Die volle opskrif: “Die *ander kant* van die Penny” is dubbelsinnig in die sin dat dit sinspeel op die outydse geldeenheid, ’n pennie. Hierdie woordspel verwys waarskynlik nie net na haar ouderdom nie, maar ’n nostalgie word ook bespeur.

Die woord “Penny” eien ook die vrou op die foto as Penny Coelen-Rey.<sup>54</sup> Die subopskrif verduidelik: “Haar skoonheid het destyds die wêreld aangegryp. Vyftig jaar later is Penny Coelen-Rey steeds beeldskoon – maar dis ’n dieper ryker mooi. Vol lag, maar ook vol pyn ...” (*Lééf Mei* 2008:16-17). In die teks gee die jaar 1958 te kenne dat dit die jaar is wat Penny Coelen-Rey tot Mej. Suid-Afrika gekroon is. Later is sy selfs aangewys as Mejuffrou Wêreld (*Lééf Mei* 2008:16), wat waarskynlik van die hoogste mylpale is wat ’n skoonheidskoningin in die twintigste eeu kan hoop om te bereik. Uiterlike skoonheid word hier twee keer uitgelig. Op dieselfde wyse as by *Finesse*, word daar ook verwys na innerlike skoonheid, of geestelike volwassenheid wat bekom word deur pyn. Die hedendaagse Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wat hier blyk gekonstrueer te word, dui op skoonheid, van buite maar ook binne. Hierdie geestelike of innerlike skoonheid (wat belangriker is as uiterlike skoonheid) wat hier rondom die hedendaagse Christen-Afrikaanse vroue-ideaal gekonstrueer word, blyk in pas te wees met die Bybelse vroue-ideaal. In hierdie verband haal Geldenhuys (1954:170) Spreuke 31:29 aan: “Uiterlike skoonheid hou nie, ’n mooi voorkoms is nie alles nie; as sy die Here dien, dan verdien ’n vrou om geprys te word”<sup>55</sup> (Landman 2003a:771).

Dit blyk dat jeugdige skoonheid as die ideaal nagestreef word in die hedendaagse kultuur. Vir die meeste vroue is die verouderingsproses klaarblyklik vreesaanjaend. McDonald (1995:194), beskryf dit soos volg:

For women, ageing is constructed as a process to be feared and avoided as long as possible, while for men it often enhances status and prestige. Because of the close relationship for women between appearance and identity, the signs of aging trigger worries about loss of social value and esteem that have no equivalent for men.

---

<sup>53</sup> Die lettertipe, soos wat dit op die voorblad gebruik is, verwys na die denkbeeldige gemeenskap – asof Penny self haar naam hier geskryf het, en die leser op só ’n wyse ’n intieme vriendin van Penny kan wees.

<sup>54</sup> Uit ’n vooraf opgestelde kulturele raamwerk weet die leser wie hierdie vrou is. Penny Coelen-Rey is gekroon as Mejuffrou Suid-Afrika in 1958 en ook as Mejuffrou Wêreld in dieselfde jaar. Sedertdien is sy ’n glanspersoonlikheid in Suid-Afrika.

<sup>55</sup> Die ou vertaling wat Geldenhuys (1954:170) aanhaal van Spreuke 31:29 lui: “Die bevalligheid is bedrog en die skoonheid is nietig; ’n vrou wat die Here vrees, sy moet geprys word.

In teenstelling met heersende ideologieë waar jeugdige skoonheid as die ideaal voorgehou word (McDonald 1995:194), blyk hierdie uitgawe van *Lééf* eerder 'n huldeblyk te wees aan ouer vroue (hier onder die vaandel van volwassenheid, geestelike ryphed en innerlike skoonheid), soos ook in hierdie artikel. Reeds in die tweede paragraaf word Penny se ouderdom verklap – sy is 68. Haar gevorderde ouderdom is blykbaar egter slegs 'n aanduiding van haar lewenservaring en innerlike skoonheid, want *Lééf* verduidelik dit soos volg: “Die plooi wat wel op haar sonbruin vel kreukel, verleen karakter” (*Lééf* 2008:16). Ouderdom word aanvaarbaar gemaak deurdat gesuggereer word dat dit na innerlike skoonheid (karakter) en uiteindelik wysheid (in die vorm van volwassenheid) lei.

Die titel, wat lui: “Haar skoonheid het destyds die wêreld aangegryp. Vyftig jaar later is Penny Coelen-Rey steeds beeldskoon – maar dis 'n dieper ryker mooi. *Vol lag, maar ook vol pyn ...*” (*Lééf* Mei 2008:16-17 [beklemtoning bygevoeg]), dui daarop dat die tema van pyn en swaarkry, kenmerkend blyk te wees van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal, en word só in *Finesse* en *Lééf* gekonstrueer. Hierdie karaktereienskap – die noodsaaklike swaarkry – word deel van die hedendaagse Christen-Afrikaanse vroue-ideaal.

In terme van die konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal, verwys hierdie artikel na die volgende: “Van haar kroning in 1958 as Mejuffrou Suid-Afrika, tot moederskap. En natuurlik haar huwelik van 48 jaar met Michel, oftewel Mickey, haar Franse man” (*Lééf* 2008:16). Dit is drie karaktertrekke van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wat hier uitgelig word – skoonheid, moederskap en die huwelik. Hierdie rolverdeling wat aan die hedendaagse Christen-Afrikaanse vroue-ideaal toegeskryf word, is in pas met die Bybels vroue-ideaal: De Vaal (2007:4) beskryf haar as “'n voortreflike lewensmaat, [...] en 'n suksesvolle ma, terwyl Cilliers (2003) sowel as Joubert en Smith (2010:19) hierdie rolle beaam.





Figuur 47: *Mooi so Mamma*.  
(*Léef Mei* 2008:32-33).

In die artikel: “Mooi so Mamma”<sup>56</sup> (Figuur 47), kom die vrou se blik die leser tegemoet terwyl haar kop effens na die kant leun, wat weereens dalk ondergeskiktheid beteken (Goffman 1987:46). Haar brons oorvrouhemp se frille-afwerking beklemtoon die hals en trek aandag na haar bors, alhoewel dit heel kuis voorkom. Die ryk, blink brons kleur van die hemp blyk “rustig en kalm” (Geldenhuis 1954:167) te wees, en is moontlik simbolies van geestelike volwassenheid. Dit weerspieël egter ook ’n vroom, stemmige en betaamlike beeld, in teenstelling met uitspattigheid. Haar een hand raak sagkens aan die muur, tipies van die ondergeskikte, vroulike aanraking wat Goffman (1987:29) uitlig. Brownmiller (1984:178) meen ook dat grasiëusheid, ’n kenmerk van vroulikheid is, en word dikwels weergegee deur die vroulike hand, soos ook in hierdie foto: “grace may be defined as an aesthetic value that we place on a fluid, coordinated motion. The female hand makes a poor fighting fist because of small, light bones and limited strength, but it lends itself well to supple articulation”. Die vrou in die foto se ander hand is bedees in haar bruin broeksak gedruk, wat terselfdertyd haar heupe beklemtoon – waarskynlik

<sup>56</sup> Dit is opvallend dat in elke beeld in hierdie reeks, die vrou aan óf blomme, óf die natuur gekoppel word. Soos bespreek in 2.3.1.9) *Mooimaaksessies* en 2.3.3.2) *Blomme*, kan hierdie verskynsel terugverwys na ’n diskoers in kunsgeskiedenis. Kunswerke wat só ’n diskoers versinnebeeld en die vrou aan die natuur gelykstel, veral deur die gebruik van blomme, sluit in John Everett Millais se *Ophelia* (1894) (Figuur 10) Edouard Manet se *Luncheon on the Grass* (1863) (Figuur 11) en Titian se *Venus of Urbino* (1538) (Figuur 16). Hierdie artikel is ook veral van belang met betrekking tot die konstruering van ’n Christen-Afrikaanse vroue-ideaal waar sekere rolverwagtinge uitgespel word, in hierdie geval die rol as ma.

subtiel simbolies van die vrou se biologiese natuur om kinders te baar (Brownmiller 1984:177; Radford Ruether 1993:72).

Die kleure van die agtergrond is bedees, in twee skakerings van bruin. Hierdie agtergrond wat die vrou omring, reflekteer ook waarskynlik die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal in terme daarvan dat sy stil, bedees en smaakvol moet wees (in teenstelling met uitspattigheid). Daar is 'n pot rose agter haar.<sup>57</sup> Volgens Pollock (1988:135) is die verband tussen blomme en die vrou van biologiese aard: "Flowers have often been used as a metaphor for women's sexuality, or rather their genitals". Op 'n subtiel wyse word die Afrikaanse Christelike ideaal oënskynlik aan moederskap gekoppel deur die gebruik van rose. Die rose sinspeel verder op die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal se skoonheid en liefde (Stott 1992:61). Selfs die brons bak waarin die rose gerangskik is, is met trosse druive afgewerk. Druive het 'n belangrike Bybelse konnotasie, waar wyn simbolies is van die nagmaal en indirek die bloed van Jesus Christus (Suite 101). Die moontlikheid bestaan dat die trosse druive ook simbolies kan wees van vroulike vrugbaarheid (Baptist Bedaux 1987), wat die vrou op die foto koppel aan haar biologiese eienskappe.<sup>58</sup>

Die opskrif "Mooi so Mamma" is bo-oor die visuele beeld geplaas. Hierdie taalkundige teken is tweevoudig. Buiten dat die opskrif die vrou op die foto as 'n moeder identifiseer, is dit 'n uitroep van prysing. Lof word oënskynlik aan hierdie moeder gebring, en moontlik ook ander moeders in die denkbeeldige gemeenskap. Hierdie lofprysing wat die moeder toekom, vergelyk met die lofprysing wat ook die Bybelse vroue-ideaal toekom, soos Geldenhuys (1954:170) meen:<sup>59</sup> "Kan ons dus verbaas wees dat, as 'n spontane liefdesuiting en dankbetuiging, sy deur haar hele huisgesin heelhartig geprys word". Ook Joubert en Smith (2010:22) meen: "Sy vat raak, praat raak en doen raak as dit by haar huisgesin kom. Geen wonder dat haar man en kinders haar bewonder nie". Tweedens verwys dit ook na haar uiterlike voorkoms – hierdie ma sien klaarblyklik ook uiterlik mooi daaruit. Die subteks verwys na die mooimaak sessie, die transformasie wat hierdie ma ondergaan om so mooi te kan lyk (en by implikasie ook die leser-mamma van die denkbeeldige gemeenskap). Hierdie uitbeelding van die hedendaagse Christen-Afrikaanse vroue-ideaal vergelyk weereens met die interpretasie van Spreuke 31, wat

---

<sup>57</sup> Sien volledige bespreking omtrent die natuur en blomme as mitiese simbole in 2.3.1.9) *Mooimaak sessies* en 2.3.3.2) *Blomme*.

<sup>58</sup> Soos bespreek in 2.3.3.3) *Vrugte*

<sup>59</sup> Na aanleiding van Spreuke 31:22 (Landman 2003a:771): "Haar kinders prys haar, haar man bewonder haar".

volgens Geldenhuys (1954:168) behels dat “hoe besig sy ook al is, bly sy netjies en aantreklik”.

Die konsep ‘ouderdom’ word in hierdie artikel ingevleg: ’n Vrou kan (of moet) steeds mooi wees, ten spyte van haar ouderdom. Nietemin is daar klaarblyklik steeds ’n stel skoonheidstandaarde waaraan voldoen moet word. Met betrekking hiertoe word raad uitgedeel: “Pas jou velsorg en klerekas daarby aan” (Lééf 2008:32). Die velsorg impliseer in ’n mate jeugdigheid – die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wat gekonstrueer word behels moontlik nie die strewe na ’n 21-jarige jeugdige gelaat nie, maar wel een wat die vrou laat goed lyk vir haar ouderdom. Dit blyk dat die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal ook gebuk gaan onder ’n algemene strewe deur vroue in hedendaagse kapitalisiese gemeenskappe na jeugdelikheid, wat ’n universele ideaal is wat aan vroue in die media voorgehou word (McDonald 1995:194). Die klerekas wat genoem word verwys na rekwisiete wat die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal kan help om haar voorkoms aan te pas, hetsy by die situasie, die rol wat sy moet vertolk, of haar ouderdom. Brownmiller (1984:174) meen dat hierdie tipe rekwisiete deel maak van vroulikheid:

No mysterious bundle of tricks is required to impersonate a man, for masculine movement flows naturally from physiology with little modification.<sup>60</sup> Female impersonation, however, relies on a suitcase full of special effects: a wig, a dress, a brassiere and a set of falsies, jewellery for the arms, neck and ears, a makeup kit with lipstick, rouge, eye shadow and false lashes, a girdle, nylons, and a pair of high heels. Not only must the impersonator deck himself out in full regalia to create his illusion, he must familiarize himself with the workings of each and every item, for women are all female impersonators to some degree.

Met verwysing na bogenoemde Lééf-artikel, is die boodskap waarskynlik dat die vrou haar ouderdom moet aanvaar om (op daardie ouderdom) ten volle te leef, vervolgens die voorskrifte wat die tydskrif uiteensit. Dit betaam klaarblyklik die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wat gekonstrueer word, om berispelik, betaamlik, statig, eerbaar, van pas en stemmig aan te trek, en nie soos ’n uitspattige tiener nie, of soos ’n jong *femme fatale* nie, soos wat waarskynlik in *Cosmopolitan* aangetref sou word nie.<sup>61</sup> Nee, die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal is in pas met die deugsame Bybelse vroue-ideaal van Spreuke 31, wat “eerbaar [is] in alle opsigte” (Geldenhuys 1954:169).

---

<sup>60</sup> Brownmiller (1984:174) verwys na die koreograaf, Tommy Tune wat aktrises probeer leer het hoe om soos ’n man op te tree: “he told them to imagine they had something dangling between their legs”.

<sup>61</sup> Hierdie stelling word gebaseer op die bespreking rondom Figuur 22 “Voorblaaie van Lééf, *Cosmopolitan* en *Finesse en Fair Lady*”.

Op die volgende bladsy van “Mooi so Mamma” (Figuur 48) verskyn dieselfde vrou in ’n promosie-aanbieding van die produk waarvan hierdie betrokke mooimaakessie gebruik maak. Hierdie artikel is veral van belang by die konstruering van ’n Christen-Afrikaanse vroue-ideaal waar sekere rolverwagtinge uitgespel word, in hierdie geval die rol as moeder.

**Promosie**

**G**edurende swangerskap verander die struktuur en voorkoms van jou vel gewoonlik heelwat. Hormoon-skommelings beïnvloed jou vel verskillend, maar oor die algemeen kan jy die veranderinge te wagte wees.

Almag! Meestal is die probleem tydens die vroeë fase van swangerskap, veral as jy gewoonlik gedurende jou maatskapskap met 'n uitdaging sukkel. Sommige aknee-lyers baat egter by die hormoonveranderinge.

**Leuenslekke ('swangerskap-sonder')** Soms verkleur die vel, veral as jy vroeër las gehad het van pigmentasievlekke. Dit gebeur wanneer swangerskaphormone die produksie van melanine (bruin pigment) oortuig. Gedruk, slaggas, sonkern, aangesien sonbeskerming die donker dele kan beklemtoon. Meestal sal die vlekke na die bevalling ligter word of verdwyn.

**Pigmentasie:** Soms is oorbodigheid die probleem. Gebruik spesiaal geformuleerde produkte wat die produksie van melanine en sooskeide beheer.

**Gloeiende vel:** Beter bloedsirkulasie tydens swangerskap verhoog toevloer van suurstof en voedingsstowwe na die veloppervlak. Vandaar die natuurlike gloeiende gelaat waarmee swanger vroue soms spog.

**Velsorgbehandeling: Pigmentasievlekke**  
Almay Kinetin Skincare is 'n teen-verouderingsbehandeling, ontwikkel vir die meer sensitiewe vel.  
Daar is Kinetin bynaas dat kinetien, 'n plantgroeihormoon, die verouderingsproses in die selle van menslike seëfel vertraag.  
Die reële lewer dramatiese resultate, sonder die sowa-effekte of sensitiwiteit wat dikwels met retinol en ALAN (tretinoin) verband word. Boonop is dit 'n teenoester vir bruin vlekke en onegale veltoon.

Met die hoogste konsentrasie kinetien in Kinetin Repair and Rejuvenate Night Concentrate die sterfprodukt in heeler reële.  
Saam met jou vel se eie verouderingsproses werk die konsentraat snags die impak van die dag se skade teen.

**Almay Kinetin Skincare:**

- verminder fyn lyntjies en plooië
- verlig bruin vlekke en onegale veltoon
- verbeter firmiteit en elastisiteit
- help die vel om vog te bly
- verbeter tekstuur en laat die vel glansend
- behandel vergrote porieë (dikwels 'n swangerskap-geval)

**Almay beveel die velsorgprodukte vir Hattie aan:**  
Almay Kinetin Skincare; Kinetin Repair and Rejuvenate Night Concentrate; Almay Pure Blends Mineral Makeup.

**Hattie Wright (33)**

**Gesond en glansend**  
Voed jou vel met Pure Blends Mineral Makeup met SPF 15 'n sagte, poeierige, mineraalonderlaag. Dit word gladweg aan vir 'n natuurlike, vlekkelose gelaat. Dit maaklik om te gebruik en help jou om die regte hoeveelheid met die druk van 'n knopie te beheer.

**'n Nuwe ma**

Jou vel verander as jy swanger is, maar jy kan steeds met 'n vlekkelose gelaat spog.

34 Mei 2008 35

Figuur 48: Mooi so Mamma.  
(Lééf Mei 2008:34-35).

Alhoewel hierdie studie nie kyk na advertensies en promosies *per se* nie, word tog na hierdie promosie verwys, aangesien dit tot die tema van die artikel bydra. McDonald (1995:195) meen dat:

The fear of aging is stimulated by glossy women's magazines and driven by advertisers of the multitude of products claiming age-delaying or even age-reversing properties. Women, the traditional carer of others, were now invited to devote as much nurturing attention to their own skins.

Hierdie promosie verkondig dat, indien die leser hierdie geadverteerde skoonheidsprodukte gebruik, sy net so mooi en jeugdig sal lyk soos die Afrikaans Christelike ideaal wat hier gekonstrueer word. Christen-Afrikaanse vroulikheid is dus iets wat bekom kan word, met behulp van 'n reëls produkte of rekvisiete, net soos met universele vroulikheid (Brownmiller 1984:174).



Die volgende kronologiese bladsy “Mooi so Mamma” (Figuur 49), is ’n bladuitleg van twee volblad-, vollengte-foto’s.



Figuur 49: *Mooi so Mamma*.  
(*Lééf Mei* 2008:36-37).

Die vrou aan die regterkant is duidelik ouer as die een aan die linkerkant. In die lig van die onderwerp (’n mooimaak sessie vir ma en dogter) waarvoor die artikel handel, word die aanname gemaak dat hierdie vrou die ma van die jong vrou is. Die jong meisie aan die linkerkant van die dubbelbladuitleg, sit op die vloer, met haar knieë na die een kant gevou, en haar voete na die anderkant. Haar kop skuins gedraai, en beide se liggamme is sittend, wat as ondergeskik geïnterpreteer kan word (Goffman 1987:63), in pas met Joubert en Smith (2010:18) se “gedienstige” Bybelse vroue-ideaal.

Sy dra ’n prettige, heldergeel hemp, wat heel kuis haar hele bors bedek. Bo-oor die geel hemp dra sy ’n jeugdige, helder, grafiese los hemp, wat haar kurweloos laat. Haar bene is met blou denim bedek, terwyl die kaal enkel dit wil laat lyk of sy naïef kaalvoet is, alhoewel die foto afgesny is. Hierdie Christen-Afrikaanse vroue-ideaal vir jong meisies wat hier gekonstrueer word, blyk een van speelsheid, naïwiteit en onskuld te wees.

Die moeder aan die regterkant van die bladuitleg sit passief op ’n stoel. Haar blik is reguit, alhoewel haar kop effens skuins gehou word. Haar bolyf is in ’n donkerbruin



baadjie geklee, met tipies ‘vroulike’ aksente soos die ronde kraag, die plooië om die skouers en die strik aan die voorkant waar die middelband bymekaar kom. Onder die kraag steek ’n wit klassieke T-hemp uit. Sy is kuis en stemmig bedek tot teen die hals. Die denim wat sy dra kom kuis tot by die enkels, terwyl sy ’n silwer ooptoon-skoen met hakke dra. Die een been kruis die ander een; kuis en oënskynlik tipies ‘vroulik’. Die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wat hier gekonstrueer word, spreek waarskynlik van passiwiteit en ondergeskiktheid, in pas met die Bybelse vroue-ideaal wat Joubert en Smith (2010:18) uiteensit, met beskrywende woorde soos “gedienstig” en “gedwee”.

Die ooreenkomste tussen die twee foto’s is opvallend. Albei vroue het blonde hare, sit passief, en dra denims. Hierdie span lyk beslis na ’n ma en dogter. Die feit dat die dogter op die vloer sit en die ma op ’n stoel, is ’n moontlike weerspieëling van die rangorde in die gesin, dat die kind aan die ma onderdanig moet wees. Albei foto’s blyk in die tuin/natuur geskied te wees, wat die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal konstrueer wat oënskynlik aan die natuur en die vrou se biologiese prosesse gekoppel is (Radford Ruether 1993:72). Die tema van die artikel kom sterk na vore in hierdie beelde: gepaste klere vir alle ouderdomme – al twee dra denims, maar die stemming van die twee foto’s verkil hemelsbreed. Die foto met die meisie suggereer jeug en speelsheid, naïwiteit en kuisheid. Die foto van die moeder, suggereer stemmige volwassenheid.<sup>62</sup> Hierdie uitbeelding van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal is in pas met Geldenhuys (1954), De Klerk (2007), Cilliers (2003), De Vaal (2007) sowel as Joubert en Smith (2010) se waardige, kalm en rustige vroue-ideaal wat oor hoë morele standaarde beskik, en daarna streef om ’n moeder te wees.

Die derde vrouepaar in die artikel “Mooi so Mamma” (Figuur 50), behels twee volwasse vroue. Die foto van die vrou aan die linkerkant van die bladuitleg beeld ’n passiewe, sittende vrou uit. Haar arms is voor haar lyf gevou en rus op haar bene. Die foto word net onder haar hande afgesny, maar beklemtoon haar gevoude hande wat passief op haar skoot rus. Haar blik en kop is reguit, sonder skroom, en staan in teenstelling met haar passiewe onderlyf.

---

<sup>62</sup> Daar is reeds in vorige beelde se besprekings uitgewys dat hierdie karaktertrekke (jeug, naïef, kuis, stemmig, en volwassenheid) nie net tot die Bybelse vroue-ideaal behoort nie, maar ook tot die hedendaagse Christen-Afrikaanse vroue-ideaal.



Figuur 50: Mooi so Mamma.  
(Lééf Mei 2008:40-41).

Sy is in 'n retrobaadjie van vaal materiaal geklee. Die kraag daarvan word beklemtoon deurdat dit oorgroot is, en die aandag word op haar gesig vestig. 'n Gedempte mosterdgeel hemp is onder die baadjie te sien. 'n Geel gordel beklemtoon haar middel, alhoewel haar arms dit in 'n mate verbloem. Haar onderlyf is in 'n denimbreek geklee. Haar voorkoms is dié van 'n nie-uitspattige, passiewe, selfversekerde, volwasse vrou.

Die foto aan die regterkant van die bladuitleg is 'n vollengtefoto van 'n jonger vrou, moontlik in haar dertigs. Haar hare is skouerlengte, reguit en natuurlik gestileer. Haar blik is reguit, terwyl haar kop effens skeep gedraai is, as 'n teken van onderdanigheid (Goffman 1987:63). Die rooi jas, wat waarskynlik spreek van energie en lewenslus, vorm 'n ronde lyn oor die vrou se hals, wat klaarblyklik die vroulike hals beklemtoon. Die jas se plooitjie-detail oor die skouer blyk vroulik te wees, in teenstelling met hoekige mansbaadjies. Die serp om haar nek is van deursigtige sjiffon met 'n luiperdpatroon. Die serp is kunstig voor haar hals gevou sodat dit na 'n hemp lyk, tog is die deursigtigheid daarvan tipies 'vroulik' en moontlik effens uitlokkend. Die gordel om haar middel blyk haar fyn, vroulike middellyf te beklemtoon. Haar een hand rus op die armleuning van die gemakstoel waarin sy sit, die ander op haar knie. Haar bene is passief gekruis en met 'n denimbreek bedek, terwyl haar enkels kaal is en haar voet afgerond word met 'n

vroulike, goue hakskoen met fyn swart kolletjies. Haar tone, wat voor by die skoen uitloer, se naels is soos haar vingernaels gemanikuur.



Figuur 51: Sir Peter Paul Rubens, *The Andromeda*. 1638.  
Olieverf op doek.  
Staatliche Museum, Berlin.  
(Clark 1980:110).

Die retrostoel waarop sy sit, het 'n ronde lyne wat waarskynlik haar eie kurwes weerspieël. Kurwes word oor die algemeen as vroulik beskou (teenoor reguit lyne en hoekigheid wat as manlik beskou word). McDonald (1995:197) meen dat hierdie koppeling van rondheid met vroulikheid reeds in die Renaissance periode neerslag vind: “In the Renaissance period [...] the ideal female body, depicted in oil paintings of the time, was full and well-rounded. By the Victorian era, maternal roundness was pinched into the hour-glass-figure”. Alhoewel die vroue-ideaal deur die eeue verander het, bly die assosiasie van rondheid gekoppel aan vroulikheid. Een so 'n voorbeeld in die skildertradisie waar 'n ronde lyne met die vroue-ideaal geassosieer word, sluit in Sir Peter Paul Rubens se *The Andromeda* (1638) (Figuur 51), waar die vroulike rondings van die figuur byna oorbeklemtoon word.

Die rooi van haar baadjie blyk in kontras te wees met die dooie groenbruin van die stoel. Weereens is daar 'n vaas rose agter die vrou geplaas, oënskynlik om haar 'vroulike natuur' te ondersteun en beklemtoon (Brownmiller 1984:177; Radford Ruether 1993:72).

Tot dusver in hierdie uitgawe van *Lééf* is dit die mees sensuele uitbeelding van 'n vroue-ideaal. Die rooi van haar baadjie, die sagte, deursigtige tiervel om haar hals en die tiervelpatroon wat op haar skoene herhaal word, is kodes wat saamwerk om 'n sensuele beeld te vorm, sonder om té uitlokkend te wees, want hierdie vrou is steeds kuis bedek.

In die *Lééf*-foto word die beeld van die vrou in die donker stoel sterk afgeëts teen die maagdelike wit (Kress & Van Leeuwen 2002:343) van die agtergrond. Alhoewel sy sensueel voorkom, blyk dit op 'n stemmige en bedeesde wyse te wees. Sy lyk selfversekerd, stemmig en tog ook speels. Haar selfvertroue word egter waarskynlik weerspreek deur die passiewe, onderdanige wyse waarop sy in 'n sittende posisie geposeer word. Hierdie uitbeelding van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal weerspieël Geldenhuys (1954) se Bybelse vroue-ideaal wat oor 'n sterk persoonlikheid beskik, wat vriendelik, rustig en kalm is, en wat oor hoë morele standaarde beskik.

Dit is noodsaaklik om in ag te neem dat die vrou in die artikel "Mooi so mamma" as palet dien vir die konstruering van 'n Christen-Afrikaanse vroue-ideaal. Hierdie konstruering word oënskynlik bepaal deur die norme, standaarde en ideale wat deur *Lééf* daargestel, onderhou en nagestreef word. Hierdie konstruering blyk in pas te wees met Geldenhuys (1954), De Klerk (2007), Cilliers (2003), Landman (2003a) en De Vaal (2007) se interpretasie van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal. Vergelykings tussen die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal en die Bybelse vroue-ideaal behels dat sy 'n skoonheid is wat vriendelik (Geldenhuys 1954:164), rustig en kalm (Geldenhuys 1954:167), sowel as waardig is (Geldenhuys 1954:167). Sy is knap, het inbors en integriteit (Joubert & Smith 2010:18). Haar voorkoms weerspieël hoë morele standaarde (Geldenhuys 1954:169), en haar mooi en netjiese voorkoms (Geldenhuys 1954:168), eggo haar eerbare karakter (Geldenhuys 1954:169). Sy neem 'n passiewe houding aan wat aan ondergeskiktheid gekenmerk word (Joubert & Smith 2010:18), en sy vind eer en plesier in moederskap (Geldenhuys 1954:170), haar gesin en huis (Joubert & Smith 2010:19).

Die artikel is waarskynlik 'n voorbeeld van die wyse waarop *Lééf* wil hê haar lesers moet lyk, hoe sy glo haar lesers *kan* lyk, deur eenvoudig die stappe te volg wat uiteengesit word. Die feit dat *Lééf* alledaagse vroue (uit die denkbeeldige gemeenskap) neem en hulle verander volgens *Lééf* se standaarde, is om 'n Christelike, Afrikaanse vrou te neem en haar voorkoms só te verander om aan te pas by 'n Christen-Afrikaanse vroue-ideaal.



In plaas daarvan om dit bloot te impliseer, is hierdie 'n werklike vergestaltung van die konstruering van 'n Christen-Afrikaanse vrou-ideaal.




Figuur 52: *Sielsvregde: Die krag van Sy naam.*  
(Lééf Mei 2008:74-75).

In “Sielsvregde: Die krag van Sy naam” (Figuur 52) weerspieël die foto die beeld van 'n glimlaggende vrou wie se blik direk op die leser gevestig is.<sup>63</sup> Haar baadjie is 'n bruin, ernstige snyersbaadjie. Die ronde kraag van die baadjie waarskynlik die enigste aspek wat vroulikheid daaraan verleen. Voor haar hou sy 'n boek, een bladsy gelig, asof sy informeel daardeur blaai. Binne die raamwerk van *Lééf* en met die besef van wie hierdie vrou is, word daar aangeneem dat die boek in haar hande waarskynlik die Bybel is. Aan haar hand wat die rugkant van die Bybel ondersteun pryk, 'n trouring, wat oënskynlik die belang van die huwelik impliseer. Agter haar is die prominente vensters wat helder lig deurlaat moontlik simbolies van die siel of die geestelike. In die skildertradisie is vensters dikwels simbolies gebruik. Janson en Janson (1992:243) het die volgende daaroor te sê, ook met verwysing na Leonardo da Vinci se *The Last Supper* (1495-98) (Figuur 53): “symbolic function of the main opening in the back of the wall: its projecting pediment acts as the architectural equivalent of a halo”. In religieuse konteks van die

<sup>63</sup> Hierdie foto is waarskynlik nie een wat deur die redaksie self geneem is nie, maar 'n publiseitsfoto wat deur die Amerikaanse Evangelis, Joyce Meyer, se maatskappy uitgereik is. Deur hierdie foto binne 'n Christelike, Afrikaanse tydskrif te plaas, dra dit tog by tot die konstruering van 'n Christen-Afrikaanse vrou-ideaal deurdat die konteks van die tydskrif betekenis toevoeg.



*Lééf*-tydskrif, kan hierdie foto waarskynlik dienooreenkomstig geles word: deurdat hierdie vrou voor die venster staan waar die lig instroom, vorm dit 'n heilige krans om haar kop. Sy word byna as heilig afgemaak, net soos die heilige Maria/Madonna in die vroeë Christelike kuns, soos in *Madonna and Child on a Curved Throne* (Figuur 42), Gentile da Fabriano se *Madonna and Child Enthroned*, (1420) (Figuur 33) en Giotto se *Madonna Enthroned* (c1310) (Figuur 54).



Figuur 53: Leonardo da Vinci, *The Last Supper*, c. 1495-98.  
Tempera muurskildery, 4.62 m x 8.79 m.  
Sta. Maria delle Grazie, Milan.  
(Janson & Janson 1992:243).



Figuur 54: Giotto, *Madonna Enthroned*, c1310.  
Tempera op hout, 3.25 x 2.03 m.  
Galleria degli Uffizi, Florence.  
(Adams 2007:453).

Bokant die foto kondig die teks aan: “Sielsvreugde deur Joyce Meyer”.<sup>64</sup> Die titel van die opskrif lui: “Die krag van Sy Naam”. Wanneer die teks en die foto saamgebring word, is dit asof die vrou op die foto moontlik die krag van God ondervind. Net so transendeer hierdie betekenis waarskynlik tot die leser, dat ook sy die krag kan ondervind. Hierdie artikel is ’n geestelike artikel, byna ’n geskrewe preek, in ’n informele geselstrant so eg aan die tydskrif. Hierdie artikel dra gewig in terme van die uitdra van die Christelike evangelie, met talle verwysings na teksverse in die Bybel.<sup>65</sup> Die direkte aanhalings en verwysings na die Bybel beaam oënskynlik dat die Bybel steeds relevant en medebepalend tot die konstruering van ’n hedendaagse Christen-Afrikaanse vroue-ideaal is. Dus beaam hierdie artikel die relevansie van die argument dat die Bybel, meer spesifiek Spreuke 31 steeds betrekking het op die hedendaagse vroue-ideaal. Uit vorige besprekings raak dit duidelik dat die Bybelse vroue-ideaal waarna Geldenhuys (1954), De Klerk (2007), Landman (2003a), De Vaal (2007) en Joubert en Smith (2010) na verwys, hier in *Finesse* en *Lééf* neerslag vind.

Kronologies op hierdie artikel volg “Sommer net Shaleen” (Figuur 55). Aan die regterkant van die bladuitleg is ’n volbladfoto van ’n glimlaggende vrou. Haar blik is reguit, maar haar kop leun weereens onderdanig na die een kant. Haar grimering blyk swaarder te wees as enige van die ander vroue in die vorige foto’s. Haar oë is swaar omlyn, afgerond met wat waarskynlik vals wimpers is. Haar blosser is opvallend terwyl haar lippe pryk in dieselfde koraalkleur as haar bloes. Derhalwe, is hierdie beslis nie ’n foto van “Sommer net Shaleen” nie. Sy dra groot, goue ringe in haar ore. Haar hare is effens wilder as die gestileerde, gladde style wat tot op dié punt toe opgemerk is.

Haar hande is gemaklik voor haar lyf gevou. Dit rus op ’n rugleuning van ’n stoel, en raak sagkens aan mekaar. Haar naels is lank en kunsmatig, met ’n pienk naellak. By implikasie sit sy passief op ’n stoel. Die juwele aan haar arms en hande is goud, swaar en kan as effens oordadig beskou word. Dit is in teenstelling met die bykomstighede wat tot dusver kenmerkend van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal blyk te wees. Haar hemp is ’n kraag-tipe manshemp, voor oopgeknop. Onderaan dra sy dieselfde

---

<sup>64</sup> Indien die leser nog nie die vrou op die foto kon sien nie, is dit nou duidelik wie sy is. Joyce is ’n Amerikaanse Christelike evangelis, wat die inhoud van die Bybel op ’n praktiese wyse onderrig. Sy is die outeur van verskeie geestelike boeke, bied geestelike seminare aan en verskyn selfs op TV se Christelike betaalkanaal.

<sup>65</sup> Hierdie geestelike artikel is eg aan *Lééf* (ook *Finesse*) waar daar nie net indirek nie, maar direk na God verwys word. Hierdie artikel sal byvoorbeeld totaal onvanpas wees in ’n tydskrif soos *Cosmopolitan*, en selfs *Sarie* omdat hierdie tydskrifte selde verwys na die goddelike. In die raamwerk van ’n geestelike tydskrif soos *Lééf* (en *Finesse*) is ’n artikel soos hierdie te wagte, en heeltemal in plek.

koraalkleur toppie. Die koraalkleur van die hemp verleen energie en speelsheid aan die beeld. Die hemp se kleur is in kontras met die groen blare in die agtergrond. Hier word die vrou weereens in 'n natuurlike omgewing geplaas, wat waarskynlik weer gekoppel kan word aan haar vroulike natuur (Radford Ruether 1993:73). Hierdie uitbeelding, behalwe vir die draai van die kop, die vou van die hande en die passiewe sittende posisie, is redelik in teenstelling met die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wat tot dusver gekonstrueer is.



Figuur 55: Sommer net Shaleen.  
(Lééf Mei 2008:76-77).

Die teks wat bo-op die foto geplaas is, lui: “Sommer net Shaleen” (Lééf 2008:77).<sup>66</sup> Shaleen Surtie-Richards blyk effens meer uitspattig te wees as die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wat tot dusver binne hierdie uitgawe van *Lééf* gekonstrueer is. Dit kan waarskynlik toegeskryf word aan haar unieke, kreatiewe en eksentrieke

<sup>66</sup> Hierdie teks eien die vrou op die foto as Shaleen Surtie-Richards. Deur net na die voornaam te verwys, word Shaleen Surtie-Richards deel gemaak van die vriendekring binne die denkbeeldige gemeenskap. Uit 'n vooropgestelde kulturele raamwerk weet die leser daar word verwys na Shaleen Surtie-Richards, 'n geliefde aktrise en glanspersoonlikheid in Suid-Afrika, bekend vir haar rolle as Nenna in *Egoli – Place of Gold* (Marx 2010) en ook as Fiela in *Fiela se kind* (Heyns 1988).



persoonlikheid.<sup>67</sup> Die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wat hier gekonstrueer word kan vergelyk met die mite rondom die Bybelse vroue-ideaal aangesien Joubert en Smith (2010:20) meen sy alles “voluit en met energie” doen.

Die subopskrif lui: “Sy is maar nes sy is, sê aktrise Shaleen Surtie-Richards. Op vyftig het sy nog minder fieterjasies – maar ook meer geloof – as ooit tevore”.<sup>68</sup> Hierdie stelling dui op ’n lang lewenspad na volwassenheid, (wysheid) en aanvaarding van die self. Die fokus op ouderdom weerspieël die tema van hierdie uitgawe: tydlose skoonheid. In die gees van *Lééf*, buiten dat daar aanvaar word dat sy ’n Christen is, bloot omdat sy in die blaai van ’n Christelike tydskrif verskyn, getuig sy in die subopskrif van haar geloof.<sup>69</sup> Hierdie konstruering van Christen-Afrikaanse vroue-ideaal stem ooreen met die Bybelse vroue-ideaal wat Geldenhuys (1954:170) meen “die Here persoonlik ken as die Ewige en die Heilige” en Joubert en Smith (2010:23) meen: “Niks is vir haar belangriker as om God lief te hê nie”.

In die artikel praat Shaleen Surtie-Richards nie veel oor haar eie lewe nie, alhoewel sy nie skroom om haar egskeiding te noem nie. Sy vertel met groot deernis van haar ma, en ook haar pa wat oorlede is. Temas wat hier ter sake is met betrekking tot die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wat gekonstrueer word, sluit in die belang van die nukleêre huisgesin<sup>70</sup> en die huwelik. Dit is in pas met Geldenhuys (1954:163,168), De Vaal (2007:4) en Joubert en Smith (2010:18-19) ten opsigte van die Bybelse vroue-ideaal.

Op grond van die ikonografiese analise van die beelde van hierdie uitgawe in *Lééf*, kan afgelei word dat die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wat gekonstrueer is, die beeld van ’n volwasse (ouer) vrou insluit. Daar blyk drie belangrike temas te wees wat ter sake is by die konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal, naamlik die huwelik, die huis(gesin), en kinders.

---

<sup>67</sup> As kleurlingvrou is Shaleen Surtie-Richards waarskynlik in ’n mate ’n buitestaander aangesien sy die enigste kleurling vrou in hierdie uitgawe van *Lééf* is, net soos Jo-Ann Strauss die enigste in die bespreekte uitgawe van *Finesse* is. Dit is interessant om daarop te let dat daar ook nie vroue van ander rasse in die betrokke uitgawes ingesluit word nie. Hierdie studie wil egter nie betrokke raak by uitlatings oor rasseaangeleenthede nie, aangesien dit nie deel van die studie uitmaak nie. Die gebrek aan sulke uitbeeldings bewys egter moontlik dat die Christelike vroulike ideaal nie geëmansipeer is van die eertydse apartheidsideale nie.

<sup>68</sup> Haar geloof word ’n aspek wat sy in gemeen het met die ander vroue in die denkbeeldige gemeenskap.

<sup>69</sup> In ’n tydskrif soos *Sarie* sou sy waarskynlik nie haar geloof beken het nie.

<sup>70</sup> Die *Finesse*-artikel (Mei 2008:16-17) “10 Mees inspirerende vroue” rondom Nedine Blom spreek die belang van die kern huisgesin aan.

## 4.5 Gevolgtrekking

Die ooreenkomste tussen die afsonderlike uitbeeldings van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal in die betrokke uitgawes van *Finesse* en *Lééf* blyk opvallend te wees. Van die ooreenkomste is waarskynlik te sien in die uitbeelding van die uiterlike voorkoms van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal. Dit is opvallend dat die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wat in die onderskeie tydskrifte gekonstrueer word, nie net met mekaar ooreenkom nie, maar heel duidelik ook ooreenstem met die Bybelse tradisioneel Afrikaanse vroue-ideaal soos wat Geldenhuys (1954), De Klerk (2007), Landman (2003a), De Vaal (2007) en Joubert en Smith (2010) dit na aanleiding van Spreuke 31 bespreek.

### 4.5.1 Die uiterlike voorkoms van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal

Net soos Geldenhuys (1954:168) van mening is dat die Christenvrou se uiterlike voorkoms netjies en aantreklik moet wees, is die vroue-ideaal wat in albei tydskrifte gekonstrueer word, klaarblyklik 'n toonbeeld daarvan. Uit die visuele analise van *Finesse* en *Lééf* kan moontlik afgelei word watter riglyne stap-vir-stap (soos gesien in Figuur 45 "Die vere maak die vrou!") gevolg kan word om die uiterlike voorkoms van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal te verwesenlik.

McDonald (1995:192) is van mening dat 'n vrou se uiterlike voorkoms verander kan word om aan te pas by 'n sekere stel ideale rondom vroulikheid:

Adornment of the body is an issue that blurs the borderline between the representation and practice. In deciding whether to diet or not, whether to wear make-up or not, how to dress, how to style our hair, women are actively participating in a system of meaning-creation that also invites their response in magazines, advertisements and other media forms. It is this investment in appearance that is a key identity marker that makes representation of the body a particular crucial area for defining or redefining femininity.

In die lig hiervan is dit die veronderstelling dat ook die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal haar uiterlike voorkoms kan aanpas om te voldoen aan 'n stel standarde, soos deur heersende ideologieë daargestel. Op grond van die ikonografiese analise van die beelde in *Finesse* en *Lééf*, kan afgelei word dat 'n sekere uiterlike voorkoms wat as ideaal vir die Christen-Afrikaanse vrou voorgelê word, gekonstrueer word. Simbole wat bydra tot vroulikheid, in die geval Christen-Afrikaanse vroulikheid, sluit in: grimering, haarstyl, naels, klere en juwele.



Alhoewel hierdie studie nie kwantitatief van aard is nie, kan visuele tabelle sekere begrippe hier ondersteun (Tabel 2-6). Die hoeveelheid data wat ontleed word, is nie verteenwoordigend genoeg om tot statistieke gevolgtrekking te kom nie, maar die gewig wat dit aandui waar dit sekere karaktertrekke aangaan, is moontlik genoeg motivering om voor te stel dat dit moontlik bepalend is tot die konstruksie van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal se voorkoms.

#### 4.5.1.1 Grimering

Op sigself is die aanwend van grimering 'n ritueel wat reeds deur die eeue heen gebruik word om 'n vrou se gelaat te verander of te beklemtoon, sodat sy voldoen aan 'n sekere vroue-ideaal, daargestel deur heersende ideologieë. Radford Ruether (1993:175-176) is van mening dat grimering bydra tot die objektivering van die vrou:

Control over woman's body involves objectifying woman's body and viewing it as a commodity. This involves various mutilations; woman's body is twisted and distorted to make it an object of display and conspicuous consumption. Female fashions even today have some of the same effects of commoditization. Mascara, eyeliner, and eyeshadow transform woman's eyes from a means of sight into an object to be seen.

Na aanleiding van die visuele analise blyk dit dat die betrokke konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal met grimering afgerond word. Volgens Radford Ruether (1993:175-176) is dit 'n wyse om haar reeds met die eerste oogopslag te objektiveer. Deurdat die aanwending van die grimering van hierdie vroue baie subtiel is, word die grimering byna 'natuurlik' en vind hierdie mooimaakproses onbewustelik plaas.

Daar is verskeie wyses waarop grimering aangewend kan word. Die tipe aanwending konstrueer dikwels 'n sekere identiteit.<sup>71</sup> Volgens die konstruksie van vroulikheid in *Finesse* en *Lééf* is hul grimering volgens Westerse post-industriële standaarde nie oordadig of uitspattig nie. Hul grimering is hoofsaaklik in skakerings van sagte pienke en bruine.<sup>72</sup> Die vrouens se voorkoms is nie aangeplak nie, maar vertoon byna 'natuurlik'. Met die hulp van grimering is dit vir haar moontlik om haar beste bates te aksentueer en

---

<sup>71</sup> Byvoorbeeld sekere stereotipes: 'n *femme fatale* sal waarskynlik donkerrooi lipstiffie dra met donker oogomlyner.

<sup>72</sup> Die uitsondering op hierdie reël word aangetref op die regterkantste bladsy van "Mooi so Mamma" (Figuur 50). Hierdie vrou se lippe is met rooi lipstiffie getooi. Die rooi in hierdie konstruering van vroulikheid spreek egter moonlik van energie, spontaniteit en jeugdigheid. Met die rooi lipstiffie lyk sy steeds stylvol, deugdelik en op haar plek – ook in "Sommer net Shaleen" (Figuur 56)



is sy bloot 'n beter weergawe van haarself. 'n Visuele tabel (Tabel 2) ondersteun hierdie argument:

Artikel/foto	'Natuurlike' grimering (pienk en bruin skakerings)	Skarlaken rooi lippe	Swaar omlynde oë
Figuur 37: Voorblad ( <i>Finesse</i> 2008)	x		
Figuur 38: Voorblad ( <i>Lééf</i> 2008)	x		
Figuur 40: "10 Mees inspirerende vroue" ( <i>Finesse</i> 2008:14-15) - Bertha du Plessis	x		
Figuur 40: "10 Mees inspirerende vroue" ( <i>Finesse</i> 2008:14-15) - Juanita du Plessis	x		
Figuur 41: "10 Mees inspirerende vroue" ( <i>Finesse</i> 2008:16-17) - Nedine Blom	x		
Figuur 41: "10 Mees inspirerende vroue" ( <i>Finesse</i> 2008:16-17) - Christi Panagiotopoulos	x		
Figuur 41: "10 Mees inspirerende vroue" ( <i>Finesse</i> 2008:16-17) - Liesel Krause-Wiid	x		
Figuur 42: "10 Mees inspirerende vroue" ( <i>Finesse</i> 2008:18-19) - Jo-Ann Strauss	x		
Figuur 42: "10 Mees inspirerende vroue" ( <i>Finesse</i> 2008:18-19) - Wilma van der Bijl	x		
Figuur 42: "10 Mees inspirerende vroue" ( <i>Finesse</i> 2008:18-19) - Chante Hinds	x		
Figuur 44: "10 Mees inspirerende vroue" ( <i>Finesse</i> 2008:20-21) - Suzette van der Merwe	x		
Figuur 44: "10 Mees inspirerende vroue" ( <i>Finesse</i> 2008:20-21) - Carike Keuzenkamp	x		
Figuur 45: "Die vere maak die vrou!" ( <i>Finesse</i> 2008:44-45)	x		
Figuur 46: "Die ander kant van die Penny" ( <i>Lééf</i> 2008:16-17)	x		
Figuur 47: "Mooi so Mamma" ( <i>Lééf</i> 2008:32-33)	x		
Figuur 49: "Mooi so Mamma" ( <i>Lééf</i> 2008:32-33)	x		
Figuur 50: "Mooi so Mamma" ( <i>Lééf</i> 2008:32-33)		x	
Figuur 52: "Sielsvreugde: Die krag van Sy naam" ( <i>Lééf</i> 2008:74-75)	x		
Figuur 55: "Sommer net Shaleen" ( <i>Lééf</i> 2008:76-77)		x	X

Tabel 2: Uiteensetting van Artikels – Grimering.

Dit blyk dat die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal in 2008 altyd grimering dra, wat haar vel vlekloos en bloesend laat. Haar oë en lippe word deur grimering ondertone soos pienk en bruin beklemtoon. Alles werk saam om 'n sogenaamde natuurlike en vroulike gelaat te skep – van een wat altyd glimlag.

#### 4.5.1.2 Haarstyl

Die konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal in hierdie hoofstuk bevestig dat haar hare meestal lank en reguit is. Binne die raamwerk van *Finesse* en *Lééf* as Christelike tydskrifte, is die volgende aanhaling in hierdie verband van belang: "Lang hare was klaarblyklik die trots van elke vrou in die Bybelse tyd" (Kilian, Swanepoel & Kourie 1990:20). Dit blyk ook die geval te wees by die hedendaagse Christen-Afrikaanse vroue-ideaal.

Die vroue se lang hare hang meestal los, en kom goed versorg en gestileer voor. Net soos wat die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal altyd in beheer van haarself blyk te wees, is haar hare gestileer, of te wel, kontrole is daarvoor geneem. Berger (1972:55) konstateer die volgende hieroor:

Hair is associated with sexual power, with passion. The women's sexual passion needs to be minimized so that the spectator may feel that he has the

monopoly of such passion. Women are there to feed an appetite, not to have any of their own.

Met hierdie waarneming in gedagte is dit duidelik dat die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal se kapsel altyd betaamlik en in plek is, net soos sy altyd rustig en kalm (Geldenhuys 1954:167) en op haar plek is. Haar haarstyl is nie krullerig, wild en buite beheer nie.<sup>73</sup> Hare hou dus tradisioneel seksuele konnotasie in (Berger 1972:55), maar hier word gesuggereer dat die vrou beheer daarvoor verkry. Indirek behels dit dus moontlik dat die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal beheer het oor haar seksualiteit. 'n Visuele uiteensetting van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wat in die betrokke tydskrifte gekonstrueer word, sien as volg daaruit (Tabel 3):

Artikel/foto	Lang hare	'Bob' hare	Kort hare
Figuur 37: Voorblad ( <i>Finesse</i> 2008)			
Figuur 38: Voorblad ( <i>Lééf</i> 2008)		x	
Figuur 40: "10 Mees inspirerende vroue" ( <i>Finesse</i> 2008:14-15) - Bertha du Plessis		x	
Figuur 40: "10 Mees inspirerende vroue" ( <i>Finesse</i> 2008:14-15) - Juanita du Plessis	x		
Figuur 41: "10 Mees inspirerende vroue" ( <i>Finesse</i> 2008:16-17) - Nedine Blom			x
Figuur 41: "10 Mees inspirerende vroue" ( <i>Finesse</i> 2008:16-17) - Christi Panagiotopoulos	x		
Figuur 41: "10 Mees inspirerende vroue" ( <i>Finesse</i> 2008:16-17) - Liesel Krause-Wiid	x		
Figuur 42: "10 Mees inspirerende vroue" ( <i>Finesse</i> 2008:18-19) - Jo-Ann Strauss	x		
Figuur 42: "10 Mees inspirerende vroue" ( <i>Finesse</i> 2008:18-19) - Wilma van der Bijl			x
Figuur 42: "10 Mees inspirerende vroue" ( <i>Finesse</i> 2008:18-19) - Chante Hinds	x		
Figuur 44: "10 Mees inspirerende vroue" ( <i>Finesse</i> 2008:20-21) - Suzette van der Merwe	x		
Figuur 44: "10 Mees inspirerende vroue" ( <i>Finesse</i> 2008:20-21) - Carike Keuzenkamp			x
Figuur 45: "Die vere maak die vrou!" ( <i>Finesse</i> 2008:44-45)	x		
Figuur 46: "Die ander kant van die Penny" ( <i>Lééf</i> 2008:16-17)		x	
Figuur 47: "Mooi so Mamma" ( <i>Lééf</i> 2008:32-33)		x	
Figuur 49: "Mooi so Mamma" ( <i>Lééf</i> 2008:32-33)	x	x	
Figuur 50: "Mooi so Mamma" ( <i>Lééf</i> 2008:32-33)		x x	
Figuur 52: "Sielsvreugde: Die krag van Sy naam" ( <i>Lééf</i> 2008:74-75)			x
Figuur 55: "Sommer net Shaleen" ( <i>Lééf</i> 2008:76-77)	x		

Tabel 3: Uiteensetting van Artikels – Haarstyl.

Daar blyk drie afdelings te wees waar dit die vrou se haarstyl aangaan: lank, bob, en kort. Vanuit die visuele analise en die tabel hierbo, blyk dit dat in die konstruksie van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal, lang hare voorkeur geniet, wat opsigself blykbaar vroulikheid tot haar beeld verleen. Vroue met langhare word as uiters vroulik beskou, meen Brownmiller (1984:55): "I grew up believing that long hair is irrefutably feminine". 'n Ander haarstyl wat blyk gewild te wees in die konstruksie van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal, is die 'bob': "A 'bob cut' is a short haircut for [...] women in which the hair is typically cut straight around the head at about jaw-length, often with a fringe (or 'bangs') at the front" (Wikipedia 2010a). 'n 'Bob'-haarstyl blyk daarvoor bekend te wees dat dit steeds die idee van lang hare bewerkstellig, maar is effens makliker om in stand te hou, teenoor lang hare wat Brownmiller (1984:63) meen "a tiresome bother" kan wees. Deur

<sup>73</sup> Jo-Ann Strauss (Figuur 7: "10 Mees inspirerende vroue") se krullerige bos hare het die meeste potensiaal om wild en buite beheer te lyk. Beheer is egter bekom deur haar hare na die een kant, oor die skouer, te stileer.

die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal te konstrueer met 'n 'bob'-haarsstyl, word sy steeds gekroon met vroulikheid. In die visuele analise kom kort hare in die minderheid voor. Kort hare word volgens Brownmiller (1984:55) oor die algemeen as manlik beskou, en sy meen dat 'n vrou kort hare suksesvol kan dra indien sy aan ander aspekte van vroulikheid voldoen: “[T]hey say short hair is mannish, dyky. I could risk wearing my hair quite short if I wore makeup and dresses, or put on some earrings, or if I weren't a feminist and an ambitious careerist, or if I were married and had two children”. Uit vorige besprekings is dit reeds duidelik dat die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wat gekonstrueer is, aan hierdie aspekte van vroulikheid voldoen. Dit is egter opvallend dat die vroue wat wel hul hare in 'n kort styl dra, se hare uitkrul (“10 Mees inspirerende vroue” (*Finesse* 2008:16-17) – Nedine Blom [Figuur 41], – Wilma van der Bijl [Figuur 42] – Carike Keuzenkamp [Figuur 44]). Dit skep oënskynlik die idee van vroulikheid.

Dit blyk dat die konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal lang hare of 'n klassieke *bob* insluit, wat opsigself aan die beeld moontlik vroulikheid verleen. Kort hare is minder gewens, maar indien die vrou die gerief van kort hare verkies, is die voorwaarde dat dit krullerig, dus nie te kort nie, speels en jeugdig moet vertoon.

#### 4.5.1.3 *Naels*

Tydens voorafgaande konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal waar haar hande en/of voete sigbaar is, blyk dit dat haar naels altyd goed versorg en gemanikuur is. Brownmiller (1984:179-180) meen die volgende omtrent lang naels en vroulikheid:

[T]he cared for hand is a sign of money, vanity and social refinement. Growing long nails is a proud achievement. Cultivating a set of 10 individual nails is a project akin to the propagation of tender seedlings. [...] Gaily enamelled fingertips tap out a romantic desire for a life free of drudgery and manual chores. In an extraordinary inversion of the function of hands, the improbable nails are flourished alofts as sophisticated symbols of feminine labor, for hard work, vigilance and creative care go into the maintenance of each forefinger and pinky. Even when they are glued on fakes.

Dit wil voorkom asof lang naels 'n simbool van vroulikheid blyk te wees wat op die sosiale status van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal dui (in terme daarvan dat sy nie hande arbeid hoef te verrig nie). Bydraend tot die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wat met lang naels gekonstrueer word, is dit noodsaaklik om daarop te let dat haar naels

altyd natuurlik voorkom, deur middel van 'n Franse manikuur.<sup>74</sup> 'n Visuele uiteensetting van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal se naels wat in die betrokke tydskrifte gekonstrueer word, sien as volg daaruit (Tabel 4):

Artikel/foto	Franse manikuur	Naellak (Pienk/bruin)	Naellak (Rooi)
Figuur 37: Voorblad ( <i>Finesse</i> 2008)			
Figuur 38: Voorblad ( <i>Lééf</i> 2008)			
Figuur 40: "10 Mees inspirerende vroue" ( <i>Finesse</i> 2008:14-15) - Bertha du Plessis			
Figuur 40: "10 Mees inspirerende vroue" ( <i>Finesse</i> 2008:14-15) - Juanita du Plessis			
Figuur 41: "10 Mees inspirerende vroue" ( <i>Finesse</i> 2008:16-17) - Nedine Blom	x		
Figuur 41: "10 Mees inspirerende vroue" ( <i>Finesse</i> 2008:16-17) - Christi Panagiotopoulos			
Figuur 41: "10 Mees inspirerende vroue" ( <i>Finesse</i> 2008:16-17) - Liesel Krause-Wiid			
Figuur 42: "10 Mees inspirerende vroue" ( <i>Finesse</i> 2008:18-19) - Jo-Ann Strauss	x		
Figuur 42: "10 Mees inspirerende vroue" ( <i>Finesse</i> 2008:18-19) - Wilma van der Bijl			
Figuur 42: "10 Mees inspirerende vroue" ( <i>Finesse</i> 2008:18-19) - Chante Hinds			
Figuur 44: "10 Mees inspirerende vroue" ( <i>Finesse</i> 2008:20-21) - Suzette van der Merwe			
Figuur 44: "10 Mees inspirerende vroue" ( <i>Finesse</i> 2008:20-21) - Carike Keuzenkamp			
Figuur 45: "Die vere maak die vrou!" ( <i>Finesse</i> 2008:44-45)	x		
Figuur 46: "Die ander kant van die Penny" ( <i>Lééf</i> 2008:16-17)	x		
Figuur 47: "Mooi so Mamma" ( <i>Lééf</i> 2008:32-33)	x		
Figuur 49: "Mooi so Mamma" ( <i>Lééf</i> 2008:32-33)	x		
Figuur 50: "Mooi so Mamma" ( <i>Lééf</i> 2008:32-33)	x		
Figuur 52: "Sielsvreugde: Die krag van Sy naam" ( <i>Lééf</i> 2008:74-75)			x
Figuur 55: "Sommer net Shaleen" ( <i>Lééf</i> 2008:76-77)	x		

Tabel 4: Uiteensetting van Artikels – Naels.

Dit wil voorkom asof selfs die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal se naels bydra tot haar reputasie as 'n perfekte, ongekunstelde goed versorgde vrou.

#### 4.5.1.4 Kleding

Uit die bespreekte voorbeelde blyk dit dat die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal se kleding altyd stylvol en van pas is. Haar kleredrag is klaarblyklik bedees (versus uitspattig), en smaakvol. Haar borste word oënskynlik merendeels bedek, sodat geen ronding beklemtoon of ontbloot word nie. Haar seksualiteit word waarskynlik nie blootgestel nie, soos dit 'n 'goeie' vrou en moeder betaam.<sup>75</sup> 'n Visuele uiteensetting van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal se kleding as simbool van vroulikheid, sien as volg daaruit (Tabel 5):

<sup>74</sup> "French manicures are manicures designed to resemble natural nails, and are characterized by natural pink base nails with white tips. The tips of the nails are painted white while the rest of the nails are polished in a pink or a suitable nude shade. Like any style they are chosen for a variety of aesthetic reasons. Many choose them because they are very simple and give nails a natural, healthy look and can visually correct or perfect otherwise imperfect nails" (Wikipedia 2010b). Ten opsigte van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal is dit belangrik om te let op woorde soos '*natural*' en '*perfect*'.

<sup>75</sup> Daar is wel geleenthede wat die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal bietjie meer ontblotende kleding dra (byvoorbeeld ontblote skouers), soos gesien kan word in die artikel "10 Mees inspirerende vroue" (Figure 40-44). Tog is hierdie meer skramse aankleding van pas by die glansgeleentheid, en word eg aan die waardige en deugsame Christen-Afrikaanse vroue-ideaal, met smaak gedra.





Artikel/foto	Pienk	Wit	Pers	Blou	Bruin/ brons	Rooi/ ander helder kleure	Frille, valle, lint, sjiffon, kant, plooië
Figuur 37: Voorblad ( <i>Finesse</i> 2008)							
Figuur 38: Voorblad ( <i>Lééf</i> 2008)							
Figuur 40: "10 Mees inspirerende vroue" ( <i>Finesse</i> 2008:14-15) - Bertha du Plessis	x	x	x				x
Figuur 40: "10 Mees inspirerende vroue" ( <i>Finesse</i> 2008:14-15) - Juanita du Plessis		x	x				x
Figuur 41: "10 Mees inspirerende vroue" ( <i>Finesse</i> 2008:16-17) - Nedine Blom			x				x
Figuur 41: "10 Mees inspirerende vroue" ( <i>Finesse</i> 2008:16-17) - Christi Panagiotopoulos		x	x				
Figuur 41: "10 Mees inspirerende vroue" ( <i>Finesse</i> 2008:16-17) - Liesel Krause-Wiid		x	x				x
Figuur 42: "10 Mees inspirerende vroue" ( <i>Finesse</i> 2008:18-19) - Jo-Ann Strauss		x	x				x
Figuur 42: "10 Mees inspirerende vroue" ( <i>Finesse</i> 2008:18-19) - Wilma van der Bijl		x			x		x
Figuur 42: "10 Mees inspirerende vroue" ( <i>Finesse</i> 2008:18-19) - Chante Hinds			x	x			
Figuur 44: "10 Mees inspirerende vroue" ( <i>Finesse</i> 2008:20-21) - Suzette van der Merwe	x		x				x
Figuur 44: "10 Mees inspirerende vroue" ( <i>Finesse</i> 2008:20-21) - Carike Keuzenkamp	x	x	x				
Figuur 45: "Die vere maak die vrou!" ( <i>Finesse</i> 2008:44-45)						xx	
Figuur 46: "Die ander kant van die Penny" ( <i>Lééf</i> 2008:16-17)					x		x
Figuur 47: "Mooi so Mamma" ( <i>Lééf</i> 2008:32-33)					x		x
Figuur 49: "Mooi so Mamma" ( <i>Lééf</i> 2008:32-33)					x	x	x
Figuur 50: "Mooi so Mamma" ( <i>Lééf</i> 2008:32-33)					x	x	x
Figuur 53: "Sielsvreugde: Die krag van Sy naam" ( <i>Lééf</i> 2008:74-75)					x		
Figuur 55: "Sommer net Shaleen" ( <i>Lééf</i> 2008:76-77)						x	

Tabel 5: Uiteensetting van Artikels – Kleding.

Die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wat in die betrokke tydskrifte gekonstrueer word, se kleding bestaan merendeels uit gedempte kleure, wat insluit 'vroulike' pienk, 'maagdelike' wit, 'koninklike' pers, 'vroulike' ligblou, 'klassieke' room en skakerings van bruine, insluitend goud en brons. 'n Swart of 'n donker denimkledingstuk word dikwels vir die onderste helfte van die lyf gebruik. Daar is dikwels vroulike aksente soos frille, valle, lint, kant en blomme, soos gesien in "10 Mees inspirerende vroue" (Figure 40-44).

Rooi skakerings blyk in die minderheid voor te kom in die kleding van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal. Wanneer dit wel deel van haar kleding uitmaak, word dit as aksent gebruik, terwyl die figuur oënskynlik smaakvol bedek is, soos in "Die vere maak die vrou!" (Figuur 45), "Mooi so Mamma" (Figuur 50) en "Sommer net Shaleen" (Figuur 55). Hier geld die tradisionele konnotasie van rooi met seksualiteit, waarskynlik nie, aangesien rooi in die westerse kultuur met passie en geweld geassosieer kan word (Lacey 1998:38). In die breër konteks van hierdie tydskrifte, suggereer rooi waarskynlik eerder energie, jeugdigheid en spontaniteit.

#### 4.5.1.5 Juwele

Die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wat gekonstrueer word, blyk dikwels met juwele behang te word – mits dit oënskynlik smaakvol en minimalisties is. Aan haar ore dra sy dikwels hangoorbelletjies, wat waarskynlik haar nek aksentueer. Pêrels blyk 'n gewilde bykomstigheid te wees. Pêrels is waarskynlik simbolies van klassieke skoonheid, kuisheid en kosbaarheid (Brownmiller 1984:79; Pearls as Symbol 2010). Pêrels het ook 'n sterk Bybelse konnotasie – pêrels word gesien as sinoniem met die hemel (Pearls as Symbol 2010). Vroue ter sprake in voorafgaande visuele analise wat met pêrels behang is, sluit onder andere in: Wilma van der Bijl in “10 Mees inspirerende vroue” (Figuur 42) en Penny Coelen-Rey in “Die ander kant van die Penny” (Figuur 46). Deur die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal met pêrels te behang, word 'n vroue-ideaal daargestel wat moontlik spreek van klassieke skoonheid, reinheid, wysheid (Geldenhuis 1954:169; Joubert & Smith 2010:21-22) en kosbaarheid, in pas met dié se Bybelse vroue-ideaal.<sup>76</sup>

Die volgende tabel (Tabel 6) dui aan in watter uitbeeldings die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal oorbelle dra:

Artikel/foto	Klein oorbelle	Hang oorbelle	Ring oorbelle	Pêrels	Hangertjie
Figuur 37: Voorblad ( <i>Finesse</i> 2008)					
Figuur 38: Voorblad ( <i>Lééf</i> 2008)					
Figuur 40: “10 Mees inspirerende vroue” ( <i>Finesse</i> 2008:14-15) - Bertha du Plessis	x				
Figuur 40: “10 Mees inspirerende vroue” ( <i>Finesse</i> 2008:14-15) - Juanita du Plessis					
Figuur 41: “10 Mees inspirerende vroue” ( <i>Finesse</i> 2008:16-17) - Nedine Blom		x			
Figuur 41: “10 Mees inspirerende vroue” ( <i>Finesse</i> 2008:16-17) - Christi Panagiotopoulos		x			
Figuur 41: “10 Mees inspirerende vroue” ( <i>Finesse</i> 2008:16-17) - Liesel Krause-Wiid		x			
Figuur 42: “10 Mees inspirerende vroue” ( <i>Finesse</i> 2008:18-19) - Jo-Ann Strauss		x			
Figuur 42: “10 Mees inspirerende vroue” ( <i>Finesse</i> 2008:18-19) - Wilma van der Bijl				x	x
Figuur 42: “10 Mees inspirerende vroue” ( <i>Finesse</i> 2008:18-19) - Chante Hinds					x
Figuur 44: “10 Mees inspirerende vroue” ( <i>Finesse</i> 2008:20-21) - Suzette van der Merwe		x			
Figuur 44: “10 Mees inspirerende vroue” ( <i>Finesse</i> 2008:20-21) - Carike Keuzenkamp			x		x
Figuur 45: “Die vere maak die vrou!” ( <i>Finesse</i> 2008:44-45)	x	xx	x		
Figuur 46: “Die ander kant van die Penny” ( <i>Lééf</i> 2008:16-17)				x	x
Figuur 47: “Mooi so Mamma” ( <i>Lééf</i> 2008:32-33)		x			
Figuur 49: “Mooi so Mamma” ( <i>Lééf</i> 2008:32-33)		x			
Figuur 50: “Mooi so Mamma” ( <i>Lééf</i> 2008:32-33)			x		
Figuur 52: “Sielsvreugde: Die krag van Sy naam” ( <i>Lééf</i> 2008:74-75)		x			
Figuur 55: “Sommer net Shaleen” ( <i>Lééf</i> 2008:76-77)			x		

Tabel 6: Uiteensetting van Artikels – Juwele.

<sup>76</sup> Soos dit reeds uitgelig is in vorige besprekings.

Deur aandag te vestig op die aard van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal se grimering, hare, naels, kleding en juwele, kan afgelei word watter voorkoms as ideaal voorgehou word. Die visuele analise suggereer dat sy 'n mooi, gekunstelde, goed versorgde vrou is. Sy blyk stylvol, waardig en eerbaar te wees in alle opsigte. Haar klere en gedrag is oënskynlik betaamlik en beklemtoon selde die seksuele vroulikheid van haar lyf. (Die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal blyk die teenoorgestelde van die *femme fatale* te wees. Sy is blykbaar nie aggressief of uitlokkend nie.) Die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal vertoon klaarblyklik bedees, stemmig en kuis. Hierdie uitbeelding weerspieël die Bybelse vroue-ideaal soos Geldenhuys (1954), De Klerk (2007), Cilliers (2003), Landman (2003a) en De Vaal (2007) daarna verwys.

#### 4.6 Samevatting: Die vergelykende karaktertrekke van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal

Op grond van die ikonografiese analise van die beelde in *Finesse* en *Lééf*, kan afgelei word dat die polisemiese interaksie van kodes en simbole in die beeldmateriaal, die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal konstrueer. Hierdie beelde is voorskriftelik ten opsigte van karaktertrekke wat eie is aan die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal.

Wat uit die visuele analise na vore kom, is dat die hedendaagse Christen-Afrikaanse vroue-ideaal in pas blyk te wees met die Bybelse vroue-ideaal, en sluit moontlik die volgende ooreenstemmende aspekte in:

- **Sy blyk vriendelik te wees:** Geldenhuys (1954:164); “Voorblad” (*Finesse* 2008) [Figuur 37]; “Voorblad” (*Lééf* 2008) [Figuur 38]; “10 Mees inspirerende vroue” (*Finesse* 2008:14-21) [Figure 40-44]; “Die vere maak die vrou!” (*Finesse* 2008:44-45) [Figuur 45]; “Die ander kant van die Penny” (*Lééf* 2008:16-17) [Figuur 46]; “Mooi so Mamma” (*Lééf* 2008:32-330) [Figure 47-50]; “Sielsvreugde: Die krag van Sy naam” (*Lééf* 2008:74-75) [Figuur 52]; “Sommer net Shaleen” (*Lééf* 2008:76-77) [Figuur 55].
- **Sy is oënskynlik rustig en kalm.**<sup>77</sup> Geldenhuys (1954:167); Joubert en Smith (2010:22); “Voorblad” (*Finesse* 2008) [Figuur 37]; “Voorblad” (*Lééf* 2008) [Figuur 38]; “10 Mees inspirerende vroue” (*Finesse* 2008:14-21) [Figure 40-44]; “Die vere maak die vrou!” (*Finesse* 2008:44-45) [Figuur 45]; “Die ander kant van die

---

<sup>77</sup> Sy is dus nie uitspattig, hard en onsimpatiek. Sy word ook dikwels passief en sittend uitgebeeld. Haar kleredrag en kleure is dikwels getem. Daar is niks ongehoord, raserig of uit plek aan haar of die beelde nie.

Penny” (Lééf 2008:16-17) [Figuur 46]; “Mooi so Mamma” (Lééf 2008:32-330) [Figure 47-50]; “Sielsvreugde: Die krag van Sy naam” (Lééf 2008:74-75) [Figuur 52]; “Sommer net Shaleen” (Lééf 2008:76-77) [Figuur 55].

- **Sy is moontlik waardig:** Geldenhuys (1954:164); “Voorblad” (Lééf 2008) [Figuur 38]; “10 Mees inspirerende vroue” (Finesse 2008:14-21) [Figure 40-44]; “Die vere maak die vrou!” (Finesse 2008:44-45) [Figuur 45]; “Die ander kant van die Penny” (Lééf 2008:16-17) [Figuur 46]; “Mooi so Mamma” (Lééf 2008:32-330) [Figure 47-50]; “Sielsvreugde: Die krag van Sy naam” (Lééf 2008:74-75) [Figuur 52]; “Sommer net Shaleen” (Lééf 2008:76-77) [Figuur 55].
- **Sy blyk oor hoë morele standarde en integriteit te beskik:**<sup>78</sup> Geldenhuys (1954:169); Joubert en Smith (2010:18); “Voorblad” (Lééf 2008) [Figuur 38]; “10 Mees inspirerende vroue” (Finesse 2008:14-21) [Figure 40-44]; “Die vere maak die vrou!” (Finesse 2008:44-45) [Figuur 45]; “Die ander kant van die Penny” (Lééf 2008:16-17) [Figuur 46]; “Mooi so Mamma” (Lééf 2008:32-330) [Figure 47-50]; “Sielsvreugde: Die krag van Sy naam” (Lééf 2008:74-75) [Figuur 52]; “Sommer net Shaleen” (Lééf 2008:76-77) [Figuur 55].
- **Sy lyk blykbaar altyd netjies en aantreklik:** Geldenhuys (1954:168); “Voorblad” (Finesse 2008) [Figuur 37]; “Voorblad” (Lééf 2008) [Figuur 38]; “10 Mees inspirerende vroue” (Finesse 2008:14-21) [Figure 40-44]; “Die vere maak die vrou!” (Finesse 2008:44-45) [Figuur 45]; “Die ander kant van die Penny” (Lééf 2008:16-17) [Figuur 46]; “Mooi so Mamma” (Lééf 2008:32-330) [Figure 47-50]; “Sielsvreugde: Die krag van Sy naam” (Lééf 2008:74-75) [Figuur 52]; “Sommer net Shaleen” (Lééf 2008:76-77) [Figuur 55].
- **Sy is oënskynlik rein, met inbors:**<sup>79</sup> Geldenhuys (1954:169); Joubert en Smith (2010:18); “Voorblad” (Finesse 2008) [Figuur 37]; “Voorblad” (Lééf 2008) [Figuur 38]; “10 Mees inspirerende vroue” (Finesse 2008:14-21) [Figure 40-44]; “Die vere maak die vrou!” (Finesse 2008:44-45) [Figuur 45]; “Die ander kant van die Penny” (Lééf 2008:16-17) [Figuur 46]; “Mooi so Mamma” (Lééf 2008:32-330) [Figure 47-50]; “Sielsvreugde: Die krag van Sy naam” (Lééf 2008:74-75) [Figuur 52]; “Sommer net Shaleen” (Lééf 2008:76-77) [Figuur 55].
- **Sy is blykbaar eerbaar:** Geldenhuys (1954:164); “Voorblad” (Finesse 2008) [Figuur 37]; “Voorblad” (Lééf 2008) [Figuur 38]; “10 Mees inspirerende vroue”

<sup>78</sup> Word dikwels aangedui deur *wat nie* gesien kan word nie, byvoorbeeld, sy *dra nie* uitspattige klere nie, maar blyk eerder altyd kuis bedek te wees. Die beeld wat geskep word rondom die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal is dat sy altyd betaamlik aangetrek is en ook só optree.

<sup>79</sup> Sy blyk die teenoorgestelde van die *femme fatale* te wees en vertoon nie sensueel of losbandig nie.

(*Finesse* 2008:14-21) [Figure 40-44]; “Die vere maak die vrou!” (*Finesse* 2008:44-45) [Figuur 45]; “Die ander kant van die Penny” (*Lééf* 2008:16-17) [Figuur 46]; “Mooi so Mamma” (*Lééf* 2008:32-330) [Figure 47-50]; “Sielsvreugde: Die krag van Sy naam” (*Lééf* 2008:74-75) [Figuur 52]; “Sommer net Shaleen” (*Lééf* 2008:76-77) [Figuur 55].

- **Sy blyk ’n eggenote te wees:** Geldenhuys (1954:163;168); De Vaal (2007:4); Joubert en Smith (2010:19); “Voorblad” (*Finesse* 2008) [Figuur 37]; “Voorblad” (*Lééf* 2008) [Figuur 38]; “10 Mees inspirerende vroue” (*Finesse* 2008:14-21) [Figure 40-44]; “Die vere maak die vrou!” (*Finesse* 2008:44-45) [Figuur 45]; “Die ander kant van die Penny” (*Lééf* 2008:16-17) [Figuur 46]; “Mooi so Mamma” (*Lééf* 2008:32-330) [Figure 47-50]; “Sommer net Shaleen” (*Lééf* 2008:76-77) [Figuur 55].
- **Sy blyk ’n moeder te wees:** Geldenhuys (1954:163;166); De Vaal (2007:4); Joubert en Smith (2010:19); “Voorblad” (*Finesse* 2008) [Figuur 37]; “Voorblad” (*Lééf* 2008) [Figuur 38]; “10 Mees inspirerende vroue” (*Finesse* 2008:14-15); “Die vere maak die vrou!” (*Finesse* 2008:44-45) [Figuur 45]; “Die ander kant van die Penny” (*Lééf* 2008:16-17) [Figuur 46]; “Mooi so Mamma” (*Lééf* 2008:32-330) [Figure 47-50]; “Sommer net Shaleen” (*Lééf* 2008:76-77) [Figuur 55].
- **Sy is oënskynlik gelowig:** Geldenhuys (1954:170); Joubert en Smith (2010:23); “Voorblad” (*Finesse* 2008) [Figuur 37]; “Voorblad” (*Lééf* 2008) [Figuur 38]; “10 Mees inspirerende vroue” (*Finesse* 2008:14-21) [Figure 40-44]; “Die ander kant van die Penny” (*Lééf* 2008:16-17) [Figuur 46]; “Sielsvreugde: Die krag van Sy naam” (*Lééf* 2008:74-75) [Figuur 52]; “Sommer net Shaleen” (*Lééf* 2008:76-77) [Figuur 55].
- **Sy is blykbaar gediensig en gedwee (ondergeskik of onderdanig).** Geldenhuys (1954:164); Joubert en Smith (2010:18); “Voorblad” (*Lééf* 2008) [Figuur 38]; “10 Mees inspirerende vroue” (*Finesse* 2008:14-21) [Figure 40-44]; “Die vere maak die vrou!” (*Finesse* 2008:44-45) [Figuur 45]; “Die ander kant van die Penny” (*Lééf* 2008:16-17) [Figuur 46]; “Mooi so Mamma” (*Lééf* 2008:32-330) [Figure 47-50]; “Sielsvreugde: Die krag van Sy naam” (*Lééf* 2008:74-75) [Figuur 52]; “Sommer net Shaleen” (*Lééf* 2008:76-77) [Figuur 55].
- **Sy is waarskynlik passief:** “Voorblad” (*Lééf* 2008) [Figuur 38]; “10 Mees inspirerende vroue” (*Finesse* 2008:14-21) [Figure 40-44]; “Die ander kant van die Penny” (*Lééf* 2008:16-17) [Figuur 46]; “Mooi so Mamma” (*Lééf* 2008:32-330) [Figure 47-50]; “Sommer net Shaleen” (*Lééf* 2008:76-77) [Figuur 55].



Die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal blyk 'n betaamde, stemmige vrou te wees. Sy is moontlik stil, sag, waardig, en kalm. Sy is waarskynlik passief, ondergeskik en nederig. Sy blyk op haar plek, kuis en onskuldig te wees. Sy is waarskynlik gerus en tevrede. Haar gedrag is moontlik subtiel en selde uitspattig. Sy is blykbaar soms prettig, jonk en selfversekerd en mag soms haar sensuele sy *smaakvol* na vore laat kom. Sy is waarskynlik pragtig, 'n skoonheid, ten spyte van haar ouderdom. Sy is moontlik 'n volwasse vrou wat die seer van die lewe oorwin deur haar geloof, en deur terug te delf in haar tradisionele rolle as eggenote en ma.

Hierdie Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wat in die Mei 2008-uitgawes van *Finesse* en *Lééf* gekonstrueer word, is waarskynlik nie ver verwyder van die tradisionele Christen-Afrikaner vroue-ideaal in die kultuurgeskiedenis nie.<sup>80</sup> Die konstruering van die hedendaagse ideaal is egter net meer subtiel, terwyl dit verbloem word en selfs aantreklik gemaak word deur middel van kunssinnige tegnieke wat die aard van die tydskrif bied, wat insluit uitleg, ontwerp, kleur, mode en grimering. Die konsepte wat oënskynlik oorvleuel tussen die eertydse en die hedendaagse Christen-Afrikaanse vroue-ideaal is waarskynlik selfopoffering, vroomheid en gelatenheid. Hierdie stem ook ooreen met die Bybelse vroue-ideaal wat Joubert en Smith (2010:18) meen onselfsugtig, onbaatsugtig, diensbaar, gedienstig en gedwee is. Joubert en Smith (2010:20) gebruik ook die woord "opoffering", wat sinoniem is met die selfopoffering wat kenmerkend is aan die Christen-Afrikaner vroue-ideaal in kultuurgeskiedenis (McClintock 1991:109) soos byvoorbeeld die staaltjie rakende Racheljie de Beer).

Die verskil tussen die visuele uitbeeldings van die eertydse en die hedendaagse Christen-Afrikaanse vroue-ideaal, lê oënskynlik daarin dat die uitbeelding van 'n hedendaagse Christen-Afrikaanse vroue-ideaal nie so ernstig en swaar is nie, te danke aan populêre media soos die tydskrif. Slegs in die teks en subteks in die artikels van die tydskrifte word haar swaarkry gedeel. Hierdie swaarkry blyk 'n eienskap te wees wat die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal met haar ewebeeld in kultuurgeskiedenis in gemeen het (McClintock 1991:109). Dit blyk dat swaarkry byna prysenswaardig is, aangesien dit lei tot volwassenheid, wat op sy beurt 'n ideaal blyk te wees. Volgens *Finesse* en *Lééf* vind oorwinning van hierdie swaarkry plaas deur geloof, en die terugkeer na die eenvoudige dinge in die lewe wat regtig saak maak, soos om eggenote en ma te wees.

---

<sup>80</sup> Omdat die Afrikaner nasie so diep gelowig was, is die Bybelse vroue-ideaal deur die eeue aan die Afrikaner vrou as die ideaal voorgehou (Sien Hoofstuk een)

Die antwoord op die vraag: 'Of die soeke na 'n nuwe kulturele identiteit tot 'n nuwe ideologie rondom 'n vroue-ideaal lei, geëmansipeer van tradisionele kulturele persepsies', begin nou duidelik te word. Die teendeel blyk eerder die geval te wees – die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal val oënskynlik terug op tradisionele Afrikanerideologieë se verwagtinge rondom vroulikheid.

Die vraag kan gevra word of die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal enigsins verskil van 'n Afrikaanse vroue-ideaal, of 'n Christelike vroue-ideaal, of bloot enige vroue-ideaal. Konsepte rakende verskeie tipes vroulikheid behels waarskynlik sekere ooreenkomste – die era is immers 'n globale een waar grense vervaag. Die invloed van buite, insluitend ander kulture, op enige vroue-ideaal, is waarskynlik onvermydelik. Hall (1980:134) se '*preferred readings*' is waarskynlik hier ter sprake: betekenisgewing word onder meer bepaal deur sosiale ordes, strukture en ervaringe, wat ook kultuur insluit. Wanneer al hierdie aspekte in gedagte gehou word, sal die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal nie vlugtig vergelyk kan word met 'n vroue-ideaal van 'n ander kultuur nie – nie sonder om die betrokke kultuur waaruit die vroue-ideaal gekonstrueer word, ook onder die loep te bring nie. 'n Afrikaanse vroulike leser se betekenisgewing aan 'n vroue-ideaal geskied vanuit haar eie sosiale ervaring. By interpretasie van 'n ander kultuur se vroue-ideaal, mag van die kodes haar verbygaan of verkeerdelik geïnterpreteer word.

Hierdie studie het egter nie ten doel om 'n vergelyking te tref tussen die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal en 'n ander vroue-ideaal nie. Deur die visuele beeldmateriaal rakende voorbladvroue van *Finesse* en *Lééf* op die voorblad van *Cosmopolitan* of *Sarie* te plaas, sal waarskynlik aan die vroue-ideaal wat hulle daar konstrueer, ander betekenis verleen, as gevolg van die konteks van die tydskrif waarop dit verskyn. So ook sal 'n voorbladmodel van *Cosmopolitan* of *Sarie* wat skielik op *Finesse* of *Lééf* se voorblad verskyn, waarskynlik onvanpas wees, as gevolg van die Christelike konteks van die twee tydskrifte. Hierdie studie fokus bloot op die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal soos deur *Finesse* of *Lééf* gekonstrueer.

Deur middel van 'n ikonografiese analise op die betrokke uitgawes van *Finesse* en *Lééf*, het hierdie hoofstuk die aard van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal aangetoon en haar konstruering aangedui. Dit is derhalwe ook van belang om te fokus op die rolverwagtinge van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal, moontlik dié van eggenote en moeder. In die volgende hoofstukke word ondersoek hierna in gestel.

## HOOFSTUK 5

### DIE KONSTRUERING VAN DIE CHRISTEN-AFRIKAANSE VROUE-IDEAAL AS EGGENOTE

#### 5.1 Inleiding

Deur middel van 'n kritiese, visuele analise van *Finesse* en *Lééf*, is in die voorafgaande hoofstukke uitgewys dat die betrokke tydskrifte 'n spesifieke Christen-Afrikaanse vroue-ideaal konstrueer. Die twee geslagsrolle wat vir die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal geïdentifiseer word binne *Finesse* en *Lééf*, is dié van eggenote en moeder. Uit vorige besprekings blyk dit dat hierdie rolle voortspruit uit 'n patriargale ideaal wat moontlik steeds seëvier. Een doel van hierdie studie is om deur middel van 'n visuele analise van die betrokke tydskrifte vas te stel watter verwagtinge of ideale aan die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal as eggenote en moeder voorgehou word. Derhalwe sal daar in hierdie studie ondersoek ingestel word na altwee hierdie rolle. Hierdie afdeling ondersoek die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal as eggenote (aangesien dit bepalend blyk te wees in die bevestiging of 'n patriargale ideologie steeds seëvier) terwyl haar rol as moeder in Hoofstuk ses bespreek word.

Die visuele analise met betrekking tot die invloed van die huwelik op die konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal, fokus spesifiek op beeldmateriaal waar die vrou saam met 'n man in 'n foto uitgebeeld word. Daar word ook moontlik aangedui hoedat die Afrikaanse Christelike huwelik met sy duidelike rolverdeling 'n rigsnoer mag wees vir die konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal. Die volgende vrae kom pertinent na vore: Watter verwagtinge word deur *Finesse* en *Lééf* geskep rondom die ideale Christen-Afrikaanse eggenote? Hoe moet sy optree, wat moet sy doen, en watter eienskappe word as ideaal vir haar voorgehou? Hoe vergelyk die hedendaagse Christen-Afrikaanse vroue-ideaal as eggenote met die Bybelse vroue-ideaal as eggenote wat op Spreuke 31 gebaseer is?

#### 5.2 Die ideale Afrikaanse Christelike huwelik en die rol van die vrou as eggenote

Visuele simbole wat in albei tydskrifte voorkom dra oënskynlik subtiel by tot die versterking van 'n Afrikaanse Christelike huwelik. Dit blyk dat die huwelik in (tradisionele)

Afrikaanse Christelike kultuur, 'n gewigtige saak is. Die 'behoefte' om ewig trou aan mekaar te sweer, is waarskynlik hedendaags steeds geldig. Pieterse (1998:148 [beklemtoning bygevoeg]), destydse hoof van die Departement Sosiologie aan die Universiteit van Pretoria en ondervoorsitter van die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK), meen:

Dit is die begeerte van elke *normale* jong man en dame om eendag gelukkig getroud te wees. Dit is 'n innerlike behoefte en nie net 'n liggaamlike behoefte van aanvulling nie. Die mens is ook so geskape dat man en vrou uit die verskille tussen hulle mekaar juis liggaamlik en psigies aanvul.

Heyns (1998:141, 143), voormalige professor aan die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Pretoria, is oortuig dat 'n Christenhuwelik dít behoort te wees wat God (volgens hom) oorspronklik daarmee bedoel het, en nie wat mense daarvan gemaak het nie:

Om man en vrou saam in 'n huwelik te wees, is 'n voorreg wat God die mens geskenk het – 'n voorreg wat die sondige mens dikwels misbruik het, en 'n gawe wat hy dikwels nie tot Sy eer ontvang het nie. Aan die ander kant is daar tog ook baie mense wat iets verstaan het van die diepere misterie en iets ervaar het van die verrykende ondervinding van menswees in tweesaamheid.

Volgens Heyns (1998) beteken menswees blykbaar nie alleen-wees nie.<sup>1</sup> Heyns (1998:141) wys daarop dat die mens "in sy saam-wees met sy naaste, iets tot openbaring bring van sy saam-wees met God". Volgens Pieterse (1998:148 [beklemtoning bygevoeg]) bestaan daar 'n persepsie dat die mens nie ten volle mens kan wees sonder om 'n eggenoot of ouer te wees nie:

Daar moet ook beklemtoon word dat die man eers werklik man is as hy getroud en die vader van 'n kind is, en dat die vrou eers *werklik vrou* word in die ware sin van die woord as sy *getroud* en *moeder* van 'n kind geword het.

Dit impliseer dat 'n enkelopende persoon nie ten volle tot menswees kan kom nie, aangesien die individu altyd iets – 'n maat – kortkom. Ten opsigte hiervan word die huwelik, veral die Afrikaanse Christelike huwelik, dus gesien as 'n gawe van God wat tot

---

<sup>1</sup> Volgens Heyns (1998:142) het die huwelik drie bestemmings: 1) Die verheerliking van God – aangesien God self die huwelik ingestel het, is die oorwegende bestemming van die huwelik die verheerliking van God; 2) Die seksuele – die seksuele daad is nie net die teken van die liefde van man en vrou nie, maar vorm ook die vrugbare benaming van die liefde. Om laasgenoemde dan in dubbele sin te verstaan: vrugbaar omdat dit die liefde voed, stimuleer en verdiep, maar vrugbaar ook omdat dit tot voortplanting lei; 3) Voortplanting – nie net seksuele voortplanting wat kinders voortbring nie, maar ook geslag 'voortplant', met verwysing na rolopleiding.

seën van die mens is, waar die eggenotes mekaar vervul.<sup>2</sup> Dit is dan in die huwelik waar die vrou eggenote (of werklik vrou) word. Net soos vir die Bybelse vroue-ideaal, is dit waarskynlik ook vir die hedendaagse Christen-Afrikaanse vroue-ideaal “n Godgegewe roeping om ’n vrou vir [haar] man te wees” (Joubert & Smith 2010:19).

Rakende die Bybelse vroue-ideaal wat in Spreuke 31 uiteengesit word, meen Cilliers (2003:106): “Om ’n man te kry, om te trou en dan die ideale vrou of eggenote te wees, dit is die onderliggende boodskap van die teks. As gevolg van ’n bevooroordeelde interpretasie wat nie kan loskom uit daardie Bybelse tyd nie, is dit wat man en kerk en samelewing (en dit sluit helaas ook vroue in), met enkele uitsonderings, nog steeds van die vrou verwag”. Volgens Cilliers (2003:99) is een groot rede hiervoor die Afrikaanse taal en die betekenis wat dit aan die woord ‘vrou’ toegeskryf:

Afrikaans [...] gaan mank aan betekenis as dit by die woord ‘vrou’ kom. In die NIV is die opskrif van die Spreuke 31-gedeelte: ‘The wife of noble character’, wat dit duidelik maak dat dit hier om die getroude vrou gaan. Sommige bronne verwys na ‘the virtuous wife’ [...] of ‘the capable wife’. Afrikaans bly mooi voor op al die vlakke: goeie vrou, deugsame vrou en knap vrou is die vertalings van bogenoemde. Maar wat ‘vrou’ betref, stel die taal teleur, want daar word geen onderskeid getref tussen ‘vrou’ wat deel van die mensdom is, en ‘vrou’ wat in die huwelik met ’n man staan nie. Wat ongelukkig is, want die samelewing neig om daardie gebrek aan onderskeid, soos dit in die taal en in hierdie Bybelgedeelte voorkom, te weerspieël. Ten spyte dat ons deesdae lag vir die voorskrifte van vorige dekades toe die huwelik as feitlik die enigste toekoms vir ’n vrou aanvaar is, word veral vroue nog steeds deur die gemeenskap in die rigting van die huwelik gedru. As hulle nie trou nie, [...] word daar gou ’n vraagteken bo hulle seksualiteit of hulle morele standaard geplaas. So asof ’n vrou natuurlikerwys ook ‘vrou’ moet wees.

Dit blyk dus dat die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal met die huwelik vereenselwig word, soos dit ook in hierdie kritiese visuele analise van *Finesse* en *Lééf* afgelei kan word.

’n Ander uitgangspunt van belang by die konstruering van ’n Christen-Afrikaanse vroue-ideaal, is dat die Afrikaanse huwelik aan geloof gekoppel word. Daar word dikwels na die huwelik as ’n verbond verwys. Dreyer en Van Aarde (2007:631) tref onderskeid tussen ’n huwelikskontrak en ’n -verbond: ’n kontrak word met mense gesluit, terwyl ’n

---

<sup>2</sup> In die Christen-Afrikaanse kultuur word die huwelik as ’n Godgegewe gawe bestempel. As kenner rondom die Afrikaanse Christelike huwelik, is Geldenhuys (1954:171 [beklemtoning bygevoeg]) van mening dat die huwelik ’n Godgegewe gawe is wat nodig is vir persoonlike ontwikkeling: “U moet besef dat die huwelik insigself iets *moois* en *heiligs* is en dat die Here dit ingestel het om u lewens heerlik te verryk, om u gelukkiger te maak, u persoonlikhede tot voller en mooier ontwikkeling te laat kom en u lewens nuttiger en beter te maak”.



verbond met God gesluit word. Dreyer en Van Aarde (2007:631) sê die volgende daaroor:

Om die verbondsmodel by die huwelik te gebruik, klink aanvanklik belowend, omdat dit gebaseer is op die verhouding tussen God en die geloofsgemeenskap, maar so 'n ongelyke verbondsverhouding kan ook baie problematies wees omdat 'n verbondsverhouding 'n ongelyke verhouding veronderstel.

Deur na die huwelik as 'n verbond te verwys, word 'n patriargale ideologie waarskynlik gesuggereer, waar een party (die manlike geslag) bo die ander (vroulike geslag) verhewe is. Die gevolg hiervan vir 'n Afrikaanse Christelike huwelik is dat 'n patriargale ideologie onderhou word deurdat die man die rol as hoof van die huis inneem (Dreyer 1997; Vorster 2006). Die joernalis, Alida Vorster (2006), ondersoek hierdie sienswyse, naamlik dat vroue deur 'n patriargale ideologie onderdruk word. Vorster (2006:12) verwys na 'n stelling van dr. Christo de Klerk, 'n pastorale terapeut en egskeidingsbemiddelaar, waarin gebruik gemaak word van die term 'patriargale huwelik':

Patriargie beteken 'regering deur die man'. 'n Patriargale samelewing beteken 'n samelewing waar mans se woord wet is, waar mans in beheer is. 'n Samelewing waar vroue se ervarings, woorde, idees, emosies en verhale as tweederangs beskou word. 'n Patriargale huwelik is 'n huwelik waarin al die bogenoemde kenmerke neerslag vind.<sup>3</sup>

'n Afrikaanse Christelike patriargale huwelik verdien ongetwyfeld 'n indiepte-ondersoek. Sodoende kan uitgewys word watter implikasies patriargale huweliks-ideologieë vir die konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal inhou. Die volgende aspekte dra waarskynlik by tot 'n (Christen-Afrikaanse) patriargale huwelik, en gevolglik ook tot die konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal: die bestaansverhaal – die eerste huwelik tussen Adam en Eva, en die huweliksformulier.

---

<sup>3</sup> Vorster (2006:12) meen dat dr. De Klerk "in sy praktyk [...] baie te doen [kry] met vroue wat die slagoffers van sulke patriargale huwelike was. Hy sien die hele kwessie van die verskillende rolle wat man en vrou binne die huwelik moet speel as 'n patriargale uitkyk. So is die vrou se rol een van versorger wat nie net fisiek en emosioneel moet versorg nie, maar ook vir seksuele vervulling van haar man moet sorg. Voorts moet sy sorg dat daar nie konflik is nie. Dit moet sy doen vanuit 'n mindere magsbasis. Die feit dat soveel vroue steeds geen idee het hoe geldsake werk nie, is nog 'n uitvloeisel van die patriargale stelsel".

## 5.2.1 Die eerste huwelik tussen Adam en Eva



Figuur 56: *My lewe in 'n plakboek*.  
(Lééf Mei 2008:60-61).

In “My lewe in 'n plakboek”<sup>4</sup> (Figuur 56), bo aan die linkerkant van die bladuitleg, is daar 'n foto van 'n man wat in die voorgrond staan, en 'n vrou wat agter hom staan met haar arm wat op sy skouer rus. Goffman (1987:40) meen dat hierdie houding in teenstelling is met die *'ritualization of subordination'*:

A classic stereotype of deference is that of lowering oneself physically in some form or other of prostration. Correspondingly, holding the body erect and the head high is stereotypically a mark of unashamedness, superiority and disdain. An interesting contrast is to be found in turn-of-the-century portrait poses of couples, wherein the effect was often achieved of displaying the man as the central figure and the woman as backup support, somewhat in the manner of chief lieutenant.

In hierdie verband verwys Goffman (1987:40) na outydse foto's, waar die man sit, en die vrou agter hom staan met haar hand wat op sy skouer rus. Hierdie foto in “My lewe in 'n plakboek” (Figuur 56) blyk 'n moderne weergawe daarvan te wees. Dit is moontlik 'n visuele veronderstelling dat die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal veronderstel is om

<sup>4</sup> “My lewe in 'n plakboek” is 'n maandelikse artikel wat elke maand fokus op 'werklike' mense. Hierdie konsep om werklike mense deel van die tydskrifwêreld te maak, ondersteun die denkbeeldige gemeenskap wat die tydskrif skep.

haar man te ondersteun (in die agtergrond). Geldenhuys (1954:165 [beklemtoning bygevoeg]) wys na aanleiding van Spreuke 31 tereg uit dat sy “n *stille* vertrouwbare krag” vir haar man is. “Haar man weet dat hy op haar onwankelbare getrouheid kan staatmaak. [...] In tye van teenspoed en teleurstelling kan hy op haar steun” (Geldenhuys 1954:164). Joubert en Smith (2010:18) beaam: “Sy [...] bou haar man op en is daar om hom te ondersteun. Haar [...] ondersteuning vir haar man is een van diensbaarheid wat hom goed laat lyk. [...] Sy is bereid om op te offer ter wille van haar man se sukses”. Hierdie konstruksie van die mite rondom die hedendaagse Christen-Afrikaanse vroue-ideaal, blyk dus gewortel te wees in die Bybelse vroue-ideaal.

Die subopskrif lui: “Werner en Phillipa du Toit, keramiekkunstenaars van Ladybrand in die Oos-Vrystaat, leef met hul koppe in die wolke en hul voete op die aarde” (Lééf 2008:60-61). Ook die feit dat hulle ’n van deel, naamlik Du Toit, is taalkundig simbolies van hul eenheid in die huwelik. Die vrou se liggaamshouding, waar haar arm op haar man se skouer rus, suggereer eenheid in die huwelik. Hierdie visuele uitbeelding van die hedendaagse Christen-Afrikaanse vroue-ideaal, vergelyk met Geldenhuys (1954:164) se Bybelse vroue-ideaal, omrede hy meen: “Die siele-eenheid tussen haar en haar man word steeds inniger”. Haar hand wat op haar man se skouer rus, is waarskynlik simbolies van hul (siele-)eenheid. Hierdie gebaar kan ook dui op haar meegevoel en simpatie: “Sy is altyd gereed om wanneer hy dit werklik nodig het, hom die nodige simpatie te gee, ’n simpatie wat in regte dade bestaan en aldus ’n praktiese werklikheid is” (Geldenhuys 1954:164).

Skuins onder, regs van die foto waarin die paartjie verskyn, is daar ’n illustrasie van ’n bruid en bruidegom, klaarblyklik deur Frans Claerhout geskep (Lééf 2008:60-61). Selfs in die illustrasie is die bruid se blik onderdanig en bewonderend op die man gerig, asof in afwagting op sy leiding. Hierdie onderdanige houding is tipies aan die Bybelse en hedendaagse Christen-Afrikaanse vroue-ideaal, soos in die vorige hoofstuk uiteengesit. Die bruidegom kyk direk na die leser en dit spreek moontlik van sy selfversekerdheid. Hierdie persepsie is waarskynlik tipies van ’n patriargale huwelik soos deur de Klerk (in Vorster 2006:12) uitgewys.

Die verhouding tussen Adam en Eva word in die Christelike tradisie waarskynlik voorgedra as die perfekte verhouding tussen man en vrou. Binne die huwelik impliseer dit ’n onderdanige rol vir die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal, maar ook in breër kulturele verband, waar die man in die algemeen tradisioneel hiërargies hoër as die vrou

geag word (De Klerk in Vorster 2006:12). Hierdie stelling word deur Foh (1980:219) bevestig:

That marriage is the normal or natural state is borne out by creation. In the beginning, God did not create single persons. God created a couple, husband and wife, because it was not good for the man to be alone (Gen. 2:18). One of God's first commands – to fill the earth – could not be obeyed apart from marriage; and the man needed the woman to help him in general. Marriage is not just a necessary evil; it is not just a way to control “lust” or passion, as some have deducted from I Corinthians 7:9, 36. God declared marriage good in Geneses 1:31; marriage was a part of God's original creation.

Christene glo dat die verhale in die Bybel deur God geïnspireer is, en daarom betroubaar en waar is (Stewart van Leeuwen 1993:189). Een van die sleutelverhale wat deur die geloofsgemeenskap oorvertel word, is die verhaal wat handel oor die bestaan van die mens. Enige storie van herkoms gee aan die mens 'n sin van plek, persoonlike identiteit en geslagsidentiteit. Hierdie bestaansverhaal van Adam en Eva skep 'n basis vir 'n verhouding met God, 'n verhouding met mekaar, en gee betekenis aan 'n Christelike menslike bestaan in die sin dat die mens 'n doel op aarde het.

Met verloop van tyd, soos wat verhale in 'n gemeenskap oorvertel word, het bestaansverhale manlike dominansie geregverdig, nie net in formele sosiale verhoudings nie, maar ook in meer persoonlike verhoudings (Stewart van Leeuwen 1993:189), soos die huwelik. Net so word die bestaansverhaal in die Afrikaanse Christelike tradisie oënskynlik op 'n verwronge wyse geïnterpreteer en blyk gemik te wees om heersende patriargale ideologieë te ondersteun.

In ooreenstemming hiermee lig Heyns (1998:141-142) Genesis 2:1 uit waar God sê: “Ek sal vir hom hulp maak wat by hom pas”. Hiermee word gesinspeel dat die vrou geskape is om die man aan te vul waar hy moontlik tekort skiet, en nie as eweknie nie. Sy is *hulp*, en sy pas by *hom*. Deurgans in die studie is daar reeds uitgewys hoe hierdie ideologie in Afrikaner/Afrikaanse Christelike kultuur neerslag gevind het. Geldenhuys (1954:64 [beklemtoning bygevoeg]) meen “[hy] sal [...] op haar heelhartige *hulp* kan reken” en “sy [is] steeds 'n groter *hulp* en inspirasie vir haar man”. Joubert en Smith (2010:12 [beklemtoning bygevoeg]) meen ook dat die vrou die man tot hulp moet wees: “'n *Vrou*, 'n *helper*, 'n gelyke, het nou op die toneel verskyn. Hier wat iemand soos hyself, iemand anders wat as *volmaakte helper* ontwerp is deur die Skepper”; en “Net daar word 'n *mens* dan 'n *man*, en 'n *vrou* word op haar beurt die *perfekte helper*” (Joubert & Smith 2010:13 [beklemtoning bygevoeg]). Alhoewel Joubert en Smith (2010:12) haar die man

se gelyke noem, is daar nietemin klem op hierdie ongelyke verhouding: sy die helper, en hy die “koning, priester en profeet” (Joubert & Smith 2010:18). Hiermee word subtiel beklemtoon dat die man belangriker geag word as die vrou.

Ook Heyns (1998:141-142) beweer:

’n Geestelike gemeenskap het eers gekom toe Eva in al haar skoonheid voor hom gestaan het. Toe vir die eerste maal was daar iemand wat soos hy was, wat sy lewe kon aanvul en afrond, met wie hy kon praat en aan wie hy diepere roeringe van sy siel kon meedeel. Toe was hy nie meer eensaam nie. Toe was daar iemand vir wie hy oneindig meer kon beteken as om maar haar naam te gee. In Eva het Adam iets van homself teruggevind, want, anders as diere, was sy uit hom geneem. Die Skepper het hulle wel uit mekaar losgemaak – Eva het Hy uit Adam uitgehaal – maar die bedoeling was, en is nog altyd, dat hulle uit mekaar losgemaak is en weer bymekaar, elkeen as selfstandige mens, gevoeg moet word. Hierdie drang van hulle wat uitmekaar uit geneem is, maar tog bedoel is om by mekaar te wees, dit noem die Bybel liefde.

Hierdie aanhaling beklemtoon oënskynlik die belang van die man bo dié van die vrou, asof God dit so bestem het. Soos talle hedendaagse feministe redeneer, insluitende Stewart van Leeuwen (1993) en Dreyer (1995; 1997; 2007), is die bestaansverhaal gebruik om vroue uit te beeld as minderwaardig teenoor mans – intellektueel, fisies, en moreel. Die verhaal soos dit tradisioneel vertel word, lig Adam se wêreldlike prioriteit uit – Adam se benaming van Eva, Eva wat eerste gesondig het, en Eva wat daarna vir Adam verlei het. Hiermee saam is die man die oorspronklike mens, en die vrou die sekondêre mens, en die betaamlike verhouding tussen hulle is een van manlike leierskap, of te wel manlike dominansie (Stewart van Leeuwen 1993:190-191). Die man word geken as die “hoof” oor die vrou, wat impliseer dat hy mag het oor haar. Met verwysing na Efesiërs 5:22-23 meen Foh (1980:198) ook dat die vrou ondergeskik aan haar man moet wees, omdat hy deur God as hoof bo haar aangestel is. Sy baseer die man se hoofskap op die bestaansteorie, naamlik dat die vrou vanuit die man geskape is – vir sy onthalwe. Die vrou is geskape bloot as die man se helper.<sup>5</sup>

In die konserwatiewe Afrikaanse Christelike tradisie word daar klaarblyklik sterk klem gelê op die vrou se onderdanige rol aan haar man, waar die Adam-en-Eva-verhouding as ideaal voorgehou word. Oor die Bybelse beeld van die vrou as eggenote meen

---

<sup>5</sup> Foh (1980:198-199) is egter van mening dat die woord ‘helper’ in Hebreeus nie noodwendig ondergeskiktheid impliseer nie. Dit is egter deur die toedoen van manlike dominansie, dat daar ’n negatiewe konnotasie aan helper is, waar helper byna sinoniem met ‘slaaf, in diens van, vir my gemak’ beteken, eerder as eweknie – wat waarskynlik God se bedoeling was. Dit is maar een voorbeeld van hoe taal en vertaling ten gunste van die heersende ideologie kan werk.



Elaine Botha (1998:156), professor in die Departement Interfakultêre Wysbegeerte aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, die volgende:

Die vrou word, so vertel Genesis ons, oor die skepping geskape uit die rib van die man as hulp wat by hom pas [...] en om sy eensaamheid as mens tegemoet te kom. Hierdie beeld van die vrou wat die man in die kultuurtaak op eie en tipiese wyse tot hulp moet wees, word deurgaans in die Skrif aangetref. Ook die Nuwe Testament aksentueer die feit dat die vrou geskape is ter wille van haar man (1 Kor.1:9). Baie plasties uitgedruk: Die man moet iets van die heerlijkheid van God se beeld in hierdie werklikheid laat afstraal. Dit kom veral tot uitdrukking in die feit dat hy heer is en dat hy hoof is.

Die vrou op haar beurt is die heerlijkheid van die man. (Altans so lees ek dit in 1 Kor. 11.) In die oorspronklike skeppingsverhouding is die vrou geskape as hulp wat by die man pas, d.w.s. primêr tot hulp wat hom moet bystaan in hierdie verantwoordelike en heerlike taak om beelddraer of weerkaatser van God se heerlijkheid te wees.

Die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal se eie menswees is dus nie belangrik nie, sy is klaarblyklik hier op aarde vir haar man se onthalwe. Dit blyk dat sy haar man moet verheerlik en vir hom 'n aanwinst moet wees (hetsy deur haar gedrag, kleredrag, voorkoms asook haar ondersteunende gedrag teenoor hom). Alhoewel hierdie siening rondom 'n Afrikaanse Christelike patriargale huwelik vergesog klink, is dit in werklikheid die denkpatroon wat waarskynlik steeds vandag seëvier. Dit is dan hierdie denkpatroon wat sekere standaarde en grense daarstel rakende die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal as eggenote, wat in *Finesse* en *Lééf* gekonstrueer word.

### **5.2.2 Die huweliksformulier**

“Jou huwelik: Ek het maar net aangeneem” (Figuur 57) propageer ook oënskynlik 'n patriargale huwelik. Die foto is 'n uitbeelding van 'n man en vrou wat hande vashou terwyl hulle in die veld loop. Met betrekking tot hande vashou sê Goffman (1987:56) die volgende: “When employed between adult male and adult female, hand-holding appears to be taken to indicate a sexually potential, exclusive relationship”. By wyse van die handvashougebaar, word die samesyn tussen hierdie twee persone verseël. Onder die afdeling in *Finesse* getiteld “jou huwelik”, is dit duidelik dat hierdie twee persone in die eg verbind is, of soos Geldenhuys (1954:164) dit noem, 'n “siele-eenheid”.

jou huwelik

## 'ek het maar net aangeneem ...'

Die sleutelwoord tot 'n suksesvolle huwelik is 'kommunikasie'. Daarom dat aannames en van jou huwelik se grootste vyande is ...

JITVEL ANNELESE DE KLERK FOTO FREDRICK FOSTER



**WILMÉ STEENEKAMP** (mediese dokter, sielkundige terapeut en seksuoloog)

In Engels praat ons van aannames as "beliefs". Dit is persepsies waaraan ons van klein af blootgestel word en waaraan ons dan ontbewustelik glo – dit word ons oornagings.

Dikwels was die aanname van die betrokke persoon die tipiesste glim nie dieselfde as die broodskap wat ons glo. Hier en dan die aanname wat gemaak word nie. My ma se dalk op verskillende maniere vir my: "Oudhul, in jou moet baie moede doen vir haar man." Dan kry my ja dalk 'n naspeking en is bank bedienend hewi my ma agteroor hand om heen te verpleeg. Die aanname wat in my gemoed groei en later 'n swewige, onbewusselike oornagingswoord is: "Vrae ledele hui ma's" of "n Goetie vrou begrave haar identiteit sodat sy haar man getroude kan hui". Die aanname by die situasies in my kindertyd wat veroorsaak het dat ek hierdie oornagingswoord het, was beslis nie bedoel om my te leer dat ek my identiteit moet begrave wanneer ek in 'n verhouding met my man is nie, maar ek is vas oornag – ek maak die aanname dat dit is wat 'n "goetie" vrou doen!

Nou trou ek en ek begin al hoe minder dinge doen wat voortaan vir my belangrik was en spook om hierdie woordeleke man in my lewe te wees te hou. Ongelukkig is die gevolg dat by raakhard die vrou met wie by getrouk het by trou, begin mis en ek self 'n stadige groeiende wrok opbou teen hierdie man wat my "kiesoor" van my identiteit.

Menige vrou dikwels in verhoudings met hierdie onbewusselike aannames – jou man se aannames oor presies dieselfde ding verskil waarskynlik baie van joune omdat julle nie dieselfde blootstelling getroud het nie. Hy neem dalk aan dat vroue onafhanklik wil wees en dat hy altyd vir homself moet sorg, en jy voel verwerp omdat hy nie raadsien as jy hui bedien nie.

So onafhanklik ons elkeen 'n swewige raamwerk van aannames, wat verskil van persoon tot persoon, en hulle beïnvloed ons hui verhoudings. Dit is baie belangrik dat ons ons eie en mekaar se aannames leer ken en versian en verken met onseel daaroor is. Soos moet 'n mens skaf aan 'n aanname omdat dit wat

Hulle moes daarvoor praat en dit uitspreek. Een was dit vir hom 'n klip in die geveg, maar later het hy agtergeklim dat sy ook drome en doeltjies het waarna toe sy werk.

Sy het dit ook gemis om naby haar vriende en familie te wees. Len kon dit nie verstaan nie. Hulle het baie saam met sy familie gekaer en hy was geneem daaraan om hulle gereeld te sien. Daar het 'n stadium gekom wat hy baie beeng was en sy 'n maand nie by sy besoeking kon uitkom nie. Hy het agterkom hy mis sy familie verskille en dit is toe dit hy Merelise se situasie begin verstaan het. Vandaag spoor hy haar aan om so gereeld soos sy wil in Johannesburg te gaan kuer. Die grootse wat die paartjie geleer het, was om met mekaar te praat en te besef die huwelik kos harde werk. Sy kan nie altyd aanneem dat die ledele daar gaan wees nie, want die lewe gebeur en dit is so maak om van mekaar af weg te gaan, "verle Len.

As wat kind gedig het, dalk nie meer gedig is vir jou as voorwaarde nie.

### 'n Paar wenke

- Gesels baie met mekaar, maar beskaaf vooraf om nie te kersseer, aan te val of te verontlig nie. Luister baie mooi wat jou maai vir jou wil se – kuiser met "LOVE!"
- Net wat jou maai regtig voel en beleef
- Omskeer jou maai se lyfaad, gesagsaamheidskeg
- Verleer di wat jou maai vir jou se
- Eersieer di wat jou maai se verleed sodat jy kan ervar wat jou maai ervar. Omdersk jouself en probeer jou eie aannames identite seer en maak as 'n aanname en nie 'n ten nie leed dit met jou maai.
- Maak som planne oor hoe julle mekaar se aannames kan identiteer, auidag om seker te maak di is 'n realiese aannames en mekaar se verkleie behoeftes kan akkommoder sodat altes behoeftes nagegaan en erken word.

76 FINESSE MEI 2008

MEI 2008 FINESSE 77

Figuur 57: Jou huwelik: ek het maar net aangeneem. (Finesse Mei 2008:76-77).

Die man en vrou se blikke is op mekaar gerig, klaarblyklik vasgevang in mekaar en in die oomblik. Die feit dat die twee persone so in mekaar vasgevang is, dui moontlik op die eksklusiwiteit van 'n Afrikaanse Christelike huwelik. Die blou en die bruin van hul bostukke is aardse kleure wat die natuur reflekteer waarin hulle hulself bevind. Die natuur in hierdie beeld bind waarskynlik die man en vrou tot hulle natuurlike geslagsrolle. Met betrekking tot die vrou, meen Venter en Viviers (2008:251) dat die natuur in ideologieë soos volg met die vrou verband hou:

Aarde, natuur, word deurlopend as vroulik gemetaforiseer vanuit oorgeërfde dualistiese denkskemas. Die digotomie tussen man/god/ en vrou/natuur is diep ingebed in die etiese bewussyn, en daaruit vloeit voort ideologie en etos waarvolgens aarde (en vrou) as blote objek behandel word.

Ook Radford Ruether (1993:73) meen dat die vrou se fisiologiese aard haar onlosmaaklik aan die natuur bind, soos voorheen genoem. Op hierdie wyse word die natuur hier 'n simbool van 'n Afrikaanse Christelike vrou en haar biologiese natuur en metafoor vir 'n Afrikaanse Christelike patriargale huwelik (wat tot moederskap lei). Simbolies mag die natuur wat hierdie paartjie omring, op 'n Christen-Afrikaanse vrou-ideaal se rol as moeder dui, wat 'n uitkoms van hul huwelik is, of sal wees, net soos in Jan van Eyck se *Wedding Portrait* (1434) (Figuur 58) waar die vrou se hand op haar 'swanger' maag rus (Mullens 1985:179). Klaarblyklik is hierdie vrou egter nog nie

swanger nie, maar is dit haar rok se materiaal wat so saamgevat word, om haar die voorkoms van swangerskap te gee, “which soon of course will be her regular function” (Mullens 1985:179).

Deurdat die man in die foto (van die artikel “Jou huwelik: Ek het maar net aangeneem” (Figuur 57)) voor loop, neem hy klaarblyklik die leiding. Die vrou word oënskynlik gelate deur die man gelei. Na aanleiding van die vorige bespreking is hierdie beeld waarskynlik tipies van ’n Afrikaanse Christelike huwelik. Verder dui die beeld ook oënskynlik op die belang van tradisionele heteroseksuele verhoudings tussen man en vrou, in teenstelling met enkelgeslagverhoudings (man/man en vrou/vrou).

Die opskrif lui: “ek het maar net aangeneem ...”. Dit is byna asof hierdie sin as ’n verskoning geuit word. Dit is asof die woord ‘askies’ die sin moes voorgaan. Die aanname word gemaak dat dit ’n vrou is wat dit sê: “Askies, ek is jammer, dis my fout, ek het maar aangeneem ...”. Dit blyk asof die vrou die skuld op haar neem in onderdanigheid aan haar man. Dit is klaarblyklik die vrou se taak om die vrede in die huwelik te bewaar. Hierdie siening is in voeling met die karaktertrekke wat Geldenhuys (1954:171) aan die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal toeskryf, en ook in voeling met Vorster (2006:12-13) se begrip van ’n patriargale huwelik.

Met die lees van die artikel word dit duidelik dat dit handel oor kommunikasie in die huwelik. Individue wat in ’n huwelik betrokke is maak dikwels aannames wat “verwarrende situasies en fatale misverstande” tot gevolg het (*Finesse* 2008:76-77). Die artikel bied raad aan oor hoe om sulke kommunikasiestruikelblokke te voorkom, en te oorkom. Die artikel veralgemeen herhaaldelik deur middel van stereotipering, byvoorbeeld: “Vroue benader alles met emosie. Mans daarteenoor, werk met logika en feite” (*Finesse* 2008:76). Sulke aannames wat voorhou dat karaktertrekke volgens geslag geëien word, is tipies patriargaal-ideologiese propaganda. Henrietta Moore (1994:80) is ’n Britse antropoloog en huldig die volgende mening: “[W]omen were everywhere associated with nature, partly as a result of their reproductive functions, while men were associated with culture”. Dit op sigself word gebruik as rede om die vrou op haar plek te hou. Hier word die vrou gelyk gestel aan die natuur (metafoor van emosie) en die man aan kultuur (rede en logika). Deur sulke propaganda sal die stigma van ’n patriargale ideologie moontlik steeds aan die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal klou.

Die trant van hierdie artikel is selfhelp, tipies van vrouetydskrifte. Die verantwoordelikheid val oënskynlik egter op die vrou, die versorger, om hierdie stappe aan te leer. In hierdie spesifieke geval val die taak oënskynlik op haar skouers om kommunikasie in die huwelik te bevorder. Die vrou het klaarblyklik die verantwoordelikheid om haar man in hul verhouding emosioneel te lei en te leer hoe om nie aannames te maak nie. (Dit is ironies dat die aanname gemaak word dat emosionele versorging deel van die vrou se rol uitmaak). Verskeie faktore wat waarskynlik bydra tot die konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal is ter sprake: die vrou word oënskynlik deur haar man gelei, sy kyk op na hom, en sy blyk gelukkig en gelate te wees. Na aanleiding van hierdie artikel, neem sy verantwoordelikheid vir kommunikasie en emosionele versorging in die huwelik.

As 'n instelling van God word die Afrikaanse, Christelike huwelik binne die kerk bevestig. Daarom word die huwelik in Afrikaanse Christelike kringe as 'n verbond (Dreyer & Van Aarde 2007:631) en as 'n instelling van God gesien. Die bruid en bruidegom belowe pleg aan mekaar deur middel van die huweliksformulier (Bylaag B). Vanuit 'n feministiese perspektief neem Botha en Dreyer (2007:1283-1284) die volgende standpunt in ten opsigte van die huweliksformulier:

Navorsing na die ontstaansgeskiedenis van die huweliksformuliere toon dat die huwelik in die kerk nog altyd deur die gebruik van formuliere bevestig is. Die huweliksbevestigingsformulier van die Nederduitsch Hervormde Kerk gaan van die veronderstelling uit dat die huwelik 'n instelling van God is. [...] [D]it [is] ons mening dat die huwelik 'n sosiale konstruk is wat op grond van mistifikasie in die Rooms-Katolieke Kerk as 'n sakrament en in die Protestantse tradisie as 'n instelling van God beskou word.

Die huweliksformulier kan dus beskou word as 'n mensgemaakte kontrak waarmee 'n verbond gesluit word tussen die bruidspaar en God. Die menslike faktor veroorsaak dat hierdie kontrak waarskynlik deurdrenk is met menslike aspekte soos geskiedenis, tradisie en kultuur, maar bowenal waarskynlik ook patriargie. Dit is ook die geval in die skildertradisie, dat die huwelik deur patriargie deurdrenk word. In die skildertradisie is daar egter min voorbeelde wat die huwelik verteenwoordig. Met betrekking tot die voorstelling van die huwelik in skilderkuns, meen Edwin Mullins (1985:176), 'n kunshistorikus, die volgende:

Of the hundreds of thousands of images in western painting which have mirrored men's feelings for the female sex, no category of picture reveals such a death of passions of any sort than pictures of the married state. To such an overwhelming extent is this so that it is hard to believe marriage to be anything other than the very opposite of where all those passionate overtures were leading. One long look at pictures of married couples, no

matter when they were painted or where, is enough to make anyone opt for sin or celibacy.

Mullins (1985:177) verduidelik verder dat die huwelik in teenstelling is met bogenoemde 'sonde' waartoe vroulike seksualiteit lei. Die huwelik word gesien as 'n kontrak, en in hierdie geval, een wat patriargale ideologieë onderskraag: "In return for the benefits of material comfort, protection, status and motherhood, she submits to being owned by him, enjoys (until quite recently) negligible rights in law, and has no identity except as wife and the mother of his children" (Mullins 1985:177). Een só 'n voorbeeld in die skildertradisie sluit in Jan van Eyck se *Arnolfini Portrait* (1434) (Figuur 58) wat beduidend is van 'n huwelik wat in 'n patriargale tradisie ondergaan word.



Figuur 58: Jan van Eyck, *Arnolfini Portrait*, 1434.  
Olieverf op hout, (83.8 x 57.2 cm).  
The National Gallery, London.  
(Janson & Janson 1992:206).

Volgens Mullins (1985:179) het die kunstenaar hierdie skildery belaaie met simbole wat aandui op die "bond in which they are entering". Om net 'n paar simbole te noem wat Mullins (1985:179) uitwys: hul hande wat emosieloos aan mekaar raak; sy opgelegde hand wat lyk asof hy, soos 'n priester, die seën uitspreek en haar hand wat moederlik op haar maag rus; die man wat direk na die lesers kyk en die vrou wat onderdanig weg kyk; die venster wat verteenwoordigend is van God se seën op hul huwelik; en die een



brandende vlammetjie op die kandelaar, wat daarop dui dat hierdie kontrak in die teenwoordigheid van God verbind word. Hierdie is maar een wyse waarop die huwelik uitgebeeld is, maar spreek duidelik van die ongelyke kontrak waartoe die bruispaar voor God verbind is. Nie veel blyk te verander het nie.

Botha en Dreyer (2007:1284) is van mening dat “om die huwelik [as] ’n instelling van God te beskou, net nog ’n manier is om vroue onderdanig te hou. Sodoende word dit wat deur die formuliere vir vroue geleer word ten opsigte van hulle identiteit en waarde gelegitimeer”. Die klassieke Afrikaanse huweliksformulier dien nie net as formele bevestiging van die huwelik nie, maar baken oënskynlik duidelike tradisionele geslagsrolle vir die man en vrou af. Die Lux Mundi (2009 [beklemtoning in die oorspronklike]) NG-Gemeente in Pretoria se webblad bespreek die huweliksformulier soos volg:

Die klem hier val op die hoofskap van die man, en die onderdanigheid van die vrou. Die hoeveelheid aandag wat hierin gegee word aan die uitklaring van die dominante rol van die man is opvallend. Ten opsigte van die man se posisie in die huwelik word gestel dat die man moet weet: “*dat God u as hoof van die vrou gestel het, sodat u haar, na u vermoë, verstandig sal lei, onderrig, vertroos, en beskerm soos die hoof die liggaam regeer*” (Algemene Sinode, 1988:109). Ten opsigte van die vrou word gesê dat sy aan die man gehoorsaam en onderdanig moet wees, nie oor die man moet heers nie en nie die verordening van God, dat die man oor haar moet heers, moet teëstaan nie. Alhoewel die beskrywing van die man se rol as die een wat sorg, beskerm en lei nie uitbly nie, is die oorwegende klem op die beredenering van die hoofskap van die man en die vrou se onderdanigheid.

Hierdie tradisionele siening van die huwelik in terme van die rolverdeling waar die man as hoof van die vrou aangestel word, is waarskynlik problematies. Sommige, meer verligte hedendaagse bruidspare vind klaarblyklik nie aanklank by die klassieke huweliksformulier nie.<sup>6</sup> Julian Müller (2008), ’n professor in praktiese teologie aan die Universiteit van Pretoria, verduidelik:

Daar het ’n gaping ontstaan tussen die teologie van die huwelik en die werklike huwelikservaring in die praktyk. Die mooi uitgewerkte teologiese teorie oor die huwelik en die rolverdeling tussen man en vrou volgens die metafoor van ‘Christus en sy gemeente’, is ver verwyder van die alledaagse werklikheid.

---

<sup>6</sup> Verder is Müller (2008) van mening dat die huweliksformulier gebaseer is op huweliksteologie wat geskryf is deur ’n kanon van manlike skrywers en grootliks beïnvloed is deur patriargale man-vrou-rolverdelings. Hierdie patriargale huweliksformulier beskryf Müller (2008) soos volg: “Die huweliksformulier is ’n goeie voorbeeld van ’n manlik-gefabrieseerde verstaan van die huwelik wat deur gebruik en tradisie kanoniese gesag gekry het”. Hierdie patriargale inslag veroorsaak dat die huweliksformulier gedateer is en dat dit ernstig deur die kerk heroorweeg en herformuleer moet word sodat dit meer toeganklik is vir hedendaagse Afrikaanse Christene.

Juis daarom het die NG kerk vanaf 2002 aandag gegee aan die herformulering van die huweliksformulier (Lux Mundi 2009) en poog dit om minder geslagsrolspesifiek te wees.<sup>7</sup>

Ten spyte daarvan word daar binne die huweliksformulier steeds vir sowel die man as die vrou duidelike riglyne gestel in terme van geslagsrolverwagtinge. Volgens Botha en Dreyer (2007:1286-1287) is die riglyne ten opsigte van die vrou se rol binne die huwelik duidelik: “Die rol wat in die huweliksbevestigingsformulier aan vroue toegeskryf word, is die rol van huisvrou en moeder. Daar word van vroue verwag om hulleself en hulle eie belangstellings ondergeskik te stel aan dié van hul gesin”.

Die Christen-Afrikaanse vrou-ideaal, ’n getroude vrou (Cilliers 2003:99; en volgens *Finesse* en *Lééf* se projeksie), het deur middel van die huweliksformulier in ’n huweliksverbond getree. Uit die bespreking blyk dit dat die huweliksformulier bepalend is tot die verwagtinge rondom geslagsrolle. Op só ’n wyse is die huweliksformulier dus oënskynlik ’n medium van onderdrukking. Deur ‘ja’ op die beloftes in die huweliksformulier te antwoord, beloof die Christen-Afrikaanse vrou klaarblyklik om eerbiedig te wees teenoor haar man, en om hom van hulp te wees – met al die implikasies wat hiermee saamgaan.

In die *Finesse*-artikel “10 mees inspirerende vroue” (Figure 40-44), word die belang van die huwelik oënskynlik uitgelig deurdat nege uit tien van die vrouens hul manlike huweliksmaat uitsonder en noem, dikwels direk op die naam. Die vrou wat nie van haar manlike huweliksmaat praat nie, praat wel van haar egskeiding, met ander woorde sy was wel getroud. Dit word klaarblyklik belangrik geag om getroud te wees. Die feit dat al hierdie vroue hul mans uitsonder, bevestig dat die vrou afhanklik van hom is. Hierdie vrouens het klaarblyklik behoefte daaraan, om die eer wat hulle toekom om as een van *Finesse* se top tien vroue aangewys te word, met haar man te deel, asof sy dit nie sonder hom kon doen nie.

Ook die inhoud van *Lééf* is hieraan skuldig deurdat klem op die huwelik gelê word. Penny Coelen, soos bespreek in die vorige hoofstuk, noem dat sy “al 48 jaar getroud [is]” (*Lééf* 2008:17). Dit is blykbaar eerbaar dat hulle al so lank getroud is en dit word vir lesers klaarblyklik ook iets om na te streef. Hierdie denkwyse blyk in pas te wees met ’n

---

<sup>7</sup> Tydens die bevestiging van ’n huwelik is daar tans twee moontlikhede vir die bruid/bruidegom om op te antwoord in die huweliksformulier (Bylaag B). Die tweede opsie is meer konserwatief en geslagspesifiek, en weerspreek die beoogde emansipering, terwyl die eerste opsie effens verlig daar uitsien.

Afrikaanse, Christelike, patriargale huwelik soos hierbo geskets. Dit blyk dat 'n patriargale huwelik van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal vereis dat sy as eggenote aan haar man onderdanig moet wees.

### 5.3 Samevatting

Op grond van die ikonografiese analise van die beelde in *Finesse* en *Lééf*, kan afgelei word dat die ideale Afrikaanse Christelike huwelik patriargaal van aard is. Faktore wat tot 'n patriargale Afrikaanse Christelike huwelik bydra is moontlik die bestaansverhaal en die huweliksformulier. Die visuele analise wat in hierdie hoofstuk ter sake kom, handel oor 'n visuele vergestaltung van só 'n patriargale huwelik.

Die implikasie hiervan is waarskynlik dat sekere verwagtinge rondom geslagsrolle vir albei eggenotes geskep word. Hierdie rolverwagtinge vereis klaarblyklik sekere eienskappe van die afsonderlike eggenotes. Deurdat die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal oënskynlik aan 'n patriargale huwelik onderwerp word, word daar vir haar blykbaar sekere rolverwagtinge uiteengesit wat met sekere karaktereenskappe gepaard gaan. Die vereistes wat só 'n patriargale huwelik aan die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal as eggenote daarstel kan ook waarskynlik gebaseer word op, en gelyk gestel word aan, die Bybelse vroue-ideaal as eggenote (Geldenuys 1954; De Klerk 1995; Landman 2003a; De Vaal 2007; Joubert & Smith 2010), wat haar man blykbaar ondersteun, diensbaar blyk te wees teenoor hom, moontlik opofferings maak ter wille van sy sukses, en derhalwe blykbaar ook onselfsugtig en onbaatsugtig is in haar verhouding teenoor haar man, en blyk hom tot hulp te wees (Joubert & Smith 2010:18).

Noudat daar deur middel van 'n ikonografiese analise aangetoon is dat die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal oënskynlik aan die rol van eggenote onderwerp word, asook wat hierdie rol moontlik van haar verwag, kom die volgende onderwerp ter sprake: die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal se rol as moeder.

## HOOFSTUK 6

### DIE KONSTRUERING VAN DIE CHRISTEN-AFRIKAANSE VROUE-IDEAAL AS MOEDER

#### 6.1 Inleiding

Die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal se rol as moeder is waarskynlik aanvullend tot haar rol as eggenote, omdat die tradisionele, Afrikaanse, Christelike kultuur die ideaal voorhou dat kinders slegs uit 'n huwelik gebore word. Heyns (1998:142) meen: “Dit was Gods wil om die voortplanting van die menslike geslag aan die huweliksverhouding te verbind”. Prof Grobelaar (1984:20), eens verbonde aan die Universiteit van die Vrystaat, meen in 'n ooreenstemmende trant:

As lewensgemeenskap is die huwelik die algehele toewyding van twee mense in 'n permanente verhouding met mekaar. Dit bied ook 'n Godgegewe ruimte waarbinne kinders verwek, versorg en opgevoed kan word.

Dit moet ingedagte gehou word dat hierdie uitgawes van *Finesse* en *Lééf* die moedersdaguitgawes is, en dat daar dus dienooreenkomstig na verwagting klem gelê word op die moederskaptema. Nietemin, wanneer daar na die Meimaand voorblaaie van *Cosmopolitan* en *Fairlady* (Figuur 22) gekyk word, blyk dit asof daar nie soveel klem soos by *Finesse* en *Lééf* op moederskap geplaas word nie. Kan dit dalk 'n aanduiding wees dat die ideale Christen-Afrikaanse vrou dus 'n moeder behoort te wees?

Hierdie morele standaard wat aan die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal voorgehou word, is waarskynlik hedendaags steeds geldig. Seks buite die huwelik word deur die meeste Afrikaanse kerke klaarblyklik steeds as sonde bestempel. Daar word vandag steeds ophef gemaak van die feit dat Christen meisies hulself rein moet hou vir die huwelik (Dreyer 1997). Hierdie denkwyse lei waarskynlik daartoe dat karaktertrekke soos kuisheid, maagdelikheid en deeglikheid as eienskappe van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal voorgehou word. Volgens *Finesse* blyk dit steeds 'n skande te wees om 'n ongehude moeder in die Afrikaanse, Christelike kultuur te wees. 'n Jong, ongehude moeder getuig soos volg in die betrokke uitgawe: “Ek het ervaar ek is 'n skande, en ek kon dus met niemand praat nie. Mense het maar min simpatie, selfs die wat veronderstel is om jou te help” (*Finesse* 2008:128). Die ideaal vir die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal behels dus om kinders binne die huwelik te verwek.

’n Belangrike beweegrede vir ’n huwelikspaar om wel kinders te hê, ontstaan waarskynlik uit die denkwys dat kinders die huweliksband versterk, en *vice versa* dat die huweliksband ’n veilige hawe vir die kinders skep. Fox-Genovese (2000:32), ’n historikus met ’n groot belangstelling in vrouestudies, stem hiermee saam: “Marriage is also essential to the well-being of children, and children tend to increase the solidity of marriage.”

Rakende die Bybelse vroue-ideaal is dit uit vorige besprekings reeds duidelik dat moederskap ’n groot deel uitmaak van die Bybelse vroue-ideaal (Joubert & Smith 2010:19; Geldenhuys 1954:163; Cilliers 2003:99; De Vaal 2007:4) Hierdie hoofstuk het ten doel om vas te stel wat deur *Finesse* en *Lééf* voorgeskryf word aan die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal as moeder. Die studie fokus ook op die moontlike voorskrifte en ook beperkinge wat die rol as moeder vir die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal mag inhou. Derhalwe kom die volgende vraag na vore: Hoe vergelyk die hedendaagse Christen-Afrikaanse vroue-ideaal as moeder met die Bybelse vroue-ideaal as moeder?

## DEEL I

### 6.2 Moederskap en die implikasie daarvan vir die konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal

’n Visuele analise van *Finesse* en *Lééf* bring sekere konsepte rondom die verwagtinge van moederskap na vore. Hierdie konsepte word na aanleiding van die visuele analise bespreek. Fokuspunte wat na vore kom en wat van belang is tot hierdie studie, en ook veral van belang is tot die konsep ‘moeder’, sluit waarskynlik die volgende in: die biologiese aspek rondom moederskap en die wyse waarop dit met Christenskap gekombineer word ten einde moederskap meer aanloklik te maak; die vrou se rol in die huisgesin, naamlik moeder; moederskap as ’n sosiale proses; en die konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal as moeder binne die Afrikaanse kultuur.

#### 6.2.1 Moederskap as ’n biologiese gawe en die invloed van Christenskap

Met die visuele analise van *Finesse* en *Lééf* kom ’n sentrale tema na vore, naamlik: die vrou se biologiese samestelling wat haar in staat stel om kinders te baar. Hierdie biologiese samestelling word uitgemaak as ’n Godgegewe gawe en derhalwe as motivering aan die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal voorgehou om die keuse tot moederskap te maak.



Die artikel “Hart se punt” (Figuur 59) word vergesel van ’n volbladfoto van twee kinders wat op hul rûe lê, en na die leser opkyk.<sup>1</sup>



Figuur 59: *Hart se punt*.  
(*Léef* Mei 2008:90-91).

Die opskrif lui: “Hart se punt.” Hierdie titel impliseer dat kinders ’n ma se hartspunt is. Die simboliek agter die taalkundige teken ‘hartspunt’ verwys daarna dat die kinders haar *alles* is. Hiermee word die aanname gemaak dat die ma nie plek het vir ander dinge in haar hart (of lewe) nie, want haar kinders neem haar hart op. Dit sinspeel ook daarop dat ma’s blykbaar nie passievol mag wees oor enige iets anders as kinders nie, en dat kinders haar grootste passie moet wees. Vir die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal impliseer dit ook selfopoffering – sy offer haar tyd, haar belangstellings en haar passies op sodat sy haarself met haar kinders en hul belange besig kan hou.

Hierdie artikel handel oor laatlammetjies en die skok en plesier wat hulle meebring. ’n Belangrike sin binne hierdie artikel wat veral van belang is tot die argument rondom moederskap as ’n biologiese-Christelike gawe, lui: “Tog het ek gedink die Here het ’n doel daarmee” (*Léef* 2008:90). Hierdie sin koppel die vrou se biologiese vermoë om

<sup>1</sup> Hierdie beeld is effens meer abstrak, in die sin dat hier nie fisies ’n ma-figuur saam met die kinders op die foto verskyn nie. Tog bestaan die moontlikheid dat hulle na die ma opkyk, asof die leser die plek van hul ma inneem.

kinders te baar, onlosmaaklik aan Christenskap. Die sin verwys daarna dat die Here hierdie laatlamkind, op hierdie hoë ouderdom van die ouers, aan hierdie ouerpaar toevertrou.<sup>2</sup> Moederskap word dus uitgemaak as 'n Godgegewe gave. Deurdat Christenskap aan moederskap gekoppel word, oortuig dit die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal moontlik dat kinders baar haar lewensdoel is – of dit nou haar keuse was of nie. Hierdie konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal is in pas met die Bybelse vroue-ideaal wat Geldenhuys (1954:163), De Vaal (2007:4) en Joubert en Smith (2010:19) tot moederskap bind. Joubert en Smith (2010:19) meen spesifiek: “Dit is 'n Godgegewe roeping om 'n goeie ma vir jou kinders te wees.” In hierdie opsig oorvleuel die hedendaagse en die Bybelse vroue-ideaal dus.

Die aanname word dikwels gemaak dat dit die vrou se strewe, of instink, is om kinders te *wil* hê. Cronjé (1998:144-145) ondersteun hierdie stelling wanneer hy sê: “Die kind [...] [word] beskou as 'n gave van God.”<sup>3</sup> Alhoewel dit nie in die bogenoemde visuele voorbeeld die vrou se bewustelike keuse was om 'n laatlam te verwek nie, kan sy steeds vreugde in hierdie laat-moederskap vind aangesien sy glo dat dit God se gave aan haar is.

Volgens Radford Ruether (1993:97) word die sondeval dikwels aan die meeste Christene voorgehou omrede dit die vrou se posisie in die samelewing regverdig: “Woman, through the Fall and punishment for the Fall, lost her original equality and became inferior in mind and body. She is now, within fallen history, subjected to the male as her superior”. Behalwe vir die feit dat die vrou, as Eva, die eerste een is wat gesondig het en daarom dikwels as die sondebok uitgemaak word, word die straf wat aan Adam en Eva uitgedeel word, as 'n regverdiging voorgehou vir tradisionele rolverdeling. Foh (1980:66) ondersoek ook die hipotese rondom die sondeval. Sy is ook van mening dat die sondeval dikwels aan Christene voorgehou word as die rede waarom die man werk buite die huis verrig, en die vrou tot moederskap gebind word:

The significance of the hierarchy is usually connected with the nature of the Fall, which is said to be usurpation of initiative by the ruled from the ruler. The appropriateness of the “curses” has also frequently been pointed out.

---

<sup>2</sup> Hierdie artikel vergelyk byna met die verhaal van Sara/Sarai en Abraham in die Bybel (Landman 2003a: 20).

<sup>3</sup> In hierdie opsig word dit dikwels as die vrou se lewensdoel gesien om kinders te (wil) hê. Veral omdat kinders blykbaar 'n Godgegewe gave is – God het immers die vrou biologies geskape om kinders te baar. Om dan 'n bewustelike keuse uit te oefen om nie kinders te hê nie, kan moontlik beskou word as teenkantiing teenoor God, aangesien die vrou dan haar lewensdoel verontagsaam. Binne hierdie grense is die logiese, gemaklike keuse vir die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal waarskynlik om wel kinders te hê (natuurlik nadat sy in die huwelik getree het).

The major areas of concern for both man and woman are noted. The woman's punishment revolves around husband and children, and the man's around his work. In other words, the woman feels the effects of sin in her role as mother and wife and the man in his role as provider.

Die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal glo waarskynlik dat, as Eva se eweknie, dit God is wat haar biologies in staat stel tot moederskap. Hierdie argument behels dat die vrou se biologiese gawe om kinders te baar, bepalend is vir moederskap, of primêre versorger (Chodorow 1978). Hierdie biologiese gawe as sleutel tot moederskap word benadruk deurdat dit uitgemaak word as 'n Godgegewe gawe, of soos Joubert en Smith (2010:19) dit noem, 'n "Godgegewe roeping". Dreyer (2007:1539) is van mening dat hierdie biologiese aspek sosiale karaktertrekke bepaal, wat op hul beurt as Godgegewe beskou word:

Social and psychological characteristics of the sexes are accepted as God-given and therefore unchangeable. Dualistic anthropology defines women according to their procreative potential. Women's physiology determines their humanity. Every facet of their lives is determined by their potential to bear a child.

Deur hierdie biologiese gawe – om kinders te baar – te verstrengel met Christenskap, bring mee dat die keuse tot moederskap vir die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal byna vanselfsprekend is. Hierdie Godgegewe, biologiese gawe, word tradisioneel (dikwels onbewustelik) voorgehou aan die Christenvrou as haar bestemming – haar roeping tot moederskap. Hierdie Godgegewe, biologiese ideologie behels dat elke vrou oor die potensiaal beskik om 'n moeder te wees.

Die vrou beskik nie net oor die biologiese potensiaal nie, maar by aanname ook oor die psigologiese potensiaal om 'n suksesvolle moeder te wees. Daar word dikwels verwys na moederinstink, wat op sigself aanneem dat moederskap 'n biologiese instink is, in plaas van 'n sosiale proses (Chodorow 1978). Die nagevolge hiervan – dat alle vroue oor die potensiaal beskik om 'n moeder te wees – is dat alle vroue, biologiese moeders of nie, dikwels sekere karaktereienskappe toegeëien word, onder meer ook die rol van primêre versorger. Botha (1973:152) stel dit só: "Ook die posisie van die ongetroude vrou is gesien uit hierdie beperkte bepaling en begrensende posisiebepaling." Dreyer (2007:1539) is dit eens en sê: "Even women who are not mothers, are defined in terms of motherhood."

Op die foto van die artikel getiteld: “Glo dit!” (Figuur 60) word ’n vrou teen ’n wit muur afgeëts, waarop foto’s van babatjies gemonteer is. Deur die plasing van die vrou saam met die babafoto’s, word ’n assosiasie tussen die twee gemaak.



Figuur 60: *Glo dit!*  
(Finesse Mei 2008:42).

Die inleiding van hierdie artikel lui: “Om weggooi babas (meestal slagoffers van aborsies) van ashope af op te tel is deel van polisievroutjie Michelle Stephenson se werk. Maar hierdie keer was dit anders ...”. Twee temas van belang in die konstruksie van die hedendaagse Christen-Afrikaanse vrou-ideaal kom in hierdie artikel na vore. Eerstens is aborsie ’n tema wat oënskyklik groot debat veroorsaak in Christelike kringe; en die tweede tema het te make met gemeenskapsdiens/welwillendheidswerk<sup>4</sup> wat in Christelike kringe klaarblyklik meestal met vroue vereenselwig word. In hierdie verband meen Geldenhuys (1954:167): “Sy besit ’n hart vol warme liefde ook vir haar medemense wat buite haar huis is en veral vir minderbevoorregtes”; en Joubert en Smith (2010:21) meen: “Sy is iemand met deernis vir mense in nood. Sy sien minderbevoorregtes en behoeftige mense raak en doen iets daaraan”. Dus blyk dit dat

<sup>4</sup> Die vrou in die foto, Michelle Stephenson, het ‘Jessica’s Wall of Life’ begin, wat aan ander moeders ’n opsie bied om hul ongewenste babas anoniem af te gee. Hiermee bied sy ’n diens in die gemeenskap aan.

die mite rondom die hedendaagse Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wat hier gekonstrueer word, in pas is met die Bybelse vroue-ideaal.

Die artikel handel oor 'n polisievrout, moontlik verhard deur die gruervaringe van die realiteit van die lewe, wat 'n weggoobaba op 'n ashoop opgetel het. Alhoewel die baba reeds dood was toe sy haar gevind het, vertel sy hoe sy die kind steeds 'n naam gegee het, Jessica Stephenson, en haar as haar eie kind begrawe het. Wat hier van belang is met betrekking tot die konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal as moeder, is dat die 'instink' tot moederskap selfs 'n geharde polisievrout aanpor om te bemoeder. Die persepsie word geskep dat elke vrout, al beweeg sy merendeels in die manlike domein, oor die behoefte beskik om te versorg. Omrede die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal, as 'n Godgegewe gawe, biologies oor die vermoë beskik om kinders te *kan* baar, is dit dan haar bestemming, haar "Godgegewe roeping" (Joubert & Smith 2010:19). Selfs al beteken dit dan dat sy 'n kind moet aanneem. Want, meen Cilliers (2003:100):

[B]y vrouebyeekomste en selfs van die kansel af [word] net met getroude vroue en moeders gepraat [...] asof die oujongnoot [...] saam met die kinderlose vrout geen ware rol on die gemeenskap het nie. Spreuke 31, wat die deugsame of knap vrout so pertinent binne die raamwerk van die huwelik plaas asof sy daarbuite geen ware identiteit het nie, laat 'n gevoel van afsondering en vervreemding by vrout wat kinderloos is of buite die huwelik staan.

Nieteenstaande die feit dat hierdie Mei-uitgawe van *Finesse* ook Moedersdag vier, is dit tog duidelik dat hierdie vrout, deur 'n kind aan te neem, waarskynlik meer aanvaarbaar is as 'n vrout, veral in die Christelike, Afrikaanse gemeenskap.

Maar feministe soos Chodorow (1978) is teen sulke denkwyses gekant en meen dat die primêre versorging van kinders nie noodwendig die vrout toekom bloot as gevolg van haar biologiese vermoë om kinders te baar nie, nog minder om die primêre versorger te wees. Ten spyte van feministiese aanslae,<sup>5</sup> blyk dit dat die konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal steeds meen dat dit haar Christelike roeping is om kinders te baar, en/of die primêre versorger van kinders te wees – veral soos dit in die media gekonstrueer word.

Die klem op biologies-Christelike moederskap word in *Finesse* gekonstrueer deur 'n vyfbladartikel "Leef nuut" (Figuur 5). Hierdie artikel is 'n samevatting van getuigskrifte

---

<sup>5</sup> Feminisme, of te wel, vroulike emansipasie, is dikwels as negatief afgemaak in die tradisionele Afrikaner-nasionalistiese kultuur (Botha 1998).



waarin 'ware' Afrikaanse Christenvroue getuig dat ma-wees, ten spyte van beproewinge, 'n Godgegewe gawe is waardeur 'n mens die heerlikheid van God kan ervaar. Só word die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal gekonstrueer waar moederskap as biologiese gawe gesien kan word, as 'n roeping en seën van God.<sup>6</sup> Hierdie konstruering van die hedendaagse Christen-Afrikaanse vroue-ideaal as moeder is weereens in pas met die Bybelse vroue-ideaal as moeder (Geldenuys 1954:163; De Vaal 2007:4; Joubert & Smith 2010:19), wat dit "geniet" (Joubert & Smith 2010:19) om moeder te wees. "Dis vir haar lekker om na haar [...] huisgesin te kyk en hulle te versorg" meen Joubert en Smith (2010:19). Hoe dan anders? Dit is dan 'n "Godgegewe roeping" (Joubert & Smith 2010:19).

In die artikel "Watter soort ma is jy?" (Figuur 61) word vyf soorte ma-weestipes gekategoriseer. Waar dit die stereotipes rondom moederskap aangaan, blyk dit gebaseer te wees op die Bybelse vroue-ideaal. Eerstens, volgens *Finesse* (2008:146), is "Die laatnag-sluiper [...] 'n ma wat al haar 'ma-wees take' bedags afhandel en dan twee keer 'n maand snags saam met vriendinne kuier". Hierdie sluit aan by die Bybelse vroue-ideaal wat Geldenuys (1954:169) meen: "Mense het volle vertroue in haar. Hulle weet sy voel saam met hulle, daarom vertel hulle haar van hul probleme, hul teleurstellings en smarte, maar ook deel hulle hul vreugde met haar. Haar raad is die moeite werd en nooit sal sy ander se geheime verklap of kwaadsprek nie". Hierdie eienskappe maak waarskynlik van haar ook die ideale vriendin. (Maar daar moet nooit uit die oog verloor word dat haar huis en huisgesin haar eerste prioriteit is nie (Joubert & Smith 2010:22)). Tweendens is "die pêl [...] of te wel, die sogenaamde *cool* ma [wat] haar kinders se beste maat [is]" (*Finesse* 2008:146). Sy vergelyk met Joubert en Smith (2010:22) se Bybelse vroue-ideaal wie se kinders haar bewonder, en omdat sy haar man en kinders altyd eerste stel is sy moontlik in voeling met die kinders se verwysingsraamwerk en kan só tot hul spreek. Derdens, is "die energizer-bunny ma [...]"

---

<sup>6</sup> In al vyf betrokke getuigskrifte van hierdie vroue, is daar duidelike koppeling tussende Christenskap en moederskap. Die een vrou meen haar gesin is deur God geseën: "Dit is mos wat die woord belowe!" (*Finesse* 2008:123); die ander een meen: "Ons kind is 'n getuie dat Hy leef!" (*Finesse* 2008:124); 'n ander een getuig: "[Hy het in sy] Skrif bevestig dat die Here my kind sal laat lewe" (*Finesse* 2008:126). Dieselfde vrou meen ook: "Die Here het vir ons 'n gesonde baba gegee" (*Finesse* 2008:128). Hierdie sinsnedes getuig dus van 'n geloof wat behels dat dit 'n seën is om biologies in staat te wees om 'n kind te baar, want dit kom van die Here. Op sigself dra hierdie siening by tot die konstruering van 'n Christen-Afrikaanse vroue-ideaal as moeder. Selfs die laaste getuigskrif binne hierdie artikel, dié van 'n jong, ongehude moeder, is dit eens: "Hierdie ondervinding is iets wat die Here op my pad gebring het. Die aanneemouers kon nie hul eie kinders hê nie en die Here het my gekies om hulle gebede te verhoor. Ek dank Hom gereeld dat ek kan deel wees van die seën wat sy vir hulle bring" (*Finesse* 2008:128). Ten spyte van die seer en verstoting wat 'n ongehude moeder waarskynlik ervaar, verbly hierdie jong vrou haar dat God haar in staat gestel het om biologies 'n kind te kan baar, en dat sy deur middel van hierdie kind, vreugde in ander se lewens kan bring.



'n ma wat oor hoë energie vlakke beskik" en "wat in staat is daartoe om baie te vermag ten spyte van 'n druk program" (*Finesse* 2008:146). Dit vergelyk met Joubert en Smith (2010:20) wat meen die Bybelse vrou-ideaal doen alles "voluit en met energie". Volgende op *Finesse* (2008:146) se lys is "die drilsersant [...] [wat] [...] die huishouding met 'n ysterhand regeer en ook pynlik netjies is". Sy vergelyk met Joubert en Smith (2010:20-21) se "super" tuisteskepper wat "navorsing doen oor kos en klere" en wat "n goeie bestuurder van geld" is, en wat trots daarop is "dat sy haar huis goed bestuur en haar huisgesin goed versorg". Die vyfde tipe ma is "die moederhen [...] [wat] die selfopofferende ma [is] wie se lewe om haar kinders draai" (*Finesse* 2008:146-147). Sy is Joubert en Smith (2010:20) se vrou wat "alles vir [haar] gesin [gee]. Dis deel van 'n vrou se roeping in haar lewe. Dit verg lang ure en baie opoffering". Hierdie vyf tipes van ma-wees beklemtoon vyf ideale rondom ma-wees wat moontlik aan die Christen-Afrikaanse vrou-ideaal as moeder voorgehou word, en blyk in pas te wees met die Bybelse vrou-ideaal.

**Die laatnag-sluiper**  
Jy is baie lief vir jou kinders, maar soms wil jy ook jou bure komkommers saam met jou vinnigste Kautz Beddies maak. Jy hou spesiel van beddensette en sorg om alles by die huis goed verlig. Maar so een of twee keer per maand is jy die kinders vinnig in bed. Hoe vinnig aan 'n ander posuif of gasse kuse saam met jou vinnigste om 'n buidel ewe. Dis ook jy wat hulle luis en sluis kosse 'n maatskappij by die voordeur is.

**Die pêl**  
Jy wil graag die cool ma wees wat eksklusiewe speel en kosse saam met jou kinders hou. In hulle tereure wil jy weet wat die nuutste skinderhous is en wat jy en jou dogter goed kan dra. Jy gaan saam met jou saam om 'n langgang te kry. Dis wat om soos een van die kinders te wees, maar jy wil dit te ver as jy en jou dogter nie saam meegaan by die huis aankom en jou man op die voorsteep staan en wag!

**Die drilsersant**  
Hoewel jy as die ysterreus bekend staan, kan Margaret Thatcher 'n paar dinge by jou leer! Jy regter jou huishouding met 'n ysterhand en doen bevale alle sake 'n drilsersant. Die kinders wag dit om om hulle vinnigste te wees om te weet hoe hulle in bang om jou pynlik redende hoes om te trap. Alles in die huishouding word gemaak volgens 'n skedule wat jy opstelsel afwerk, jou gesin soos boot camp meer geniet het!

**Die moederhen**  
Jou kinders is jou lewe en as jy kan, sou jy 'n helle string van hulle gesin het. Jy benoem al jou tyd en energie daaraan om vir hulle alles te gee wat hulle hartjie begeer: ten koste van jouself! Hulle weet hulle kan jou om hulle pynlike draai en zinnig persoonlike wete met die nuutste modere. Hulle hoef ook nie 'n effensie kugge te gee, dan boek jy hulle vir die dag af. Hulle verkies jou meer geniet as om hulle op te sleep en te pampersing nie!

**6 UITGAWES GRATIS as jy vir 'n jaar inteken**  
Veras jou ma of 'n vriendin met 6 gratis FINESSE-uitgawes wanneer jy vir een jaar (12 uitgawes) op jou gunsteling- inspirasieydskrif inteken.

Hierdie is 'n unieke geskenk wat maand na maand aanhou gee. Vir slegs R263,40 ontvang jy 18 uitgawes van FINESSE! Die 'n besparing van R131,70. Om van hierdie fantastiese aanbod gebruik te maak, vul die onderstaande vorm in en stuur dit terug. Hierdie is 'n geleentheid wat jy eenvoudig moet aanryp.

Inspirasie was nog nooit so maklik bekombaar nie. Teken nou in.

www.finessemag.co.za    Posbus 725 Maraisburg 1700    Tel (011) 473 8700    Faks (011) 474 5479

**Persoon wat 6 uitgawes vanaf JULIE ontvang**  
Voornamers en van: \_\_\_\_\_ Nuut  Herms  18 x FINESSE: R263,40  
Naam: \_\_\_\_\_ Besonderhede van betaling: \_\_\_\_\_  
Debet my  Tyk  Spaar  Transmissiesekering  
Posadres: \_\_\_\_\_ maand (R14,50) 3 maande (R42,50)  
Poskode: \_\_\_\_\_ 6 maande (R67,50)  
Telefoon (w): \_\_\_\_\_ Settoon: \_\_\_\_\_ Bank: \_\_\_\_\_ Taknummer: \_\_\_\_\_  
E-pos: \_\_\_\_\_ Handtekening van rekeninghouer: \_\_\_\_\_ Datum: \_\_\_\_\_  
Rekeningnommer: \_\_\_\_\_  
Debet my  VisaCard  MasterCard met R: \_\_\_\_\_  
Posadres: \_\_\_\_\_ Vervaldatum: \_\_\_\_\_  
Laaste drie nommers op die agterkant van kredietkaart: \_\_\_\_\_  
Telefoon (w): \_\_\_\_\_ Settoon: \_\_\_\_\_ Handtekening van rekeninghouer: \_\_\_\_\_  
E-pos: \_\_\_\_\_ Ingestuurde tydskrifnommer of #: \_\_\_\_\_

**Persoon wat BETAAL en 12 uitgawes ontvang**  
Handtekening van rekeninghouer: \_\_\_\_\_ Datum: \_\_\_\_\_  
Debet my  VisaCard  MasterCard met R: \_\_\_\_\_  
Posadres: \_\_\_\_\_ Vervaldatum: \_\_\_\_\_  
Laaste drie nommers op die agterkant van kredietkaart: \_\_\_\_\_  
Telefoon (w): \_\_\_\_\_ Settoon: \_\_\_\_\_ Handtekening van rekeninghouer: \_\_\_\_\_  
E-pos: \_\_\_\_\_ Ingestuurde tydskrifnommer of #: \_\_\_\_\_

Alle beskikbare aanleëdinge is uitgegans op die RBA en versend op 31 Mei 2008. Besonderhede geldig tot 30 Junie 2008. Besonderhede geldig tot 30 Junie 2008. Besonderhede geldig tot 30 Junie 2008. Hierdie is 'n unieke geleentheid om te gebruik. Hierdie is 'n unieke geleentheid om te gebruik. Hierdie is 'n unieke geleentheid om te gebruik.

Figuur 61: *Watter soort ma is jy?* (*Finesse* Mei 2008:146-147).

Die artikel neem 'n ligte trant aan en is prettig. Hierdie is ooglopend 'n viering van moederskap en is waarskynlik te danke aan die moedersdagvieringe van hierdie uitgawe. Moederskap blyk dus 'n integrale deel van die Afrikaanse Christelike ideaal uit te maak, en vergelyk met die Bybelse vrou-ideaal wat ook 'n moeder is (Geldenhuys

1954:163; De Vaal 2007:4; Joubert & Smith 2010:19). Deur lees van die tydskrif en die krag van die denkbeeldige gemeenskap, word die Afrikaanse, Christelike vrou, ma of nie, waarskynlik tot 'n mate gestereotipeer as 'n (potensiële) ma.

Tans is Bybelse feministiese denkwyses dit eens dat die gawe om kinders te baar, nie voorgehou behoort te word om individue te stereotipeer nie, in hierdie spesifieke geval, die vrou as moeder (Landman 1994; Dreyer 1995; Radford Ruether 1993; Fox-Genovese 2000). Mari Keyes (2000) spits haarself toe op die toekoms van die vrou en die gesin, en is 'n feminis en kenner van Bybelgeskiedenis. Volgens Keyes (2000:70) word rolverdeling nie in die Bybel voorgeskryf nie, maar is bloot 'n uitvloeisel van patriargale ideologieë:

While we may assume that fathers' and mothers' contributions to child-rearing are complimentary and not identical, the silence of the Bible is again striking. There is no delineation of separate maternal or parental responsibilities, though there are many places where they could have been asserted had they been intended. I believe that silence is intentional. Aside from the obvious fact that only women can bear babies and nurse them, there is no particular "sanctified" transcultural child-rearing division of labor.

Hierdie siening is meer in ooreenstemming met 'n verligte sienswyse van ouerskap, waar elkeen, die vader en die moeder, tot die versorging van die kinders bydra, volgens die individu se gawe en tyd. Dit stem ooreen met Foh (1980:188) se idee dat: "Many evangelical Christians assume that all women are better with children, that children are the woman's or mother's special domain. Undoubtedly, raising children is a praiseworthy occupation for women. But it is not women's special province." Hierdie verligte sienswyses blyk vir die meeste Afrikaanse, Christelike vroue ver verwyderd te wees van hulle daaglikse werklikheid.

### **6.2.2 Die vrou se rol in die huisgesin: moeder**

Dit blyk dus dat die Afrikaanse, Christelike huwelik tot 'n huisgesin lei. Volgens Westerse norme wat deur die media gekonstrueer word, soos vroeër reeds uitgewys, bestaan 'n nukleêre gesin uit een man, een vrou en kinders. Die manlike eggenoot neem die rol van vader aan, en die vroulike eggenote die rol van moeder. Die samelewing neem aan dat die vrou die rol van moeder vertolk, wat haar noodgedwonge dwing om die rol van primêre versorger in te neem (Chodorow 1978). McDonald (1995:133) konstateer die volgende hieroor: "The central icon of the caring person within western culture is the

figure of the mother". Dit blyk ook realiteit te wees vir die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal.

Die moeder as sentrale figuur in die gesin en versorger van kinders, is ook ter sprake in die *Finesse*. Onder die afdeling "Jou kinders" (Figuur 62) verskyn die artikel: "Help! My kind jok vir my". Gepaardgaande met die artikel is 'n foto van 'n vrou met twee kinders aan weerskante van haar. Vanuit die raamwerk van die Afrikaanse kultuurgeskiedenis, word die aanname waarskynlik gemaak dat sy die moeder van hierdie kinders is, soos aangedui deur die woorde "My kind".



Figuur 62: *Help! My kind jok vir my.*  
(*Finesse* Mei 2008:72-73).

In die foto word die ma in die middel, as spilpunt, geposisioneer. Die ma word hoër as die ander figure uitgebeeld, sodat 'n driehoek gevorm word, met die ma in die hiërargiese hoogste punt. Die pienk kleurskakering en denim waarin die drie figure geklee is, is oënskynlik simbolies van hul eenheid as gesin. Eenheid tussen ma en kinders word verder beklemtoon deur die wyse waarop die figure gerangskik is sodat hul skouers aan mekaar raak. Die ma is byna soos sement wat almal bymekaar hou.

Nie een van die figure glimlag of kyk direk na die kamera nie. Die foto is waarskynlik veronderstel om gelees te word as 'n steel-blik in die werklikheid van ma-wees, waar die



kinders om een of ander rede onvergenoeg is, en die ma die vrede probeer bewaar. Dit mag sinspeel op die ma se rol as primêre versorger en haar verantwoordelikheid teenoor die geestelike welstand van die kinders. Die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal word gekonstrueer waar die ma die middelpunt is van haar kinders se lewe. Alhoewel hierdie twee kinders duidelik nie baie ingenome is nie, lyk dit asof dit nie die ma afskrik nie. Sy volhard in haar rol as primêre versorger.

Nancy Chodorow (1978:5) beaam dat: “Women’s family role [over the last two centuries] became centered on child care and taking care of men”. Hierdie siening word in ““Help! My kind jok vir my” (Figuur 62) uitgebeeld deurdat die ma in die middel van die komposisie geplaas word, met haar twee kinders aan weerskante. Die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wat hier gekonstrueer word blyk die middelpunt van haar huisgesin te wees, en haar rol as moeder bind die gesin oënskynlik saam. Hierdie uitbeelding vergelyk met die Bybelse vroue-ideaal wat Joubert en Smith (2010:19-20) beskryf as: “Dis vir ’n vrou lekker om na haar huis en huisgesin te kyk en hul te versorg. [...] ’n [V]rou [is] in die eerste plek die tuisteskepper en hoof van die huishouding [en sy doen] dit met oorgawe en voluit”. Dit blyk dat die versorging van kinders se emosionele en fisiese welstand die verantwoordelikheid van die moeder uitmaak (Geldenhuis 1954:166; De Klerk 2007; De Vaal 2007:4; Joubert & Smith 2010:19), wat blyk die uitgangspunt te wees vir die hedendaagse Christen-Afrikaanse vroue-ideaal.

Die posisie van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal as moeder in die huisgesin word ook uitgebeeld in die *Lééf*-artikel in “In die vallei van perde” (Figuur 63).<sup>7</sup> Die artikel bestaan uit ’n dubbelbladuitleg waar ’n gesin omring word deur nostalgiese beelde. Hierdie natuurbeelde is waarskynlik simbolies van die smagting na die eenvoud van die platteland wat sommige Afrikaanses tans ervaar (Van Zyl 2008), die mite van die ongerepte natuur as simbolies van vroulikheid (Radford Ruether 1993:72), en diskoerse rondom kultuur teenoor natuur (Pollock 1988). Die regterkantste blad is opgemaak uit

---

<sup>7</sup> Aan die linkerkant van die dubbelbladuitleg lui die opskrif: “In die vallei van perde. In ’n Pierneef-landskap van berg en dal boer die innemende Nel-familie van Moolmanshoek. Schalk Schoombie het (veels te kort) daar gaan afsaal” (*Lééf* 2008:24-25). Belangrike konsepte kom hier na vore – die kunstige skilderagtige landskap wat met ’n Pierneef-kunswerk vergelyk word, waarvan die foto links (van die berg) ’n moontlike vergestaltung is; die woord “innemende” verwys na die mite dat alle Afrikanerplaasmense ‘goeie mense’ is; en die feit dat die persoon veels te kort daar gaan afsaal het, skep ’n nostalgiese hunkering na hierdie wêreld en wat dit behels. Die woord ‘afsaal’ is ’n taalkundige simbool van die tipe boerdery waarmee hierdie gesin hul besig hou.



vier kleiner foto's wat teenaan mekaar geplaas is. Regs bo word die betrokke gesin uitgebeeld.<sup>8</sup>



Figuur 63: *In die vallei van perde.*  
(Lééf Mei 2008:24-25).

Uit die foto blyk dit dat hierdie gesin uit drie geslagte bestaan. Heel voor op sy hurke sit 'n jong man – kompleet soos 'n Suid-Afrikaanse veedrywer (*cowboy*): met 'n hoed en onderbaadjie, in skakerings van bruin wat deur oranje gekomplementeer word. Hy is duidelik die 'voorruiiter', wat beskermend voor die gesin waghou. Agter hom vorm 'n ry van drie vroue, waarvan twee se hande besitlik op sy skouers rus – die aanname word gemaak dat die jonger een sy vrou is, en die ouer dame sy ma. Die ander dame is waarskynlik 'n sussie van die jong egpaar.

Die jong vrou wie se hand op die voorste man se skouer rus, dra soos die man ook 'n (rooi) onderbaadjie. Op hierdie wyse word die eenheid tussen hierdie twee mense

<sup>8</sup> Hierdie gesin se foto word geneem teen die agtergrond van die boerdery en natuur, wat simbolies is van hul daaglikse bestaan en liefde vir nie net die natuur nie, maar waarskynlik ook die God wat dit geskep het. Die verhouding tussen die Afrikaner/Afrikaanses en die Suid-Afrikaanse land is geskiedkundig 'n komplekse een, met veral verwysing na kolonialisme, imperialisme en rasisme. Die land en landsbesit is waarskynlik simbolies van magstryd – met verwysing na die Duitse Nedersetting, die Suid-Afrikaanse Oorlog, tot en met die skep van die Tuislande (Giliomee 2003). Hedendaags beaam die Landhervormingsprojek van die staat waarskynlik die belang rondom die besit van land en die mag wat dit impliseer.

weergegee sodat die aanname gemaak kan word dat hulle in die huwelik verbind is. Die ouer man wat agter op die kraalheining sit, se hand rus op die ouer dame voor hom se skouer, wat só die eenheid as man en vrou tussen hierdie twee bevestig. Hierdie sogenaamde hand-op-die-skouer-gebaar verseker dat 'n ketting gevorm word tussen die ouer man en vrou, en die jong man. Dit wil voorkom asof die jong man waarskynlik hulle seun is – tipies van die Afrikaanse tradisie waar 'n plaas gewoonlik van geslag tot geslag oorgedra word. Die ouer man, die oupa, neem die hoogste posisie in die komposisie in, wat moontlik simbolies kan wees van sy hiërargiese posisie in die gesin.

Bo-op die oupa se skoot is 'n babadogtertjie, duidelik die oupa se trots. Die hele gesin is geklee in skakerings van bruin, rooi, oranje en groen – heel waarskynlik so beplan – wat moontlik hul eenheid as 'n gesin simboliseer. Die jonger vroue word in rooi geklee, wat moontlik hul sensualiteit en hul jeug beklemtoon. Moontlik is dit ook simbolies van hul verantwoordelikheid tot die liefdevolle versorging van die gesin. Die ouma dra 'n goue kruis om haar nek – waarskynlik 'n simbool van haar geloof. As primêre versorger is sy ook moontlik verantwoordelik vir die geestelike welstand van die gesin. Dit vloei waarskynlik oor tot Christelike waardes waarmee sy haar gesin opgevoed het. Hierdie gesin is dus waarskynlik 'n Christelike eenheid, onder die invloed van die Christelike moeder. Dit is in pas met die Bybelse vroue-ideaal wat Joubert en Smith (2010:23) meen God altyd eerste stel in haar lewe. “Niks is vir haar belangriker as om God lief te hê, in 'n innige verhouding met hom te staan en te leef en aan hom alleen gehoorsaam te wees nie. Dis eienskappe wat almal om haar verryk en beïnvloed”.

Die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal as moeder wat hier gekonstrueer word is in ander opsigte ook oënskynlik in pas met die Bybelse vroue-ideaal as moeder: sy is 'n ma wat die middelpunt van haar gesin vorm, as “hoof” van die huishouding en as tuisteskepper (Joubert & Smith 2010:20); sy ondersteun haar man (hand op skouer) (Geldenhuys 1954:164; Joubert & Smith 2010:18); sy hou hul hegte (huweliks)band in stand<sup>9</sup> In dié verband meen Geldenhuys (1954:164):

Nooit verander haar liefde vir hom nie. Inteendeel, met die jare groei en ontwikkel dit en is sy steeds 'n groter hulp en inspirasie vir haar man. Die siele-eenheid tussen haar en hom word steeds inniger, mooier en sterker. Sy word nie verbitterd teenoor hom wanneer sy ontdek dat hy ook foute en gebreke het nie. Sy raak nie deur die jare vervreemd en onverdraagsaam

---

<sup>9</sup> Na aanleiding van die foto het sy nie net 'n hegte verhouding met haar eie gesin nie, maar ook met haar uitgebreide gesin.

teenoor hom nie. Nee, steeds bly sy vir hom die getroue, toegewyde, inspirerende lewensgeselin op wie hy kan vertrou wat ook al gebeur.

Uit die voorafgaande visuele voorbeelde word dit duideliker dat die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal se rol as moeder in die huisgesin nie alleen 'n groot deel van haar daaglikse bestaan uitmaak nie, maar blyk ook bepalend te wees tot die wyse waarop sy haarself sien, en ook hoe ander mense haar sien. Chodorow (1978) stel ondersoek in na sosiale rolverdeling en waarom die rol as moeder juis op die vrou afgeskuif word. Chodorow (1978:3-4) sê die volgende hieroor: "(W)omen's mothering role has gained psychological and ideological significance, and has come increasingly to define women's lives". Afrikaanse tradisies wat onderworpe blyk te wees aan patriargale ideologieë, verseker waarskynlik dat die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal die rol van die primêre versorger inneem – dit word immers oënskynlik deur die samelewing van haar verwag, en herhalend deur die massamedia gekonstrueer en aan haar voorgelou.

### **6.2.3 Moederskap as 'n sosiale proses**

Dit blyk reeds uit voorafgaande argumente duidelik te wees dat die keuse tot moederskap die Afrikaanse Christelike ideaal oënskynlik bind tot die rol van primêre versorger. Tot dusver, onder die vaandel van tradisionalisme en patriargale ideologieë wat Afrikaanse Christenskap deurdrenk, is die vrou se rol as moeder selde bevraagteken. In hierdie afdeling word ondersoek ingestel na denkwyses rondom moederskap as 'n sosiale proses. Deur lig te werp op die sosiale konstruering van moederskap, wil hierdie afdeling bevestig dat sosiale instruksie ook 'n bepalende faktor blyk te wees in die konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal in haar rol as moeder.

Wanneer die opskrif "So na 'n ma se hart"<sup>10</sup> (Figuur 64) by die volbladfoto's van die betrokke manne geplaas word, impliseer dit moontlik dat kinders, spesifiek seuns, die ma se hartspunt is, dat kinders die heelal uitmaak vir die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal. Die onderskrif lui: "Kyk na die band tussen 'n man en sy ma, en jy kan heelwat van sy geheimenisse ontrafel" (Lééf 2008:21). Hiermee word verskeie aannames gemaak: met verwysing na die band, was/is die ma waarskynlik hierdie seun (man) se primêre versorger en verantwoordelik vir sy geestelike, emosionele en fisiese welstand.

---

<sup>10</sup> Dit is die tweede verwysing wat Lééf maak met betrekking tot die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal se hart met verwysing na kinders. Ook die vorige bespreking "Hart se punt" (Figuur 59) (Lééf 2008:90-91) verwys na kinders as hartspunte.



Die rol van sosiale prosesse is hier ter sprake. Na aanleiding van Chodorow (1978), is hierdie seuns bemoeder deur 'n vrou, en sal dus, as volwasse mans, nie vanselfsprekend bemoederings-eienskappe aanneem nie, omrede die voorbeeld wat aan hulle voorgehou is, dié van hul eie moeder is. Hierdeur is hulle waarskynlik van mening dat dit die vrou se taak is om te bemoeder.



Figuur 64: *So na 'n ma se hart*.  
 (*Léef Mei* 2008:20-21).

Chodorow (1978) ondersoek die stigma rondom tradisionele moederskap. Haar fokus is op die reproduksie van moederskap. Sy glo dat die reproduksie van die moeder deur sosiale instruksie plaasvind en word deur sielkundige prosesse ondersteun. Volgens haar is die rol van moeder nie 'n biologiese produk of 'n bewustelike opvoedkundige proses van hoe om die rol as moeder te vertolk nie, maar eerder 'n psigo-analitiese proses waardeur die vroulike en manlike persoonlikheid ontwikkel. Chodorow (1978:36) maak die volgende opmerking in hierdie verband:

Most theoretical accounts agree that women as wives and mothers reproduce people – physically in their housework and childcare, psychologically in their emotional support of their husbands and their maternal relation to sons and daughters.

Hierdeur demonstreer Chodorow (1978:211) dat vroulike bemoederings-siklies gereproduseer en geglo word: “Women come to mother because they have been

mothered by women. By contrast, that men are mothered by women reduces their parenting capacities”. Gevolglik berei dit die seun voor om ’n minder aktiewe rol in sy toekomstige gesin te vertolk.

Chodorow (1978:13-20) is verder van mening dat daar verskeie redes is waarom vroue die rol van moeder vertolk. Die eerste rede is dat die struktuur van ouerskap biologies selfverduidelikend is – die vrou baar kinders en kan borsvoed. Chodorow (1978) is van mening dat hierdie ‘natuurlike’ moederskap nie noodwendig gepaard gaan met kennis van versorging nie. Die tweede rede is dat Chodorow (1978) gekant is teen die persepsie dat die vrou oor ’n moederinstink beskik. Die implikasie van hierdie sogenaamde instink is dat biologiese moeders *moet* bemoeder. Dit word selfs sover gevoer dat die aanname gemaak word dat die vrou ’n beter ouer as die vader uitmaak, of mans oor die algemeen. Daarteenoor is Chodorow (1978) van mening dat die feit dat ’n vrou biologies kinders kan baar, haar nie noodwendig die primêre versorger van die kind *hoef* te maak nie.

As derde rede voer Chodorow (1978:31) aan dat bemoedering aangeleer word deur rolopleiding en ’n kognitiewe leerproses is. Dogters word geleer hoe om moeders te wees en word vertel dat hulle behoort te bemoeder. Hulle word reeds in hul vroeë kinderjare gebombardeer deur boeke, tydskrifte, advertensies, skole, en televisieprogramme wat tradisionele geslagsrolle propageer. Dogters identifiseer met hul eie moeders soos hulle grootword, en hierdie identifikasieproses produseer ’n dogter wat bemoeder. Chodorow (1978:31) som dit so op: “[G]irls identify with their mothers as a result of learning that they are girls and wanting to be girl-like”.

Chodorow (1978:32-34) is ook van mening dat vroue se bemoedering nie apart staan nie, maar ’n fundamentele uitvloeisel is van die geslagtelike opdeling van sferes, wat in interaksie is met heersende ideologieë – dus dat vroulike bemoedering bydra tot die reproduksie van geslagtelike ongelykheid. Radford Ruether (1993:177) verwys daarna dat daar dikwels op hierdie ‘werk’ (om te bemoeder) wat aan vroue toegeskryf word, neergesien word, wat verseker dat geslagtelike ongelykheid seëvier. Radford Ruether (1993:177) kom tot die gevolgtrekking dat “The tying of women’s physiological role to disproportionate care for the child throughout infancy and childhood is neither a biological nor a psychological given, but a cultural means of forcing upon women a job that men have both idealized and, at the same time, have shunned as dirty, tedious, and beneath their dignity”.



Chodorow (1978) is van mening dat 'n hedendaagse, moderne samelewing nie kan wegbreek van 'n patriargale ideologie nie. Op sigself lewer moederskap 'n fundamentele bydra daartoe.<sup>11</sup> Deurdat vroue onder 'n patriargale ideologie bemoeder, ontstaan 'n kringloop van geslagspesifieke rolle wat aan kinders voorgehou word, wat verseker dat hulle as volwassenes, dienooreenkomstig hierdie rolle vervul. Om vanuit hierdie onderdrukkende ideologieë weg te kan breek, kan waarskynlik bevrydend wees vir albei geslagte.<sup>12</sup> Vir die vrou, so ook die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal, mag nuwe wêreldes oopgaan, terwyl dit vir die man mag beteken dat hy sy versorgingsinstink vryelik mag openbaar sonder om van onmanlikheid beskuldig te word. In hierdie verband sê McDonald (1995:132) die volgende:

As the century draws to a close, the 'new traditionalism' of family values juggles the value of motherhood against a surface recognition that caring has a new fluidity: mothers are now permitted to carry filofaxes; fathers and even single men, can be nurturing and loving.

Die realiteit van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal is waarskynlik ver verwyderd van bogenoemde feministiese teorieë, van veral Chodorow (1978) en McDonald (1995), rondom geslagsgelykheid. Dit blyk duidelik te wees dat dit die taak van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal is om die primêre versorger, die moeder, te wees (Geldenhuys 1954:163; De Vaal 2007:4; Joubert & Smith 2010:19). Die hedendaagse Christen-Afrikaanse vroue-ideaal neem oënskynlik die rol van moeder aan omdat dit eerstens die verwagtinge van 'n patriargale samelewing blyk te wees (waarin die rol van Christenskap nie ontsien kan word nie), en tweedens waarskynlik as gevolg van die siklus rondom bemoedering – omdat sy deur haar eie moeder bemoeder is. Die visuele analise suggereer dat *Finesse* en *Lééf* se vertolking van die Christen-Afrikaanse ideaal as moeder hiermee ooreenstem.

---

<sup>11</sup> McDonald (1995:132) is van mening dat vroulike bemoedering te weë gebring word deur die volgende drie faktore: Joodse fatsoenlikheid of betaamlikheid; die skeiding tussen publieke en privaatsfere; en, soos vroeër reeds bespreek, die essentialistiese bygeloof dat vroue oor 'n biologiese instink beskik om te bemoeder. Hierby voeg Chodorow (1978:32) ook geskiedenis (wat tradisie insluit) as faktor by, wat impliseer dat "[w]omen's role as we know it is an historical product. Mothering is most eminently a psychologically based role. It consists in psychological and personal experience of self in relationship to child or children".

<sup>12</sup> Emansipering vanuit 'n patriargale ideologie behoort albei geslagte vry te maak van die beperkinge wat tans op geslagsrolle geplaas word. Vir Stewart van Leeuwen (1993) lê 'n moontlike oplossing hiertoe in menslike gelykheid. Sy redeneer vanuit 'n Christelike feministiese oogpunt dat die mens, wat na God se beeld geskape is, almal mekaar se gelyke is. Wanneer die mens nie gestereotipeer word nie, kan elke mens tot sy volle reg kom. Dit mag behels dat die man die primêre versorger uitmaak, of dat 'n vrou 'n voltydse suksesvolle loopbaan volg. Elke persoon, van watter geslag ook al, is volgens Christelike denkwyses veronderstel om haar gawes ten volle te gebruik. Elke mens vir wie dit van nature kom om te bemoeder – man of vrou – moet voortgaan om dit te doen, vry van enige ideologieë of sosiale verwagtinge. As so iets enigszins moontlik is. Foh (1980:189) meen ook dat ouerskap 'n tweesydig inslag behoort te hê, want "[w]hen childcare falls solely on the mother's shoulders, all suffer – fathers, mothers, children". Die ideaal sou wees vir albei ouers om ten volle betrokke te wees by die grootmaak van kinders, volgens die individu se vermoëns. Op so 'n wyse, in Chodorow (1978) se terme, word kinders gevorm wat waarskynlik nie gebuk sal gaan onder 'n patriargale ideologie nie.

#### **6.2.4 Die konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal as moeder binne die Afrikaanse kultuur**

Die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal neem die rol van moeder aan as gevolg van verskeie faktore, soos vooraf uiteengesit. Hierdie afdeling dra by tot die argument dat die belang van die moeder in die (Christelike) Afrikaanse kultuur beklemtoon – byna vereer – word. Dit is waarskynlik in ooreenstemming met 'n patriargale tradisie wat strewende om die vrou, dikwels op onbewustelike vlak, te onderdruk. Dit blyk dat hierdie 'n wyse is waarop die konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal geslag na geslag plaas vind. Dit is van belang om uit te wys waar die Afrikaanse ideale moeder vandaan kom, om te verstaan waar sy haarself vandag bevind.

Deur die loop van die Afrikanerkultuur blyk die Afrikaanse vroue-ideaal gekonstrueer te wees in ooreenstemming met 'n patriargale vroue-ideaal. Deurdat hierdie Bybelse vroue-ideaal deurgaans deur Afrikaanse kultuurgeskiedenis vereer is, word verseker dat hierdie ideaal die strewende bly. Helen Terre Blanche (1996:185-186) het die volgende hieroor te sê:

Although this image [of motherhood] had something in common with images of European women in that the woman is seen as possessing kindness, gentleness, and frugality, it was distinctively Afrikaans in that it drew on the Great Trek and South African War of 1899-1902 with their subthemes of resistance and courage. Women's ability to endure through suffering was emphasised and mythologised, and women were seen as the inspiration of men. [...] Icons were developed to support this imagery, for example the Vrouemonument. The Afrikaner woman was also seen as a symbol of God's grace and intercession in the life of his people, as a person whose purity and moral strength kept the man from despair.

Dit blyk dat die Afrikaner vroue-ideaal as ikoon vereer is deur haar deel te maak van die nasionalistiese tradisie van die Afrikaanse kultuurgeskiedenis (McClintock 1991; Du Toit 2003). Alhoewel hierdie denkwysse verouderd mag voorkom, en die Afrikaanse vroue-ideaal spesifiek na die val van Apartheid losgemaak is van bogenoemde nasionalisme, is die karaktertrekke wat aan haar toegeskryf word, asook die wyse waarop sy gekonstrueer word, waarskynlik só nou verweef met die Afrikaanse patriargale tradisie dat die hedendaagse Christen-Afrikaanse vroue-ideaal as moeder moontlik nie veel anders daar uitsien nie.



Figuur 65: Eugène Delacroix, *Liberty Leading the people*, 1830.  
Olieverf op doek, 260 x 325 cm.  
Musée du Louvre, Paris.  
(Krauß 1995:61).

Om die moeder te vereer, is 'n verskynsel wat in die skildertradisie gewortel is. Mullins (1985:169) meen: "Paintings show us that as a mother a woman may be adored, admired, loved, submitted to. She is courageous, self-sacrificing, and enormously powerful". Na aanleiding van die moeder wat vereer word, verwys Mullins (1985:170) na Eugène Delacroix se *Liberty Leading the people* (1830) (Figuur 65):

She is bare-breasted because Liberty has to be seen to be the mother of the people. She stands for human rights of all those brave men fighting around her precisely because she wields this tremendous maternal authority. She nourishes their manhood, their courage, their ideals, supporting them in their cause as the Virgin supported Christ. She has to be the universal mother to inspire this kind of trust.

Dit is duidelik dat die vereering van die moeder oor ikonologiese betekenis beskik. Hierdie selfde tipe vereering van die moeder-figuur blyk ook in die Afrikaner kultuurgeskiedenis neerslag te gevind het, met verwysing na Anton van Wouw se standbeeld van die Voortrekker moeder en kinders aan die voet van die Voortrekkermonument (Figuur 66). Terre Blanche (1996:186) meen dat hierdie tipe beelde (soos ook by die Vrouemonument in Bloemfontein) die nasionalistiese Calvinistiese Afrikaner ideologie ondersteun, deurdat die swaarkry wat die vrou

deurgaan geregtig word deur die bou van 'n Godsuitverkore nasie. Daarom kan die volksmoeder, in Figuur 66, haar kop hoog hou.



Figuur 66: Anton van Wouw, *Voortrekker Vrou met kinders*, 1949.  
Aan die voet van die Voortrekker monument, Pretoria.  
(Paulsen:2011).

'n Hedendaagse voorbeeld van die verheerliking van Christen-Afrikaanse moederskap in populêre kultuur, is waarskynlik meer subtiel. 'n Vergestaltung van die hedendaagse verering van moederskap word oënskynlik in "Milan Murray se dagboek vir 'n Ma" (Figuur 67) gevind.

In hierdie artikel skryf Milan Murray (’n aktrise) oor haar ervaringe van haar eerste jaar as moeder, met die baken van haar seuntjie, Steph, se eerste verjaardag. Sy praat oor die keuses wat sy as ’n moeder gemaak het – van keisersnee en borsvoeding, tot meer emosionele ervaringe rondom die plesier van moederskap. Die artikel is deurtrek van die verromantisering van herinneringe wat moederskap meebring. Milan sluit af met die volgende: "Want sien, ek vier nie net my seun nie. Ek vier die ma in my" (*Finesse* 2008:84-85). Hierdie is in pas met Joubert en Smith (2010:18-20) se sieninge rondom die Bybelse vroue-ideaal wat glo dat dit nie ’n skande is om ’n ma en tuisteskepper te wees en haar huisgesin te versorg nie, dit is intendeel iets om op trots te wees. Hierdie uiting ondersteun waarskynlik ’n stereotipiese geloof wat behels dat elke vrou blykbaar oor die potensiaal beskik om ’n moeder te wees. Elke vrou het klaarblyklik ’n moeder



êrens in haar. Hiermee saam propageer *Finesse* oënskynlik ook dat moederskap iets is om oor bly te wees, iets wat blykbaar gevier moet word. Sodoende is die doel van hierdie artikel waarskynlik om positiewe gevoelens rondom ma-wees mee te bring. In terme van die konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal, motiveer dit haar klaarblyklik tot moederskap, en om vreugde in moederskap te vind. Hierdie tipe konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal is in pas met die Bybelse vroue-ideaal wat volgens Joubert en Smith (2010:22) 'n trotse ma is: "Sy vat raak, praat raak en doen raak as dit by haar huisgesin kom. Geen wonder dat haar man en haar kinders haar bewonder nie. Kom ons wees nou 'n slag eerlik met mekaar: As jy bewonder word, floreer jy. [D]it laat jou goed en suksesvol voel. Dit spoor jou aan om wat jy reeds gedoen het, nog beter te doen".



Figuur 67: *Milan Murray se dagboek vir 'n Ma | Jou skoonheid.*  
(*Finesse* Mei 2008:82-83).

Dit blyk uit die Afrikaanse kultuurgeskiedenis dat taal ook as faktor ingespan kan word om moederskap te vereer. Taal word dus ingespan om die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal aan moederskap te bind. In hierdie opsig is die bydra wat Afrikaans as taal lewer tot die patriargale stereotipering en persepsie van moeder van belang. 'Moeder' word sinoniem van 'vrou': Moeder(vrou)skap. Volgens Chodorow (1978:216) verwys taal na die primêre ouerskapaktiwiteite as moederskap. Byvoorbeeld, woorde wat in die Afrikaanse kultuurgeskiedenis sinoniem is met die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal as



moeder, is waarskynlik ‘volksmoeder’, en later ‘boervrou’. Albei woorde dien as konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal. Die volksmoeder verwys na die Afrikaanse vrou as die moeder van die volk (McClintock 1991:108). Die volksmoeder-ideologie behels, volgens Marijke du Toit (2003:156), betrokke by die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van Kwazulu-Natal, dat: “Afrikaner nationalist men invented a *volksmoeder* figure that celebrated women as apolitical, suffering, and self-sacrificial”. Terre Blanche (1996:180) is dit eens: “[T]he South African volksmoeder imagery [is] an idealisation of Afrikaner women as the strength and moral guardians of the Afrikaner nation”.

Later, soos die politieke en nasionalistiese landskap verander het, is die konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal as ideale moeder ook dienooreenkomstig aangepas. Karaktereienskappe wat eens met die boervrou-ideologie vereenselwig is, sluit in haar fisiese krag en uithou vermoë. Hierdie eienskappe is verdraai om die nasionalistiese, patriargale ideologieë van die dag te ondersteun. Hiervan, meen McClintock (1991), is die Vrouemonument in Bloemfontein ’n vergestaltung. In plaas daarvan om vroue vir hul werklike bydra (as militante vegter) tot die oorlog te vereer, versinnebeeld die monument ’n moeder wat haar kinders vertroos. McClintock (1991:109) stel dit soos volg: “The monument enshrined Afrikaner womanhood as neither militant nor political, but as suffering, stoical, and self-sacrificial”. Hierdie karaktertrekke vind neerslag in die Bybelse vroue-ideaal, wat volgens Joubert en Smith (2010:18, 20) gedienstig en gedwee is, onselfsugtig is en ook opofferend is.

Hierdie ideologie rondom die boervrou, waarvan swarkry en selfopoffering deel vorm, word oënskynlik vergestalt in die tydskrif, *Die Boerevrou* (Figuur 68),<sup>13</sup> wat uitgegee is in die vroeë jare van die twintigste eeu. *Die Boerevrou*, is moontlik een van die eerste vergestaltungen van die Afrikanervrou wat volgens Cloete (1992:48) gebuk gaan onder die beperkinge van die media: “The Afrikaner women was ‘ripe’ for a second confinement this time by mass media and western standards of femininity”. Later jare word dit ook duidelik in *Die Huisgenoot*. Joernaliste betrokke by *Die Huisgenoot* in die vroeë jare van die twintigste eeu het Afrikaans geassosieer met die intieme terrein van die huishouding, en het gepoog om vroue deur middel van die tydskrif te leer van hul rol as moeders (Du Toit 2003:156). Op hierdie manier het hierdie twee tydskrifte gedien nie net as

---

<sup>13</sup> *Die Boerevrou* was die eerste Afrikaanse tydskrif wat op die Afrikaanse vrou gemik was (Vorster 2007). Hierdie tydskrif was ’n tipe koffietafel-tydskrif wat gehandel het oor verskeie vrouesake, insluitend breiwerk en breipatrone, resepte, modes, en kinderstories.

propaganda vir die boervrou-ideologie nie, maar het dit waarskynlik ook bygedra tot die konstruering en sirkulasie van 'n Afrikaanse vrou-ideaal.



Figuur 68: Voorblad.  
(Die Boerevrou Junie 1925).

Dit is opvallend dat die houding van die vrou (Figuur 68), ooreenstem met baie van die uitbeeldings van die Christen-Afrikaanse vrou-ideaal wat in *Finesse* en *Lééf* voorkom. Die blik wat onderdanig na die kant gedraai word, is oënskynlik baie sterk simboliek rakende die Christen-Afrikaanse vrou-ideaal, wat hedendaags steeds deurgevoer word.

Alhoewel die Christen-Afrikaanse vrou-ideaal nie vandag met monumente vereer word nie, word sy wel dikwels deur die massamedia vereer, soos in die artikel “Met hart ...”. (Figuur 14). Hierdie artikel verskyn ter viering van moedersdag om hulde aan die moeder te bring. Die fokuspunt is 'n outydse swartbord<sup>14</sup> waarop daar “gelukkige moedersdag” staan – handgeskrewe asof haar kind dit self kon skryf (of enige ander van

<sup>14</sup> Die swartbord is waarskynlik simbolies van opvoeding, wat die moeder se taak is. Rakende opvoeding meen Geldenhuys (1954:169): “Nee, met wysheid, en vriendelikeheid en spontane liefde onderrig sy haar kinders”.

die lesers se kinders).<sup>15</sup> Hierdie artikel konstrueer waarskynlik 'n Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wat, net soos die Bybelse vroue-ideaal, deur haar gesin geprys (Geldenhuis 1954:170) en bewonder word (Joubert & Smith 2010:23).

Aan die linkerkant van die bladuitleg is 'n oop, skoon, wit bladsy, met slegs die titel “met hart” – in rooi, die kleur van passie (Lacey 1998: 38) en dus liefde, wat waarskynlik simbolies kan wees van die ma se liefde teenoor haar huisgesin. Onder aan die bladsy verskyn die woorde: “Wanneer ander jou versaak, kyk net om en sien jou ma agter jou staan – anoniem” (Lééf 2008:10). Hierdie woorde is oënskynlik spreekwoordelik van 'n ma se onvoorwaardelike liefde vir haar kinders, dat sy haar kinders altyd sal bystaan of ondersteun, en dat daar altyd op haar staat gemaak kan word. Die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal as moeder wat hier gekonstrueer word, is in pas met die Bybelse vroue-ideaal wat trots is daarop om haar gesin goed te versorg, al “verg dit lang ure en baie opoffering” (Joubert & Smith 2010:20). Sy is klaarblyklik versorgend, sy ondersteun waarskynlik haar kinders en is blykbaar altyd daar vir hulle.

Hierdie hedendaagse karaktereenskappe is ook kenmerkend van die volksmoeder en boervrou. Terre Blanche (1996:185) stel dit soos volg:

[M]others are moral and pure, selfless, bear great responsibility, and are subservient to a variety of authorities. Women have always had a clearly defined role in the Afrikaans family. In Afrikaans homes the mother was pre-eminently the loving and understanding party who cared and served in silence, a counterbalance to the strict father, of whom the children were a little afraid.

Waarskynlik is hierdie karaktertrekke vandag nog geldig met betrekking tot 'n Afrikaanse vroue-ideaal as moeder. Dit is veral waar as Chodorow (1987) se bemoederingsiklus in ag geneem word, waar bemoederingsenskappe oorgedra word van generasie tot generasie: van volksmoeder tot boervrou, tot die Christen-Afrikaner vroue-ideaal, en tot

---

<sup>15</sup> Die swartbord word omring deur die natuur en in die agtergrond is 'n romantiese wit perd wat uit fokus is. Die bord rus teen 'n houtpaal, simbolies van die outydse plaaslewe (soos reeds vroeër bespreek), tesame met die ou klipmuur waarteen die bord se voete rus. Tussen die bene van die bord is daar 'n dwars yster, wat met verweerde wasgoedpennetjies versier is. Die wasgoedpennetjies is waarskynlik simbolies van 'vroulike take' wat die vrou in die huisgesin behoort te verrig. In haar rol as primêre versorger is die vrou ook verantwoordelik om na haar man en kinders se fisiese welstand om te sien, soos om skoon klere tot hul beskikking te hê. Dus is die wasgoedpennetjies moontlik simbolies van die ma se versorging. Aan een van die pennetjies is daar 'n bruin blaas vasgesteek – op eerste vlak simbolies van die seisoen – herfs – waartydens hierdie uitgawe verskyn, en op 'n tweede, dieper vlak in ooreenstemming met die hoof tema wat simbolies is van die ouer vrou in haar herfsjare. Aan die voet van die swartbord lê 'n hartvormige kussing wat lyk asof dit handgemaak is. Die hart is waarskynlik simbolies van die ma se liefde vir haar kinders, en ook haar liefdevolle versorgende wese. Die feit dat dit handgemaak is, spreek waarskynlik van verlangte en nostalgiese verlangte van verlore dae voor massaproduksie.

die hedendaagse Christen-Afrikaanse vroue-ideaal. Aangesien die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal vandag steeds moontlik gebuk gaan onder 'n patriargale ideologie, nes haar voorsate, is die ideaal soos dit hedendaags daar uitsien, waarskynlik nie ver verwyderd van die volksmoeder- en die boervrou-ideologieë nie. Die karaktertrekke van hierdie ideale met betrekking tot moederskap, blyk moontlik die basiese fondament vir Christen-Afrikaanse vroulikheid te wees. Met die vorige twee hoofstukke ingedagte, is dit duidelik dat die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal oënskynlik gekonstrueer word met reinheid, inbors, hoë waardes en waardigheid (Geldenhuis 1954:163-170; Joubert & Smith 2010:17-23). Sy is klaarblyklik nie sensueel, seksueel en losbandig nie. Sy is die teenoorgestelde van die *femme fatale*. In teenstelling daarmee, word sy klaarblyklik eerder gekonstrueer as die maagdelike moeder, die Madonna.<sup>16</sup> Hierdie Madonna is volgens Mullins (1985:152) 'n algemene verskynsel in die skilderkuns:

Art galleries are stacked with mothers, and most of them are virgins. [...] [N]ot only Christianity has attached spiritual significance to the Immaculate Conception. It was certainly a belief shared by classical Greece. [...] [I]mages of Mary as Christ's mother have become our prescription for motherhood generally. [...] [S]he is instantly recognisable as a type we have all seen a thousand times before, treated with wonder and gravity in esteemed altarpieces. [...] She is the ideal mother. [...] [S]he is the standard of womanhood.

Hierdie ikonografie dateer terug na skilderye uit vroeë Renaissance kuns, soos Giotto se *Madonna Enthroned* (c1310) (Figuur 54), waar die Madonna rustig, kalm, en waardig met baba-Jesus op haar skoot sit. Hierdie ikonografie transendeer moontlik na die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal as moeder, wat ook, net soos die Madonna, rein blyk te wees – amper maagdelik.

Die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal se rol in die huisgesin is moontlik steeds duidelik gedefinieer, as moeder en primêre versorger. Hierdie afdeling het uitgewys hoe verskeie faktore meewerk om die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal as moeder te konstrueer. Van hierdie faktore sluit die volgende in: die vrou se rol in die huisgesin, die biologiese argument gekoppel aan Christenskap met betrekking tot moederskap, moederskap as 'n sosiale proses en die konstruering van die ideale moeder in die Afrikaanse kultuur. Deur middel van 'n visuele analise van *Finesse* en *Lééf*, het hierdie afdeling ondersoek ingestel na die visuele uitbeelding van die vrou as moeder, wat bydra tot die

---

<sup>16</sup> Nie *Finesse* of *Lééf* het 'n artikel oor seks of seksualiteit in hierdie uitgawes gepubliseer nie. Die swye wat hierdie tydskrifte oplê ten opsigte van seks, kan moontlik behels dat die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal nie maklik oor seks praat nie, aangesien dit oënskynlik 'n taboe onderwerp is.

konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal. Hierdie konstruksie blyk gewortel te wees in die Bybelse vroue-ideaal.

### **6.3 Samevatting: Moederskap en die konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal**

Op grond van die ikonografiese analise van die beelde in *Finesse* en *Lééf*, kan afgelei word dat die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal se rol as moeder, nie ver verwyderd is as dié van die Bybelse vroue-ideaal nie. Die volgende vergelykings is deur middel van die ikonografiese analise getref: Moederskap blyk 'n Godgegewe roeping te wees (“Hart se punt” [Figuur 59] vergelyk met Joubert en Smith (2010:19) wat dit pertinent uitspel dat moederskap 'n “Godgegewe roeping” is); die rol van die moeder en wat dit behels, word elke vrou blykbaar toegeskryf (“Glo dit!” [Figuur 60]) vergelyk weereens met Joubert en Smith (2010:19) wat meen moederskap is haar “Godgegewe roeping”; sy blyk die middelpunt van die gesin te wees (“Ware verhaal: Ek het 'n Engel gesien” [Figuur 71]) vergelyk met Joubert en Smith (2010:19-20) wat meen sy is die hoof van die huisgesin en sy versorg die kinders); en sy is oënskynlik die primêre versorger van die kinders en die huisgesin (“Met hart ...” [Figuur 14]) vergelyk met Joubert en Smith (2010:20) wat meen dat sy trots is daarop om haar gesin goed te versorg, al “verg dit lang ure en baie opoffering”.

Solank 'n patriargale ideologie seëvier wat van haar verwag om die rol van primêre versorger in te neem, sal die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal waarskynlik voldoen aan hierdie standaard – omdat sy oënskynlik glo dat dit haar plig is teenoor haar kinders, teenoor haar man, en teenoor God, en as vervulling van die ideaal wat haar eie moeder aan haar voorgehou het.

Die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal se rol as moeder bring moontlik ook sekere beperkinge mee. Een van hierdie beperkinge is waarskynlik dat kinders die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal as moeder tot die huislike sfeer beperk. Om tuisteskepper te wees, word oënskynlik ook deur middel van die Bybelse vroue-ideaal aan haar voorgehou.



## DEEL II

### 6.4 Die beperking van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal tot die huislike sfeer

Dit blyk uit die voorafgaande bespreking dat die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal se rol as moeder haar beperking tot die huislike sfeer bewerkstellig, en regverdig. Die invloed van heersende patriargale ideologieë waaronder die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal klaarblyklik gebuk gaan, is reeds aangedui.

Deur die eeue heen is die invloed van die heersende ideologieë waarskynlik te bespeur in die wyse waarop fisiese ruimtes na aanleiding van geslagsassosiasies verdeel word. Pollock (1988:67) is van mening dat sekere ruimtes met geslagsidentiteit geassosieer word: "The public sphere, defined as the world of productive labour, political decision, government, education, the law and public service, increasingly became exclusive to men. The private sphere was the world, home, wives, children and servants". Tradisioneel word die manlike geslag met rede en kultuur geassosieer, waarvan die publieke sfeer sinoniem is, terwyl die vroulike geslag met emosie en die natuur geassosieer word, waarvan die huislike of privaat sfeer kenmerkend is (Pollock 1988:67). Die beperking van die vrou tot die huislike sfeer is volgens Chodorow (1978:9-10) 'n voortvloeiing van die vrou se rol as eggenote en moeder:

Because of their child-care responsibilities, women's primary social location is domestic. Men are also involved with particular domestic units, but men find a primary social location in the public sphere. Men's location in the public sphere, then, defines society itself as masculine. Women's mothering determines women's primary location in the domestic sphere and creates a basis for the structural differentiation of domestic and private spheres. Culturally and politically, the public sphere dominates the domestic, and hence men dominate women.

Dit blyk dus dat die beperking van die vroue-ideaal tot die huislike sfeer, opsigself dui op 'n mate van onderdrukking. Onder heersende patriargale ideologieë is hierdie assosiasie van die vroue-ideaal met die huislike sfeer vandag moontlik steeds problematies.

Chodorow (1978:35-36) is van mening dat sosiale instruksie, die ekonomiese sisteem, skole en die media alles meewerk om 'n fundamentele rol te speel in die koppeling van die vrou tot die huislike sfeer:

In the case of mothering, the economic system has depended for its reproduction on women's reproduction of particular forms of labor power in the family. At the same time, income inequality between men and women

makes it more rational, and even necessary, in any individual conjugal family for fathers, rather than mothers, to be primary wage earners. Therefore, mothers, rather than fathers, are primary caretakers of children and the home. Legitimizing ideologies themselves, as well as institutions like schools, media and families which perpetuate ideologies, contribute to social reproduction. They create expectations in people about what is normal and appropriate and how they should act. Society's perpetuation requires that someone rear children, but our language, science, and popular culture all makes it very difficult to separate the need for care from the question of who provides that care.

Net so kan die media, met spesifieke verwysing na *Finesse* en *Lééf*, ook waarskynlik bepalend wees tot die sienswyses rondom die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wat oënskynlik tot die huislike sfeer beperk word. Weereens kom die vraag pertinent na vore: Hoe vergelyk die hedendaagse Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wat in *Finesse* en *Lééf* gekonstrueer word, met die Bybelse vroue-ideaal van Spreuke 31?

#### **6.4.1 Die Bybelse argument**

In ooreenstemming met 'n patriargaal-Christelike tradisie wat met Afrikaanse tradisies vervleg is, word die argument voorgehou dat dit 'n Godsbestemming vir die vrou is om kinders in die lewe te bring. Daarom word dit waarskynlik uitgemaak dat die vrou, as die primêre versorger, die kinders (by die huis) versorg. In *Lééf* se redakteursbrief (Figuur 2), word die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal se beperking tot die huislike sfeer bevestig. Die redaktrise gesels voort: "Vandat ek kan onthou, hou ek van kosmaak. Die kombuis is, naas die stoep, sekerlik die hart van ons huis. Hier bring ons ure deur, word daar gekook, gekuier en gesels" (*Lééf* 2008:4). Deur woorde te gebruik soos 'kook', 'kosmaak', 'kombuis', 'hart', 'kuier' en 'gesels', word daar moontlik reeds verwagtinge geskep met betrekking tot 'n Christen-Afrikaanse vroue-ideaal, die versorging waarvoor sy as moeder oënskynlik verantwoordelik is, en die plek waar dit klaarblyklik geskied: in die huis. Die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wat hier gekonstrueer word, blyk die spreekwoordelike hart van die huis te wees, die primêre versorger en huishen wat hou van kook en gesels. Hierdie mite rondom die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal, vergelyk met Joubert en Smith (2010:19) se Bybelse vroue-ideaal wat 'n tuisteskepper is: "Dis 'n Godgegewe roeping om jou huis en jou huisgesin te versorg en dit te geniet".

Nietemin meen Joubert en Smith (2010:20) dat die Bybelse vroue-ideaal vroue nie tot die kombuis verban nie, maar dat hul wél mag werk: "Voel asseblief ook nie skuldig as jy 'n werkende vrou is nie". Ook Cilliers (2003:105) meen dat Spreuke 31 "met reg

aangehaal [kan] word om te wys dat die vrou die vermoë het en die reg gegun moet word om onafhanklik en met sukses ook tot die ekonomiese wêreld toe te tree”. Net só skep *Finesse* en *Lééf* oënskynlik die persepsie dat die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal vry is om werk buite die huis te verrig, deur artikels rondom werkende vroue te plaas. Nietemin, as nagedagtenis, voeg Joubert en Smith (2010:20) die volgende by die bogenoemde aanhaling: “[H]ou wel in gedagte dat die versorging van jou huis en jou huisgesin jou eerste prioriteit behoort te wees”. Cilliers (2003:105-106) voeg ook by dat Spreuke 31, waar dit die werkende vrou aangaan, nié so bevrydend geïnterpreteer kan word nie: “Wat die oorgrote meerderheid vroue betref, bly die opset dieselfde: om ’n man se lof en bewondering te ontvang, dit is die hoogste goed, en wat aan die vrou haar eiewaarde en mens waardigheid gee, is dat sy aan die man behoort”. Dus, al is die Bybelse vroue-ideaal vry om werk buite dié van tuisteskepper te arbeid, is haar huis en huisgesin altyd steeds haar eerste prioriteit – sy is klaarblyklik onlosmaaklik tot die huislike sfeer gekoppel, nieteenstaande haar werk in die publieke sfeer. Haar waarde of identiteit blyk gewortel te wees in haar gesin en man, en nie ’n beroep nie. Dit blyk ook die geval te wees by die konstruering van die hedendaagse Christen-Afrikaanse vroue-ideaal, veral in *Finesse*.

Die artikel “2008 my jaar. Van klaas na baas” (Figure 69-71) suggereer dat die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal as primêre versorger onlosmaaklik aan die huislike sfeer gekoppel word. Hierdie artikel handel en gee oënskynlik raad oor hoe om ’n eie onderneming op die been te bring, en maak gebruik van drie gevallestudies. Dit klink op sigself na ’n bevrydende vooruitsig vir die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal.

Die inleiding van die artikel bevestig dat hedendaagse tye die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wel kies om ’n beroep te betree: “Alhoewel vroue die grootste deel van die Suid-Afrikaanse ekonomie uitmaak, bly Evas tog lugtig om die sprong na besigheidseienaar te neem” (*Finesse* 2008:54). Soos die artikel uitrol volg dit drie vrouens wat hul eie ondernemings suksesvol bestuur. Nietemin, ten spyte daarvan dat hierdie artikel handel oor sakeondernemings, kan die tipe werke waarom die sakeondernemings draai, moontlik steeds aan die huislike sfeer gekoppel word.

Die artikel “2008 my jaar. Van klaas na baas. Kwistig met die kwas” (Figuur 69) word vergesel deur ’n foto waarop ’n glimlaggende vrou pryk. Sy staan binnenshuis voor ’n esel en skilder. Die vrou se aandag is nie by die kunswerk waarmee sy besig is nie, maar by haar kinders wat in die voorgrond by ’n tafel sit, met boeke voor hul oopgesprei

– moontlik huiswerkboeke. Haar aandag is duidelik nie by haar onderneming nie, maar by haar kinders. Die hedendaagse Christen-Afrikaanse vroue-ideaal kan gelykgestel word aan die Bybelse vroue-ideaal, want, “met wysheid en vriendelikheid en spontane liefde onderrig sy haar kinders” (Geldenhuys 1954:169). Die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wat hier gekonstrueer word, is klaarblyklik verantwoordelik vir die onderrig van haar kinders, na aanleiding van die huiswerkboeke wat oop voor hul lê.



Figuur 69: 2008 my jaar. Van klaas na baas: Kwistig met die kwas. (Finesse Mei 2008:60).

Mindi, die vrou oor wie die artikel handel, bieg: “My middae is my kinders se tyd en saans wanneer almal slaap, maak ek my werk klaar” (Finesse 2008:60). In hierdie opsig blyk haar werk sekondêr tot haar gesin te wees. Haar kinders bly haar hoogste prioriteit, net soos vir die Bybelse vroue-ideaal (Joubert & Smith 2010:20). Hier word ’n Christen-Afrikaanse vroue-ideaal gekonstrueer wat oënskynlik die primêre versorger uitmaak en dus waarskynlik onlosmaaklik aan die huislike sfeer gekoppel word. Die artikel koppel selfs haar onderneming aan die huislike sfeer: “Mindi Flemming, voltydse vryskut illustreerder van die Strand, se eie onderneming het ’n baie nederige begin by haar kombuistafel gehad” (Finesse 2008:58 [beklemtoning bygevoeg]). Deur die woord ‘kombuistafel’ te gebruik, word nie gekroom om ’n duidelike persepsie rondom die plek van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal daar te stel nie – nie net in die huis nie, maar in die kombuis. Alhoewel Joubert en Smith (2010:20) meen dat die Bybelse vroue-ideaal

nie tot die kombuis verban hoef te word nie, meen hul nog steeds dat sy (al werk sy) 'n voorslag tuisteskepper is.



Figuur 70: 2008 my jaar. Van klaas na baas: Spieëltjie spieëltjie aan die wand. (Finesse Mei 2008:57).

Die volgende gevallestudies in hierdie artikel, is “Spieëltjie spieëltjie aan die wand” (Figuur 70), wat in trant is met die bogenoemde artikel, omrede dit die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal oënskynlik tot die huislike sfeer koppel. Die vrou in hierdie artikel het 'n beroep as senior mediese tegnoloog in 'n laboratorium prysgegee om skoonheidsterapie as beroep te volg. Dis asof sy die publieke sfeer verruil het, na aanleiding van haar beroep as mediese tegnikus wat moontlik met die manlike sfeer gekoppel kan word, vir die huislike sfeer, aangesien 'n skoonheidstegnoloog moontlik eerder met vroulikheid gekoppel word. In “Van snyerspakkie tot sjefbaadjie” (Figuur 71) blyk dit ook goed te praat om die publieke sfeer vir die privaat sfeer te verruil. Die titel impliseer waarskynlik dat die vrou haar besig hou met vrouedinge soos klere en modes. Die stereotipiese manlike rol van sjef word vervroulik in die titel, deur dit deur middel van kleredrag minder ernstig te maak. Inderdaad het hierdie vrou se fisiese spasies byna omgekeerd verander – vanuit 'n publieke sfeer, naamlik regte, tot 'n deli, 'n meer huislike sfeer: “Nadat Rachel Botes ses jaar lank haar eie praktyk bestuur het, het sy haar baadjie as akteprokureur vir 'n sjefbaadjie verruil. 'Kos en onthaal was nog altyd my



passie” (*Finesse* 2008:62). Op die foto staan sy in haar wit baadjie en voorskoot, met ’n koppie tee in die hand en staar die verte in.



Figuur 71: 2008 my jaar. Van klaas na baas: Van snyerspakkie tot sjefbaadjie. (*Finesse* Mei 2008:42).

Die ironie van hierdie gevallestudies is dat dit voorkom asof hierdie vroue geëmansipeerd is omrede hulle oënskynlik in die publieke sfeer beweeg. Die teendeel blyk eerder die geval te wees: al drie hierdie vroue wat hier as ideaal voorgelê word, het keuses gemaak (dikwels eerder in pas met patriargale ideologieë) wat vereis dat hulle hulself besig hou met take wat tradisioneel eerder met vroulikheid geassosieer word, onder meer skoonheid en kosmaak. Hierdie take word ook tradisioneel met die huislike sfeer geassosieer, en hierdie konstruksie van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal is weereens in pas met die Bybelse vroue-ideaal wie se huis en huisgesin haar eerste prioriteit is (Joubert & Smith 2010:20).

Alhoewel die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal se betreding tot die werkplek moontlik finansiële verligting vir die gesin bring, bring dit moontlik meer spanning vir die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal mee omdat sy, as die primêre versorger van die gesin, steeds

verantwoordelik is vir die huishouding en die kinders.<sup>17</sup> Vorster (2006:12) meen ook dat die druk op die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal hoog is:

In die moderne samelewing werk baie vroue buitenshuis, maar wanneer sy tuis kom, val sy in haar sogenaamde tweede skof in. Dit is dan wanneer 'n patriargale man sy skoene uitskop en hom voor die televisie gaan neerplak terwyl sy vrou die wasgoed was, kos kook, die kinders met hul huiswerk help en boonop vir hom koffie aandra. As hy so voel, sal hy met ietsie hand bysit, maar moet dit tog net nie as sy plig sien nie!

In haar argument oor geslagsgelykheid redeneer Stewart van Leeuwen (1993) dat die afgebakende sferes, vir albei mans en vroue se onthou, iets van die verlede behoort te wees.<sup>18</sup> Afgebakende sferes plaas beperkinge op albei geslagte en daarom meen Stewart van Leeuwen (1993:416) dat: "The ideology of gendered and separate spheres is damaging to women and men alike, and hence must go".

In Christelike kringe word die sondeval dikwels voorgelê as die rede tot stereotipiese geslagsrolle waar die vrou (as moeder) tot die huislike sfeer beperk word. Foh (1980:188) stem saam dat hierdie siening vergesog is: "In Genesis 3, the woman is punished in terms of child-bearing and the man in terms of labor. Genesis 3 is judgment and does not state what should be; it cannot be considered justification for division of labor on the basis of sex". Keyes (2000:63-63) stem daarmee saam dat dit nie die Bybel se bedoeling is om geslagsrolle voor te skryf nie (en dat die Bybel bloot misbruik word vir hierdie doel):

At creation, God addressed the first man and woman together with the shared responsibility to fill the earth and exercise domination and care over it. He did not say, "Eve, be fruitful, change diapers, cook dinner and clean the house – that's your role"; and Adam, build culture – go into politics, business, academia, medicine, law, the arts, and the professions.

---

<sup>17</sup> Ekonomiese druk op gesinne en regstellende aksie is hedendaags waarskynlik van die grootste dryfverre wat die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal motiveer om die werkplek te betree. Volgens Rina Venter (1998:158), eertydse Minister van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, bevind sy haarself in 'n leefwêreld wat anders lyk as dié van haar moeder en ouma. Venter (1998:160) meen dat sy beter toegerus is vir die lewe deurdat sy oor naskoolse opleiding beskik. Nogtans bevind sy haar, nes die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal "nog midde in die sentrale fokus van die gesin, as versorger van die gesinslede, en tuisteskepper. Haar plek as eggenote is steeds van groot belang. Daarbenewens het die vrou noodsaaklik geword in die ontwikkeling van 'n gesonde ekonomie, en het sy in die beroepswêreld 'n onbetwisbare plek ingeneem. Die verskeidenheid van beroepe waarin sy 'n eie plek kan volstaan neem daaglik toe."

<sup>18</sup> Chodorow (1978) is dit eens dat selfs al gebeur dit dat die man en vrou in mekaar se sferes sou beweeg, hul rolle steeds verskil. Binne die huisgesin is die rol van vaderskap baie anders as die rol van moederskap. Soos vroue meer en meer by die gesin betrokke begin raak het, het mans minder betrokke geraak. Chodorow (1978:179) meen: "A father's first responsibility is to 'provide' for his family monetarily. His emotional contribution is rarely seen as of equal importance. Men's work in the home, in all but a few households, is defined in gender-stereotyped ways. When men do 'women's' chores – the dishes, shopping, putting children to bed – this activity is often organized and delegated by the wife/mother, who retains residual responsibility (men 'babysit' their own children, women do not)".

Volgens Keyes (2000:68) behels selfs die Nuwe Testament ook geen voorskrifte rondom geslagsrol verdeling nie:

Nowhere in the New Testament's teaching about marriage and family is any particular "sanctified" division of labor spelled out. The Pauline metaphor of husband as head of his wife does not imply that men should earn all or most of the money.

Een van die taktieke wat moontlik deur heersende patriargale ideologieë ingespan word om die vroue-ideaal tot die huislike sfeer te beperk, behels waarskynlik die wyses waarop sy van die publieke sfeer afgeskrik word: indien die vrou buite haar tradisionele sfeer beweeg, word probleme wat in die privaat sfeer ondervind word, steeds as haar skuld afgemaak – selfs al het sy geen beheer oor die situasie gehad nie. In hierdie verband redeneer Keyes (2000:70-71) soos volg: "Women who work outside the home are accused of being selfish and abandoning their God-given roles. Family breakdown is blamed on them".

Ten spyte hiervan, kies sommige Christen-Afrikaanse vroue klaarblyklik steeds om buite die huislike sfeer te tree en 'n beroep te volg. (Of, hul word finansieel gedwing om dit te doen). Daar is drie bladuitlegte in *Finesse* wat die vrou in 'n korporatiewe milieu uitbeeld, maar geen in *Lééf* nie. Nietemin, deur die plasing van hierdie artikels wat die publieke sfeer aanspreek in die eindbladsye van die tydskrif, word hierdie sogenaamde emansipasie weerspreek, en word byna as nagedagte bygevoeg.

Een so 'n voorbeeld is "Jou welvaart" (Figuur 72). Aan die regterkant van die dubbelbladuitleg, is 'n halfbladfoto van 'n sogenaamde werkende vrou. Die vrou se aandag is by die skootrekenaar voor haar. Sy is geklee in 'n korporatiewe snyerspakbaadjie, met 'n wit kraaghemp. Haar hare is netjies onder in haar nek vasgemaak, haar grimering vertoon natuurlik en sy dra geen juwele nie. Die vrou in hierdie foto is nog jonk – dit is waarskynlik die rede waarom sy die geleentheid het om in die korporatiewe wêreld te kan werk. (Sy het waarskynlik nog nie kinders wat haar tot die huislike sfeer beperk nie). Kompleet asof dit 'n waarskuwing is, eindig die artikel met: "Jy kan feitlik enige iets in die lewe kry wat jy wil hê, mits jy bereid is om die prys te betaal (*Finesse* 2008:133). Wanneer hierdie teks aan die voorafgaande teorie gekoppel word, blyk dit dat daar geïmpliseer word dat die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wel 'n beroep mag volg, maar sy moet in gedagte hou dat sy waarskynlik 'n prys daarvoor sal betaal – moontlik die verwaarlosing van haar gesin. Die vraag kan gevra word of hierdie artikel dien as 'n afskrikmiddel eerder as motivering om die publieke sfeer te betree.

boeke

Halfprys vir dubbele plesier

RODNEY SEALE

A TOT ZOUERS

50% afslag

NUUT OP DIE RAK

GEBEDSGIDS VIR 'N BESIGE VROU Cheri Fuller (Lux Verbi)

MA, NET VIR JOU Cheri Fuller (LUX)

Vir hierdie en ander trefferboeke besoek [www.carpediem.co.za](http://www.carpediem.co.za)

**"KLIK," SÊ DIE DEUR**

Jy weet sy was die Takka in jou drome, maar wie is hierdie dromelike persoonlike salonspreker wesen? Jy weet sy dink jy is verrommel, want jy weet die foto om 'n foto te sien... En wat van jou oë, is dit jou dromelike wesen se dromelike wesen?

Laat Marita de Boekman en haar dogters jou help met jou lewensboek. Gee die kluisboek **HOOR WAT EK SÊ** vir jou dogter om te lees. Lees se Wanda se regte praat in **PRAAT MET MY**. Probeer die praktiese oeffeninge. Het saam met Wanda om waag die kans om met jou dogter te besid jense.

Elke boek se skakel gaan oor dieselfde temas as jou ma-boek en is geskryf deur twee moeders met saam met hulle verskiet. Die verskiet van mekaar is dik met twee boekies ver.

**FINESSE WENK**

Om 'n groot huis, 'n suksesvolle motor of 'n miljoen rand in die bank te hê is altesaam goed en wel, maar die probleem is dat dit almal heeltemal drome het. Die vraag is: is jy bereid om die prys daarvan te betaal?

Dit is een van die groot verskille tussen suksesvolle en onsuksesvolle mense.

Suksesvolle mense bepaal wat dit gaan sê om hulle drome te bewaarheid en hulle vind 'n manier om dit te laat gebeur – sonder om te klai!

Les Brown, 'n alreedsbekende spreker, het 'n eets aan sy linkeroor. Hoeveel? "Toe ek besluit het om 'n spreker te word, het ek nie getelgafte, 'n reputasie, 'n grootwaarsheid of ondervinding gehad nie. So, ek moes meer as 'n 100 mense per dag bel, dag in en dag uit, om hulle te vra vir 'n geleentheid om met hulle groep te praat."

Jy kan netlik enigiets in die lewe kry wat jy wil hê, mits jy bereid is om die prys te betaal!

Foto: Shutterstock.com, Shutterstock.com

Figuur 72: *Jou welvaart*.  
(*Finesse Mei 2008:132-133*).

Ten spyte daarvan dat hierdie twee tydskrifte nie oorloop van beelde waar die vrou in die korporatiewe wêreld is nie, bestaan die moontlikheid dat die vrou nie noodwendig bloot as huisvrou gesien wil word nie. Volgens Foh (1980:224) word identiteit dikwels aan beroep gekoppel. Dit behels dus dat daar binne 'n patriargale samelewing waarskynlik neergesien word op moederskap as beroep, en dus op die vrou neergesien word wat hierdie taak vervul. Foh (1980) bou verder voort op haar argument dat 'n Christenvrou haar nie behoort te steur aan die wêreld se standaard wat selfwaarde bepaal nie; 'n persoon behoort nie gedefinieer te word in terme van haar beroep nie.

Foh (1980) se mening, naamlik dat 'n Christenvrou wel werk buite die huis kan verrig, mits dit God se roeping is, kom sterk na vore. 'n Christenvrou mag 'n mediese dokter wees, indien sy voel dat God haar tot hierdie taak geroep het en dat sy God deur middel van haar beroep vereer. Volgens haar kan enige werk geniet word, insluitend werk in en om die huis. Die sleutel hiertoe is houding – hóé dit gedoen word. Volgens Foh (1980:226) is daar geen verskil tussen die omruil van doeke of die take wat 'n prokureur verrig nie.

To the Christian, each task is important to fulfill. Why? Every job that brings order out of chaos reflects God's first creative act and has significance as part of the expression of God's image in humanity. Every task is to be done for God's glory and in his presence. Paul's explanation of how the body of

Christ functions (1 Cor. 12) is relevant here. God has given each member of Christ's body various gifts to perform various jobs, some of which seem less "honorable" [...] than others. Nonetheless, every job must be done if the body is to function properly, and so each member and each member's task are important. In addition, knowing that one is doing what God has appointed for him to do is a source of fulfillment; there is no larger purpose in life.

Bogenoemde geld waarskynlik ook vir die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wat teoreties gesproke vry is om 'n beroep buite die huis te betree (indien dit God se roeping is). Botha (1998) is van mening dat dit in praktyk nie so eenvoudig is nie. Botha (1998:152) wys daarop dat die samelewing steeds die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal beperk in terme van tradisionele rolverwagtinge – selfs die ongetroude vrou sonder kinders word oor dieselfde kam geskeer: "Ook die posisie van die ongetroude vrou is gesien uit hierdie beperkte en begrensende posisiebepaling" (soos in "Glo dit!" [Figuur 60]).

Dit blyk dat die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal hedendaags vry is om 'n beroep te betree – mits dit God se roeping is. Vanuit die visuele analise van *Finesse* en *Lééf*, blyk dit Christen-Afrikaanse vroue-ideaal, in pas met die Bybelse vroue-ideaal, gekoppel te wees aan haar rol as tuisteskepper (Joubert & Smith 2010:18-22), en al werk sy buite die huis, bly die huis en haar huisgesin haar eerste prioriteit ("2008 my jaar. Van klaas na baas" [Figure 69-71]). Ten spyte daarvan dat sy vry is om soos haar eggenote 'n voltydse beroep te kan betree, verlos dit haar oënskynlik nie van die huislike sfeer nie.

#### **6.4.2 Dekor en resepte as kodes van die huislike sfeer**

Die feit dat vrouetydskrifte dekor aanbevelings en resepte publiseer, is waarskynlik simbolies van die vrou se beperking tot die huislike sfeer. Dit is egter eg aan vrouetydskrifte – dit handel opsigself oor vrouesake en -belange. Shevelow (1989:15) meen dat hierdie karaktereienskap van 'n vrouetydskrif reeds die sfeer bepaal wat die tydskrif reflekteer: "Defining the private and the public spheres of activity and experience as separated according to gender, the periodical represented the private as the feminine, reproductive apolitical area of home and family in opposition to the masculine, productive, political realm of work and society". In die lig hiervan is die betrokke tydskrifte reeds 'n leidraad van presies waar die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal haarself bevind – in die huislike sfeer.



Bloot die feit dat die resepte in 'n Christelike vrouetydskrif soos *Finesse* verskyn, is waarskynlik bewys van die aanname dat kosvoorbereiding die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal se taak uitmaak. Dit is ook moontlik bewys daarvan dat die rol van primêre versorger steeds dié van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal is. Sy is immers die persoon wat haar gesin oënskynlik met keurige kos moet versorg, en dit bind haar waarskynlik onlosmaaklik aan die stoof in die kombuis – dus tot die huislike sfeer. Behalwe vir die fisiese versorging wat kos teweeg bring, sorg tradisies rondom kos waarskynlik ook dat kultuur oorgedra en behoue bly, deurdat elke dis voorberei en voorgesit word soos ma en ouma s'n. Op hierdie wyse verseker resepte, wat van (vroulike) geslag tot (vroulike) geslag - van ouma, na ma, na dogter – oorgedra word, ook dat primêre versorging 'n vroulike taak bly. Hierdie konsepte wat rondom die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal gekonstrueer word, vergelyk met die Bybelse vroue-ideaal as tuisteskepper. Joubert en Smith (2010:20) meen: “Dis 'n Godgegewe roeping om jou huis [...] te versorg en dit te geniet. [...] Versorg jou gesin met goeie, gesonde en lekker kos. Doen moeite om navorsing te doen oor kos en klere sodat jou gesin daaruit voordeel kan trek. [...] Om 'n tuisteskepper te wees is deel van God se roeping vir jou lewe”. Geldenhuys (1954:169-170) beaam: “Sy is huislik en vind dit 'n vreugde om haar huis so aantreklik en so goed moontlik versorg te hou. [...] Sy stel heelhartig belang in haar huishoudelike werksaamhede. Sy skep elke dag deur haar liefde, haar deeglikheid en toegewydheid 'n atmosfeer van vrede en geluk in haar huis”.

In *Finesse* word een bladuitleg toegesê aan dekor, en drie dubbelblaaie aan resepte. *Lééf* spandeer nie noodwendig 'n bladsy aan dekor nie, maar dis nie nodig nie: die hele tydskrif is deurspek met dekor items, wat kunstig vervleg word in ander artikels. *Lééf* bestee wel vier dubbelbladuitlegte aan resepte.

“Jou huis” (Figuur 73) blyk reeds 'n parallel te trek tussen die huislike sfeer en die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal. In hierdie artikel word resepte en dekoridees uitgeruil. Die inleiding lui:

Moedersdag is bederftyd. Dis 'n tyd om weer die soet herinneringe van jou kinderdag te vier en vir jou ma dankie te sê vir alles wat sy was en nog steeds vir jou is. En watter beter manier as met hierdie witwarm winter spyskaart! Die romerige koesterkos sal die winterkoue mooi op sy plek sit en 'n tikkie ekstra botter en room is net wat nodig is om behoorlik te smul! Rond die ete af met romerige melkkos en die perfekte geskenk vir 'n ma wat alles het! (*Finesse* 2008:138).

In enige kultuur is die tema rondom kos waarskynlik 'n metafoor vir tradisies en heersende ideologieë, so moontlik ook in die Afrikaanse kultuur. Kos word hier ervaar as nie alleen iets om mee te bederf nie, maar waarskynlik as 'n skakel tussen mense en tussen geslagte. Kos word hier oënskynlik 'n middel waarmee liefde, omgee en versorging bewys kan word. Deur hierdie resepte stap-vir-stap te volg, kan die leser haar geliefdes klaarblyklik met kos bederf, deurdat sy die kosvoorbereidingstaak van haar ma se hande afneem vir die spesifieke dag. (Nie dat die leser self as Christen-Afrikaanse vroue-ideaal en ma nie self elke dag van haar lewe moontlik al die etes vir haar gesin moet voorberei nie!) 'n Nostalgieuse trant is moontlik te bespeur in die keuse van die uitgesoekte geregte, byvoorbeeld melkkos, 'n tradisionele Afrikaner dis. Volgens van Zyl (2008) is nostalgiese beelde simbolies van die smagting na die eenvoud van die platteland wat sommige Afrikaanses steeds ervaar.



Figuur 73: *Jou huis*.  
(*Finesse Mei* 2008:144-145).

“Jou huis” (Figuur 73), konstrueer die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wat nie net haar huis mooi versier nie, maar dit waarskynlik ook in 'n ware tuiste omskep. Daarby vervul sy haar rol as primêre versorger wat blykbaar hou van kook en wat keurige etes kan voorsit vir die mense vir wie sy lief is, in pas met die Bybelse vroue-ideaal (Joubert & Smith 2010:20; Geldenhuys 1954:169-170). Geldenhuys (1954:165) meen selfs: “Sy

maak hul huis tot 'n plek van vreugde, vrede, veiligheid en standvastigheid. [Haar man] vind soveel geluk, ontspanning en bevrediging op elke gebied in hul huis as gevolg van haar liefdestoewyding, dat hy nie hunker na ander persone en dinge om hom gemoedsrus en vreugde te gee nie". Geen wonder sy skep 'n tuiste met soveel toewyding nie. Geldenhuys (1954:165) laat dit byna klink of haar huwelik op die spel is.

Oënskynlik word dieselfde nostalgiese trant in *Lééf* aangetref wanneer dit by resepte kom. "Hartskos" se inleiding lui:

Kos moet met 'n oop hart gemaak word. Dit moet eerlik en aards wees soos kaalvoet loop in die rooi stof. Dine van Zyl, bekroonde kosskrywer van Overstrand, glo vas in heilsame koesterkos. Voorberei op die outydse manier. In haar kombuis hoor jy nog die tjiep-tjiep van 'n vleismeul en die vredevolle sug wanneer skaapskenkels stowe. Boerekostradisies, maar met 'n splinternuwe voorskoot om (*Lééf* 2008:96).

Hierdie romantiese taal blyk smaakvol en goed gekies te wees, en spreek moontlik van weemoed en nostalgie, 'n tema wat deurlopend deurweef word in hierdie uitgawe van *Lééf*. Konnotasies word gemaak met dae van ouds, soos 'n vleismeul, wat waarskynlik in die ouma se kombuis te vinde was. Ook die geregte, byvoorbeeld skaapskenkels, spreek waarskynlik van heimwee na Afrikaanse tradisie ('boerekostradisie'). Daar is oënskynlik ook 'n onderliggende tema dat kos emosie beïnvloed, woorde soos 'koesterkos' – deur middel van kos kan die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal voldoen aan die vereistes wat haar rolle aan haar stel. Hierdie kos stel haar klaarblyklik in staat om liefde en versorging te betoon, in pas met die Bybelse vroue-ideaal (Geldenhuys 1954:163-170; Joubert & Smith 2010:17-13).

"Hartskos: Kos nes Ma s'n"<sup>19</sup> (Figuur 74) word vergesel deur 'n foto van 'n vrou voor die see. Sy het 'n hoed op die kop, donkerbril op, is in wit geklee met 'n rooi oorhemp wapperend in die wind. Deur die foto aan die teks van die artikel te koppel, word die vrou uitgeken as Dine van Zyl, die bekroonde kosskrywer. Aan die regterkant van die bladuitleg is 'n foto van geel kerrievis, bedien in 'n *wit* bord, met 'n *wit* tafeldoek. Die kaneelstokkie is waarskynlik 'n teken van vervloë dae en tradisies en die hunkering daarna. Selfs die wit raam om die foto's asook die fotohoekies waarmee die foto's kastig

---

<sup>19</sup> Hierdie titel koppel kos met emosies, waarvan liefde waarskynlik die ooglopendste is. Hierdie liefde is waarskynlik tweevoudig: die Afrikaanse Christelike ideaal se liefde vir kosmaak, en ook haar liefde vir die mens(e) vir wie sy die kos maak. Kos word 'n middel om emosie mee oor te dra, soos die ma se liefde vir haar gesin. Op hierdie wyse stel kos die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal in staat om nie net haar gesin fisies te versorg nie, maar ook emosioneel. Sodoende dra hierdie resepte by tot die Afrikaanse Christelike ideaal se beperking tot die huislike sfeer, waar sy as primêre versorger voor die stoof staan en kook.

op die blad geplak word, spreek van nostalgie rondom ou herinneringe en tradisies. “Kos nes Ma s'n” suggereer dat kos oorgedra word van generasie tot generasie, van ma na dogter, wat metafories is van moederskap as 'n proses van sosiale instruksie (Chodorow 1978:36). Die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal word geskep wat, net soos haar ma, as primêre versorger en kok, tot die huislike sfeer beperk word, in vergelyking met die Bybelse vroue-ideaal (Geldenhuis 1954:163-170; Joubert & Smith 2010:17-13).



Figuur 74: *Hartkos: Kos nes Ma s'n*.  
(*Lééf* Mei 2008:96-97).

Die resepte wat hier in *Finesse* en *Lééf* gepubliseer word, suggereer dat kosvoorbereiding die taak van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal is, net soos dit die taak van haar eweknie, die Bybelse vroue-ideaal uitmaak (Joubert & Smith 2010:19). Gevolglik word die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal oënskynlik gekonstrueer as 'n tuisteskepper, en word onlosmaaklik aan die huislike sfeer gekoppel, net soos wat Geldenhuis (1954:163-170) en Joubert en Smith (2010:17-23) die Bybelse vroue-ideaal beskryf.



## 6.5 Samevatting: Die beperking van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal tot die huislike sfeer

Op grond van die ikonografiese analise van die beelde in *Finesse* en *Lééf*, kan afgelei word dat albei *Finesse* en *Lééf* die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal konstrueer sodat sy oënskynlik onlosmaaklik aan die huislike sfeer gekoppel word. Alhoewel daar te kenne gegee moet word dat hierdie uitgawes moedersdaguitgawes is en dus waarskynlik vanselfsprekend rondom hierdie tema sentreer, blyk dit nietemin die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal se rol as moeder te wees wat hoofsaaklik verantwoordelik is vir hierdie beperking. Die waarde van die bydra van resepte en dekor (in hierdie uitgawes van *Finesse* en *Lééf*) tot die konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wat tot die huislike sfeer beperk word, kan waarskynlik nie ongesiens verbygaan nie. Dit blyk dat die huis (veral in die vorm van dekor) vir die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal 'n groot belangstelling is ("Jou huis" [Figuur 73]; "My lewe in 'n plakboek" [Figuur 56]). Dit stel die hedendaagse Christen-Afrikaanse vroue-ideaal moontlik gelyk aan die Bybelse vroue-ideaal (Geldenhuis 1954:165; Joubert & Smith 2010:19). Deur middel van resepte stel kos klaarblyklik die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal in staat om haar gesin fisies en emosioneel te versorg ("Jou huis" [Figuur 73]; "Hartkos: Kos nes Ma s'n" [Figuur 74]) wat gelykstaande is aan die verwagtinge rondom die Bybelse vroue-ideaal (Joubert & Smith 2010:19). Ou boerere resepte stel die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal oënskynlik in staat om kultuur en tradisies in stand te hou. Die resepte blyk by te dra tot sosiale instruksie en die opvoedingstaak rondom vroulike take. Hierdie resepte koppel moontlik die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal as eggenote en primêre versorger van die kinders, tot voor die stoof, binne die huis. Hieruit blyk dit vanuit 'n Calvinistiese, patriargale kultuurgeskiedenis dat die hedendaagse Christen-Afrikaanse vroue-ideaal oënskynlik steeds met die huislike sfeer geassosieer word.

Die konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wat oënskynlik met die huislike sfeer in *Finesse* en *Lééf* geassosieer word, verskil waarskynlik nie veel van ander konstruerings rakende 'n Afrikaanse vroue-ideaal wat ander Afrikaanse vrouetydskrifte daarstel nie. Wat egter wel baie opvallend is, is die nostalgie waarmee die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal gekonstrueer word. Dit blyk dat nostalgie, (met veral betrekking tot die voortbestaan van kultureel-spesifieke tradisies) wat veral deur middel van kos oorgedra word, 'n definitiewe faktor uitmaak tydens die konstruering van die hedendaagse Christen-Afrikaanse vroue-ideaal.



Aan die hand van 'n visuele analise het hierdie hoofstuk aangedui dat die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal oënskynlik haar rol as moeder opneem en nakom, ten spyte daarvan dat dit blyk om haar tot die huislike sfeer te beperk. Die bewustelike keuse lê egter waarskynlik steeds by elke vroulike leser om te besluit of sy aan hierdie standaard van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wat *Finesse* en *Lééf* konstrueer, gewortel in die Bybelse vroue-ideaal, wil voldoen of nie.

## HOOFSTUK 7

### SLOT

#### 7.1 Oorsig van hoofstukke

Stuksgewys het elke hoofstuk bygedra tot die interpretasie van die wyse waarop die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal gekonstrueer word in *Finesse* en *Lééf*. Daar is ook lig gewerp op die aard en definisie van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal, soos wat dit in die twee voorbeelde uit die populêre kultuur gekonstrueer word.

Hoofstuk een het die agtergrond tot die studie uitgelê, asook doelwitte van die studie uiteengesit. Daar is duidelik in die navorsingsmetodologie en teoretiese raamwerk uitgewys dat hierdie studie 'n ikonografiese benadering tot die visuele analise volg om sodoende die prominente mites oor die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal uit te lig. Die studie het dus op 'n kwalitatiewe benadering berus wat oorwegend spekulatief van aard is. 'n Oorsig van die literatuur wat hierdie studie gerig het, was hier weergegee.

Hoofstuk twee het uitgebrei oor die navorsingsmetode waarvan hierdie studie gebruik gemaak het met spesifieke besprekings rondom ikonografie, semiotiek en mite. Die konteks rakende die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal was ook onder die loep gebring, veral na aanleiding van die Afrikaner se sosio-politieke konteks, 'n Afrikaner Godsdienstige kultuurgeskiedenis, en die wyses waarop vrouetydskrifte oor die algemeen 'n vroue-ideaal konstrueer. Tradisionele Afrikaanse vroulikheid binne Afrikaanse (Christelike) populêre kultuur is hier gedefinieer. *Finesse* en *Lééf* was aangedui as die basis vir hierdie studie aangesien albei tydskrifte 'n vergestaltung is van Afrikaans-wees, vroulikheid, en Christelikheid. Die uitgawes van Mei 2008 was uitgesonder omdat dit saamval met die tiende herdenkingsjaar van *Finesse*.

Hoofstuk drie het teoretiese agtergrond rondom die tydskrifbedryf bevat. Sekere aspekte en elemente wat dikwels ongesiens daartoe meewerk om 'n Christen-Afrikaanse vroue-ideaal te konstrueer, was hier uitgelig en bespreek. Hierdie elemente sluit in: die ideale leser, die redaksie, en die leespatroon waarmee tydskrifte gelees word. In die hoofstuk is aangedui hoe die denkbeeldige gemeenskap, ikonografiese simbolisme (mite), en mitiese vroulikheid, bydra tot die konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal. Aan die hand van *Finesse* en *Lééf* was visuele voorbeelde uitgewys wat bydra tot die

denkbeeldige gemeenskap, insluitende: interaktiewe tegnologie, naamlik selfone, webblaaie, SMS'e, kompetisies, artikels wat handel oor ware vroue, briewe en 'agony columns', opnames, teekoppies, inskrywings en mooimaaksessies. Visuele voorbeelde wat bygedra het tot mitiese vroulikheid was uitgewys as: harte, blomme, vrugte, skoonheid, die see en skoenlappers.

Hoofstuk vier het ondersoek ingestel na 'n Bybelse Afrikaanse vroue-ideaal na aanleiding van Spreuke 31. Na aanleiding van die visuele analise van die voorblaaie van die betrokke tydskrifte, het dit geblyk dat hierdie ideaal as rigsgnoer vir die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal voorgehou word. Die opeenvolgende visuele analise van die tydskrifte se binneblaaie het spesifiek gefokus op beeldmateriaal waar die vrou alleen op 'n foto verskyn het. Na aanleiding van die visuele analise, was dit duidelik dat ooreenkomste tussen 'n Bybelse (Afrikaanse) vroue-ideaal volgens Spreuke 31, en 'n hedendaagse Christen-Afrikaanse vroue-ideaal steeds aangetref word. Volgens die visuele analise van *Finesse* en *Lééf*, sien die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal hedendaags oënskynlik soos volg daaruit: Sy behoort vriendelik, rustig en kalm te wees. Sy is moontlik waardig, en beskik oor hoë morele standaarde en integriteit. Sy is oënskynlik rein, met inbors. Sy is waarskynlik eerbaar. Sy is heel moontlik 'n eggenote en moeder. Sy is oënskynlik gelowig. Sy is klaarblyklik gedienstig, gedwee (ondergeskik of onderdanig) en passief. Sy lyk waarskynlik altyd netjies en aantreklik en haar voorkoms weerspieël natuurlik bogenoemde karaktertrekke. Op die bladsye van *Finesse* en *Lééf* blyk daar geen visuele uitbeeldings van uitdagende, tergende of prikkelende vroulikheid te wees nie. Die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal is oënskynlik beeldskoon, maar nie sensueel nie. Sy is waarskynlik nie 'n *femme fatale* nie, sy is eerder 'n Maria-figuur. Hierdie argument, dat die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal onder meer vriendelik, stemmig en rein is, vind niks fout met hierdie karaktertrekke nie. Dit beteken nie dat vroue losbandig, onvriendelik, ongelowige wesens moet word ten einde patriargie vry te spring nie. Dit is eerder 'n kwessie dat elke Christen-Afrikaanse vrou, en enige ander mens, haar eie persoonlike eienskappe sal koester, sonder om te streef na 'n stel karaktereienskappe wat deur sekere ideologieë voorgehou word.

Die soeke na 'n meer kontemporêre Christen-Afrikaanse vroue-ideaal, het moontlik bloot weer 'n tradisionele Christen-Afrikaanse vroue-ideaal voortgebring wat vasklou aan tradisionele karaktertrekke, waardes en verwagtinge, vermom in moderne verpakking. Die tema rondom nostalgie, spreek waarskynlik van 'n terugkeer na 'goeie' morele waardes, en na dit wat vir haar bekend en gemaklik is. In 'n vinnig veranderende en

globale wêreld, het die Christen-Afrikaanse vrou moontlik nodig om haar weg te baan tussen veranderde geslagsidentiteite, terwyl sy terselfdertyd getrou probeer bly aan haar Bybelse onderbou as 'n goeie Christen-Afrikaanse vrou, soos dit tot 'n sekere mate visueel gekonstrueer word in Renaissance kuns.

Hoofstuk vyf het ondersoek ingestel na die vrou se rol as eggenote. Tydens die visuele analise was foto's uitgesonder waar die vrou tesame met 'n man verskyn het. Die visuele analise het sekere kwessies rondom die huwelik na vore gebring wat bydra tot die konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal. Dit sluit in: Die eerste huwelik tussen Adam en Eva; en die huidige Afrikaanse huweliksformulier. Die visuele analise het deurgans uitgewys presies hoe die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal as eggenote wat hier in *Finesse* as *Lééf* gekonstrueer word, gewortel is in die Bybelse vroue-ideaal.

Alhoewel dit in ag geneem word dat sogenaamde huweliksphotos in hierdie uitgawes van *Finesse* en *Lééf* in die minderheid is, moet dit egter nie uit die oog verloor word dat hierdie spesifieke uitgawes die Moedersdag uitgawes is nie. Nietemin, wanneer daar na ander tydskrifvoorblaaie (Figuur 22) – wat in dieselfde maand uitgegee is – gekyk word, blyk dit dat hierdie ander tydskrifte moedersdag ongesiens te laat verby gaan het. Die feit dat *Finesse* en *Lééf* moedersdag vier deur 'n hele uitgawe daaraan te wei, blyk op die belang van moederskap te dui rakende die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal. Hierdie viering van moederskap is opsigself waarskynlik 'n patriargale uitvloeisel wat moederskap as ideaal voorhou. (Is daar al ooit 'n hele uitgawe van 'n manstydskrif aan vadersdag gewei?) En aangesien moederskap klaarblyklik slegs vir die *getroude* Christen-Afrikaanse vrou beskore is, blyk dit vanselfsprekend te wees dat hierdie moeders wat uitgebeeld word, ook terselfdertyd eggenotes is.

Uit die kritiese analises wat in hoofstuk vyf uitgevoer is kan afgelei word dat 'n Christen-Afrikaanse huwelik oënskynlik 'n patriargale huwelik is waar die man meestal die leiding neem. In vergelyking met die Bybelse vroue-ideaal word daar oënskynlik van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal as eggenote verwag om haar man te volg en te ondersteun, om die geslote huwelik te eer, om hom te versorg, om die mindere te wees, om diensbaar te wees teenoor hom, om op te offer vir sy sukses, en om onselfsugtig en onbaatsugtig op te tree teenoor haar man. Sy is klaarblyklik sy hulp. Die gevolgtrekking wat van hierdie analise gemaak kan word, is dat, ten spyte die feit dat feminisme sulke ongelykhede uitgewys en teengestaan het, skryf Christelike vroulikheid, ten minste in tydskrif-diskoers, klaarblyklik steeds sulke geslagshierargieë voor.

Hoofstuk ses het die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal se rol as moeder onder die loep gebring. Beeldmateriaal wat hieromtrent in *Finesse* en *Lééf* bespreek was, sentreer om beelde waar die vrou saam met kinders verskyn het, gesinsfoto's en foto's van kinders. Faktore rakende die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal as moeder wat uitgesoekte foto's aanraak, sluit in: Die vrou se rol as moeder in die huisgesin, Christelike geloof as aanmoediging tot moederskap, moederskap as 'n sosiale proses, en die belang van die moeder in die Afrikaanse kultuur. Die visuele analise het telkens uitgewys dat die konstruering van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal moontlik vergelyk met die mite rondom die Bybelse vroue-ideaal. Dit het geblyk dat haar rol as moeder die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal waarskynlik tot die huislike sfeer beperk. Alhoewel die visuele analise voorbeelde uitgewys het waar die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal die werksarena betree, was dit bevind dat sulke artikels en visuele vergestaltungs beslis in die minderheid was. Daar is ook uitgewys dat van hierdie artikels waar die vrou kwansuis in die werksarena vertoef, sy inderdaad steeds tot die huislike sfeer verbind word. Maar, deur haar werk buite die huis, dra sy waarskynlik beslis nog by tot die finansiële stand van die gesin.

Na aanleiding van die visuele analise word tot die slotsom gekom dat die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal waarskynlik voortgebou word op die karaktertrekke wat stereotipies geassosieer word met die Christen-Afrikaner vroue-ideaal, gewortel in die Bybelse vroue-ideaal. Soos wat dit op die bladsye van *Finesse* en *Lééf* duidelik toon, is die rolle wat die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal oënskynlik vertolk, kenmerkend dié van moeder, die primêre versorger. Die tydskrifte suggereer dat sy moederskap klaarblyklik as 'n Godgegewe roeping beskou (ook gebaseer op die vrou se biologiese gawe), dat elke vrou oënskynlik oor die gawe beskik om te bemoeder (al het sy nie kinders nie), dat sy klaarblyklik die middelpunt van die gesin behoort te wees, en dit blyk dat sy die primêre versorger van die kinders en die huis(gesin) is. Die visuele analise dui ook aan dat die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal se rol as moeder haar moontlik beperk tot die huislike sfeer, net soos in die geval van haar voorganger, die Bybelse vroue-ideaal.

## **7.2 Bydra van die studie**

'n Oorwegende doelwit van hierdie studie sluit in om ondersoek in te stel na die wyse waarop 'n sekere tipe vroulikheid, binne 'n sekere kultuur, op 'n gegewe tydstip deur die media gekonstrueer word. Met hierdie uitgangspunt as raamwerk, het hierdie studie lig



gewerp op die aard van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal soos sy gekonstrueer word in populêre kultuur, aan die hand van *Finesse* en *Lééf* (albei Mei 2008).

Die ontbloting van die kontemporêre Christen-Afrikaanse vroue-ideaal mag moontlik Christen-Afrikaanse vroue insig bied met betrekking tot die wyse waarop hulle identiteit in die media geskep word. Hierdie kennis is nie alleenlik van belang vir die Afrikaanse Christen vrou nie, maar ook die Afrikaanse kultuur. Die studie mag moontlik ook die besef by ander kulture en gelowe tuisbring dat die ideologieë rondom 'n geloof bydra tot die aard van vroulikheid, die verwagtinge wat daarmee gepaard gaan, asook hoe dit uitgebeeld word. Deur middel van 'n ondersoek na die mitiese aard van hierdie 'normatiewe' vroulikheid, het die studie dit duidelik gemaak dat hierdie vroulikheid bloot 'n sosiale konstruk is. Wat belangrik is, is dat navorsing in visuele kultuur studies dit deurlopend duidelik maak dat daar agter sulke uitbeeldings altyd sekere magposisies skuil, wat misbruik word om identiteite te vorm en te regeer.

Die identiteit wat op die bladsye van die tydskrifte *Finesse* en *Lééf* gekonstrueer word (so ook waarskynlik die tydskrifte se eweknieë), is waarskynlik bepalend tot Christen-Afrikaanse vroue-wees, en beperk Christen-Afrikaanse vroue oënskynlik tot 'n sekere normatiewe ideale vroulikheid. Alhoewel hierdie tipe vroulikheid wat die tydskrifte propageer as genotvol mag voorkom, hou hul egter voor om lesers aan te moedig om onderdanige supervroue te wees – wat vergelyk met dié van Spreuke 31, soos wat voorgeskryf word deur konserwatiewe (manlike) outoriteit in die Afrikaanse gemeenskap, soos Geldenhuys (1954), De Klerk (2007) sowel as Joubert en Smith (2010). Dit blyk dat die antwoord op die vraag: 'Of die soeke na 'n nuwe kulturele identiteit tot 'n nuwe ideologie rondom 'n vroue-ideaal lei', eenvoudig is. Nee, die teendeel blyk eerder die geval te wees – die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal blyk terug te val op tradisionele Afrikanerideologieë, waarskynlik gewortel in die Bybelse vroue-ideaal, en die verwagtinge rondom vroulikheid wat daarmee saamgaan.

Hierdie studie maak dit duidelik dat die Christen-Afrikaanse vrou moet onderhandel om haar identiteit te vind tussen die Bybelse vroue-ideaal (vroom, godsdienstig, rein en onderdanig) – wat visueel vergelyk kan word met die Maria-figuur – en wat vrouwees in die een en twintigste eeu beteken, soos dit in die betrokke tydskrifte uitgebeeld word. Dit blyk dat die tydskrifte, *Finesse* en *Lééf*, daarna streef om hierdie problematieke en dikwels paradoksale stel standaarde vir haar lesers te onderhandel.

Op grond van hierdie ondersoek na die aard van Christen-Afrikaanse vroulikheid binne visuele kultuur, kan nuwe insigte ingespan word om emansipasie en verandering teweë te bring.<sup>1</sup>

### 7.3 Beperkinge

Beperkinge van hierdie studie het waarskynlik te doen met die tekort aan bronne rakende Afrikaanse vroulikheid, wat die soeke na 'n definisie rondom Afrikaanse, Christelike vroulikheid bemoeilik het. Die gebrek aan ander soortgelyke studies of definisies van Afrikaanse, Christelike vroulikheid veroorsaak dat hierdie studie alleen staan, en nie vergelyk kan word met ander konstruksies van Afrikaanse vroulikheid in ander dekades nie. Geskiedkundige bronne wat wel beskikbaar is, is deurspek met nasionalisme en is boonop hoofsaaklik deur manlike skrywers saamgestel, en is dus nie 'n werklike uitbeelding van hedendaagse Christen-Afrikaanse vroulikheid nie. Derhalwe is dit noodsaaklik dat navorsers voortdurend die wyses waarop identiteit gevorm, op groepe afgedruk en genormaliseer word, identifiseer en ondersoek.

Aangesien visuele beelde polisemies van aard is, mag dit nie uit die oog verloor word dat die interpretasie in hierdie studie slegs een van vele moontlike interpretasies is nie. Dit moet in gedagte gehou word dat die interpretasie van die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal soos dit uit hierdie studie voortspruit, uit een interpretasie alleen bestaan. Fiske (1987:14) is tereg van mening: "Texts are the product of their readers". Die feit dat hierdie studie aangepak is vanuit 'n eie Afrikaanse Christelike vroulike raamwerk, bemoeilik dit waarskynlik om vanuit 'n buitestaanderperspektief te analiseer. Dit is eerder asof die vooraf kennis van 'n eie kulturele raamwerk waaruit hierdie studie aangepak is,

---

<sup>1</sup> Nietemin is emansipasie nie so eenvoudig nie. Hedendaags het 'n sogenaamde '*Backlash*' teenoor feminisme vorm aangeneem. Die *backlash* voer aan: "Professional women are suffering 'burnout' and succumbing to an 'infertility epidemic.' Single women are grieving from a 'man shortage.' The New York Times reports: Childless women are 'depressed and confused' and their ranks are swelling. Newsweek says Unwed women are "hysterical" and crumbling under a 'profound crisis of confidence.' The health advice manuals inform: High-powered career women are stricken with unprecedented outbreaks of 'stress-induced disorders,' hair loss, bad nerves, alcoholism, and even heart attacks. The psychology books advise: independent women's loneliness represents 'a major mental health problem today' (Faludi 2011). Nietemin is hierdie argument nie net onfeministies nie, maar ongegrond en waarskynlik net nóg 'n manier om vroue skrik op die lyf te jaag. Pulitzer-Prys wenner, joernalis en skrywer, Susan Faludi (2011), meen die agenda van feminisme: "asks the world to recognize at long last that women aren't decorative ornaments, worthy vessels, members of a 'special-interest group.' They are half (in fact, now more than half) of the national population, and just as deserving of rights and opportunities, just as capable of participating in the world's events, as the other half. [...]. It asks that women not be forced to 'choose' between public justice and private happiness. It asks that women be free to define themselves instead of having their identity defined for them, time and again, by their culture and their men". Die sogenaamde *backlash* is dalk eerder 'n bewys dat die noodsaak van feminisme nog nie verby is nie.

sekere konsepte en begrippe as vanselfsprekend aanvaar. Berger (1972:8) wys tereg hierop: “The way we see things is affected by what we know or what we believe”. Sarah Niblock (2001:297) wys uit dat: “an advertisement cannot create meaning on its own – it has to be seen by viewers or readers whose own attitudes may tally closely with those depicted in the text”. Dieselfde geld vir die verhouding tussen die sosiale, kulturele, politieke en ekonomiese konteks van die lesers van die tydskrifte en die weerspieëlings wat hul sien van ander sogenaamde ‘ware’ vrouens: “[It] sets up a discourse of what it means to be a woman in society” (Niblock 2001:297). Die vrouens wat die tydskrifte lees, word dus in ‘n mate aangemoedig, selfs gemanipuleer en onder druk geplaas, “to look and act like these two-dimensional representations” (Niblock 2001:297). Indien hul nie aan die maatstawwe voldoen nie, bied die narratief in *Finesse* vele voorbeelde van vroue wat deur middel van ‘swaarkry’ hul tekortkominge oorkom het, en nou die status van ‘top tien’ vroue bereik het, en wat as inspirasie dien vir die Christen-Afrikaanse vrou.

Die definisie rondom die Christen-Afrikaanse vrou-ideaal wat na aanleiding van hierdie studie geformuleer is, word oënskynlik voorgeskryf deur die betrokke tydskrifte, *Finesse* en *Lééf*. Dus is hierdie definisie gebaseer op die redaksielede en die ideale lesers se persepsie van wat die Christen-Afrikaanse vrou-ideaal is. Inderdaad is dit egter slegs ‘n klein gedeelte van die Afrikaanse, Christelike bevolking wat hier bepalend is tot hierdie studie se soeke na die Christen-Afrikaanse vrou-ideaal. Bignell (1997:60) meen boonop ook dat die uitbeelding van vroulikheid in tydskrifte bloot net ‘n uitbeelding is:

We cannot assume that the representations of feminine identity found in women’s magazines accurately reflect the lives and identities of real women. Representations are composed of signs which are meaningful because they belong to socially accepted codes which readers can recognise and decode.

Dus is die aard van vroulikheid waarin die Christen-Afrikaanse vrou haarself in die werklike lewe bevind, niks anders as ‘n uitbeelding – ‘n kulture konstruksie – nie. Pollock (1988:71) se woorde is hier van pas:

Indeed woman is just a sign, a fiction, a confection of meanings and fantasies. Femininity is not the natural condition of female persons. It is a historically variable ideological construction of meanings for a sign W\*O\*M\*A\*N which is produced by and for another social group which derives its identity and imagined superiority by manufacturing the spectre of this fantastic Other. WOMAN is both an idol and nothing but a word.

#### 7.4 Voorstelle vir verdere navorsing

Noudat die aard van Christen-Afrikaanse vroulikheid aan die hand van *Finesse* en *Lééf* van Mei 2008 bepaal is, mag dit van waarde wees om na 'n sekere tydvak hierdie konstruksie weer in oënskou te neem. Deur 'n moontlike vergelyking te tref tussen die twee wyses van konstruksie van vroulikheid, kan daar moontlik bepaal word hoe, en of, Afrikaanse (Christelike) vroulikheid 'n ander vorm aanneem. Hall (1989:19) is van mening dat die identiteitsdiskoers aanneem dat identiteit stabiel is, maar dat identiteit in der waarheid 'n veranderlike is: "I think most of us do recognize that our identities have changed over time, but we have the hope or nostalgia that they change at the rate of a glacier".

Met 'n beter begrip vir die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal wat nou verkry is, kan vergelykings getref word tussen ander persepsies van vroulikheid, onder meer 'n Westerse Christelike vroue-ideaal teenoor 'n algehele vroue-ideaal. Die kombinasies is eindeloos.

#### 7.5 Laaste gedagtes

Deur op *Finesse* en *Lééf* te fokus, het hierdie studie aan die hand van 'n kritiese visuele analise, geslaag om ondersoek in te stel na 'n hedendaagse Christen-Afrikaanse vroue-ideaal. Daar word egter geensins te kenne gegee dat die keuses wat die Christen-Afrikaanse vroue-ideaal maak om in die eg te tree of om 'n moeder te wees, verkeerd of ongewens is nie. Inteendeel, wanneer 'n Christelike, Afrikaanse huwelik moontlik van beperkende patriargale ideologieë losgemaak kan word, sal die Christelike, Afrikaanse vrou se huwelik waarskynlik soveel te meer suksesvol kan wees. Dit mag dalk egter geslagsgelykheid en gelyke werkverdeling behels. Of, sy mag moontlik kies om nie in die eg te tree nie, sonder dat die samelewing haar daarvoor veroordeel.

Dit sal ook interessant wees om die weerstand teen die ideale Christen-Afrikaanse vroulikheid wat hier gekonstrueer is, te meet. Hoe leef 'ware' vroue hierdie Christen-Afrikaanse vroue-ideaal daagliks uit?

## BRONNE GERAADPLEEG

- Adams, L. 2007. *Art across time*. Derde Uitgawe. Boston: McGraw-Hill.
- Adams, L. 2010. *The methodologies of art: an introduction*. Tweede Uitgawe. Boulder: Westview Press.
- Ackermann, D, Draper, JA & Mashinini, E (reds). 1991. *Women hold up half the sky: women in the church in Southern Africa*. Pietermaritzburg: Cluster Publications.
- Ancestry24. (info@ancestry24.co.za). 2007/03/08. *Ancestry24 newsletter*, 29.  
E-pos aan: H Vorster (btshalom@mweb.co.za).  
Toegang verkry op 03/09/2007.
- Anderson, B. 1991. *Imagined communities: reflections on the origin and spread of nationalism*. Hersiende Uitgawe. New York: Verso.
- Audit Bureau of Circulations. 2005. [O]. Beskikbaar:  
<http://www.abc.org.za/>  
Toegang verkry op 6/06/2007.
- Bailey, C. 2003. Bitching and talking/gazing back: feminism as critical reading. *Women and Language* (26)2:1-8.
- Baptist Bedaux, J. 1987. Fruit and fertility: fruit symbolism in Netherlandish portraiture of the sixteenth and seventeenth centuries. *Simiolus: Netherlands Quarterly for the History of Art* 17(2/3):150-168.
- Basic Christian doctrine. 2010. [O]. Beskikbaar:  
<http://www.evangelibrary.org.uk/members/theo/henry/bcd/bcd161.html>  
Toegang verkry: 06/05/2010.
- Barthes, R. 1972. *Mythologies*. Vertaal deur A Lavers. New York: Hill & Wang.
- Barthes, R. 1972. Myth today, in *Mythologies*. Vertaal deur A Lavers. New York: Hill and Wang:109-137.
- Barthes, R. 1986. *The responsibility of forms: critical essays on music, art and representation*. Oxford: Basil Blackwell.
- BBC. 2008. Painting flowers. [O]. Beskikbaar:  
[http://www.bbc.co.uk/bbcfour/paintingflowers/paintings/venus\\_verticordia\\_rossetti.shtml](http://www.bbc.co.uk/bbcfour/paintingflowers/paintings/venus_verticordia_rossetti.shtml)  
Toegang verkry: 07/04/2010.
- Berger, J. 1972. *Ways of seeing*. London: British Broadcasting Corporation.
- Berger, J. 1980. *About looking*. London: Writers and Readers.
- Bignell, J. 1997. *Media semiotics: an introduction*. London: Manchester University Press.



- Bignell, J. 2000. *Postmodern media culture*. Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Booyens, B. 1998. Kerk en kultuur, in *Keur uit handhaaf*, geredigeer deur O Geysers, MJ Swart, PH Kapp, H Cronjé, HC de Wet, JG du Plessis & ME Oosthuysen. Bloemfontein: NG Sendingpers:134-137.
- Boshoff, C. 1992. *Afrikaners na apartheid: 'n verantwoordings, met die kultuurkritiese werk van N P van Wyk Louw as aanleiding tot 'n eie Afrikaanse kultuurbegrip*. Pretoria: Afrikanervryheidstigting.
- Bosman, DB, Van der Merwe, IW & Hiemstra, LW. 1984. *Tweetalige Woordeboek/Bilingual Dictionary*. Agtste Uitgawe. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- Botha, A & Dreyer, Y. 2007. 'n Feministiese narratief-pastorale perspektief op die huwelikbevestigingsformuliere van die Nederduitsch Hervormde Kerk. *HTS Theological Studies/Teologiese Studies* 63(3):1275-1298. [O]. Beskikbaar: [http://www.journals.co.za/ej/ejour\\_hervorm.html](http://www.journals.co.za/ej/ejour_hervorm.html)  
Toegang verkry: 09/07/2009.
- Botha, E. 1998. Die roeping van die Christenvrou in 'n revolusionêre wêreld, in *Keur uit handhaaf*, geredigeer deur O Geysers, MJ Swart, PH Kapp, H Cronjé, HC de Wet, JG du Plessis & ME Oosthuysen. Bloemfontein: NG Sendingpers:152-157.
- Broude, N & Garrard, MD (reds). 1982. *Feminism and art history: questioning the litany*. New York: Harper & Row.
- Brownmiller, S. 1984. *Femininity*. London: Hamish Hamilton.
- Burns, R. 2000. 'Myth today' and national identity. *Deepsouth* 6(3). [O]. Beskikbaar: <http://www.otago.ac.nz/DeepSouth/spring2000/burnsone.html>  
Toegang verkry: 27/10/2009.
- Butler, J. 1990. *Gender trouble: feminism and the subversion of identity*. New York: Routledge.
- Clark, K. 1980. *Feminine beauty*. London: Weidenfeld & Nicolson.
- Chang, TC. 1999. Local uniqueness in the global village: heritage tourism in Singapore. *The Professional Geographer* 51(1):91-103. [O]. Beskikbaar: <http://0-www.informaworld.com.innopac.up.ac.za/smpp/content?file.txt>  
Toegang verkry: 07/04/2010.
- Chetwynd, T. 1982. *Dictionary of symbols*. Glasgow: HarperCollins.
- Chodorow, N. 1978. *The reproduction of mothering: psychoanalysis and the sociology of gender*. California: University of California Press.
- Christianity and Feminism.1999. [O]. Beskikbaar: <http://www.cddc.vt.edu/feminism/chris.html>  
Toegang verkry: 05/03/2007.

- Cilliers, C. 2003. Die derde gesig: die deugsame vrou, in *Jy's veelkantig, vrou. Geïntegreerd en God-gesentreerd: 'n ander kyk na die drie Spreuke-vroue*. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy:96-122.
- Cloete, E. 1992. Afrikaner identity: culture, tradition and gender. *Agenda 13, Culture and Tradition*:42-56.
- Cronjé, G. 1998. Die oorgang van die patriargale huisgesin na die klein gesin by die Afrikaner, in *Keur uit handhaaf*, geredigeer deur O Geyser, MJ Swart, PH Kapp, H Cronjé, HC de Wet, JG du Plessis & ME Oosthuysen. Bloemfontein: NG Sendingpers:144-146.
- Daly, M. 1972. The women's movement: an exodus community. *Religious Education* 67(5):327-335. [O]. Beskikbaar: <http://www.informaworld.com/smpp/content?content=10.1080/0034408720670503>  
Toegang verkry: 03/04/2008.
- Danie Odendaal Produksies. 2010. *7<sup>de</sup> Laan*. [Televisieprogram]. Uitsaai: 18:30, 22 Januarie 2010, SABC 2.
- De Klerk, FW. 2007. *Toespraak deur Adjunk-president FW de Klerk by die Nasionale Party Vrouedag byeenkoms te Lichtenburg, 9 Augustus 1995*. [O]. Beskikbaar: <http://www.info.gov.za/speeches/1995/190995007.htm>  
Toegang verkry: 09/03/2011.
- De Vaal, A. 2007. *Vrouetydskrifte as sosiokulturele joernale: Prominente diskoerse oor vroue en die beroepswêreld in agt vrouetydskrifte in 2008*. MA skripsie, University of Pretoria, Pretoria.
- Dreyer, AE & Van Aarde, AG. 2007. Bybelse modelle van die huwelik. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 63(2):625-651.
- Dreyer, Y. 1995. *Vroue in verhouding met God en die wêreld*. Pretoria: CB Powell-Bybelsentrum, UNISA.
- Dreyer, Y. 1997. *Oorlog of vrede?: Oor kommunikasie tussen die geslagte*. Pretoria: Van Schaik.
- Dreyer, Y. 2007. Karl Barth's male-female order as asymmetrical theoethics. *HTS Theological Studies/Teologiese Studies* 63(4):1493-1521.
- Dreyer, Y. (yolanda.dreyer@up.ac.za). 26/08/2009. *Vroue se toetrede tot kerk*. E-pos aan: Hettie Mans (hettie.mans@up.ac.za).  
Toegang verkry: 26/08/2009.
- Duke, L. 2002. Get real! Cultural relevance and resistance to the mediated feminine ideal. *Psychology & Marketing* 19(2):211-233.
- Du Toit, M. 2003. The domesticity of Afrikaner nationalism: volksmoeders and the ACVV, 1904-1929. *Journal of Southern African Studies* 29(1):155-176.

- Eighty20. 2008. *LSM Calculator*. [O]. Beskikbaar:  
[http://www.eighty20.co.za/databases/show\\_db.cgi?db=fullismcalculator](http://www.eighty20.co.za/databases/show_db.cgi?db=fullismcalculator)  
Toegang verkry: 22/10/2009.
- Faludi, S. 2011. *Blame it on feminism*. [O]. Beskikbaar:  
<http://www.h-net.org/~hst203/documents/faludi.html>  
Toegang verkry: 26/08/2011.
- Farquhar, J. 2010. *The ABC consumer mag overview*. The media online. [O].  
Beskikbaar:  
<http://www.themediainline.co.za/themediaview/themediainline/en/page257?oid=46761&sn=Detail&pid=257>  
Toegang verkry: 08/04/2010.
- Fensham, FC. 1998. Die letterkundige skoonheid van die Bybel, in *Keur uit handhaaf*, geredigeer deur O Geyser, MJ Swart, PH Kapp, H Cronjé, HC de Wet, JG du Plessis & ME Oosthuysen. Bloemfontein: NG Sendingpers:131-133.
- Ferguson, M. 1983. *Forever feminine: women's magazines and the cult of femininity*. Gower: Aldershot.
- Finesse. 2008. Mei. Vanderbijlpark: Carpe Diem Media.
- Finesse Meisie. 2009. [O]. Beskikbaar:  
[http://www.finessemeisie.co.za/index.php?p\[IGcms\\_nodes\]\[IGcms\\_nodesUID\]=18a5aff05aa0b10541b5d9d9e1c3a095](http://www.finessemeisie.co.za/index.php?p[IGcms_nodes][IGcms_nodesUID]=18a5aff05aa0b10541b5d9d9e1c3a095)  
Toegang verkry: 01/26/2010.
- Finesse. 2007. [O]. Beskikbaar:  
[www.Finessemag.co.za](http://www.Finessemag.co.za)  
Toegang verkry: 08/10/2009.
- Fiske, J. 1987. *Television culture*. London: Routledge.
- Flax, J. 1990. Postmodernism and gender relations, in *Feminism/Postmodernism*. geredigeer deur L Nicholson. New York: Routledge:39-57.
- Flick, U. 2006. Triangulation. *The Sage dictionary of social research methods*, geredigeer deur V Jupp. London: Sage:305-306.
- Foh, S. 1980. *Women and the word of God: a response to biblical feminism*. Philadelphia: Presbyterian and Reformed Publications.
- Fox-Genovese, E. 2000. *Women and the future of the family*. Grand Rapids: Baker Books.
- Fung, A. 2002. Women's magazines: construction of identities and cultural consumption in Hong Kong. *Consumption, Markets and Culture* 5(4):321-336. [O]. Beskikbaar:  
<http://www.informaworld.com/smpp/content~db=all~content=a713711727#>  
Toegang verkry: 27/03/2007.

- Gagliardi, RA. 2011. *The butterfly and moth as symbols in Western art*, geredigeer deur Insects.org. [O]. Beskikbaar: [http://www.insects.org/ced4/butterfly\\_symbols.html](http://www.insects.org/ced4/butterfly_symbols.html)  
Toegang verkry: 8/06/2011
- Gamble, S (red). 2001. *The Routledge companion to feminism and postfeminism*. London: Routledge.
- Geldenhuys, N. 1954. *Huwelik, man en vrou: 'n boek vir verloofdes en getroudes*. Sewende Uitgawe. Johannesburg: Voortrekkerpers.
- Geyser, O, Swart MJ, Kapp, PH, Cronjé, H, de Wet HC, du Plessis, JG & Oosthuyzen ME (reds). 1998. *Keur uit handhaaf*. Bloemfontein: NG Sendingpers.
- Giliomee, H. 2003. *The Afrikaners: biography of a people*. Cape Town: Tafelberg.
- Giliomee, H. 2004a. *Rediscovering and re-imagining the Afrikaners in a new South Africa: autobiographical notes on writing an uncommon biography*. Langenhoven Lesing gelewer by die University of Port Elizabeth, 18 September 2003, geredigeer deur H van Vuuren. Port Elizabeth: University of Port Elizabeth.
- Giliomee, H. 2004b. The rise and possible demise of Afrikaans as public language. *Nationalism and Ethnic Politics* 10:25-58. [O]. Beskikbaar: <http://www.informaworld.com/smpp/title~content=t713636289>  
Toegang verkry: 07/03/2007.
- Goffman, E. 1987. *Gender advertisements*. New York: Harper & Row.
- Grobelaar, SWP. 1984. Kinderlose huwelike. *Taalgenoot*, Januarie:20-26.
- Grobler, F. 2007. Afrikaans glossies: "Why can't we have some fun?" *The Mail and Guardian* 26 Februarie 2007. [O]. Beskikbaar: <http://www.mg.co.za>  
Toegang verkry op 27/06/2007.
- Hall, J. 1974. *Dictionary of subjects and symbols in art*. Norfolk: Fakenham Press.
- Hall, S. 1980. Encoding/decoding. *Culture, media, language: working papers in cultural studies, 1972-79*. London: Hutchinson:128-138.
- Hall, S. 1989. *Ethnicity: identity and difference*. Toespraak gelewer by Hampshire College, Amherst, Massachusetts:19-25 [O]. Beskikbaar: [www.csus.edu/innopac.up.ac.za/individ/l/leekellerh/Hall,%20Ethnicity\\_Identity\\_and\\_Difference.pdf](http://www.csus.edu/innopac.up.ac.za/individ/l/leekellerh/Hall,%20Ethnicity_Identity_and_Difference.pdf)  
Toegang verkry op 15/05/2010.
- Hall, S. 1997. *Representation: cultural representation and signifying practices*. London: Sage.
- Heaven, P, Le Roux, A, Simbayi, L & Stones, C. 2000. Human values and social identities among samples of white and black South Africans. *International Journal of Psychology* 35(1):67-72. [O]. Beskikbaar:

<http://www.informaworld.com/smpp/content~content=a741928128&db=all>  
Toegang verkry: 09/03/2007.

Heyns, JA. 1998. Wat is 'n Christelike huwelik?, in *Keur uit handhaaf*, geredigeer deur O Geyser, MJ Swart, PH Kapp, H Cronjé, HC de Wet, JG du Plessis & ME Oosthuysen. Bloemfontein: NG Sendingpers:141-143.

Heyns, K (dir). 1988. *Fiel se kind* [Film]. Independent.

Huweliksformulier. [Sa]. [O]. Beskikbaar:  
<http://www.ngkerk.org.za/abid/dokumente/AFR-Huweliksformulier.pdf>  
Toegang verkry: 07/09/2009.

Intiem. 2009. *Tuisblad*. [O]. Beskikbaar:  
<http://www.intiem.co.za/>  
Toegang verkry: 17/03/2010.

Janson, HW & Janson, AF. 1992. *A basic history of art*. Vierde Uitgawe. New York: Harry N. Abrahams, Incorporated.

Jhally, Sut. 1990. *The codes of advertising: fetishism and the political economy of meaning in the consumer society*. New York: Routledge.

Jones, G. 2006. The ABC of the ABCs. *Marketingweb*. [O]. Beskikbaar:  
<http://www.marketingweb.co.za/media/925668.htm>  
Toegang verkry: 27/02/2007.

Joubert, S & Smith, J. 2010. *Vrou-wees: hoe om buitengewoon te leef*. Vereeniging: Christelike Uitgewers Maatskappy.

JUIG!. 2009. [O]. Beskikbaar:  
<http://www.juig.co.za/article.php?id=55>  
Toegang verkry: 08/04/2010.

Jupp, V (red). 2006. *The sage dictionary of social research methods*. London: Sage Publications.

Kalnická, Z. [Sa]. *Water, woman and seduction*. [O]. Beskikbaar:  
<http://charlie.eur.nl/fw/hyper/IAA/Yearbook/iaa5/kalnicka.pdf>  
Toegang verkry: 27/10/2009.

Karusseit, C. 2007. Victorian respectability and gendered domestic space. *Image & Text* 13:38-53.

Keyes, M. 2000. Sexual difference and human equality, in *Women and the future of the family*, geredigeer deur E Fox-Genovese. Grand Rapids: Baker Books:57-74.

Keyter, JW. 1968. Die opvoedingsideaal en -strewes van die Afrikaner. *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*, geredigeer deur V Pienaar. Verkorte en hersiene uitgawe. Bloemfontein: Nasionale Boekhandel:214-232.

Kilian, J, Swanepoel, FA & Kourie, C. 1990. *Die Vrou in die lig van die skrif*. Pretoria: Powell-Bybelsentrum.



- Kitch, C. 1999. Destructive women and little men: masculinity, the new woman, and power in 1910s popular media. *Journal of Magazine and New Media Research* 1(1). [O]. Beskikbaar:  
<http://aejmcmagazine.arizona.edu/Journal/Spring1999/Kitch.pdf>  
Toegang verkry: 30/0/2011.
- Klopper, F. 1993. Postmoderne feminisme: verset teen dominansie, die viering van verskille en 'n respek vir tradisie. *Theologia Evangelica* xxvi(2):14-24.
- Knotková-Čapková, B. 2006. Symbols of water and woman on selected examples of modern Bengali literature in the context of mythological tradition. *Wagadu* 3(Spring):155-169. [O]. Beskikbaar:  
<http://appweb.cortland.edu/ojs/index.php/Wagadu/article/view/250/463>  
Toegang verkry: 20/10/2009.
- Koller, V. 2008. 'Not just a colour': pink as a gender and sexuality marker in visual communication. *Visual Communication* 7:395-424.
- Kotze, H. 1999. 'n Spiritualiteit van medemenslikheid vir die ontwikkeling van die bevrydende feminiteit in Suid-Afrikaanse konteks. MA-skripsie. Universiteit van Stellenbosch.
- Krauß, A. 1995. *Geschiedenis van de schilderkunst: van de Renaissance tot heden*. Keulen: Könemann.
- Kress, G & Van Leeuwen, T. 2002. Colour as a semiotic mode: notes for a grammar of colour. *Visual Communication* 1:344-369.
- Kriel, M. 2006. Fools, philologists and philosophers: Afrikaans and the politics of cultural nationalism. *Politikon* 33(1):45-70.
- Lacey, N. 1998. *Image and representation: key concepts in media studies*. Basingstoke: Macmillan.
- Landman, C. 1994. *The piety of Afrikaans women: diaries of guilt*. Pretoria:University of South Africa.
- Landman, C. 1995. Responses to 'The piety of Afrikaans women'. *Religion and Theology* 2(3):334-342.
- Landman, C (red). 2003a. *Die leefstyl-Bybel vir vroue*. Wellington: Lux Verbi BM.
- Landman, C. 2003b. Godsdiens is nie 'n losmaak ding nie: post-feminisme en godsdienstige opvoeding. *Vierde W A Landman-gedenklesing van die ATKV-tak, Centurion*. [O]. Beskikbaar:  
<http://www.landmanwa.co.za/clangman.htm>  
Toegang verkry: 05/03/2007.
- Larney, T. (TLarney@fairlady.com). 01/06/2011. *Request: cover Fair Lady May 2008*. E-pos aan: Hettie Mans (hettie.mans@up.ac.za).  
Toegang verkry: 01/06/2011.

- Leedy, P. 2010. *Practical research: planning and design*. Ninth edition. New York: Pearson.
- Lééf. 2008. Mei. Sandton: Media24.
- Lééf met hart en siel. [Sa]. [O]. Beskikbaar:  
<http://www.woman360.co.za/Leef/Leef.php>  
Toegang verkry: 21/10/2009.
- Leiss, W, Klein, S & Jhally, S. 1990. *Social Communication in Advertising: persons, products & images of well-being*. Tweede Uitgawe. Ontario:Routledge.
- Lemon, J. 1996. Culture and meaning, in *Introduction to communication: Course Book 3. Communication and the production of meaning*, geredigeer deur P Fourie. Kenwyn: Juta:194-221.
- Lessing Photo Archive. 2011. [O]. Beskikbaar:  
<http://www.lessing-photo.com/dispimg.asp?i=40050216+&cr=37&cl=1>  
Toegang verkry: 27/05/2011.
- Lester, PM. 2000. *Visual communication: images with messages*. California: Wadsworth.
- Lig. 2008. *Lig: ontdek die lig in LIG*. [O]. Beskikbaar:  
<http://www.lig.co.za>  
Toegang verkry: 17/03/2010.
- Lister, M, & Wells, L. 2001. Seeing beyond belief: cultural studies as an approach to analysing the visual, in *Handbook of visual analysis*, geredigeer deur T van Leeuwen & C Jewitt. London: Sage:61-91.
- Lux Mundi. [Sa]. *NG Kerk en vroue - verskillende uitsprake*. [O]. Beskikbaar:  
[http://www.luxmundi.org.za/index.php?option=com\\_content&task=view&id=355&Itemid=128](http://www.luxmundi.org.za/index.php?option=com_content&task=view&id=355&Itemid=128)  
Toegang verkry: 07/09/2009.
- Macdonald, M. 1995. *Representing women: myths of femininity in the popular media*. London: Arnold.
- Mametse, D. 2005. Media24 just keeps popping them. *Marketingweb*. [O]. Beskikbaar:  
<http://www.marketingweb.co.za/media/485567.htm>  
Toegang verkry: 27/02/2007.
- Marketingweb. 2005. *New beauty editor for Sarie*. [O]. Beskikbaar:  
<http://www.marketingweb.co.za/marketingweb/view/marketingweb/en/page105748?oid=76207&sn=Daily%20news%20detail>  
Toegang verkry: 26/09/2007.
- Marx, F. 2010. *Egoli – place of gold*. [Televisieprogram]. Uitsaai: 18:30, 22 Januarie 2010, M-NET.
- McClintock, A. 1991. "No longer in a future heaven": women and nationalism in South Africa. *Transition* 51:104-123.

- McClintock, A. 1993. Family feuds: gender, nationalism and the family. *Feminist Review* 44:68-80.
- McDonald, M. 1995. *Representing women: myths of femininity in the popular media*. London: Arnold.
- McGinn, B. 1994. Ocean and desert as symbols of mystical absorption in the Christian tradition. *The Journal of Religion* 74(2):155-181. [O]. Beskikbaar: <http://www.jstor.org/stable/1205274>  
Toegang verkry: 15/01/2008.
- McLoughlin, L. 2000. *The language of magazines*. London: Routledge.
- McRobbie, A. 1993. Shut up and dance: youth culture and changing modes of femininity. *Cultural Studies* 7(3):406-426.
- McRobbie, A. 1996. More! New sexualities in girls' and women's magazines. *Cultural Studies and Communication*, geredigeer deur J Curran, D Morley & V Walkerdine. London. Arnold:172-194.
- McRobbie, A. 2000. Jackie magazine: romantic individualism and the teenage girl, in *Feminism and Youth Culture*. Tweede Uitgawe. Basingstoke: Macmillan:67-117.
- Media24. 2007a. *Maatskappy inligting*. [O]. Beskikbaar: [http://www.media24.co.za/generic.aspx?i\\_BusinessUnitID=1&lang=Afr&i\\_CategoryID=183](http://www.media24.co.za/generic.aspx?i_BusinessUnitID=1&lang=Afr&i_CategoryID=183)  
Toegang verkry: 16/06/2007.
- Media24. 2007b. *Women's magazines*. [O]. Beskikbaar: <http://www.media24glossies.co.za>.  
Toegang verkry: 13/04/ 2007.
- Meer oor Nedine Blom. 2009. [O]. Beskikbaar: <http://www.nedineblom.co.za/index.html>  
Toegang verkry: 03/11/2009.
- Mirzoeff, N. 1998. *The visual culture reader*. London: Routledge.
- Mirzoeff, N. 1999. *An introduction to visual culture*. London: Routledge.
- Mirzoeff, N (red). 2008. The subject of visual culture, in *The visual culture reader*. Tweede uitgawe. New York: Routledge:3-23.
- Moore, H. 1994. 'Divided we stand': sex, gender and sexual difference. *Feminist Review* 47(Summer):78-95. [O]. Beskikbaar: <http://www.jstor.org/stable/1395255>  
Toegang verkry: 20/10/2009.
- Morgan, J & Welton, P. 1992. *See what I mean? An introduction to visual communication*. Tweede uitgawe. London: Arnold.

- Mulder, CP. 1998. Die Christen Afrikaner en politiek, in *Keur uit handhaaf*, geredigeer deur O Geysers, MJ Swart, PH Kapp, H Cronjé, HC de Wet, JG du Plessis & ME Oosthuysen. Bloemfontein: NG Sendingpers:10-12.
- Müller, A. (annake.Müller@leef.co.za). 21/10/2009. *Lééf*. E-pos aan: Hettie Mans (hettie.mans@up.ac.za).  
Toegang verkry: 21/10/2009.
- Müller, J. 2008. *'n Nuwe huweliksformulier om die vrou se posisie te verbeter*. [O].  
Beskikbaar:  
[http://www.julianMüller.co.za/articles/doc\\_details/28-n-nuwe-huweliksformulier-om-die-vrou-se-posisie-te-verbeter](http://www.julianMüller.co.za/articles/doc_details/28-n-nuwe-huweliksformulier-om-die-vrou-se-posisie-te-verbeter)  
Toegang verkry: 07/09/2009.
- Mullins, E. 1985. *The painted witch: female body/male art*. London: Secker & Warburg.
- Musée d'Orsay. 2010. Collection. [O]. Beskikbaar:  
[http://www.musee-orsay.fr/en/collections/index-of-works/resultat-collection.html?no\\_cache=1&zoom=1&tx\\_damzoom\\_pi1\[zoom\]=0&tx\\_damzoom\\_pi1\[xmlId\]=000309&tx\\_damzoom\\_pi1\[back\]=en%2Fcollections%2Findex-of-works%2Fresultat-collection.html%3Fno\\_cache%3D1%26zsz%3D9](http://www.musee-orsay.fr/en/collections/index-of-works/resultat-collection.html?no_cache=1&zoom=1&tx_damzoom_pi1[zoom]=0&tx_damzoom_pi1[xmlId]=000309&tx_damzoom_pi1[back]=en%2Fcollections%2Findex-of-works%2Fresultat-collection.html%3Fno_cache%3D1%26zsz%3D9)  
Toegang verkry: 08/06/2011.
- Nel, T. (Toi@juig.co.za). 09/04/2010. *Bestaansjaar (JUIG!)*. E-pos aan H Mans (hettie.mans@up.ac.za).  
Toegang verkry: 12/04/2010.
- Nicholson, L. 1990. *Feminism/postmodernism*. New York: Routledge.
- Niblock, S. 2001. Advertising, in *Feminist visual culture*, geredigeer deur F Carson & C Pajaczkowska. Routledge: New York:295-307.
- Nolte, A. (annelien@carpediem.co.za). 2007/03/01. E-pos aan: H Mans (hettie.mans@up.ac.za).  
Toegang verkry: 01/03/2007.
- Norton, DW. 2003. Toward meaningful brand experience. *Design Management Review* 14(1):19-15.
- Norton Simon Museum. 2011. Collections. [O]. Beskikbaar:  
[http://www.nortonsimon.org/collections/browse\\_artist.php?name=Degas%2C+Edgar&resultnum=37](http://www.nortonsimon.org/collections/browse_artist.php?name=Degas%2C+Edgar&resultnum=37)  
Toegang verkry: 08/06/2011.
- Oosthuizen, M. (marli@assocmags.co.za). 07/02/2011. *Request for picture of cover May 2008*. E-pos aan:  
Hettie Mans (hettie.mans@up.ac.za).  
Toegang verkry: 07/02/2011.
- Panofsky, E. 1955. Iconography and iconology: an introduction to the study of Renaissance Art, in *Meaning in the visual arts*. Chicago: University of Chicago Press:26-54.

- Parker, R & Pollock, G. 1981. *Old mistresses: women, art and ideology*. London: Routledge & Kegan Paul.
- Parker, R & Pollock, G. 1987. *Framing feminism: art and the women's movement 1970-1985*. London: Pandora.
- Paulsen, G. (marketing@voortrekkermon.org.za). 23/08/2011. Foto: Anton van Wouw, Voortrekker Woman and Children. E-pos aan: Hettie Mans (hettie.mans@up.ac.za). Toegang verkry: 23/08/2011.
- Pearls as Symbol. 2010. [O]. Beskikbaar: [www.karipearls.com/symbol.html](http://www.karipearls.com/symbol.html)  
Toegang verkry: 2010/01/19.
- Pienaar, P (red). 1968. *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*. Verkorte- en hersiene uitgawe. Bloemfontein: Nasionale Boekhandel.
- Pieterse, JE. 1998. Ek en my huis, in *Keur uit handhaaf*, geredigeer deur O Geysler, MJ Swart, PH Kapp, H Cronjé, HC de Wet, JG du Plessis & ME Oosthuysen. Bloemfontein: NG Sendingpers:147-151.
- Pollock, G. 1988. *Vision and difference: femininity, feminism and histories of art*. London: Routledge.
- Pollock, G. 2002. Modernity and the spaces of femininity, in *The visual culture reader*, geredigeer deur N Mirzoeff. Tweede Uitgawe. London: Routledge:75-84.
- Radford Ruether, R. 1993. *Sexism and God-talk: towards a feminist theology*. Boston: Beacon.
- Rogoff, I. 1998. Studying visual culture, in *The visual culture reader*, geredigeer deur N Mirzoeff. London: Routledge:14-26.
- Rose colors and their meanings. [Sa]. [O]. Beskikbaar: <http://www.flowermeaning.info/>  
Toegang verkry: 20/10/2009.
- Rose, G. 2007. *Visual methodologies: an introduction to the interpretation of visual materials*. Tweede Uitgawe. London: Sage.
- Shevelov, K. 1989. *Women and print culture: the construction of femininity in the early periodical*. London: Routledge.
- Schüssler Fiorenza, E. 1995. Feminist studies in religion and a radical democratic ethos. *Religion & Theology* 2(2):122-144.
- Snitow, A. 1992. Feminism and motherhood: an American reading. *Feminist Review* 40(Spring):32-51.
- Soul. 2009. [O]. Beskikbaar: [http://www.soulmag.co.za/index.php?p\[IGcms\\_nodes\]\[IGcms\\_nodesUID\]=0ff045b](http://www.soulmag.co.za/index.php?p[IGcms_nodes][IGcms_nodesUID]=0ff045b)



9e5af8990463e206e5d6a57dc  
Toegang verkry: 26/01/2010.

- Stewart Van Leeuwen, M (red). 1993. *After Eden: facing the challenge of gender reconciliation*. Grand Rapids: William B. Eerdmans.
- Stewart Van Leeuwen, M. 2000. Sexual difference and human equality, in *Women and the future of the family*, geredigeer deur E Fox-Genovese. Grand Rapids: Baker Books:57-74.
- Storey, J. 1996. *Cultural studies and the study of popular culture: theories and methods*. Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Stott, A. 1992. Floral femininity: a pictorial definition. *American Art* 6(2):60-77.
- Suite 101. [Sa]. *Symbols in Christian art: certain fruits and trees have deeper meanings*. [O]. Beskikbaar:  
[http://arthistory.suite101.com/article.cfm/symbols\\_in\\_christian\\_art](http://arthistory.suite101.com/article.cfm/symbols_in_christian_art)  
Toegang verkry: 1/02/2010.
- Swart, M. 1998. Christelik-nasionaal – grondslag van ons kultuurarbeid, in *Keur uit handhaaf*, geredigeer deur O Geysers, MJ Swart, PH Kapp, H Cronjé, HC de Wet, JG du Plessis & ME Oosthuysen. Bloemfontein: NG Sendingpers:226-231.
- Symbolic meaning of colour in roses. [Sa]. [O]. Beskikbaar:  
<http://www.rosegathering.com/meaning.html>  
Toegang verkry: 07/10/2009.
- Tate. 2011. *Work in focus: Millais's Ophelia*. [O]. Beskikbaar:  
<http://www.tate.org.uk/ophelia/>  
Toegang verkry: 28/05/2011.
- Tate Collection. 2011. *Proserpine by Dante Gabriel Rossetti*. [O]. Beskikbaar:  
<http://www.tate.org.uk/servlet/ViewWork?workid=12804>  
Toegang verkry: 30/05/2011
- Terre Blanche, H. 1996. Mothers of the nation: Afrikaans women's magazine advertisements in the 1940s. *African Historical Review* 28(1):174-188.
- The National Gallery of Art. 2011. The Collection. [O]. Beskikbaar:  
<http://www.nga.gov/collection/gallery/gg3/gg3-396.html>  
Toegang verkry: 08/06/2011.
- The color Gold. [Sa]. [O]. Beskikbaar:  
<http://www.elizabethan-era.org.uk/color-gold.htm>  
Toegang verkry: 26/10/2009.
- Tucker, A. 2002. *Visual literacy: writing about art*. Massachusetts: McGraw-Hill.
- Van Eeden, J & Du Preez, A (reds). 2005. *South African visual culture*. Pretoria: Van Schaik.

- Van Leeuwen, T. 2001. Semiotics and iconography, in *Handbook of visual analysis*, geredigeer deur T Van Leeuwen & C Jewitt. London: Sage:92-118.
- Van Leeuwen, T & Jewitt, C. 2001. *Handbook of visual analysis*. London: Sage.
- Van Zoonen, L. 1994. *Feminist media studies*. London: Sage.
- Van Zyl, D. 2008. "O Boereplaas, geboortegrond!" Afrikaner nostalgia and the romanticisation of the *platteland* in post-1994 South Africa. *S.A Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 22(2):126-148.
- Venter, PP & Viviers, H. 2008. Vroulikheid by die Skeppergod?: 'n liggaamskritiese ontleding van geselekteerde skeppingstekste in die Ou Testament. *Verbum et Ecclesia* 29(1):250-268.
- Venter, R. 1998. Die kultuurtaak van die Afrikanervrou, in *Keur uit handhaaf*, geredigeer deur O Geysers, MJ Swart, PH Kapp, H Cronjé, HC de Wet, JG du Plessis & ME Oosthuysen. Bloemfontein: NG Sendingpers:158-163.
- Venus (mythology). 2008. [O]. Beskikbaar:  
[http://www.newworldencyclopedia.org/entry/Venus\\_\(mythology\)](http://www.newworldencyclopedia.org/entry/Venus_(mythology))  
Toegang verkry: 02/01/2010.
- Vestergaard, M. 2001. Who's got the map? The negotiation of Afrikaner identities in post-apartheid South Africa. *Daedalus* 130(1):19-44.
- Viljoen, G. 1998. Behoud en uitbouing van die Afrikaner se identiteit, in *Keur uit handhaaf*, geredigeer deur O Geysers, MJ Swart, PH Kapp, H Cronjé, HC de Wet, JG du Plessis & M Oosthuysen. Bloemfontein: NG Sendingpers:16-20.
- Viljoen, L & Viljoen, S. 2005. Constructing femininity in Huisgenoot, in *South African visual culture*, geredigeer deur J Van Eeden & A Du Preez. Pretoria: Van Schaik:90-113.
- Viljoen, S. 2006. 'Imagined community': 1950s kiekies of the volk. *Image & Text: a Journal for Design* 12:18-29.
- Viljoen, S. 2008. Masculine ideals in post-apartheid South Africa: the rise of men's glossies, in *Power, politics and identity in South African media*, geredigeer deur A Hadland, E Louw, S Sesanti & H Wasserman. HSRC Press:312-342.
- Vincent, L. 1999. A cake of soap: the volksmoeder ideology and Afrikaner women's campaign for the vote. *The International Journal of African Historical Studies* 32(1):1-17.
- Vorster, A. 2006. Vroue stil gehou, in *Vrouekeur* Maart:12-13.
- Vorster, H. (btshalom@mweb.co.za) 2007/03/09. *Boerevrou*. E-pos aan: S Viljoen (stella.viljoen@up.ac.za).  
Toegang verkry: 2007/03/09.

- Walker, C (red). 1990. The women's suffrage campaign, in *Women and gender in Southern Africa to 1945*. Cape Town: David Philip:313-345.
- Weagel, D. 2002. The power, symbolism, and extension of the mother in "L'enfant Noir": A feminine portrait by a masculine author, in *Rocky mountain review of language and literature* 56(1):55-71. [O]. Besikbaar:  
<http://www.jstor.org/stable/1348013>  
Toegang verkry: 09/10/2009.
- Wikipedia. 2010a. *Bob cut*. [O]. Besikbaar:  
[http://en.wikipedia.org/wiki/Bob\\_cut](http://en.wikipedia.org/wiki/Bob_cut)  
Toegang verkry: 20/01/2010.
- Wikipedia. 2010b. *Manicure*. [O]. Besikbaar:  
<http://74.125.77.132/search?q=cache:H4-NHJvpWMsJ:en.wikipedia.org/wiki/Manicure+french+manicure&cd=7&hl=en&ct=clnk&gl=za>  
Toegang verkry: 25/01/2010.

## BYLAAG A

Die perfekte vrou word in Spreuke 31:10-31 (Landman 2003a:771) soos volg uiteen gesit:

- 10 'n Knap vrou is baie werd, baie meer as edelstene.  
11 Haar man steun op haar en pluk die vrugte van haar werk.  
12 Sy bring vir hom net voordeel, nie nadeel nie,  
haar hele lewe lank.  
13 Sy maak wol en vlas bymekaar en geniet dit om dit te verwerk.  
14 Sy is soos die handelskepe, sy bring die kos van ver af in.  
15 Sy staan op as dit nog nag is  
en maak kos vir haar huisgesin;  
ook haar slavinne kry hulle deel.  
16 Sy oorweeg die waarde  
van 'n stuk grond en koop dit,  
sy sit dit onder wingerd  
met geld wat sy self verdien het.  
17 Sy pak die werk aan met krag,  
haar hande staan vir niks verkeerd nie.  
18 Sy stel vas of die wins goed is,  
haar lamp bly heelnag brand.  
19 Sy werk met die spinwiel,  
haar hande bly besig  
met die weefstoel.  
20 Sy het 'n oop hand vir die armes,  
sy is vrygewig teenoor die behoeftiges.  
21 Sy is gerus oor haar huisgesin  
as dit sneeu:  
hulle dra almal warm klere.  
22 Sy maak self vir haar dekens  
en sy dra klere van linne en wol.  
23 Haar man is welbekend  
by die stadspoort  
waar hy saam met die leiers beraadslaag.  
24 Sy maak klere en verkoop dit,  
sy lewer gordels aan die handelaars.  
25 Alles aan haar spreek van 'n sterk  
en edel persoonlikheid;  
sy ken geen kommer oor die toekoms nie.  
26 As sy praat, is dit met wysheid;  
as sy leiding gee, is dit met liefde.  
27 Sy hou toesig oor haar huishouding;  
lui is sy nie.  
28 Haar kinders prys haar,  
Haar man bewonder haar:  
29 "Daar is baie knap vrouens,  
Maar jy oortref hulle almal!"  
30 Uiterlike skoonheid hou nie,  
'n mooi voorkoms is nie  
alles nie;  
as sy die Here dien,  
dan verdien 'n vrou om geprys



te word.  
31 Gee haar wat haar toekom  
vir alles wat sy doen;  
Laat haar werk haar roem wees  
in die stadspoorte.





## BYLAAG B

# HUWELIKSFOMULIER

AB en CD

Instelling van die huwelik Gen 2:18	Die huwelik is deur God ingestel toe Hy aan die begin gesê het: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie; Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke." So het Hy hulle as man en vrou geskep om mekaar as huweliksmaats aan te vul en by te staan. Om so deur die Here verenig te wees is 'n voorreg, 'n vreugde en 'n verantwoordelikheid.
Wese van die huwelik	Die huwelik is 'n hegte eenheid waarin daar geen plek vir 'n derde persoon is nie. Hierdie eenheid is die diep geheim van 'n gelukkige lewe, die grondslag van 'n gesonde gesinslewe en die hoeksteen vir 'n stabiele samelewing. Egpere wat in God hul eenheid, geluk en toekoms vind, en wat hul lewe inrig onder heerskappy van sy Woord en Gees, is vir mekaar, vir hul familie, die kerk en die samelewing 'n vreugde, krag en inspirasie. Dit gee aan 'n egpaar die vrymoedigheid om vir sy leiding op hulle huwelik te bid.
Wedersydse verantwoordelikhede	Man en vrou moet uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig wees (Ef 5:21). Respekteer mekaar.
<i>"jy" kan ook met "u" vervang word</i>	AB, as man moet jy* jou vrou liefhê soos Christus die gemeente liefgehad het. Soos Christus die Hoof van die gemeente is en Homself daarvoor oorgegee het, is jy hoof van jou vrou, en moet jy haar in liefde dien, lei en beskerm.  CD, as vrou moet jy weet dat dit God is wat jou aan jou man verbind het, net soos die gemeente aan Christus verbind is. Soos die gemeente die Here liefhet en in gehoorsaamheid volg, so moet jy jou man liefhê en hom volg in alles wat reg en billik is.
Oproep	Daarom moet julle albei opkyk na die Here en vir Hom sê: Aan U bly ons altyd gehoorsaam en getrou. Ons sal u Woord lees, dit oordink, ons lewe daarvolgens inrig, saam bid en U saam dien.  Leef uit dit wat Christus aan julle geskenk het. Bou met liefde en in vertroue voort op die mooi dinge wat julle in mekaar gevind het. Vermoed selfsug en eiesinnigheid - dit verbreek die gemeenskap tussen mense. Gee julleself aan mekaar op allerlei maniere, met erns en met humor, in gelukkige oomblikke en in moeilike omstandighede. Moenie toelaat dat iets of iemand ooit tussen julle kom nie. Wees daarop voorberei dat die Satan nooit genoeg neem met wat mooi en goed is nie. Soos wat hy die ongeluk en die dood aan die begin in die wêreld ingebring het, so probeer hy deur die eeue om 'n wig in te dryf tussen man en vrou, en tussen egpare en hulle God. Soek altyd jul krag in Christus wat die Bose oorwin het. Deur sy Woord en Gees heilig Hy die gesin as sy kerk in die klein.

*\*\*Hierdie paragraaf hoef nie gelees te word by die huwelik van die bejaarde egpare nie.*

*\*\*As die Here aan julle die voorreg gee om kinders te hê, maak hulle groot met die dubbele versekering: Ons is gebore uit die liefdesverbond tussen ons ouers en ons leef as huisgesin uit die genadeverbond wat die hemelse Vader met sy kinders in stand hou.*



Huweliksbinding AB en CD, aanvaar julle alles wat die Here vir ons in sy Woord oor die huwelik leer? Is dit julle opregte voorneme om julle huwelikslewe hiervolgens in te rig? En begeer julle om met die seën van die Here in die eg verbind te word?

Antwoord: Ja.

**Eerste** moontlikheid aan die bruidegom AB, verklaar jy dat sover jy weet daar geen wettige beswaar teen jou voorgenome huwelik met die bruid, CD, is nie? Aanvaar jy almal wat hier teenwoordig is as getuies dat jy haar tot jou wettige vrou neem?

Antwoord: Ja.

Belowe dit dan hardop: "Voor God en sy gemeente/ beloof ek liefde en trou/ vir altyd en in alle omstandighede/ aan my bruid, CD."

Aan die bruid CD, verklaar jy dat sover jy weet daar geen wettige beswaar teen jou voorgenome huwelik met die bruidegom, AB, is nie? Aanvaar jy almal wat hier teenwoordig is as getuies dat jy hom tot jou wettige man neem?

Antwoord: Ja.

Belowe dit dan hardop: "Voor God en sy gemeente/ beloof ek liefde en trou/ vir altyd en in alle omstandighede/ aan my bruidegom, AB."

**Tweede** moontlikheid aan die bruidegom AB, verklaar jy dat sover jy weet daar geen wettige beswaar teen jou voorgenome huwelik met die bruid, CD, is nie? Aanvaar jy almal wat hier teenwoordig is as getuies dat jy haar tot jou wettige vrou neem?

Belooft jy dat jy haar nooit sal verlaat nie, dat jy haar in liefde sal lei en beskerm soos 'n godvresende man aan sy vrou verskuldig is?

Antwoord: Ja.

Aan die bruid CD, verklaar jy dat sover jy weet daar geen wettige beswaar teen jou voorgenome huwelik met die bruidegom, AB, is nie? Aanvaar jy almal wat hier teenwoordig is as getuies dat jy hom tot jou wettige man neem?

Belooft jy dat jy hom nooit sal verlaat nie, dat jy hom in liefde sal eerbiedig en help, soos 'n godvresende vrou aan haar man verskuldig is?

Antwoord: Ja.

Gee aan mekaar die regterhand.

Hiermee verklaar ek dat AB en CD wettig getroud is. Gee aan mekaar die ring(e) as teken van julle liefde en eenheid as man en vrou.

Seënbede Mag die Vader julle beskerm en lei; mag die Here Jesus in sy liefde en genade in julle leef; mag die Heilige Gees julle inspireer tot diens aan God, aan mekaar en aan julle medemens.

**Gebed**